

DIE PRESIDENTSVERKIESING VAN 1893
IN DIE ZUID-AFRIKAANSHE REPUBLIEK

deur Jacobus Martin Vivier, Honns. B.A., B.Ed.

Voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad M.A.(Geskiedenis) in die
Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte van
die Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys

Potchefstroom
Januarie 1970

Leier: Prof. dr. J.S. du Plessis

VOORWOORD

Voor 1893 het die verkiesing van 'n staatspresident in die Z.A.R. stil en met min uiterlike openbare belangstelling verloop. Hierdie rustige wyse van verkiesing het egter in 1892-'93 'n fenomenale verandering ondergaan en daar is nou vir die eerste keer sprake van 'n georgani= seerde verkiesingsveldtog wat gelei is deur die ondersteuners van die onderskeie kandidate. Dié verkiesing is nog merkwaardiger omdat die verkiesingsveldtog ongeveer 'n jaar voor die amptelike verkiesings= tydperk reeds 'n aanvang geneem het in die vorm van 'n propaganda= veldtog om president Kruger in onguns by die stemgeregtigde burgers te bring. Dit was ook die eerste keer dat in 'n presidentsverkiesing twee denkrigtings, nl. „progressief" en „konserwatief", onderskei kon word, ofskoon daar geen sprake was van politieke partye in die heden= daagse sin van die woord nie. Dit het van die presidentsverkiesing van 1893 'n unieke gebeure in die geskiedenis van die Z.A.R. gemaak wat my tot nadere ondersoek geprikkel het.

Van hierdie verkiesing is daar nog nie 'n intensiewe studie gemaak nie, hoewel daar in feitlik elke boek wat oor die geskiedenis van die Z.A.R. handel iets daaromtrent gelees kan word. Enkele skrywers het 'n bie= tjie meer aandag aan hierdie onderwerp geskenk soos J.A. Mouton in sy Genl. Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis¹⁾ en C.T. Gordon met sy studie, *The internal political state of the South African Republic between 1890 and 1895, with particular reference to the growth of*

1) Gepubliseer in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, jaargang 20, deel 1, Kaapstad, 1957.

Boer opposition to the President's policies.²⁾ Nieteenstaande hierdie verdienstelike werke was dit nog nodig om die presidentsverkiesing van 1893 nader te bestudeer omdat hierdie skrywers nie alle aspekte van die verkiesing belig het nie. Daarom word in hierdie verhandeling bv. gepoog om 'n duidelike beeld te verkry van die stelselmatige propaganda waarmee Kruger se opponente ontevredenheid by die stemge-regtigde kiesers teen Kruger se beleid en selfs teen sy persoonlike op-trede opgewek het. Dit is 'n proses waarmee vroeg reeds begin is. Gedurende Kruger se tweede ampstermyn het dit toegeneem en met die verkiesing van 1893 het dit sy klimaks bereik.

Verder het ek ook probeer om 'n duidelike beeld te verkry, nie net oor die gewone verloop van sake onmiddellik voor en tydens die verkiesing nie, maar ook van die motiewe, faktore en omstandighede wat die verskillende beleidsrigtings ten grondslag lê en wat deur die voorstanders van elke rigting gebruik is om hulle onderskeie sake te bevorder en/of te verdedig, of wat op een of ander wyse in die verkiesing 'n rol gespeel het.

Dit moet hier baie duidelik gestel word dat dit in die eerste plek my doel was om 'n beeld van die verkiesing, in sy geheel en in perspektief, as sodanig te verkry en weer te gee, en nie om al die argumente en motiewe van die verskillende persone en groepe te ontleed om die geldigheid, steekhoudendheid en geregverdigheid daarvan te bepaal nie. Dit sal 'n heeltemal afsonderlike studie verg.

2) Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand, 1962.

By die skrywe van hierdie verhandeling is daar, benewens amptelike dokumente, veral ook van hoofartikels, artikels, berigte en korrespondensie in die destydse bestaande nuusblaaie gebruik gemaak om die algemene verloop van die verkiesing en die gees onder die burgers te bepaal, omdat hierdie middele hoofsaaklik deur die onderskeie groepe ingespan is om die kandidatuur van 'n kandidaat te bevorder.

By die voltooiing van die verhandeling wil ek graag 'n besondere woord van dank rig aan prof. dr. J.S. du Plessis wat my studie gelei en my denke krities histories-wetenskaplik gevorm het. Hierdie vorming sal vir my 'n rigsgnoer bly in alle verdere lewensituasies.

Aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. wat met sy Christelike siening vir my die historiese feite steeds in perspektief en sinvol laat voorkom het, my opregte dank.

Aan die personele van die volgende argiewe en biblioteke 'n woord van waardering vir die vriendelike wyse waarop hulle my te alle tye behulpsaam was om die materiaal te bekom:

Argiewe: Staatsargief, Pretoria; N.G. Kerkargief, Pretoria; Ned. Hervormde Kerkargief, Pretoria.

Biblioteke: Die Ferdinand Postma-Biblioteek, P.U. vir C.H.O.; Staatsbiblioteek, Pretoria; Du Preez van Wyk-Biblioteek, Pretoriase Onderwyskollege; Openbare Biblioteek, Johannesburg; Biblioteek van die Universiteit van die Witwatersrand; T.O.D.-Biblioteek, Pretoria.

Opregte dank ook aan mnr. P.J. Jacobs van die Pretoriase Onderwyskollege wat op bekwame wyse die verhandeling taalkundig nagesien en

waardevolle wenke aan die hand gedoen het.

Eer aan God wat my in staat gestel het om hierdie werk te voltooi.

J.M. Vivier

Pretoria-Noord

5 Januarie 1970

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk I

DIE VERKIESING VAN 'N STAATSPRESIDENT 1

I Die verloop van 'n staatspresidentsverkiesing 2

A Die staatspresident 2

1 Kwalifikasies 2

2 Rekwisiesies en antwoorde 3

B Die verkiesing 4

1 Kieslote 4

2 Insending van kieslote en stemlyste 5

3 Uitslag, inswering en dienstermyn 5

II Wie kon vir die verkiesing van 'n staatspresident stem? 6

III Verantwoordelike persone voor en gedurende 'n verkiesing 8

A Die veldkornet 8

B Die landdros 9

C Amptelike en nie-amptelike stemopnemers 9

IV Bepalings vir die stemgeregtigde burgers 11

V Reëlins vir die staatspresidentsverkiesing van 1893 11

A Rekwisiesies en antwoorde 11

B Tydperk van die verkiesing 11

C Indiening van kieslote en kieslyste 12

D Uitvoerende Raadsbesluite in verband met mynkommissarisse en veldkornette 12

E Uitvoerende Raadsbesluite in verband met die tydperk van verkiesing 13

F Besluit van die Eerste Volksraad om wangedrag gedurende die verkiesing te voorkom 13

G Publikasie van wette en volksraadsbesluite handelende oor die verkiesing 14

Hoofstuk II

DIE OPPOSISIE: BESWARE TEEN DIE BELEID VAN PRESIDENT KRUGER 15

I Die Delagabaaaispoorweg 17

A	Die spoorweg is 'n finansiële las	17
1	Boukoste van die spoorweg	18
2	Die spoorweg noodsaak die sluiting van lenings	20
B	Boumateriaal wat die spoorwegmaatskappy gebruik	22
C	Versoek om 'n kommissie van ondersoek	23
D	Aandrang tot die ontbinding van die maatskappy	25
II	Die staatskuld van die Republiek	26
A	Lenings gesluit	27
B	Die staatskuld soos onderskeidelik deur die Joubert- en Krugerondersteuners aangehaal	29
III	Die konsessiebeleid	31
A	Konsessies wat veral vir propaganda teen president Kruger gebruik is	34
1	Die spoorwegkonsessie	34
2	Die dinamietkonsessie	37
3	Die waterkonsessie toegestaan aan F.C. Eloff	39
4	Die Johannesburg-verligtingsmaatskappy	41
5	Die Pretoria-waterkonsessie	42
B	Die konsessiebeleid soos benader deur die Krugerondersteuners	43
IV	Die sogenaamde Hollanderbeleid van president Kruger	45
A	Die N.Z.A.S.M.	47
B	Die staatsdiens	48
C	President Kruger beskou Afrikaners as onbevoeg om belangrike poste in die staatsdiens te beklee	49
D	Dr. W.J. Leyds	51
E	Algemeen	52
F	Siening van die Krugerondersteuners	53

Hoofstuk III

DIE OPPOSISIE: ANDER BESWARE TEEN PRESIDENT KRUGER 56

I	Twis op kerklike gebied	56
A	Die twis op kerklike gebied word betrek in die presidentsverkiezing	62
B	Die kerkerwe-kwessie te Pretoria	65
1	Ligging van die erwe	66
2	Beweerde bedrog deur president Kruger	67

- II Die Adendorff-trek 69
 - A Die trek self 69
 - B Invloed van die Adendorff-trek op die verkiesing 72
- III President Kruger as outokraat bestempel 73
 - A President Kruger en die Volksraad 74
 - B Die Uitvoerende Raad 76
 - C Kruger luister nie na die stem van die volk nie 79
- IV Die sogenaamde standplaasskandaal 81
 - V Beweerde onwaarhede wat president Kruger gedurende sy amptelike reise sou vertel het 84
 - A Ten opsigte van die spoorweg 84
 - B Ten opsigte van die landsfinansies 85
 - C Ten opsigte van die Johannesburgse verligtingskonsessie 86
 - D Ten opsigte van die Hollanderamptenare 86
 - VI Beweerde oneerlike gedragswyse van president Kruger 87
 - VII Optrede van president Kruger teenoor die burgers 88
- VIII Die salaris van president Kruger 90
 - IX Salaris wat president Kruger van die Britte sou ontvang het 91
 - X Sekere koerante deur president Kruger begunstig 92

Hoofstuk IV

DIE KANDIDATUUR VAN PRESIDENT S.J.P. KRUGER 95

- I Amptelike reise van president Kruger gedurende 1892 96
- II Die President ontmoet die burgers 97
 - A Vrae wat die burgers aan Kruger gestel het 98
 - B Kruger antwoord sy burgers 100
 - C Kruger spreek sy volk toe 102
- III Komitees in die lewe geroep om die kandidatuur van president Kruger te bevorder 104
 - A Die sentrale komitee 104
 - 1 Stigting van 'n verkiesingsfonds 106
 - 2 Die insameling van geld 106
 - 3 Besteding van die verkiesingsgeld 107

a	Publikasies in koerante	108
b	Telegramme	109
c	Reiskoste	109
d	Vervoerkostes gedurende die verkiesing	110
e	Diverse uitgawes	111
4	Wersaamhede van die sentrale komitee	113
B	Die plaaslike komitees	117
IV	Rekwisisies vir president Kruger	119
V	Antwoord van president Kruger op die rekwisisies	121
Hoofstuk V		
DIE KANDIDATUUR VAN KMDT.-GENL. P.J. JOUBERT		123
I	Stigting van verkiesingskomitees	125
II	Werk van die verkiesingskomitees	127
A	Hou van vergaderings	127
B	Die ondertekening van rekwisisies	129
C	Uitreiking van verkiesingsmanifeste	133
D	Wersaamhede op die dag van stemming	135
III	Die „National Union"	136
A	Die „National Union" en die kandidatuur van kmdt.-genl. Joubert	137
B	Die invloed van die „National Union" op die kandidatuur van kmdt.-genl. Joubert	139
IV	Persoonlike optrede van kmdt.-genl. Joubert	142
A	Wapenskouings bygewoon gedurende 1892-'93	142
B	Byeenkomste word gereël onmiddellik na afloop van die wapenskouings	144
V	Joubert bied self geen beleidsverklaring nie	153
VI	Rekwisisies vir kmdt.-genl. P.J. Joubert	157
VII	Antwoord van Joubert op die rekwisisies	157

Hoofstuk VI

DIE KANDIDATUUR VAN HOOFREGTER J.G. KOTZÉ 160

- I Stigting van verkiesingskomitees 163
- II Reise deur Kotzé onderneem en toesprake gelewer 164
- III Die kandidatuur van Kotzé as resultaat van 'n afsonderlike beleid 166
 - A Die Grondwet 166
 - B Die konsessiepolitiek 169
 - C Die spoorwegbeleid 170
 - D Die arbeidswessie as uitvloeisel van die naturellebeleid 171
 - E Opvoeding van die jeug 172
 - F Die nuwe inkomelinge 173
- IV Kritiek teen Kotzé 173
- V Rekvisisies vir hoofregter J.G. Kotzé 177
- VI Antwoord van hoofregter Kotzé op die rekvisisies 179

Hoofstuk VII

DIE VERLOOP VAN DIE VERKIESING 180

- I Die voorspel tot die verkiesing 181
- II Die verkiesingsdag 195
- III Aanvanklike uitslag van die verkiesing 198
- IV Ontevredenheid oor die verloop van die verkiesing 200
- V Optrede van die sentrale verkiesingskomitee van Joubert 202
 - A Die hou van 'n kongres 202
 - B Werksaamhede op die kongres 203
 - 1 Beantwoording van 'n brief ontvang van die Kruger-komitee 203
 - 2 Opstelling en indiening van 'n protes teen die verkiesing 205
- VI Optrede van kmdt.-genl. Joubert 208
- VII 'n Oproep tot samewerking 209
- VIII Behandeling van die verkiesing deur die Uitvoerende Raad en die finale uitslag 210

IX	Indiening van verdere proteste by die Eerste Volksraad	211
X	Afhandeling van die verkiesing deur die Eerste Volksraad	213
A	Verslag van die Uitvoerende Raad	213
B	Wenk van president Kruger	217
C	Samestelling van 'n kommissie van ondersoek	218
D	Bevinding van die kommissie	219
E	Inhuldiging van Kruger as staatspresident	220

SLOTOPMERKINGE	223
----------------	-----

BIBLIOGRAFIE	227
--------------	-----

DIE VERKIESING VAN 'N STAATSPRESIDENT

Voor 1893 het die verkiesing van 'n staatspresident in die Zuid-Afrikaan= sche Republiek van die nominasie van die kandidate tot en met die ver= kiesingsdag of verkiesingstydperk baie stil verloop. Gedurende die pre= sidentsverkiesing van 1892-'93 het daar egter 'n nuwe verskynsel op die voorgrond getree en wel in die vorm van 'n doelbewuste verkiesingsveld= tog ter bevordering van die kandidatuur van 'n persoon. Die verkiesing= stryd wat uit hierdie verkiesingsveldtog voortgevloei het, was egter nie 'n stryd tussen politieke partye en beginsels nie maar wel tussen persone. Die standpunte van die twee volksleiers, president Kruger en kmdt.-genl. Piet Joubert, is verdedig deur verskillende volksdele, wat onderskeidelik as die „konserwatiewe" en „liberaal-progressiewe" groepe bestempel kan word.¹⁾

Alvorens die verloop van die presidentsverkiesing van 1893 nagegaan kan word, is dit nodig om 'n kort oorsig te gee van die verskillende wetlike bepalings wat die verkiesing van 'n staatspresident beheer het. Die ver= kiesing van 1893 het plaasgevind ooreenkomstig die bepalinge van Wet 4/1871 (Regelende de Kiezing van eenen Staatspresident) en Wet 13/1891 (Regelende het algemeen kiesrecht der burgers van de Zuid-Afrikaansche Republiek) en Volksraadsbesluite wat periodiek met betrekking tot die verkiesing van 'n president geneem is.

1) Coetzee, J. Albert: Politieke groepering in die wording van die Afri= kanernasie. Voortrekkerpers, Bpk., Johannesburg, 1941. p.249.

I Die verloop van 'n staatspresidentsverkiezing²⁾

Enkele maande voor die ampstermyn van die dienende staatspresident ten einde loop, moes die Eerste Volksraad 'n nuwe verkiezing uitskryf en die tyd daarvoor bepaal.³⁾ 'n Kennisgewing met volle besonderhede dienaangaande moes voorts deur die Uitvoerende mag ter kennisname van die volk gepubliseer word.⁴⁾

A Die staatspresident

1 Kwalifikasies

Die Grondwet van die Noord-Vaalse Republiek het sekere vereistes aan 'n persoon gestel waaraan hy moes voldoen alvorens hy tot die hoë amp van staatspresident verkies kon word. Nie enige persoon kon dus die kandidatuur vir die presidentskap op hom neem nie, tensy hy aan die volgende vier voorwaardes voldoen:

- (a) Hy moet stemgeregtig wees vir die Eerste Volksraad;
- (b) lid wees van 'n Protestantse Kerk;
- (c) geen onterende vonnis teen hom gehad het nie, en

- 2) Vir volle besonderhede oor die verkieping van 'n staatspresident sien Du Plessis, J.S.: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902) (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Agtiende jaargang, deel I. The National Commercial Printers, Limited, Elsiesrivier, 1955. p.137-153).
- 3) Wet 4/1871, art. 1. (Kotzé, J.G. en Jeppe, J.F.: De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885. Pretoria, 1887. p.450)
- 4) Du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902), p.138.

(d) minstens dertig jaar oud wees.⁵⁾

2 Rekwisities en antwoorde

Geen persoon wat aan die nodige kwalifikasies voldoen het, kon hom as staatspresident verkiesbaar stel nie, tensy hy vooraf 'n rekwisisie of rekwisities, met minstens honderd naamtekeninge van stemgeregtigde burgers daarop, ontvang het.⁶⁾ Op hierdie stadium moet die aandag reeds daarop gevestig word dat dit die minimum aantal handtekeninge is wat getel het en dat dit nie 'n wedywing was oor wie die meeste handtekeninge verkry soos dit met die presidentsverkiesing van 1893 gebeur het nie.⁷⁾ Die Uitvoerende Raad moes kennis neem van sowel die rekwisisie(s) en die teks daarvan as die antwoord van die kandidaat daarop, wat minstens 'n maand voor die verkiesing van die staatspresident in die Staatscourant gepubliseer moes word.⁸⁾ Die burgers het vanselfsprekend 'n kandidaat nie in 'n rekwisisie om 'n beleidsverklaring gevra nie omdat daar gewoonlik reeds eenstemmigheid bereik was waarom 'n bepaalde persoon versoek word om hom vir die amp van staatspresident verkiesbaar te stel. Tipies van sodanige rekwisities is een uit Derby, wyk Assegeairivier, wat aan S.J.P. Kruger gerig is

5) Wet 6/1890, (Zijnde wijziging der Grondwet) art. 1. (Coster, H.J.: De Locale Wetten en Volksraadsbesluiten der Zuid-Afr. Republiek, 1890-1893. Pretoria, 1894. p. 29.) Vir volle besonderhede oor die kwalifikasies van 'n staatspresident sien Du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902), p. 133.

6) Wet 4/1871, art. 2.

7) Sien p. 129-133 hieronder

8) Wet 4/1871, art. 2.

voor die presidentsverkiesing van 1883: „U H. Eds. trouwe dienste in verskillende amptsbetrekkinge sedert geruimten tyd; Uwe bekendheid met die inwendige politiek des lands; Uwe onwrikbare vaderlandsliefde, vooral in den tyd van druk en worstelinge zoo onmiskenbaar gebleken.”⁹⁾ In sy antwoord het 'n kandidaat óf met dank slegs die uitnodiging aanvaar óf ook 'n beleidsverklaring gebied soos bv. S.J.P. Kruger in 1882¹⁰⁾ en hoofregter J.G. Kotzé in 1892.¹¹⁾

B Die verkiesing

1 Kieslote

Die verkiesing van 'n staatspresident het plaasgevind met kieslote of stembriefies waarop die naam van die betrokke kandidaat asook dié van die burger wat volgens wet geregtig is om vir die verkiesing van 'n staatspresident te stem ingevul moes word.¹²⁾ Indien 'n stemgeregtigde burger nie sy naam kon teken nie, kon hy in die teenwoordigheid van die volksraadslid of veldkornet wat as getuie moes dien, sy naam

9) Staatscourant, 30 Nov. 1882. Vgl. ook: Bijvoegsel tot *ibid.*, 30 Nov. 1887; sien ook p.119-121 hieronder.

10) Du Plessis, J.S.: *President Kruger aan die woord* (SACUM Beperk, Bloemfontein, s.j.), p.21-29.

11) Sien p.166-173 en 177-179 hieronder.

12) Wet 4/1871, art. 5 en 7. So 'n kieslote het as volg gelui:
No.

Ik ondergeteekende stemgeregtigde burger, (grondeigenaar of niet) wonende op de plaats, wijk distrikt, kies tot Staatspresident der Z.A. Republiek, den heer

Distrikt

Datum

Naamteekening

deur 'n ander persoon laat teken. ¹³⁾

2 Insending van kieslote en stemlyste

Die volksraadslid, die veldkornet of hulle plaasvervangers moes nie net die kieslote sorgvuldig bewaar nie maar ook 'n lys opstel wat die volgende gegewens bevat: nommers van die kieslote, die naam van die gekose president en die name van die kiesers. Na afloop van die verkiesing moes die kieslote en lys binne 'n vasgestelde tyd aan die Uitvoerende Raad gestuur word. Indien dit nie gebeur nie, sou hierdie dokumente as van nul en gener waarde beskou word. 'n Duplikaat lys moes deur die stemopnemer opgestel en onderteken word wat, indien die oorspronklike verlore sou gaan, na goedkeuring deur die Volksraad as outentiek aanvaar sou word. ¹⁴⁾

3 Uitslag, inswering en dienstermyn

Die staatspresident is met meerderheid van stemme van die burgers wat stemgeregtig was vir die Eerste Volksraad gekies. ¹⁵⁾ Sodra die uitslag van die verkiesing aan die Uitvoerende Raad bekend was, moes dit in die Staatscourant gepubliseer word. Hierna word die nuwe Staatspresident aangeskryf om op 'n bepaalde tyd die ampseed voor die Volksraad af te lê. ¹⁶⁾ Die gekose Staatspresident moes vyf jaar in diens bly tensy hy uit sy betrekking bedank of weens wettige redes deur die Volksraad ont-

13) Ibid., art. 8.

14) Ibid., art. 9.

15) Wet 6/1890, art. 1.

16) Wet 4/1871, art. 10.

slaan word. Na afloop van sy ampstermyn was hy herkiesbaar.¹⁷⁾

II Wie kon vir die verkiesing van 'n staatspresident stem?

In 1890 is bepaal dat burgerskap voortaan slegs verwerf kon word deur geboorte binne die Z.A.R. of deur naturalisasie en om kieser te wees moes 'n burger die ouderdom van 16 jaar bereik het.¹⁸⁾ Slegs blankes kon as stemgeregtigde burgers aangeteken word.¹⁹⁾ Persone wat die land van buite binnegekom het en burgerskap deur middel van naturalisasie wou verkry, moes 'n eed aflê waarin hulle hul vorige nasionaliteit opse en getrouheid en gehoorsaamheid aan die regering, wette en volk van die Z.A.R. sweer.²⁰⁾

Stemgeregtigde burgers wat burgerskap verkry het voor die inwerking trede van Wet 4/1890²¹⁾ of daarna kragtens geboorte binne die Republiek, kon aan die volgende verkiesings deelneem:

- 17) Wet 6/1890, art. 1. Sien ook Grondwet van de Z.A.R., 1858, art. 65. (Kotzé en Jeppe: a.w.)
- 18) Wet 13/1891 (Regelende het algemeen kiesrecht der Burgers van de Zuid-Afrikaansche Republiek) art. 1(a). (Coster: a.w., p.242.) Sien ook Wet 5/1890 (Zijnde wijziging van Wet no. 7/1882) art. 1(a).
- 19) Wet 13/1891, art. 2.
- 20) Ibid., art. 1 c en d. Vir meer besonderhede oor burgerskap en naturalisasie sien: Hugo, M.J.: Die stemreg-vraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Tiende jaargang. Die Staatsdrukker, Kaapstad, s.j. Hoofstuk II.
- 21) Wet 4/1890 handel oor die instelling van twee volksrade. Daarin word ook bepaal wie vir die Eerste- en Tweede Volksraad mag stem.

- 1 dié van 'n veldkornet binne sy bepaalde wyk;
- 2 dié vir 'n volksraadslid vir sy wyk of kiesafdeling;
- 3 elke verkiesing wat die hele distrik raak;
- 4 elke verkiesing wat die hele Republiek raak. ²²⁾

Stemgeregtigde burgers wat na die inwerkingtreding van genoemde wet kragtens naturalisasie burgerskap verkry het, kon hulle stem uitbring vir

- 1 die verkiesing van 'n veldkornet in sy betrokke wyk;
- 2 die verkiesing van 'n lid van die Tweede Volksraad uit sy wyk of kiesafdeling;
- 3 elke ander verkiesing wat die hele distrik raak. ²³⁾

Persone wat onder dié bepaling geval het, kon dus nie hulle stem in 'n verkiesing vir 'n staatspresident uitbring nie. Volle burgerskap, dit wil sê om te kies of verkiesbaar te wees vir die Eerste Volksraad, deel te neem aan die verkiesing van 'n president of kommandant-generaal, kon vanaf 1890 eers na twaalf jaar verkry word. ²⁴⁾

Vir burgers wat gedurende 'n belangrike verkiesing op landsdiens of op kommando uit hulle kiesafdelings afwesig is, is spesiale voorsorg getref.

22) Wet 13/1891, art. 4.

23) E.V.R. 50: Notule van die Eerste Volksraad, art. 825, 18 Junie 1892. Hierdie bepaalde artikel verskyn nie in Wet 13/1891 in die „Locale Wetten 1890-1893" nie, maar deur bogenoemde besluit het die Eerste Volksraad dié bepalinge by art. 4 van Wet 13/1891 gevoeg. Die gewysigde vorm van die wet verskyn in die „Staats=courant" van 21 Sept. 1892.

24) Hugo: a.w., p.14.

Indien hulle aan al dié vereistes van die wet voldoen, is aan hulle die geleentheid gebied om by enige offisier of stemopnemer wat daartoe bevoeg was hulle stem uit te bring op 'n tyd en plek wat behoorlik vasgestel sou word.²⁵⁾

Wet 13/1891 het egter nog 'n verdere bepaling bevat waarvolgens 'n persoon sy kiesreg kon verbeur: hiervolgens kon die kiesreg in stryd met genoemde wet nie uitgebring word of 'n persoon hom laat omkoop om vir die een of ander kandidaat te stem nie.²⁶⁾

III Verantwoordelike persone voor en gedurende 'n verkiesing

A Die veldkornet

Elke veldkornet was verplig om jaarliks gedurende November en Desember aantekening te maak van die stemgeregtigdes in sy wyk. Uit dié lysste sou dit dan blyk watter burgers stemgeregtig was vir die Eerste Volksraad. Verder was hy verplig om op aansoek aantekening te maak van alle nuwe ingekome burgers in sy wyk.²⁷⁾ Die name van die stemgeregtigdes moes behoorlik aangeteken word en aan die begin van Januarie moes die veldkornet 'n gesertifiseerde afskrif daarvan aan die landdros stuur. Hy moes sy boeke en lysste so saamstel dat dit duidelik sou wees watter nuwe kiesers aangeteken en watter uitgesluit is deur verhuising.²⁸⁾

Die veldkornet het ook die reg gehad om te weier om die naam van 'n

25) Wet 13/1891, art. 19.

26) Ibid., art. 16 en 17.

27) Ibid., art. 11.

28) Ibid., art. 12.

persoon aan te teken mits hy oortuig is dat hy vir so 'n optrede gegronde rede het. Indien dit gebeur, was die persoon egter daartoe geregtig om die rede, soos deur die veldkornet aangevoer, aan die oordeel van die landdros of Uitvoerende Raad voor te lê.²⁹⁾

B Die landdros

Die landdros moes jaarliks gedurende Februarie 'n gesertifiseerde afskrif van die naamlys van stemgeregtigde burgers wat hy van die veldkornet ontvang aan die Staatsekretaris stuur. Verder moes hy ook die kieserslys in die Staatscourant laat publiseer en 'n lys van kiersers op sy kantoordeure aanplak.³⁰⁾ Daarna kon enige besware teen die kieserslys by die bevoegde amptenaar ingedien word.

C Amptelike en nie-amptelike stemopnemers

By die verskillende verkiesingslokale is van amptelike of nie-amptelike stemopnemers gebruik gemaak. Die nie-amptelike stemopnemers is deur die meerderheid van die stemgeregtigde burgers wat by die hou van 'n verkiesing teenwoordig is, gekies. Die verkiesing van hierdie ampsdraers het plaasgevind onder toesig van die veldkornet of ander persone wat spesiaal daarvoor benoem is.³¹⁾ Die gekose nie-amptelike stemopnemers sou vir hulle dienste 'n vergoeding van £1 (R2) per dag ontvang, met dien verstande dat die Regering nie verantwoordelik sou wees vir die koste wat moontlik kan voortvloei uit die hou van 'n verkiesing op meer as een plek in elke dorp of stad, of meer as drie plek=

29) Ibid., art. 13.

30) Ibid., art. 14; Hugo: a.w., p.50.

31) Wet 13/1891, art. 7.

ke in elke wyk nie.³²⁾

Die amptelike stemopnemers wat deur die Regering aangestel of deur die wet benoem is, moes vooraf deur 'n landdros of vrederegter beëdig word.³³⁾ Die eed het soos volg gelui: „Als benoemd en aangesteld om stemmen op te nemen voor de verkiezing van ... beloof en zweer ik plechtig trouw aan het volk en de Regeering van dezer Staat, dat ik mij in de uitoefening van den aan mij opgedragen plicht zal gedragen overeenkomstig de wet en mijne instructie, dat ik zal handelen onpartijdig, zonder aanzien des persoons en den kiezers geene de minste teekenen van goed- of afkeuring omtrent een of ander der kandidaten zal geven, ook geen den minsten invloed op hunne stemmen zal trachten uit te oefenen ten voor- of nadeele van een of anderen kandidaat, en dat ik na verloop van het stemmen volgens wet een zuiver en nauwkeurig verslag er van aan de Regeering zal rapporteeren, en mij in alles gedragen zooals het behoort -

Zoo waarlijk helpe mij God Almachtig.”³⁴⁾

Die stemopnemer moes nog dieselfde dag na afloop van die stemming alle stembriewe en stemlyste behoorlik deur die veldkornet en homself onderteken, onder toesig van die veldkornet bymekaar voeg en verseël en dit sonder versuim aan die landdros van die distrik stuur. Laasgenoemde moes dié stukke noukeurig nasien en ondersoek. Sodra hy dit gedoen het, moes hy al die stukke, tesame met sy rapport en aanmer-

32) Ibid., art. 9.

33) Ibid.

34) Ibid., art. 21.

kings oor die stembriewe wat hy as onwettig of twyfelagtig beskou, sonder versuim aan die Staatssekretaris stuur.³⁵⁾

IV Bepalings vir die stemgeregtigde burgers

Tydens 'n verkiesing moes 'n stemgeregtigde burger sy stem persoonlik uitbring³⁶⁾ en kon hy slegs stem in die wyk of distrik waarin hy op die kieserslys aangeteken is.³⁷⁾ Indien 'n burger aan 'n bepaalde verkiesing wou deelneem, moes hy deeglik ag slaan op die reëlings van die veldkornet wat betref tyd en plek van stemming. Hierdie reëlings is deur die veldkornet getref in ooreenstemming met die voorskrifte wat deur die Regering neergelê is.³⁸⁾

V Reëlings vir die staatspresidentsverkiesing van 1893

A Rekwisities en antwoorde

Alle rekwisities moes, met die antwoorde van die kandidate daarop, voor of op 15 November 1892 die Uitvoerende Raad bereik. Publikasie daarvan in die Staatscourant moes nie later as 1 Desember 1892 geskied nie.³⁹⁾

B Tydperk van die verkiesing

Die staatspresidentsverkiesing moes in die verskillende wyke plaas=

35) Ibid., art. 10.

36) Ibid., art. 8.

37) Ibid., art. 5.

38) Ibid., art. 8.

39) Staatscourant der Z.A.R., 21 Sept. 1892. Sien ook p.131-133 hieronder.

vind vanaf 10 Januarie 1893 tot en met 20 Februarie 1893 en die verkiesing van lede vir beide Volksrade sou gelyktydig met die presidentsverkieping plaasvind.⁴⁰⁾ Om egter verwarring op die dag van verkiesing te voorkom het die Uitvoerende Raad besluit dat die stemming vir die staatspresident eers finaal afgeloop moes wees alvorens met die stemming van die Volksrade 'n begin gemaak mag word.⁴¹⁾

C Indiening van kieslote en kieslyste

Na afloop van die verkiesing moes alle kieslote en kieslyste by die Regeringskantore ingelewer word voor of op 20 Maart 1893.⁴²⁾

D Uitvoerende Raadsbesluite in verband met mynkommissaris en veldkornette

Op die vooraand van die verkiesing het die Uitvoerende Raad verskillende besluite geneem. Een daarvan was om „den Landdrosten van de Zuid-Afrikaansche Republiek en de Mijncommissarissen te Johannesburg en te Barberton op te dragen, deze verkiesingen te doen houden in hunne respectieve districten met inbegrip van de delverijen, daarbinne gelegen, en in hunne respectieve kiesafdeelingen.”⁴³⁾

Verder het die Uitvoerende Raad die moontlikheid ingesien dat daar verwarring kon ontstaan indien die veldkornet sy instruksies van die mynkommissaris van die delwery ontvang, en nie van die landdros van die distrik nie. Om dié moontlikheid uit te skakel is besluit: „dat in zoo 'n

40) E.V.R. 51: Notule van die Eerste Volksraad, art. 1291, 26 Aug. 1892.

41) U.R. 11: Uitvoerende Raadsbesluite, art. 804, 8 Okt. 1892.

42) E.V.R. 51: Notule van die Eerste Volksraad, art. 1291, 26 Aug. 1892.

43) U.R. 11: Uitvoerende Raadsbesluite, art. 804, 8 Okt. 1892.

geval de Veldkornet in zake deze verkiezingen de orders en instructies zal ontvangen van de Landdrost van het district door den Mijncommissaris, - En verder, dat dit geen betrekking zal hebben op die Veldkornetten van de Kiesafdeelingen Johannesburg, enz., en Barberton, enz., welke hunne orders en instructies in deze zullen ontvangen direct van de Mijncommissaris van Johannesburg en Barberton, die respectievelijk in de genoemde kiesafdeelingen deze verkiezingen zullen doen houden; - de Mijncommissaris van Johannesburg in overleg met de Mijncommissaris van Krugersdorp."⁴⁴⁾

E Uitvoerende Raadsbesluite in verband met die tydperk van verkiesing

Met inagneming van artikel 9 van Wet 13/1891⁴⁵⁾ het die Uitvoerende Raad oorweging geskenk aan die feit dat baie burgers nie perde besit het nie en dus moeilik al die byeenkomste vir die verkiesing sou kon bywoon. Verder het die moontlikheid bestaan dat in enkele dorpe die verkiesing nie in een dag afgehandel sou kon word nie; derhalwe is toe besluit: „de Regeering te machtigen om bij gelegenheid van deze verkiezingen, meer dan drie, doch hoogstens zes bijeenkomsten in ééne wijk, en twee dagen voor de electies in een dorp toe te staan, indien er intjds om verzocht word en de Regeering het verzoek gegrond acht."⁴⁶⁾

F Besluit van die Eerste Volksraad om wangedrag gedurende die verkiesing te voorkom

'n UTERS interessante besluit is deur die Eerste Volksraad op die voor-

44) Ibid.

45) Sien p.9-10 voetnoot 32 hierbo.

46) U.R. 11: Uitvoerende Raadsbesluite, art. 804, 8 Okt. 1892.

aand van die verkiesing geneem. Gedurende die laaste maande van 1892 het die propaganda- en stemwerwingsveldtog al sodanige afmetings aangeneem dat die Eerste Volksraad hom genoodsaak gevoel het om te besluit „den H.E. Uitvoerenden Raad op te dragen nauwkeuring toet= zien, dat bij alle verkiesingen die gehouden mochten worden, geen geld noch direct noch indirect door eenig kandidaat besteed worde, en zulke orders of instructies te geven als de Uitvoerende Raad wenschelijk zal achten ten einde de kieswet behoorlik te doen handhaven, opdat er bij eenige verkiesing die gehouden mocht worden geen ongeregeldheden plaats vinden, zooals bij voorbeeld het openzetten van kantiens als an= derzins om kiezers aan te lokken voor sekere kandidate hunne stemmen uit te brengen.”⁴⁷⁾

G Publikasie van wette en volksraadsbesluite handelende oor die ver= kiesing

Alle wette en volksraadsbesluite rakende die verkiesing is gedurende die laaste maande van 1892 in die Staatscourant gepubliseer, waardeur die inwoners van die Republiek weer eens op hoogte gestel is met die vereistes vir burgerskap en kiesreg, die kwalifikasies vir 'n staats= president en die prosedure wat voor, gedurende en na 'n verkiesing ge= volg word. Ook is alle reëlins in verband met die ophandesynde ver= kiesing duidelik aan die burgers uiteengesit sodat daar geen misverstand gedurende die verkiesing kon insluip nie.

47) E.V.R. 51: Notule van die Eerste Volksraad, art. 1024, 2 Aug. 1892.

DIE OPPOSISIE: BESWARE TEEN DIE BELEID VAN PRESIDENT KRUGER

„Wie in landsake leiding gee en sonder aansien van persoon die reguipad loop, moet opposisie verwag. Alle sterk, doelbewuste leiers het dit ondervind, ondervind dit nog en sal dit in die toekoms ondervind.“¹⁾

Teen 1893 het president S.J.P. Kruger reeds twee ampstermyne as staatspresident agter die rug gehad. Gedurende sy tien jaar van presidentskap het Kruger 'n bepaalde beleidsrigting gevolg wat kortliks omskryf kan word as 'n strewe om die Z.A.R. sowel op politieke as ekonomiese gebied volkome onafhanklik te behou.²⁾ Vanselfsprekend het hierdie onwrikbare standpunt van Kruger nie die goedkeuring van die hele bevolking weggedra nie en het besware teen dié beleid hulle kop begin uitsteek. Reeds aan die begin van 1892 het voortekens van 'n heftige stryd by die aanstaande presidentsverkiesing na vore getree. Tydens die amptelike reis van die President na die suide en ooste van

- 1) Postma, F.: Paul Kruger Die Christen - volksman en - staatsman. Die Ossewareeks No. 5. Stellenbosch, Pro-Ecclesia Drukkery, 1944. p.87.
- 2) Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L. en Krüger, D.W.: Geskiedenis van Suid-Afrika. Elsie'srivier, Nasou Beperk, tweede druk, 1966. p.356-357.

die Republiek³⁾ was dit duidelik dat daar groot ontevredenheid by 'n aansienlike deel van die burgers bestaan oor die optrede van die Rege=ring.⁴⁾

Ontevredenheid oor die bestuur het nie net onder sekere burgers bestaan nie, maar dit was veral die uitlanders wat met hulle sogenaamde griewe oor die wanbestuur in die Z.A.R. geagiteer het. In Augustus 1892 het die uitlanders hulle alreeds verenig in 'n georganiseerde uitlanderbeweging, nl. die Transvaal National Union,⁵⁾ wat uit die staanspoor deur middel van openbare vergaderings, versoekskrifte aan die Regering en in die pers teen die bestuur van die Z.A.R. begin agiteer het. Die voorspel tot die presidentsverkiesing van 1893 word gekenmerk deur die talle beware wat teen die dienende president ingebring is en „die National Union het probeer om so nou as moontlik met die opposisie, wat bestaan het uit kmtd. -genl. Joubert en sy „progressiewe' ondersteuners, teen Paul Kruger saam te werk omdat hulle daar die geleentheid gesien het om Kruger - die grootste struikelblok in die verwesenliking van hulle doel=

- 3) Grondwet van de Z.A.R., 1858, art. 78. (Kotzé en Jeppe: a.w.) Volgens die grondwet moes die staatspresident minstens een keer per jaar 'n besoek aflê aan die stede en dorpe in die Republiek waar daar goewermentskantore was. Met die besoek van die president is daar dan aan die inwoners van die betrokke gebied geleentheid gegee om sake van algemene belang voor die president te lê.
- 4) Mouton, J.A.: Genl. Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, twintigste jaargang, deel 1. Parow, Cape Times Limited, 1957. p.121. Sien ook Krüger, D.W.: Paul Kruger, deel 2. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel Bpk., 1963. p.135-136.
- 5) Sien p.136-137 hieronder.

stelling - grondwetlik uit die pad te kry."6)

Waar die verskillende besware teen president Kruger in hierdie en die volgende hoofstuk genoem word, is dit nie my doel om die gegrondheid of ongegrondheid daarvan te behandel nie, maar dit word slegs gedoen om aan te toon hoe daarvan gebruik gemaak is in die verkiesingsveldtog.

I Die Delagoabaaispoorweg

Die Delagoabaaispoorweg wat op hierdie tydstip al ver gevorder het en dus prominent onder die aandag van die volk was, het aan die opposisie van Kruger gulde geleentheid vir kritiek gebied. Hulle het geensins geaarsel om Kruger direk verantwoordelik te hou vir die besware teen die spoorweg nie omdat Kruger volgens hulle die belange van die spoorweg bo dié van die Republiek gestel het. Met hierdie uitgangspunt voor oë het die Joubertgroep die spoorwegbeleid aangegryp in 'n poging om stemme vir hulle kandidaat te werf en wel deur dié beleid so te skilder dat die oningeligte burger slegs die kritiek daarteen raaksien terwyl die groter betekenis van die spoorweg vir die Republiek uit die oog verloor word.

A Die spoorweg is 'n finansiële las

"Ons bloed leg almal in dit land,
Hier het ons daarom geen bestand;
Die weinig wat ons nog kon krij
Het die spoor trein weg gerij."7)

Die vernaamste beswaar wat teen die Delagoabaaispoorweg ingebring is,

6) Muller, C.F.J., red.: Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria en Kaapstad, Academica, 1968. p.254.

7) Land en Volk, 9 Feb. 1893 (vierde vers van gedig „Ons moet trek" deur Neef Abrahams).

was hierdie verkwisting van staatsgeld. Die volgende aspekte word veral uitgesonder om hierdie beswaar te motiveer:

1 Boukoste van die spoorweg

Een van die sake wat aangegryp is om president Kruger in onguns te bring was die boukoste van die spoorweg. Volgens die geslote kontrak sou die beraamde koste sowat £9, 600 (R19, 200) per myl bedra.⁸⁾ In 1892 het president Kruger tydens sy jaarlikse staatsreis deur die distrikte Utrecht, Wakkerstroom, Ermelo en Standerton op een van die byeenkomste ook aan die burgers verklaar dat die koste van die Delagoa-baaispoorweg nie meer as £10, 000 (R20, 000) per myl sou beloop nie.⁹⁾ Van die geleentheid het Land en Volk gebruik gemaak om die aandag daarop te vestig dat „de eerste 75 mijlen spoor, die door de Spoorweg Maatschappij zijn klaar gebouwd, over de £20, 000 per mijl kost, zoo= als uit het verslag dier Maatschappij zelven is gebleken.”¹⁰⁾ Hierdie mededeling het niks anders ingehou nie as om die volk onder die indruk te bring dat president Kruger hulle 'n rat voor die oë gedraai het en dat hulle geld op 'n gruwelike wyse vermors is. Dat die boukoste van die spoorweg wel rede tot ontevredenheid gegee en dus as propagandamiddel invloed uitgeoefen het, spreek uit die talle briewe wat in die koerant

8) Z.A.R. 112: Gewijzigde voorwaarde van Concessie voor den aanleg en de exploitatie van eenen spoorweg in die Z.A. Republiek van de Portugeesche Grens naar Pretoria - Barberton - Johannesburg en Vaalrivier. Art. 31. Land en Volk, 25 Aug. 1892 (verslag).

9) Land en Volk, 11 Aug. 1892 (brief van Opmerker); 25 Aug. 1892 (brief van Onbevooroordeeld); 13 Okt. 1892 (artikel).

10) Ibid., 26 Des. 1892 (hoofartikel).

verskyn het.¹¹⁾

In De Volksstem is hierdie twispunt egter weerlê deur die hele aangeleentheid van 'n ander kant te belig: „Men klaagt dat het eerste stuk der spoorlijn, naby de Portugeesche grens £25,000 per myl heeft gekost in plaats van £9,000" maar „men vergeet dat de aanleg door de Komati- en Krokodil-poorten buitengewoon duur moest wezen wegens de ongezondheid van het klimaat en de moeilijkheid van het terrein aldaar, terwijl er vooruitzicht bestaat dat de goedkooper aanlegkosten der spoorlijn op het Hoogeveld tegen de kostbaarheid van het eerste stuk zullen opwegen."¹²⁾

Die beswaar teen die boukoste van die spoorlyn is egter nog verder uitgebuit deur 'n vergelyking te tref tussen die boukoste van die Delagoabaai-, die O.V.S.- en die Natalspoorlyn. Ten opsigte van die Vrystaatse spoorweg is naamlik beweer dat dit sonder konsessies gebou is en slegs £5,500 (R11,000) per myl gekos het, dus vier keer goedkoper per myl as die eerste 75 myl wat deur die N.Z.A.S.M. gebou is.¹³⁾ Wat die Natalse spoorweg betref, het dit feitlik geheel en al 'n rekonstruksie ondergaan deurdat groot dele van die ou spoorlyn opgebreek en 'n nuwe aangelê is om swaarder verkeer te kan dra. Afgesien van die tunnels wat gebou moes word, sou hierdie spoorlyn ongeveer £7,500 (R15,000)

11) Vgl. *ibid.*, 22 Maart 1892 (brief van Bedroefde Burger); 19 April 1892 (brief van Burger); 11 Aug. 1892 (brief van Opmerker); 18 Aug. 1892 (brief van U.M.); 25 Aug. 1892 (brief van Onbevooroordeeld); 29 Sept. 1892 (skrywe van Oude Burger).

12) De Volksstem, 22 Nov. 1892 (hoofartikel).

13) Land en Volk, 26 Des. 1892 (hoofartikel).

per myl kos.¹⁴⁾ Een korrespondent stel dit selfs so laag as £6,500 (R13,000) per myl.¹⁵⁾

2 Die spoorweg noodsaak die sluiting van lenings

Tydens 1891 en 1892 het die N.Z.A.S.M. groot finansiële moeilikheid ondervind. Ten einde die bouprogram te laat vlot was die Regering van die Z.A.R. verplig om voorskotte aan die maatskappy te maak en moes lenings gesluit word om hierdie geld te bekom. Teen hierdie lenings het die opposisie van Kruger heftig te velde getrek op grond daarvan dat dit die Republiek met skuld oorlaai terwyl die geld op die spoorweg vermors word.

In 'n manifest ten gunste van Joubert word die sluiting van 'n lening in 1892 met Engeland ten bedrae van £2,500,000 (R5,000,000)¹⁶⁾ skerp gekritiseer. Ook word die burgers daarop gewys dat die Republiek slegs £2,000,000 (R4,000,000) sou ontvang nadat alle koste afgetrek is, maar dat die volle bedrag geleen plus rente uiteindelik terug betaal moes word.¹⁷⁾ Geleentheid vir kritiek teen president Kruger is egter gevind in die blote sluiting van die lening en hy is daarin betrek deur o.a. die volgende opmerking in Land en Volk: „Nu echter heeft de President weer een ordentelijke boel geld om aan zijne geliefkoosde Nederlandsche Maatschap=

14) Ibid., 19 April 1892 (brief van Burger).

15) Ibid., 22 Maart 1892 (brief van Bedroefde Burger).

16) Sien p.27 hieronder.

17) Land en Volk, 1 Sept. 1892 (verkiesingsmanifest ten gunste van Joubert uitgereik deur die Joubert-komitee te Wakkerstroom).

pij te overhandigen."¹⁸⁾ Die feit dat hierdie lening met Engeland gesluit is, het ook aanleiding tot kommer gegee want „Schuld is nooit iets om over blijde te zijn. Hoe dieper een man in schuld is hoe minder is hij baas van zich zelf, en wanneer hij eerst zijne vijand geld schuldig is, dan heeft hij geen vrijheid om van te spreken."¹⁹⁾

Om sy lesers op hoogte van sake ten opsigte van gebeure in die Eerste Volksraad te hou het Land en Volk periodiek tydens sittings van genoemde Raad die notule van 'n dag se verrigtinge gepubliseer. Opskrifte en sub-opskrifte is egter aan hierdie notules voorsien waardeur die aandag van die leser pertinent op die besware teen Kruger gevestig word. So verskyn die notule wat gehandel het oor die bespreking van bogemelde lening onder die volgende opskrif: „De Staatsleening. Waar de Maatschappij ons Toe dwingt. Twee Millioen voor schulden."²⁰⁾ Ook is die memoeries gepubliseer wat oor die saak voor die Volksraad gedien het. Op subtiële wyse het Land en Volk dus die burgers beïnvloed teen die bestuur van president Kruger en is die gemoedere van die burgers voorberei met die oog op die naderende verkiesing.

Dit was weer De Volksstem wat vir president Kruger in die bres getree het deur op 'n ander belangrike aspek in verband met die sluiting van dié lening te wys. In 'n hoofartikel stel die redakteur dit duidelik dat die beginsel alreeds sedert baie lank aanvaar is dat lenings aangegaan word wanneer groot werke van openbare belang deur die staat onderneem word,

18) Ibid., 7 Julie 1892 (hoofartikel).

19) Ibid.

20) Ibid. 30 Junie 1892.

waardeur nie net die nasionale rykdom verhoog word nie, maar waar= van ook die nageslag die nut sal ervaar.²¹⁾ Die spesifieke aangaan van lenings vir die uitvoering van die spoorwegprojek kan dus volgens dié blad nie op die verantwoordelikheid van Kruger as sodanig geplaas word nie.

B Boumateriaal wat die spoorwegmaatskappy gebruik

Nie net ontevrede oor die finansiële las wat die bou van die spoorweg meegebring het nie, het die opposisie Kruger selfs aangeval oor sekere materiaal wat vir die bou van die spoorweg gebruik is en hom dit verwyt dat hy nie die belange van die Republiek daardeur bevorder nie. Hierdie beswaar het veral met die gebruik van ingevoerde houtdwarshouers van= uit Java en Hawaii in verband gestaan. Die standpunt wat deur Land en Volk ingeneem is, was dat die Republiek self 'n bykans onuitputlike bron van houtsoorte besit wat selfs beter is as die ingevoerde. Van hierdie eie houtsoorte is geen gebruik gemaak nie; daarom gee die blad aan die hand: „Ons volk behoort hiertegen memories te maken en onze regeering behoort hierna te zien in belang van ons land en van ons volk.”²²⁾ Ten slotte vra die blad waarom die spoorwegkommissaris nie aan hierdie saak aandag skenk en vir die gebruik van eie produkte in die bres tree nie en antwoord dan self met 'n taamlieke sarkastiese verdere vraag: of het hy sy hande op die stadium te vol met die presidentsverkiezing dat hy nie daaraan aandag kan skenk nie?²³⁾

21) De Volksstem, 22 Nov. 1892.

22) Land en Volk, 23 Jan. 1893 (artikel). Sien ook: Notule van die Eerste Volksraad, art. 1223, 18 Aug. 1892.

23) Land en Volk, 23 Jan. 1893.

C Verseek om 'n kommissie van ondersoek

Op grond van hulle besware teen die spoorwegbeleid van president Kruger het die Joubertgroep verder probeer om hierdie beleid en dus Kruger by die burgers in onguns te bring deur te eis dat 'n kommissie benoem word om behoorlik ondersoek na die hele spoorwegaangeleentheid in te stel. Met hierdie doel voor oë is memories by die Eerste Volksraad ingedien, wat ook deur Land en Volk gepubliseer is. Tipies van hierdie memories is bv. die een uit Rustenburg²⁴⁾ waarin op 'n onpartydige ondersoek na die sake van die spoorwegmaatskappy aangedring word sodat die volk duidelike antwoorde op die volgende vrae kan ontvang:

- 1 Wat is die geldelike toestand van die maatskappy?
- 2 Wat is die verpligtinge van die maatskappy teenoor die staat?
- 3 Hoe ver strek die onderlinge verpligtinge?
- 4 Hoeveel aandele is uitgegee?
- 5 Hoeveel aandele is verkoop bo en onder die nominale waarde?
- 6 Hoeveel geld is aan die maatskappy voorgeskiet en hoeveel is reeds terugbetaal?
- 7 Wat is die gewaarborgde rente op die kapitaal van die maatskappy?
- 8 Wat kos die spoorweg per myl?
- 9 Wat bedra die rente wat reeds betaal is?
- 10 Hoeveel myl is reeds gebou?
- 11 Hoeveel rollende materiaal besit die maatskappy?
- 12 Hoeveel kontant besit die maatskappy?

24) Ibid., 30 Jan. 1892. Vgl. E.V.R.R. 135/92: Memorie met 'n soortgelyke versoek uit Soutpansberg onderteken deur 136 persone; E.V.R.R. 162/92: uit M.W. Stroom met 34 handtekeninge.

Dit blyk duidelik dat hierdie saak vooraf georganiseer is want Land en Volk beklemtoon die feit dat die Eerste Volksraad alreeds 13 memories van die aard met altesaam 983 naamtekeninge ontvang het.²⁵⁾ Sommige memorialiste het selfs die spoorweg as 'n „inwendige kanker" beskryf.²⁶⁾

Afgesien van memories is die saak op openbare vergaderings bespreek. Op een daarvan wat deur die Eerste Volksraadslid A.D.W. Wolmarans en Tweede Volksraadslid E.P.A. Meintjes te Pretoria gehou is, is o.a. die volgende voorstel deur die heer A.H. Malan ingedien: „Deze vergadering beschouwd het haar heilige roeping om by haar vertegenwoordiger in den Eersten Volksraad, aan te dringen, dat hy by de eerstkomende Volksraadszitting voorstelle, om eene commissie te benoemen ten einde de Delagoabaai spoorwegzaak degelyk en onpartydig te onderzoeken en het resultaat van dat onderzoek aan de burgers bekend te maken."²⁷⁾

Om hierdie saak nog verder uit te buit het 'n briefskrywer selfs beweer dat hierdie smeekestemme om 'n „doortastend onderzoek in te stellen in de toestand van die spoorweg, of liever van die concessie" van geen waarde is nie omdat die Regering tog in elk geval geen gehoor daaraan gee nie.²⁸⁾

25) Land en Volk, 30 Junie 1892 (berig).

26) Ibid., 25 Aug. 1892 (berig); 30 Junie 1892 (berig).

27) Ibid., 5 April 1892 (berig). Die heer Esselen, vurige ondersteuner van kmtdt.-genl. Joubert, is met groot toejuiging op hierdie vergadering ontvang en tot voorsitter van die vergadering verkies.

28) Ibid., 18 Aug. 1892 (brief van Vriend).

Die hele idee van ondersoek in die aangeleenthede van die spoorweg=maatskappy het 'n veel dieper betekenis as slegs belangstelling in die werksaamhede van die maatskappy omdat Kruger indirek hierby betrok=ke is en sy opposisie sodoende die kandidatuur van Joubert kon bevorder.

D Aandrang tot die ontbinding van die maatskappy

In 'n manifest ten gunste van Joubert wat versprei is deur die Potchefstroomse komitee vir die bevordering van sy kandidatuur word die N.Z.A.S.M. beskryf as 'n „schandelijke vergunning voor eenig land". Voorts word pres. Kruger daarvan beskuldig dat hy sy mag misbruik het deur die tydsbepaling vir die bou van die spoorweg te verleng en groter geldelike ondersteuning uit die staatskas aan die maatskappy toe te laat. Die manifest vestig die aandag daarop dat die konsessionarisse dus nie hulle verpligtinge nagekom het nie en hoewel die volk daarop aangedring het dat die konsessie tot niet verklaar moes word, Kruger die „concessie bij den Volksraad met tand en nagel tegen onze memo=ries" verdedig het.²⁹⁾ Die aandrang het ooreengestem met Land en Volk se optrede enkele maande tevore toe die blad aan die hand gedoen het dat die Nederlandse Maatskappy afgeskaf en die spoorweg in die hande van die staat geplaas moet word.³⁰⁾

Deur besware en skerpsinnige verdagmaking het die Joubertgroep die spoorwegbeleid van Kruger omskep in 'n handige verkiesingswapen om agterdog teen die President te saai. Dit is egter opmerklik dat diegene wat die aantyginge teen Kruger en die besware teen die spoorwegmaat=

29) De Potchefstroomer, 22 Sept. 1892.

30) Land en Volk, 7 Julie 1892 (hoofartikel).

skappy so vrylik ingebring het net met die besware en aantyginge volstaan het, sonder enige vermelding van wat Joubert se beleid teenoor die spoorwegaangeleentheid sou wees indien hy tot president verkies word. Klaarblyklik was die groot doel van dié groep hiermee om Kruger by die kiesers in onguns te bring om sodoende hulle eie kandidaat se kanse te bevorder.

II Die staatskuld van die Republiek

'n Verdere bron van kommer vir die teenstanders van president Kruger was die skuld waarvoor die Republiek verantwoordelik was. Hierdie groep het die finansiële posisie van die Republiek as uiters gevaarlik beskou en selfs voorsien dat die land teen die einde van 1892 bankrot sou wees indien die uitgawes nie drasties besnoei word nie.³¹⁾ Op die bovermelde vergadering te Pretoria³²⁾ is dit ook betreur dat die staatsfinansies in so 'n treurige toestand verkeer en is daar by die onderskeie teenwoordige Volksraadslede aangedring om toe te sien dat besuiniging in die landsuitgawes plaasvind.

Dit is wel waar dat die spoorwegontwikkeling addisionele finansiële laste op die skouers van die Republiek geplaas het, laste wat alleen tegemoet gekom kon word deur die sluiting van lenings. So het die Volksraad die Regering op 13 Julie 1891 gemagtig om 'n lening van £1,000,000 - £3,000,000 (R2,000,000 - R6,000,000) te sluit met die uitsluitlike doel

31) Ibid., 9 Feb. 1892. Vgl. ook ibid., 16 Feb. 1892 (hoofartikel).

32) Sien p.24 hierbo.

om die spoorwegbou te bevorder.³³⁾

A Lenings gesluit

Gedurende 1892 is die Rothschild-lening in Engeland ten bedrae van £2,500,000 (R5,000,000) gesluit.³⁴⁾ Die hoofdoel hiermee was om die voortsetting van die oostelike spoorlyn te verseker; die geld was dus bestem vir die N.Z.A.S.M.³⁵⁾

Dit was veral hierdie lening wat besorgdheid onder 'n aansienlike deel van die inwoners van die Republiek veroorsaak het op grond van die argument dat die onafhanklikheid van die Republiek daardeur in gevaar gestel sou word. Nog voordat die lening aangegaan is, het Land en Volk sy lesers al daarop attent gemaak dat Engelse geld veel magtiger is as Engelse wapens omdat dit aan Engeland die geleentheid bied om in te meng in die binnelandse aangeleenthede van die Republiek onder die

- 33) Notule van die Eerste Volksraad, art. 1196, 31 Julie 1891. Sien ook Land en Volk, 30 Junie 1892 (berig); Gordon, C.T.: The internal political state of the South African Republic between 1890 and 1895, with particular reference to the growth of Boer opposition to the President's Policies (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand, 1962), p.48-49.
- 34) Van Oordt, J.F.: Paul Kruger en de opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek. Amsterdam/Kaapstad, 1898. p.565. Sien ook Van Winter, P.J.: Onder Krugers Hollanders. Geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij, deel 2. Amsterdam, J.H. de Bussy, 1938. p.137-139.
- 35) Coetzee, D.J.: Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek (1872-1899). Kaapstad, Nasionale pers Beperk, 1940. p.98. Sien ook Muller: a.w., p.285; p.20 hierbo.

voorwendsel dat hy sy belange wil beskerm.³⁶⁾

Nog 'n aspek van die lening wat kritiek uitgelok het, is die feit dat die geld teen 'n hoë rentekoers, nl. 5% geleen is³⁷⁾ en dat die Republiek 'n verminderde bedrag na aftrekking van onkoste sou ontvang.³⁸⁾

De Volksstem het egter die hele aangeleentheid van die Rothschild-lening van 'n ander sy benader. Die blad toon nl. aan dat dit die eerste keer is dat die Republiek geld op die oop mark aangevra het. Desnie=teenstaande is die geld verkry sonder enige sekuriteit wat meebring dat daar geen kontrole oor die finansies van die Republiek uitgeoefen kan word nie. Die hoë rente word ook toegeskryf aan die feit dat dit die eerste oopmarklening van die Republiek is en tik Land en Volk op die vingers omdat dié blad in gebreke gebly het om aan te toon waar geld op voordeliger voorwaardes verkry kon word. Verder gaan die blad voort om op die voordele van een van die bepalinge van die lening te wys, nl. dat die lening binne tien jaar afgelos kan word. Daar bestaan dus geen beswaar daarteen dat die lening na dié tydperk gekonverteer word nie.³⁹⁾

'n Ander lening wat deur die Z.A.R. aangegaan is, wat aan die Joubert=

36) Land en Volk, 30 Junie 1892 (hoofartikel). Vgl. ibid., 7 Julie 1892 (hoofartikel).

37) Ibid., 13 Okt. 1892 (artikel). Vgl. ibid., 27 Okt. 1892 (berig); 1 Sept. 1892 (Joubert-manifes te Wakkerstroom).

38) Sien p.20 hierbo. Te Wakkerstroom is kmdt.-genl. Joubert tydens 'n byeenkoms uitgevra oor die staatskuld en het hy o.a. dié bedrag as £2¼ miljoen (R4½ miljoen) gestel nadat alle onkoste afgetrek is. Land en Volk, 27 Okt. 1892 (berig). Vgl. ook p.144-145 hieronder.

39) De Volksstem, 22 Nov. 1892 (hoofartikel).

ondersteuners geleentheid vir kritiek gebied het, was dié wat in 1892 vir 'n tydperk van een jaar met die heer J.B. Robinson⁴⁰⁾, Suid-Afrikaanse mynmagnaat, gesluit is. Die lening was vir 'n bedrag van £100, 000 (R200, 000) en met die opbrengs daarvan is spoorwegaandeel aangekoop. Die Joubertondersteuners het die sluiting van hierdie lening onmiddellik beskryf as 'n duidelike voorbeeld van die Regering se erkenning dat die finansiële posisie van die staat in 'n haglike posisie is. Verder word ook aangevoer dat indien die aangaan van hierdie lening in Europa bekend word, dit aldaar vertolk sou word dat die finansies van die Republiek veel te wense oorlaat aangesien 'n staat tog nie sommer 'n lening met 'n individu sluit nie. Daarbenewens is dit ook bestempel as slegs 'n verdere verswakking van die krediet van die land en 'n poging van die heer J.B. Robinson om sy talle belange te beskerm.⁴¹⁾

B Die staatskuld soos onderskeidelik deur die Joubert- en Krugerondersteuners aangehaal

Wat presies die werklike staatskuld was, het aanleiding gegee tot 'n aansienlike polemieë tussen die mondstukke van die Joubertondersteuners, Land en Volk en dié van die Krugerondersteuners, De Volksstem. Land en Volk het ook hierin die geleentheid gekry om die redakteur van De Volksstem sarkasties te betig oor laasgenoemde se verduideliking van die staatskuld.⁴²⁾

40) U.R. 52. Kladbesluite 1892, art. 178.

41) Land en Volk, 16 Feb. 1892 (hoofartikel). Sien ook *ibid.*, 15 Maart 1892 (hoofartikel).

42) *Ibid.*, 17 Nov. 1892 (artikel).

Dit is opmerklik dat die staatskuld soos aangehaal deur die hierboge= noemde blaaie geweldig van mekaar verskil het. So het Land en Volk die skuld op £5,135,000⁴³⁾ (R10,270,000) gestel terwyl De Volksstem dit as £2,795,333⁴⁴⁾ (R5,590,666) aangedui het. Hierdie verskil het ongetwyfeld onsekerheid oor die werklike stand van die staatskuld onder die burgers laat ontstaan. Kommandant-generaal Joubert moes dan ook telkens op etlike van sy byeenkomste soos o.a. te Wakkerstroom,⁴⁵⁾ Klipprivier,⁴⁶⁾ Vryheid⁴⁷⁾ en Malanskraal⁴⁸⁾ vrae oor dié aangeleent= heid beantwoord. In sy antwoord het hy die staatskuld in besonderhede uiteengesit en die totale bedrag op £5,500,000 (R11,000,000) gestel.⁴⁹⁾ Hierdie bedrag moes vir baie burgers as besonder buitensporig voorge= kom het en 'n manifes wat ten gunste van Joubert uitgereik is, het die ampstermyn van Kruger beskryf as 'n tydperk waarin die volk hande en voete gebind is aan buitelandse bankiershuise.⁵⁰⁾

Sekerheid oor wat die staatskuld werklik bedra, moes egter verkry word om sodoende alle twyfel uit die weg te ruim. Om hierdie rede het die Tesourier-generaal van die Z.A.R. op versoek van die redakteur

43) Ibid.

44) De Volksstem, 29 Okt. 1892 (hoofartikel).

45) Land en Volk, 27 Okt. 1892 (berig).

46) Ibid., 16 Jan. 1893 (berig).

47) Ibid., 26 Jan. 1893 (berig).

48) Ibid., 2 Feb. 1893 (berig).

49) Ibid., 16 Jan. 1893 (berig); 26 Jan. 1893 (berig); 2 Feb. 1893 (berig).

50) De Pers, 19 Jan. 1893 (Joubert-manifes met bespreking deur Een Boer).

van De Volksstem om die korrekte bedrag van die staatskuld bekend te maak die volgende inligting verstrek:

Nasionale skuld (Engeland)	£192,300	(R384,600)
Spoorweglening Amsterdam	51,416	(R102,832)
Rothschild-lening	2,500,000	(R5,000,000)
Totaal	<u>£2,743,716⁵¹⁾</u>	<u>(R5,487,432)</u>

Hierdie syfers was dus heeltemal in die guns van die Krugergroep en hulle het dit met groot vreugde gepubliseer om sodoende die anti-Kruger=propaganda aan die kaak te stel.

III Die konsessiebeleid

Gedurende die tweede ampstermyn van president Kruger het die Z.A.R. op beide ekonomiese en industriële gebied vinnig vooruit gegaan as gevolg van die ontdekking van goud aan die Witwatersrand. Weens die toestroming van talle mense na die goudvelde het dorpe spoedig begin ontwikkel en het sowel die konsentrasie van bevolking as die snelle ontginning van goud die behoefte na meer nywerhede van verskillende aard laat ontstaan terwyl die voorsiening van water en elektrisiteit 'n saak van akuele belang geword het.

President Kruger het sedert 1881 'n stelsel van konsessies, wat inderdaad monopolies was, ingevoer om die Republiek op industriële gebied te ontwikkel. Kruger wou egter nie vrye konkurrensie toelaat nie omdat konsessies enersyds die staatsinkomste sou verhoog en andersyds die

51) De Volksstem, 14 Des. 1892.

staat in die geleentheid sou stel om 'n mate van beheer oor die nywer=
hede te kan uitoefen.⁵²⁾

Hoewel invloedryke burgers en uitlanders sonder veel moeite konsessies by die Regering bekom het, moes dit eers deur die Volksraad bekragtig word alvorens daaraan uitvoering gegee kon word. Aanvanklik was die eerste konsessionarisse hoofsaaklik spekulante wat gehoop het om hulle regte later met 'n wins te verkoop. Na die ontdekking van goud is die konsessies egter verdoem deur uitlander-belangstellendes wat tot nog toe geen aandeel in die konsessies gehad het nie; 'n verdoeming wat be=
rus het op die bewering dat konsessies 'n potensiële bedreiging vir die ekonomiese ontwikkeling van die land ingehou het omdat monopolistiese industriële beskermende tariewe vereis.

Bo en behalwe die industriële konsessies is daar ook sekere regte toe=
geken wat 'n meer munisipale stempel gedra het. Behalwe Potchefstroom het geen ander dorp in die Republiek oor 'n munisipaliteit beskik nie en die Regering was onwillig om geriewe soos water en elektrisiteit in Jo=
hannesburg en Pretoria beskikbaar te stel. Vir die verskaffing van nood=
saaklike dienste het die Regering egter hulle oë gevestig op privaat on=
dernemings en konsessies vir dié dienste aan individue of maatskappye wat oor die nodige kapitaal beskik het, toegestaan.⁵³⁾

Sekere konsessies het ongelukkig nie aan die verwagting voldoen nie en daar het ook oneerlikheid ten koste van die Republiek plaasgevind. Dit

52) Sien ook Van Winter: a.w., p.33.

53) Marais, J.S.: The fall of Kruger's Republic. Oxford, Clarendon Press, 1961. p.23-24.

was water op die meule van die teenstanders van Kruger en hulle het gevolglik die hele beleid, wat vir hulle iets uit die bose was, met hand en tand in die openbare pers beveg.⁵⁴⁾ So word dit o.a. in 'n manifest van die Potchefstroomse komitee vir die bevordering van die kandidatuur van kmdt.-genl. Joubert⁵⁵⁾ betreur dat daar so 'n konsessiegees by die Regering aanwesig is, terwyl Land en Volk konsessies as 'n verderf vir die Republiek beskou omdat dit nie net 'n finansiële kanker is nie, maar ook 'n sedelike kanker wat van die beste manne van die Republiek nie onaangetas gelaat het nie.⁵⁶⁾ Joubert het hom ook sterk uitgespreek teen konsessies⁵⁷⁾ en sy ondersteuners kon dan die volgende rede aanvoer waarom hy tot president verkies moes word: „Omdat President Kruger zijn verdervelijk Concessie politiek niet wil opgeven, niettegenstaande hem van zooveele zijden het nadeel er aan verbonden duidelijk is gemaakt geworden, en een proef van over acht jaren ons heeft geleerd, en ook hem behoort geleerd en(sic) hebben, dat Concessies een vloek voor dit land zijn.”⁵⁸⁾

54) Sien in dié verband Land en Volk, 12 April 1892 (hoofartikel); ibid., (artikel); 18 Aug. 1892 (onder opskrif Stukjes en Brokjes); 25 Aug. 1892 (brief van U.M.); 29 Sept. 1892 (brief van Oude Burger); 6 Okt. 1892 (artikel); 26 Des. 1892 (artikel). Memories is ook teen die stelsel van konsessies by die Volksraad ingedien. Sien: Notule van die Volksraad, art. 1165, 1 Aug. 1890.

55) De Potchefstroomer, 22 Sept. 1892.

56) Land en Volk, 6 Okt. 1892 (artikel).

57) Sien o.a. berigte oor Joubert te Heidelberg: ibid., 20 Okt. 1892; Middelburg: 17 Nov. 1892; Krugersdorp: 29 Des. 1892; Potchefstroom: De Potchefstroomer, 1 Des. 1892.

58) Land en Volk, 26 Des. 1892 (hoofartikel).

A Konsessies wat veral vir propaganda teen president Kruger gebruik is

1 Die spoorwegkonsessie ⁵⁹⁾

Kort na die ondertekening van die Londen-konvensie, waardeur die Z.A.R. die reg verkry het om met vreemde state te onderhandel sonder die tussenkoms van die Britse regering, het Kruger en sy mede-afgevaardigdes van Engeland af na Europa vertrek met die doel om o.a. die Pretoria-Delagoabaaispoorwegplan te bevorder. Vir Kruger was die bou van sodanige spoorweg onontbeerlik vir die ekonomiese en politieke voortbestaan van die Republiek en die Boeredeputasie het daarin geslaag om gedurende 1884 'n ooreenkoms te sluit met die Portugese regering.

'n Deel van die burgers van die Z.A.R. was egter die spoorwegplan nie goedgesind nie omdat hulle reeds ervaring gehad het van die mislukte poging van president Burgers en omdat gevrees is dat die spoorweg die transportryer wat as gevolg van die ontginning van edelgesteentes 'n floreerende bestaan gevoer het, hom sy bestaan sal ontnem. President Kruger was egter bewus van hierdie gevoel onder die burgers toe hy die Volksraad gevra het om die konsessie goed te keur. Op oordeelkundige wyse het Kruger daarin geslaag om die besware van die Volksraad uit die weg te ruim en is die konsessie goedgekeur wat hy aan Hollandse ingenieurs toegesê het.

59) Vir volle besonderhede oor die ontwikkeling van spoorweë in die Z.A.R. sien: Coetzee, D.J.: a.w.; sien ook Muller: a.w., p.245-249.

'n Maatskappy kon nou deur die konsessiehouers opgerig word om die nodige kapitaal te verkry sodat onverpoos met die bou van die spoorweg begin kon word. Die konsessiehouers kon egter nie die nodige kapitaal bekom nie aangesien die swak ekonomiese posisie van die Z.A.R. geen vooruitsig vir belêers gebied het nie; die spoorwegbou is hierdeur vertraag. Gedurende 1886 is goud op die Witwatersrand ontdek en 'n spoorwegverbinding met 'n seehawe het nog noodsaakliker geword. Die twee Engelse kolonies het nou ook begin belangstel in 'n spoorwegverbinding met die Z.A.R. So wou die Kaapkolonie die spoorlyn van Kimberley na Johannesburg verleng terwyl Natal 'n verbinding tussen Durban en die Z.A.R. noodsaaklik geag het. Ook het die O.V.S. finansiële voordele in 'n spoorweg oor Vrystaatse grondgebied gesien en was daarvoor te vinde dat die Kaapkolonie 'n spoorweg van Noupoot oor Norvalspont na die Z.A.R. bou. In die Z.A.R. het sake nie so rooskleurig verloop nie; druk is op president Kruger uitgeoefen om die konsessie tot niet te maak as gevolg van die vertraging wat ontstaan het in die bou van die spoorweg. Kruger het egter die voordeel vir die skatkis van die Republiek besef en bowenal in die Delagoabaaispoorweg 'n waarborg vir die onafhanklikheid van die Z.A.R. gesien.

Die ontdekking van goud op die Witwatersrand het die beleggingsmoontlikheid in die Z.A.R. verbeter en die konsessiehouers kon Nederland en Duitse kapitaal bekom met die gevolg dat die N.Z.A.S.M. op 21 Junie 1887 in die lewe geroep kon word.

Ontevredenheid oor die spoorwegprogram het onder 'n deel van die inwoners van die Z.A.R. bly voortbestaan en dieneen hulle misnoë te kenne gegee deur talle besware daarteen aan te haal. Gedurende 1890-

1891 was die finansiële toestand in die Republiek abnormaal weens 'n depressie wat geheers het. Dit is dus te begrype dat die meeste besware wat teen die spoorweg ingebring is, finansiële⁶⁰⁾ van aard was. Ook het die feit dat die spoorwegmaatskappy in die hande van Hollanders was,⁶¹⁾ nie die goedkeuring van alle inwoners weggedra nie en dit was vir sodaniges genoegsame rede om beswaar teen die hele projek aan te teken. Die uitlanders het ook die maatskappy aangeval omdat dit 'n sterk nasionale karakter gedra het en die gebruik van die landstaal op die spoorweg het dit verder versterk.⁶²⁾ Die ontevredenheid oor die spoorweg het uitgebrei na die plattelandse gebiede en sowel president Kruger⁶³⁾ as kmdt.-genl. Joubert⁶⁴⁾ moes telkens op byeenkomste vrae oor dié saak beantwoord. Teen die verwagting in, gesien in die lig van die naderende verkiesing, het Joubert onomwonde verklaar dat hy nie teen die Delagoa=baaiespoorlyn gekant is nie⁶⁵⁾ alhoewel hy die konsessie nooit gesien het nie omdat hy tydens die sluiting van die konsessie amptelik in Europa

60) Sien p.17-22 hierbo.

61) Sien p.47 hieronder.

62) Coetzee, D.J.: a.w., p.99.

63) O.a. te Standerton: De Volksstem, 18 Okt. 1892 (berig); Wakker=stroom en Utrecht, 22 Okt. 1892 (berig); Amsterdam, 29 Okt. 1892 (berig); Ermelo, 1 Nov. 1892 (berig); Carolina en Belfast, 5 Nov. 1892 (berig); Middelburg, 8 Nov. 1892 (berig).

64) O.a. te Barberton: Ibid., 16 Feb. 1892 (berig); Bronkhorstspuit: 15 Nov. 1892 (berig); Standerton: 15 Nov. 1892 (brief van Burger); Nooitgedacht, dist. Pretoria: 19 Nov. 1892 (berig); Middelburg: Land en Volk, 17 Nov. 1892 (berig).

65) De Volksstem, 16 Feb. 1892 (berig); Land en Volk, 17 Nov. 1892 (berig).

was.⁶⁶⁾ Vir baie burgers was die spoorweg egter die bereiking van 'n ideaal omdat hiermee 'n handelskanaal vir hulle Republiek geopen sou word wat nie onder die Britse invloedseer val nie.

2 Die dinamietkonsessie⁶⁷⁾

President Kruger wou graag die Z.A.R. militêr gereed hê met die oog op toekomstige gebeurlikhede en daarom het hy hom beywer vir die oprigting van 'n fabriek wat ammunisie kon vervaardig in oorlogstyd. Om hierdie rede het die Regering in 1881 aan A.H. Nellmapius 'n konsessie toegesê vir die vervaardiging van buskruit, dog dit was duidelik dat hierdie onderneming nie lonend was nie. Na die ontdekking van goud het die vraag na 'n ander vorm van plofstof, nl. dinamiet, toegeneem en in 1888 is aan Eduard Lippert wat intussen ook die buskruitfabriek bekom het, 'n konsessie verleen vir die vervaardiging van dinamiet, 'n konsessie wat hy weer op sy beurt aan 'n Franse maatskappy oorgemaak het.

Die hele idee van die Regering met die konsessie was dat dinamiet binne die grense van die Z.A.R. vervaardig moes word en dat die maatskappy in die hele aanvraag daarna moes voorsien. Die invoer van dinamiet, tensy verlot daartoe verleen is, is dus feitlik uitgeskakel. Ten opsigte

66) Land en Volk, 17 Nov. 1892 (berig).

67) Vir volle besonderhede oor die dinamietkonsessie sien: Scholtz, G.D.: Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902. Eerste band. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1948. p.173-177; Marais: a.w., p.27-33; Botha, P.R.: Die staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Krüger en Leyds Transvaal 1844-1899. Amsterdam, Swets & Zeitlinger, 1926. p.253-272; sien ook Van Oordt: a.w., p.563 en 568; Jutta, Marjorie: The pace of the ox. The life of Paul Kruger. London, Constable & Co. Ltd., 1936. p.219; Gordon: a.w., p.64-68.

van eersgenoemde het die konsessionarisse skreiend gefaal: die maatskappy het hom namelik nie by die bepalinge van die konsessie gehou nie en in die geheim dinamiet ingevoer onder die naam „Guhr impregné". Van die Britse en Duitse kant is beswaar daarteen aangeteken en was die Volksraad genoodsaak om op te tree. 'n Kommissie van ondersoek is benoem wat na 'n deeglike ondersoek tot die slotsom gekom het dat die ingevoerde stof wel dinamiet is. Die Franse maatskappy het egter volgehou dat dinamiet nie ingevoer is nie en in terme van die konsessie is daar toe besluit om tot arbitrasie oor te gaan. Onderhandelings het misluk; derhalwe het die Volksraad aanbeveel dat die Regering die ooreenkoms tot niet moes verklaar. Dit is gedoen en in Augustus 1892 het die Staatssekretaris die maatskappy dienooreenkomstig verwittig. ⁶⁸⁾

Hierdie ongelukkige gebeure het op die vooraand van die verkiesing vir die opposisie van president Kruger nuttig ingekom omdat hulle verdoe-
ming van die konsessiebeleid nie net gestaaf sou wees nie maar hulle
ook kon bewys dat bedrog ⁶⁹⁾ ten koste van die staat sou plaasgevind het.
Sy teenstanders het nl. beweer dat die staat duisende ponde aan invoer-
reg verloor het as gevolg van die feit dat die dinamietmaatskappy die
Regering bedrieg het. ⁷⁰⁾ President Kruger moes ook deurloop onder
die nydige kritiek van sy teenstanders. Hy en dr. W.J. Leyds, staat=

68) Scholtz: Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902. Eerste band, p.174-175.

69) Land en Volk, 21 Julie 1892 (hoofartikel); 6 Okt. 1892 (artikel); 3 Nov. 1892 (artikel).

70) Ibid., 21 Julie 1892 (hoofartikel); 1 Sept. 1892 (brief van Stemge-
rechtigde Burger); 1 Sept. 1892 (manifes uitgereik te Wakker-
stroom ten gunste van kmtd.-genl. Joubert); 26 Des. 1892 (hoof-
artikel).

sekretaris van die Z.A.R., is daarvan beskuldig dat hulle etlike maande bewus was van die feit dat die maatskappy dinamiet ingevoer het maar dat daar niks aan gedoen is nie; intendeel: „In plaats van dadelijk den invoer te stakken(sic) en de zaak in handen van den Staatsprocureur te plaatsen werd er over 'gecorrespondeerd' - dat woord dat Dr. Leyds zoo lief heeft! - en het bedrog ging voort met kennis van de Regeering, tot dat de Volksraad eindelijk gedwongen werd de zaak te onderzoeken." Op 'n nog skerper wyse gaan die aanval voort: „Wij moeten openlijk erkennen dat wij van den Volksraad niet veel te wachten zijn, maar in het grooote(sic) volk van ons land hebben wij nog vertrouwen. Zij zullen zeker niet zwijgen terwijl de eer van ons land op die gruwelijke wijze bevlekt word, Zij zullen niet toelaten dat onze Republiek door vreemde Staten beleedigd worden alleen omdat het Joden gespuis van den heer Kruger beschermd moet werden.”⁷¹⁾

3 Die waterkonsessie toegestaan aan F.C. Eloff

'n Konsessie wat aan Kruger se opposisie geleentheid gebied het om die President op 'n meer persoonlike vlak aan te val was die konsessie wat aan die heer F.C. Eloff, skoonseun van president Kruger, toegeken is vir die voorsiening van water uit die Vaalrivier aan Johannesburg. Teen hierdie konsessie het Land en Volk bitsig te velde getrek en sy aanval op die volgende bewerings gebaseer:

- a Dat die konsessie reeds op 27 Nov. 1889 aan Eloff toegestaan is, 7 maande voordat die besluit van die Uitvoerende Raad voor die Volks=

71) Ibid., 21 Julie 1892 (hoofartikel). Vgl. ook ibid., 3 Nov. 1892 (artikel).

raad gedien het.

- b Die Volksraad mislei is omdat die konsessie nooit uitgevoer is nie.
- c Hoewel die kontrak reeds verval het, het Eloff hom nogtans aan 'n sekere Joodse sindikaat verbind vir £2,000 (R4,000), 'n bedrag wat hy sou ontvang sodra hy die kontrak by die Regering hermu het.
- d Eloff die konsessie aan die sindikaat sou oordra vir 'n som van £18,000 (R36,000) sodra 'n maatskappy gevorm is.⁷²⁾

Vir Land en Volk sou hierdie gedragswyse van Eloff op niks anders as omkopery neerkom nie indien hy as staatsamptenaar geld aanvaar vir regte wat hy nog van die Regering vir 'n derde party moes bekom.⁷³⁾ Hiermee nie tevrede nie het die blad president Kruger direk beskuldig dat hy daarvan bewus was dat Eloff omgekoop is. Nogtans het hy sy invloed in die Uitvoerende Raad laat geld om sy skoonseun die totale omkoopsom van £20,000 (R40,000) te verseker.⁷⁴⁾ Hierby het die blad egter nie berus nie en op astringente wyse op 'n latere datum 'n uitdaging aan Kruger en sy hele Regering gerig om te bewys dat die bewering onjuis is. So oortuig was Land en Volk van sy saak dat enige vervolging wat uit die bewering mag voortspruit, verontagsaam is; intendeel Kruger wat „waarschijnlijk nog van zijn dubbel Engelsche salaris heeft“⁷⁵⁾ word feitlik daartoe uitgenooi.⁷⁶⁾ Hierdie uitdaging het skyn=

72) Ibid., 29 Des. 1892 (artikel).

73) Ibid., 2 Jan. 1893 (hoofartikel).

74) Ibid., 26 Jan. 1893 (hoofartikel). Sien ook Gordon: a.w., p.55-56.

75) Sien p.91-92 hieronder.

76) Land en Volk, 2 Feb. 1893 (artikel).

baar geen reaksie van Kruger of sy ondersteuners uitgelok nie en die blad het op 9 Feb. 1893 die saak afgesluit met die volgende woorde: „Wat geshcreven is, is geschreven en onze beschuldiging en uitdaging zullen blijven bestaan zoo lang Paul Kruger of een zijner Regeerings leden den adem levens inhaalt.”⁷⁷⁾

4 Die Johannesburg-verligtingsmaatskappy

Hoewel in mindere mate as met die hierbogenoemde konsessies, het die konsessies wat verleen is om gas en elektrisiteit aan Johannesburg te voorsien ook aan die Joubertondersteuners die geleentheid gebied om die konsessiebeleid van president Kruger aan die kaak te stel. Dit het hulle gedoen deur te beweer dat die Regering volgens kontrak die eerste jaar 'n bedrag van £28,000 (R56,000) en daarna 'n jaarlikse som van £14,000 (R28,000) aan die maatskappy moes betaal⁷⁸⁾ wat dus 'n teë= stelling is met president Kruger se herhaaldelike verklaring, nl. dat die konsessies geld vir die staatskas inbring.⁷⁹⁾ Voorts, word verklaar, het dié konsessie meegebring dat selfs twee of drie nageslagte nog daar= onder gebukkend sal moet gaan omdat die Regering die bedrag nie kon betaal nie en as kompensasie is na onderhandelinge met die maatskappy nie net die termyn van die kontrak van 50 na 99 jaar verleng nie maar boonop ongeveer 64 standplase aan die maatskappy afgestaan.⁸⁰⁾

77) Ibid., 9 Feb. 1893 (artikel).

78) Ibid., 29 Maart 1892 (brief van Afrikanus Junior); 5 April 1892 (brief van Burger); 12 April 1892 (berig); 29 Sept. 1892 (hoofartikel).

79) Ibid., 5 April 1892 (brief van Burger).

80) Ibid., 29 Sept. 1892 (hoofartikel). Sien ook ibid., 1 Sept. 1892 (brief van Stengerechtigde Burger); 13 Okt. 1892 (artikel).

Die kritici teen die Johannesburg-verligtingskonsessie het ook voorgesê dat die konsessie onwettig is deurdat die Regering hom die reg toestaan om dorpskonsessies te verleen, sonder die toestemming van die volk of Volksraad, en dus in stryd handel met die letter en gees van die grondwet.⁸¹⁾ Hierdie beswaar het volgens hulle ook vir alle verligtings- en waterkonsessies wat toegestaan is, gegeld.

5 Die Pretoria-waterkonsessie

Hierdie konsessie wat aan Nellmapius verleen is, het aan sommige van die Joubertondersteuners verdere stof tot kritiek gebied. Land en Volk het veral daarteen te velde getrek omdat die Regering op eie houtjie die konsessie sou toegestaan het en dit daarna nooit gepubliseer het nie. Nóg Volksraad, nóg publiek het dus enige kennis van die konsessie gedra en kon gevolglik nooit hulle goedkeuring daaraan heg nie. Vir dié blad het dit neergekom op 'n geheime transaksie tussen „de Regeering en hare Joden" waardeur die inwoners van Pretoria sekerlik die hoogste prys vir water in Suid-Afrika moes betaal.⁸²⁾ Die koste van water in Pretoria is selfs 10 tot 15 keer hoër gestel as wat in enige stad in Natal of die Kaapkolonie die geval is. Land en Volk vra dan ook waarom water- en verligtingskonsessies in die hande van spekulante gelaat word om hulleself, ten koste van die inwoners, te verryk terwyl stadsrade daaruit 'n bron van inkomste kon vind.⁸³⁾ Op 'n sarkastiese wyse skryf die

81) Ibid., 1 Sept. 1892 (hoofartikel).

82) Ibid.

83) Ibid., 13 Okt. 1892 (artikel). Sien ook ibid., 1 Sept. 1892 (brief van Stemgerechtigde Burger).

blad dan verder: „God geeft het water voor niet en nu maakt onze Re=geering er een bron van inkomsten van voor joden en speculateurs?“⁸⁴⁾

Die Joubertgroep het dus, soos uit bostaande blyk, die konsessiebeleid van president Kruger omskep in 'n handige wapen om nie net die beleid op sigself te kritiseer nie, maar ook om bitsige aanvalle teen die President van stapel te stuur. Die doel hiermee is vanselfsprekend: die President moet in onguns by die bevolking gebring word om die kandidatuur van kmdt.-genl. Joubert te bevorder. Die ondersteuners van Kruger was nou egter ook gekompromitteer en moes antwoord op die kritiek teen die konsessiebeleid, terwyl daar ook gepoog moes word om 'n meer positiewe sy van dié beleid daar te stel.

B Die konsessiebeleid soos benader deur die Krugeronsteuners

Die Krugeronsteuners het deur hulle beredenering van die saak 'n meer positiewe sy van die konsessiebeleid geskilder dog terselfdertyd erken dat dié beleid veel kwaad aangerig het. Vir De Volksstem kon die lofwaardige ywer van die Republiek om deur middel van konsessies plaaslike nywerhede te bevorder nooit as wapen teen die herkiesing van Kruger as Staatspresident gebruik word nie; intendeel van al die griewe wat teen Kruger ingebring word, is dié aangaande die konsessies die onbillikste.⁸⁵⁾

„Een Boer“ het in sy weerlegging van besware teen Kruger, soos uiteengesit in 'n manifesten gunste van Joubert, die voordele van konses=

84) Ibid., 13 Okt. 1892 (artikel).

85) De Volksstem, 23 Nov. 1892 (hoofartikel).

sies vir die Republiek beklemtoon al was dit ook in die hande van buite- of binnelandse spekulante. Volgens hom is die industrieë van die Republiek nie deur die konsessies gekortwiek nie maar het dit juis die teenoorgestelde gevolg gehad, nl. die vestiging van industrieë in die Republiek. Die grondslag vir 'n deeglike nywerheid is dus gelê alhoewel mededinging 'n aantal jare uitgesluit kan wees.⁸⁶⁾

Die Krugergroep het Joubert as lid van die Uitvoerende Raad wat ook sy stem ten gunste van konsessies gegee het, mede-verantwoordelik gehou vir die blaam wat Kruger as gevolg van die konsessiebeleid moes verdur. Die idee dus om Joubert president te maak omdat daar tydens die bestuur van Kruger konsessies verleen is, „grenst aan het waanzinnige”.⁸⁷⁾ Joubert is ook daarvan beskuldig dat hy as hoofamptenaar, en dus in stryd met die wet, 'n groot spekulant was omdat sy naam aan verskillende goudmaatskappye gekoppel kan word. Verder het hy 'n hand in meer as een konsessie gehad soos o.a. die sigarekonsessie waarvan hy voorsitter was en die Nellmapius-brandewynkonsessie wat verleen is onderwyl Joubert waargeneem het as staatspresident. Ook het Joubert die vraag wat in 'n ope brief aan hom gestel is, nl. of hy 'n konsessie in Swaziland vir £12,000 (R24,000) verkoop het, nie beantwoord nie en gevolglik kon die ondersteuners van Kruger met genoegdoening die volgende beskuldiging maak: „Het gaat op het gebied van concessies met den heer Joubert even als met velen in ons eigen distrikt en elders. Zy zyn tegen alle concessies ... waar zy niet hunne zakken mee kunnen

86) De Pers, 19 Jan. 1893.

87) Zoutpansberg Review, 9 Jan. 1893 (tweede hoofartikel). De Pers, 19 Jan. 1893 (artikel).

vullen."⁸⁸⁾

Betreffende die besware teen die onderskeie verligtings- en waterkonsessies, nl. dat hulle in die hande van stadsrade geplaas moet word, was vir die Krugergroep ongegrond omdat dit oral in die wêreld die gebruik is om konsessies aan privaat persone te verleen vir die verskaffing van sodanige dienste.⁸⁹⁾ Vir die Krugerondersteuners het die besware teen die konsessiebeleid daarop neergekom dat "het geschreeuw daarover is veel erger dan de daad zaak".⁹⁰⁾

In teenstelling met hulle teenstanders het die Krugergroep 'n meer objektiewe en beredeneerde standpunt teenoor die konsessiebeleid ingeneem waardeur die onpartydige leser 'n beter perspektief kon verkry van hierdie twispunt om sodoende self 'n oordeel te vel. Bitsigheid en persoonlike aanvalle is nie altyd 'n taktvolle wyse om 'n teëkandidaat te beveg nie en dit kan aanvaar word dat sodanige benadering slegs byval gevind het onder die meer ekstremistiese teenstanders van die President.

IV Die sogenaamde Hollanderbeleid van president Kruger

Gedurende die ampstermyn van president Kruger het heelwat Hollanders

88) Ibid.

89) Sien in die verband ibid.; De Volksstem, 23 Nov. 1892 (hoofartikel).

90) Zoutpansberg Review, 9 Jan. 1893 (tweede hoofartikel); De Pers, 19 Jan. 1893 (artikel).

hulle in die Z.A.R. gevestig en talle van hulle het later betrekkinge in die regeringskantore beklee. Hierdie toename in die Hollanderbevolking en die bekleding van sekere betrekkinge is ook deur die teenstanders van president Kruger aangegryp om hom by die volk in onguns te bring. Land en Volk het in die verband nie geaarsel om sommer reguit te praat nie: „Elke dag toont ons meer en meer duidelyk dat mnr. Kruger èen kolos= sale fout begaan heeft gedurende zyn Presidentschap. Ongelukkig is die fout van zoo 'n aard dat dit geen einde kan krygen vóór mnr. Kruger de Presidents' stoel verlaat. Dit begon op den dag dat hy tot President ver= kozen werd. Die fout is zyn Hollandsche politiek.“⁹¹⁾ As hierdie Hol= landers nog egte patriotte was, sou die nodige respek aan hulle betoon kon word, maar daaraan het die blad getwyfel want dit het reeds geblyk dat hulle patriotisme in verhouding was tot die salaris wat hulle ontvang het.⁹²⁾

Die opposisie van Kruger het erken dat hy 'n groot en sterk staatsman is maar hy het volgens hulle mening sy kragte in 'n verkeerde rigting aangewend deur die Hollanders nie net te bevoordeel nie, maar ook by= gedra tot „het opbouwen en ondersteunen van een Hollandsche party“⁹³⁾ ten koste van die Republiek.

Die Joubertondersteuners het hulle aanvalle op verskillende aspekte van die beweerde Hollanderbeleid van Kruger toegespits, soos in die volgen= de paragrawe aangetoon sal word.

91) Land en Volk, 20 Jan. 1892 (hoofartikel).

92) Ibid.

93) Ibid.

A Die N.Z.A.S.M.

Die beweerde begunstiging van Hollanders deur president Kruger het vir sy teenstanders ten nouste met sy spoorwegbeleid saamgehang. Die feit dat die bou van die spoorweg in die hande van 'n Hollander-maatskappy geplaas is, was vir hulle, afgesien van die finansiële komplikasies,⁹⁴⁾ al genoeg rede om die hele saak te verdoem en om Kruger in krasse taal daarvan te beskuldig dat hy die belange van die Hollanders voor die belange van sy eie staat en volk stel. Vir een brieffskrywer het die hele spoorwegaangeleentheid daarop neergekom dat 'n getal hongerige Hollanders 'n konsessie verkry het om 'n spoorweg te bou van Delagoabaai na Pretoria, 'n projek wat binne vier jaar afgehandel moes wees. Volgens dié skrywer was daar nog geen sooi omgekeer aan die einde van die termyn nie en het Kruger sy invloed gebruik om die Volksraad te beweeg om aan die Hollanders 'n langer tydperk van bou toe te staan. Hy sien hierin niks anders nie as dat Kruger die Hollanders op sy brein het en landsbelange totaal vergeet.⁹⁵⁾ Hierdie en ander^{95a)} brieffskrywers het blykbaar Kruger se groot ideaal, nl. om aan die Republiek 'n onafhanklike hawe en 'n eie spoorweg te besorg òf nie raakgesien nie òf opsetlik genegeer.

94) Sien p.17-22 hierbo.

95) Land en Volk, 18 Aug. 1892 (brief van U.M.).

95a) Vgl. *ibid.*, 19 April 1892 (brief van Transvaler); 1 Sept. 1892 (brief van Stemgerechtigde Burger).

B Die staatsdiens

Dit was veral die groot aantal Hollander-amptenare in die staatsdiens teen wie kapsie gemaak en oor wie president Kruger gekritiseer is - Pretoria is selfs „klein Holland" genoem.⁹⁶⁾ In die aanstelling van hierdie amptenare is die hand van Kruger as voorstander van die Hollanders gesien⁹⁷⁾ terwyl Joubert deur sy ondersteuners as kampvegters vir die Afrikaners voorgehou is.⁹⁸⁾

'n Geroep het van die kant van die Joubertondersteuners opgestyg dat die Hollander-amptenare vir die Afrikaners moes plek maak.⁹⁹⁾ Om hierdie eis te motiveer is daar sorgvuldige berekeninge gemaak van die getal Hollanders in diens van die Regering en die bevinding is in Land en Volk gepubliseer. „Stemgerechtigde Burger" sien die departement van die staatsekretaris as 'n gewemel van Hollanders en beweer dat daar uit die sowat 16 of 18 klerke slegs 3 of 4 Afrikaners is.¹⁰⁰⁾ 'n Meer insiggewende voorbeeld van die verhouding van Hollanders teenoor Afri-

96) Ibid., 22 Maart 1892 (artikel).

97) Ibid., 26 Jan. 1892 (hoofartikel); 1 Maart 1892 (brief van Zoutpansberger); 22 Maart 1892 (artikel); 1 Sept. 1892 (brief van Stemgerechtigde Burger); 29 Des. 1892 (hoofartikel).

98) Ibid., 29 Des. 1892 (notule van vergadering gehou deur Joubert te Krugersdorp); Mouton: a.w., p.124.

99) Joubert-versameling 639. I.D. Bosman aan genl. Joubert 3 Feb. 1892; Mouton: a.w., p.123; Land en Volk, 2 Feb. 1892 (briefskrywer anon.); 1 Maart 1892 (brief van Samuel Zwartman); 12 April 1892 (brief van Oor en Oog Getuige); 29 Sept. 1892 (brief van Oude Burger).

100) Land en Volk, 1 Sept. 1892.

kaners is deur Land en Volk gepubliseer aan die hand van gegewens verkry uit die staatsalmanak. Daaruit het geblyk dat in die regeringskantore te Pretoria 52 uit elke 100 amptenare Hollanders is en indien alle vername staatskantore in die Z.A.R. by dié van Pretoria gereken word, kom die getal op 40 Hollanders uit elke 100 amptenare te staan. ¹⁰¹⁾

Dat hierdie Hollander-amptenare nie gewild was onder sekere Joubert-ondersteuners nie blyk onder andere uit die skrywe van „Zoutpansberger“. Hy noem die Hollanders „Oom Pauls kindertjes“ en dreig verder: „De dag is niet meer veraf wanneer wy verplicht zullen zyn geweld te gebruiken tegen de Hollanders, en dat wy Pretoria en klein Holland zullen binnen ryden en de inkruiers zonder aanzien des persoons uit ons Gouvernements kantoren zullen jagen.“¹⁰²⁾ Daarbenewens is ook nog die eerlikheid van die Hollanders betwyfel want hulle is beskou as 'n groep persone wat net daarop uit was om hulle eie sakke te vul ten koste van die Republiek. Daarom is geëis dat alle uitlanders uit die Regeringsdiens ontslaan en hulle ampte aan fatsoenlike Afrikaners wat eerlik is, gegee word. ¹⁰³⁾

C President Kruger beskou Afrikaners as onbevoeg om belangrike poste in die staatsdiens te beklee

Vroeg in 1892 het president Kruger 'n besoek aan Rustenburg afgelê, waar ook 'n byeenkoms van burgers gereël is. Tydens die byeenkoms

101) Ibid., 22 Maart 1892 (artikel).

102) Ibid., 1 Maart 1892.

103) Ibid., 29 Sept. 1892 (brief van Oude Burger).

is daar aan hom gevra waarom hy aan so baie Hollanders betrekkinge in die staatskantore gee en nie aan Afrikaners nie. Daarop het die President geantwoord: „omdat de Afrikaners nie de vereischte bekwaamhede bezat, b.v. in zyn kantoor zou de Landdrost van Rustenburg - die een goede Landdrost was - niet in staat zyn in vreemde talen te spreken, en te correspondeeren; hy zou dus in die opzicht net zoodom wees als een baviaan.”¹⁰⁴⁾

Hierdie onskuldige vergelyking van die President is deur sy teenstanders aangegryp as argument om hom nog meer in onguns by die burgers te bring: „Dus gy Afrikaners, gy zyt bobejanen in het oog van den Staatspresident omdat gy niet al de talen kent.”¹⁰⁵⁾ Later het dit ook weerklank gevind in die Potchefstroomse manifesten gunste van Joubert¹⁰⁶⁾ waarin die beweerde onbekwaamheid van die Afrikaners geïnterpreteer word as 'n bewys van „eene droevige blinde onkundigheid van de bekwaamheden onzer zonen. Wij hebben tallen getrouwe, geleerde Afrikaners, zonen des lands, die eenige ambt met eer kunnen bekleeden, en beter kunnen bekleeden dan vreemdelingen.”

104) Ibid., 16 Feb. 1892 (artikel). Sien ook ibid., 1 Maart 1892 (artikel deur Snyderokter sowel as brief van Zoutpansberger); De Pers, 17 Maart 1892 (berig).

105) Land en Volk, 1 Maart 1892 (artikel deur Snyderokter).

106) Gepubliseer in De Potchefstroomer, 22 Sept. 1892.

D Dr. W.J. Leyds

Die aanstelling van dr. Leyds,¹⁰⁷⁾ 'n Hollander, eers as staatsprokureur en later as staatsekretaris het nog meer olie op die reeds brandende vuur gewerp. Die aanstelling van dr. Leyds in hierdie belangrike poste het nie net aanleiding gegee tot kritiek teen Kruger en sy Hollanderbeleid nie, maar 'n groot gedeelte van die bevolking was ook gekant teen dr. Leyds soos blyk uit die memories wat periodiek teen sy aanstelling as staatsekretaris by die Eerste Volksraad ingedien is. Die besware teen dr. Leyds was nie soseer teen hom as persoon gemik nie maar teen die feit dat hy 'n Hollander was.¹⁰⁸⁾

Die bedenkinge wat bestaan het teen dr. Leyds kan in die volgende woorde van 'n brieffskrywer in Land en Volk saamgevat word: „Zie maar eens wie de eerste en hoogste betrekking, naast die van President, in dit land bekleedt? Met ander woorden wie bekleedt de zoo gewichtvolle betrekking van Staatssecretaris, waarvoor, in de eerste plaats, een grondige kennis van des lands zaken noodig is? Een jonge Hollander die, na zijn eerste benoeming voor dat ambt, nog eerst had moeten wachten om den

107) Tydens die besoek van die derde deputasie aan Engeland en Europa gedurende 1883-1884 het Kruger o.a. gesoek na 'n geskikte staatsprokureur vir die Z.A.R. In Nederland is die 24-jarige dr. Willem Johannes Leyds, wat pas sy regstudie voltooi het, deur van sy professore by Kruger aanbeveel. Kruger het hom die die betrekking aangebied en in Oktober 1884 het dr. Leyds diens in Pretoria aanvaar. In 1888 is dr. Leyds as staatsekretaris verkies en sy benoeming het in 1889 in werking getree. (Vir besonderhede oor die aanstellings van dr. Leyds sien Krüger: a.w., p. 48-49 en 100-101.)

108) Van Oordt: a.w., p.564. Sien ook Land en Volk, 29 Des. 1892 (notule van vergadering gehou deur Joubert te Krugersdorp).

noodigen ouderdom er voor te bereik. En let vooral er op, die aanstelling is geschiedt niettegenstaande er ettelijke bekwame en wel opgevoede Afrikaners, van rijpe ondervinding in des lands zaken te vinden waren, die elk op zichzelven een sieraad voor het land als Staatssekre= taris zouden geweest zijn."¹⁰⁹⁾ Voorts het die opposisie van Kruger voorgegee dat die aanstelling van die jong, onervare Leyds as staats= prokureur 'n skande vir die Republiek was en wel in die sin dat geen owerheid in die wêreld nog ooit so 'n verantwoordelike pos in die hande van 'n onbeproeftde persoon geplaas het nie. Dit word dan ook gesê dat Kruger reeds op hierdie tydstep onder die invloed van die Hollanders verkeer het. Hierteenoor wys sy teenstanders daarop dat Joubert on= tevrede was oor die eerste benoeming van Leyds en teleurgestel was met sy verkiesing tot staatsekreteraris omdat hy van gedagte was dat dié betrekking iemand toegekome het wat behalwe geleerdheid, rype onder= vinding van die landsake gehad het.¹¹⁰⁾

E Algemeen

Aan spot met die Hollanders het dit by van die geesdriftige korrespon= dente¹¹¹⁾ nie ontbreek nie en daar is selfs gedigte¹¹²⁾ en samespra= ke¹¹³⁾ geskryf waarin die Hollanders na hartelus verkleineer is. Hoe=

109) Land en Volk, 1 Sept. 1892 (Stemgerechtigde Burger).

110) Ibid., 29 Des. 1892 (hoofartikel).

111) Ibid., 2 Feb. 1892 (briefskrywer anon.); 1 Maart 1892 (brief van Zoutpansberger); 18 Aug. 1892 (brief van P.O. de Domme).

112) Ibid., 27 Okt. 1892; 9 Feb. 1893.

113) Ibid., 26 Jan. 1892; 20 Okt. 1892.

wel hierdie geskifte humoristies van aard is, kan die erns waarmee die skrywers dit geskryf het nie mis gekyk word nie; selfs die hulp van die Almagtige is ingeroep om die Hollanders uit te wis.¹¹⁴⁾ Vir een briëfskrywer¹¹⁵⁾ het die Hollanders ook geen voordeel vir die Republiek ingehou nie „want zij zijn maar zelf zoo arm en kaal als ik” en verder „om krijg te voeren geloof ik zijn zij nul, want ik dink als de kaffer op het schildvel slaat dan kiezen zij het hazenpad en laten hunne groote schoene achter. Dan zijn de oorlogskosten zooveel grooter, want de Regeering zal hem weder schoenen moeten geven.”

F Siening van die Krugerondersteuners

Die ondersteuners van Kruger kon hierdie eensydige beeld wat hulle teenstanders oor die beweerde Hollanderbeleid van Kruger geskilder het, nie ongesiens laat verbygaan nie. Hierdie aangeleentheid moes ook van die ander kant belig word, nie net om die kritiek uit die weg te ruim nie maar ook om die burgers positief in te stem teenoor Kruger en die Hollanders.

Die bewering dat Hollanders die meeste betrekkings in die Republiek beklee, is deur die ondersteuners van Kruger gesien as die gevolg van nood waarin die Republiek verkeer het en dat die Hollanders toe met groot opoffering hulle stamverwante kom dien het. Selfs die eerste predikante, dokters en onderwysers in die Republiek was Hollanders.¹¹⁶⁾

114) Ibid., 19 April 1892 (skrywe van Jerimia).

115) Ibid., 18 Aug. 1892 (brief van P.O. de Domme).

116) Zoutpansberg Review, 9 Jan. 1893 (tweede hoofartikel). De Pers, 19 Jan. 1893 (Eene laatste stem uit Zoutpansberg).

Ook op materiële gebied het die Hollanders 'n bydrae vir die Republiek gelewer en een korrespondent haal die volgende gegewens aan om dit te staaf: Toe die Eerste Vryheidsoorlog nog pas 'n maand uitgebreek het, is die bedrag van £8,963 (R17,926) op 19 Januarie 1881 telegrafies uit Holland ontvang. Op 27 Januarie 1881 het 12 kaste medisyne ter waarde van £100 (R200) in die Republiek aangekom. Saam met die besending het ook twee dokters wat van staatsweë geen besoldiging ontvang het nie, gekom. Kort na die val van Colley is 'n verdere finansiële bydrae ter waarde van £4,800 (R9,600) gemaak.¹¹⁷⁾

Vir sekere ondersteuners van Kruger het die besware teen die Hollanders 'n veel dieper betekenis gehad en hulle het veral die gedagte bevraagteken dat Joubert, indien hy tot president verkies sou word, van die Hollander=ders ontslae sou raak. Vir hulle het dit daarop neergekom dat sekere persone self graag die vakante poste sou wou beklee wat deur sodanige optrede van Joubert ontstaan het en dat hierdie persone of lojale onder=thane van koningin Victoria¹¹⁸⁾ of Jingo-Afrikaners¹¹⁹⁾ is.

Die ondersteuners van die President het egter ook nie geaarsel om vir Joubert en hulle opposisie op die vingers te tik nie. So is Joubert daar=van beskuldig dat hy mede-verantwoordelik was vir die Hollander=aan=stellings¹²⁰⁾ en word die vraag gestel waarom hy dan self Hollanders

117) De Volksstem, 27 Sept. 1892 (brief van Lid Presidents Comité).

118) *Ibid.*, (brief van J. J. Ferreira).

119) De Pers, 5 Jan. 1893 (artikel).

120) *Ibid.*, 19 Jan. 1893 (bespreking van manifes ten gunste van Joubert deur Een Boer).

in sy kantoor het¹²¹⁾ en of hy die land sou kon regeer sonder Hollan= ders.¹²²⁾

Opposisie sal en moet daar altyd wees. So was dit vir president Kruger ook ten opsigte van bepaalde rigtingslyne in die beleid wat hy gevolg het. Opposisie is egter nie net beperk tot die lewering van kritiek nie, maar moet iets beter en iets meer aanvaarbaar in die plek van dit wat gekritiseer word stel. Ongelukkig het dié persone wat bedenkinge oor Kruger se beleid daarop nagehou het, nie 'n logies gefundeerde uiteensetting van hulle besware gegee nie maar hulle slegs beperk tot afbrekende kritiek en persoonlike aanvalle teen die President. Vermuftig het hulle die besware teen Kruger se beleid omskep in propaganda om die kandidatuur van Joubert te bevorder dog skaamteloos in gebreke gebly om 'n beleid sonder kritiek daar te stel.

121) Ibid.; Zoutpansberg Review, 9 Jan. 1893 (tweede hoofartikel).

122) De Volksstem, 20 Sept. 1892 (brief van D. J. Bodenstein).

Hoofstuk III

DIE OPPOSISIE: ANDER BESWARE TEEN PRESIDENT KRUGER

Die teëstanders van Kruger het hulle bedenkinge teen die President nie slegs beperk tot sy landsbestuur nie maar hom as mens ook onder verdenking geplaas. Die hierbo genoemde besware teen sy beleid is verstaanbaar maar die wyse waarop sy persoon in die propagandaveldtog betrek is, grens aan nydigheid. Hulle het nie net elke handeling en beslissing van hom gekritiseer nie maar selfs te kenne gegee dat hy as mens nie die nodige agting kon afdwing in die Republiek nie. Te midde van die beswadding is sy integriteit as mens geskend deurdat sy opposisie hom van bedrog en leuentaal beskuldig het, 'n beskuldiging wat hom in sy persoonskern moes gekrenk het.

I Twis op kerklike gebied

In die verkiesingsveldtog wat die 1893-verkiesing vooraf gegaan het, is ook van kerlike twis gebruik gemaak om Kruger se kandidatuur teë te werk. Om dit goed te verstaan is dit nodig om hierdie kerklike onenigheid kortliks te beskryf.

Na die oorlog van 1881 het daar 'n algemene behoefte onder die burgers van die Republiek ontstaan om hulle op kerklike gebied nouer met mekaar te verenig. Hierdie drang na eenwording het sy oorsprong in die politieke eensgesindheid gehad wat na die Eerste Vryheidsoorlog by die

Afrikaners ontspruit het.¹⁾ As uitvloeisel van hierdie saamhorigheids= gevoel het ontstaan die „Ned. Herv. of Geref. Kerk in de Z.A. Repu= blik“²⁾ wat 'n vereniging was tussen die Nederduitsch Hervormde en die Nederduits Gereformeerde kerke. Die Gereformeerde kerk, waar= van president Kruger lidmaat was, het weens „praktiese“ besware nie tot die kerkvereniging toegetree nie en dus buite die geskil wat later tussen die ander twee kerke ontstaan het, gebly.³⁾

Christiaan Joubert, hoof van mynwese en ouderling van die Konsulents= gemeente Pretoria (Witfontein), het heeltemal afwysend teenoor die kerkvereniging gestaan en o.a. deur sy toedoen word die onafhanklik= heid van die Hervormde Kerk te Pretoria gehandhaaf. Ds. M.J. God= defroy wat uit Holland na die Republiek beroep is, is in September 1887

- 1) Scholtz, G.D.: Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. 1842-1885. Elsiesrivier, Nasionale Handelsdrukkery, Bpk., 1956. p.273.
- 2) Aanvanklik kon die twee kommissies, bestaande uit verteenwoordigers van die Ned. Hervormde en die Ned. Gereformeerde kerk, wat beraadslaag het oor die kerkvereniging nie eenstemmigheid bereik oor die naam van die kerk nie. Na heelwat diskussie is by wyse van loting bepaal of die naam „Nederduitsch Hervorm of Gereformeed“ of „Nederduitsch Gereformeed of Hervormd“ sal wees. Die lot het toe eersgenoemde benaming aangewys en die kommissie het voorlopig daarop besluit. Ibid., p.286. Vir notule van vergadering sien Gerdener, G.B.A.: Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep. Kaapstad, Nasionale Pers Beperk, 1930. p.374-390.
- 3) Bredell, H.C. & Grobler, P.: Gedenkskrifte van Paul Kruger. Pretoria, J.L. van Schaik, Bpk., 1947. p.112. Vgl. Scholtz: Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. 1842-1885. p.279; Van Oordt: a.w., p.518.

as predikant bevestig in dié gemeente. Die weiering van die Konsulentsgemeente van Pretoria wat mettertyd bekend gestaan het as „De Nederduitsch Hervormde Gemeente der Z.A. Republiek, district Pretoria", om deel te neem aan die kerkvereniging was die beginpunt van die reorganisasie en voortsetting van ander Hervormde Gemeentes in die Z.A.R.⁴⁾

Dit is te begrype dat deur die afskeiding groot moeilikheid ontstaan het oor die kwessie van besitsreg van kerklike eiendomme deurdat diegene wat afgeskei het die besittinge van die Ned. Hervormde kerk geëis het terwyl die wat getrou aan die twee verenigde kerke gebly het, ook daarop aanspraak gemaak het.⁵⁾ As voorbeeld en ter illustrasie hiervan kan die gebeure op Zeerust⁶⁾ aangehaal word. Hoewel die oorgrote deel van die Hervormde gemeente nie verenig het nie, was die kerkgebou in besit van die Verenigde gemeente. Die Hervormdes moes hulle dienste buitekant, in die kiel van die kerk, onder bokseile hou. Gedurende Julie 1890 het ds. Goddefroy Zeerust besoek met die doel om 'n predikant vir die kombinasie Rustenburg te beroep. Die Hervormdes het in groot ge-

4) Duvenage, G.D.J.: C.J.J. Joubert (1834-1911). (In Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstspuit 1869-1969. Krugersdorp, N.H.W.-Pers, 1969. p.110-126). Vir volle besonderhede oor die gebeure in Pretoria sien ook Engelbrecht, S.P.: Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria 1855-1955. Uitgegee deur die Kerkraad, s.j., p.69-93.

5) Bredell & Grobler; a.w., p.112.

6) Engelbrecht: Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Mariko). 1871-1946. p.19-33. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika; derde hersiene en vermeerderde uitgawe. Kaapstad en Pretoria, H.A.U.M. - J.H. de Bussy, 1953. p.321-326.

talle in Zeerust saamgetrek en daar is gevrees dat geweldpleging kan plaasvind. Ds. S.J. van der Spuy, predikant van die Verenigde kerk, het sy gemeente gewaarsku om die betrokke Sondag nie kerk toe te kom nie en die waarnemende landdros, J.S.N. Hugo, het selfs deur middel van 'n telegram advies by president Kruger gevra. Intussen het 'n paar Hervormdes gemerk dat een deur van die kerk nie gesluit is nie. Die deur is oopgemaak, die slotte aan die res van die deure afgeskroef en deur ander slotte vervang; die Hervormdes was nou weer in besit van die kerkgebou. Hierop het ds. Van der Spuy 'n verklaring by die landdroskantoor gemaak en die waarnemende landdros 'n lasbrief uitgereik waarin die Hervormdes gelas word om dadelik die kerkgebou te ontruim. Die kommissie wat die kerklike goedere van die Hervormde gemeente moes beheer, wou die kerkgebou nie laat ontruim nie. Daarop het die geregsbode die kerkgebou ingestap en die lasbrief oorhandig aan die voorsitter van die kommissie, F.J. Joubert, wat ook as voorleser opgetree het en reeds besig was om dié plig uit te oefen. Hy het egter geweier om die lasbrief aan te neem en die geregsbode het dit toe op sy boek waaruit hy gelees het, geplaas. Joubert het die lasbrief op die grond gegooi en die geregsbode is hierop terug na die landdroskantore. Hierin wou die waarnemende landdros nie berus nie. Hy reik 'n volgende, nuwe lasbrief uit en stuur die Saterdagmiddag elf man met handboeie na die kerk met die opdrag om versigtig te werk te gaan en slegs onder die uiterste noodsaaklikheid die lasbrief in sy geheel uit te voer.⁷⁾ Kort voor die aanvang van die diens het die elf persone die konsistoriekamer binnegekom en wou sommer dadelik onder die aanwesiges begin vang. Die kerkraad en kommissie van beheer het dadelik die kerk binne

7) Vir lasbrief sien *ibid.*, p.27-28 en *ibid.*, p.324.

gegaan en ds. Goddefroy het die gemeente laat sing waarna dit weer rustig daaraan toegegaan het. Die gemeente was egter nog so opgewonde dat die kerkraad besluit het om die nagmaalsviering die volgende dag af te las.

Soortgelyke gebeure het ook op ander plekke in die Republiek voorgekom. Gelukkig het die lede van die Verenigde kerk hulle nie teen hierdie daade verset nie maar slegs formeel protes daarteen ingedien. Indien hulle hulle sou verset het, kon daar maklik, soos in 1864, 'n burgeroorlog in die Republiek uitbreek het wat ernstige gevolge kon hê, veral as die groot getalle vreemdelinge in die Republiek in gedagte gehou word. Sodanige stryd kon tot die verlies van die onafhanklikheid van die Republiek gelei het. Die hele toestand was egter hoogs ontvlambaar soos blyk uit die bitsige korrespondensie wat in die nuusblaaië gevoer is en die gevaar dat daar op sekere plekke tot hardhandigheid oorgegaan kon word.⁸⁾

Hierdie gevaarlike toestand wat besig was om te ontwikkel moes sekerlik vir president Kruger as staatshoof in 'n moeilike posisie geplaas het. Nie alleen kon die onafhanklike voortbestaan van die Republiek in gevaar gestel word deur die kerklike twis nie, maar sy opvatting oor die verhouding kerk en staat sou in gedrang kom deur inmenging in sake van kerke waarvan hy nie lidmaat was nie. President Kruger het die staat gesien as synde gebou op die kerk en dat die behartiging van die belange van die kerk nie aan 'n wêreldlike mag opgedra is nie.⁹⁾ Die siening

8) Van Oordt: a.w., p.519.

9) Du Plessis: President Kruger aan die woord, p.47 en 43.

van Kruger was dat die Z.A.R. op die kerk gegrondves is maar dat die staat nie mag tas in die aangeleenthede en gebruike van die verskillende kerke nie.¹⁰⁾ As groot vaderlander het Kruger egter nie geaarsel om die betrokke partye in 'n konferensie saam te roep nie in 'n poging om 'n skikking tussen die belanghebbendes te bewerkstellig. Op 25 Maart 1891 skrywe hy „als Christen en als Hoofd van den Staat” aan die hoofvertegenwoordigers van die verskillende partye en nooi hulle uit tot 'n gemeenskaplike samespreking „door te trachten de kerk vereeniging in liefde en vrede ten uitvoer te brengen, en indien dat niet kan, dan in liefde en vrede de verschillende bestaande geschillen uit den weg te ruimen en op te lossen”.¹¹⁾ Op 24 Augustus 1891 het dié konferensie in die Volksraadsaal onder voorsitterskap van president Kruger plaasgevind.

Met die aanvang van die konferensie het Kruger dit baie duidelik aan die vergaderdes gestel dat hy nie as President met hulle wil praat nie maar as broeder en mede-christen.¹²⁾ 'n Skikking kon ongelukkig nie op hierdie konferensie gevind word nie en die poging van Kruger om

10) Smit, F.P.: Die staatsopvattinge van Paul Kruger. Pretoria, J.L. van Schaik, Bpk., 1951. p.2.

11) Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. p.344-345. Sien ook Van Oordt: a.w., p.524-525; Scholtz: Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. 1885-1910. Elsesrivier, Nasionale Handelsdrukkery, s.j. p.57-58.

12) Postma: a.w., p.86; Bredell & Grobler: a.w., p.112.

vrede te bring het dus op niks uitgeloopt nie.¹³⁾

A Die twis op kerklike gebied word betrek in die presidentsverkieping

President Kruger se optrede gedurende die kerktwis, veral as in ag geneem word dat hy aan 'n kerkgenootskap behoort het wat niks met die kerkkwessie te doen gehad het nie, kan alleen as prysenswaardig beskou word. Sy optrede as bemiddelaar het egter daartoe gelei dat die twee betrokke partye hom nie een vertrou het nie en selfs beweer het dat hy van sy posisie as hoof van die staat misbruik wou maak.¹⁴⁾ Ook is die verwytdom toegeslinger dat hy hom soos 'n outokraat met die kerkkwessie bemoei het,¹⁵⁾ 'n saak waarin hy geen reg gehad het om hom in te meng nie.¹⁶⁾

Sowel op politieke as kerklike gebied het president Kruger en kmdt.-genl. Joubert van mekaar verskil. Joubert, wat lidmaat was van die Hervormde Kerk,¹⁷⁾ het vereniging sterk voorgestaan¹⁸⁾ en persoonlik tot die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk toegetree. Die betrekking van die kerktwis in die verkiesingstryd van 1892-'93 kan as een van die redes beskou word waarom hierdie verkiesing op

13) Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. p.348.

14) Van Oordt: a.w., p.525.

15) Krüger: a.w., p.136; Postma: a.w., p.86.

16) Nathan, Manfred: Paul Kruger. His life and times; second edition. Durban, The Knox Publishing Co., 1941. p.278.

17) Scholtz: Die geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. 1842-1885. p.273.

18) Mouton: a.w., p.124.

so 'n bittere en betreurenswaardige grondslag gevoer is.¹⁹⁾

Die Joubertondersteuners het die kerktwis naamlik as een van hulle ver= naamste aanvalswapens teen Kruger aangewend en Joubert het daarop gesinspeel dat Kruger en sy Gereformeerde volgelinge belang by die kerklike verdeeldheid gehad het.²⁰⁾ Gesien in die lig van die streng godsdienstige opvattinge van die inwoners van die Republiek, val dit nie te betwyfel nie dat 'n groot persentasie van sy ondersteuners van hom verwyder geraak het. Reeds vroeg in 1892 het 'n korrespondent geskryf dat Kruger se loopbaan geëindig het as bewys waarvoor hy aan= voer „die droevige toestand waarin ons land thans verkeer deur die Kerkkwestie”.²¹⁾

Verder is president Kruger daarvan beskuldig dat hy die volk in drie verdeel het, nl. „de Hervormden, de Doppers en de Ned. Gerefor= meerden”.²²⁾ en dat hierdie verdeeldheid daartoe sou lei dat 'n vreem= de moondheid die Republiek in besit kan neem. Ook is die „erbarmelijke Kerk Kwestie” aangegryp in 'n manifes ter bevordering van die kandida= tuur van Joubert. Hierin word o.a. beweer dat daar 'n diep en listige politiek agter die hele aangeleentheid skuil, nl. die eiebelang van die hoofamptenare.²³⁾ „Stemgerechtigde Burger” gaan selfs so ver as om te beweer dat die Hollanders die kerklike twis in die lewe geroep het,

19) Van Oordt: a.w., p.571.

20) Krüger: a.w., p.136.

21) Land en Volk, 2 Feb. 1892 (brief van Samuel Zwartman).

22) De Volksstem, 27 Sept. 1892 (berig).

23) Land en Volk, 1 Sept. 1892 (manifes uitgegee te Wakkerstroom).
Sien ook De Volksstem, 6 Sept. 1892 (byvoegsel).

„en dat eenigen onzer zoogenaamde voormannen, onder invloed dier Hollanders, de kerkelijke scheuring met al hare treurigheden tot een werkelijkheid hebben gemaakt".²⁴⁾

Die lidmate van die onderskeie kerke het ook hulle steun toegesê aan òf Kruger òf Joubert. Kruger is ondersteun deur die Hervormdes en die (enkel) Gereformeerdes²⁵⁾ terwyl Joubert die seen weggedra het van die magtigste kerkgenootskap in die Republiek, nl. die Verenigde Kerk.²⁶⁾ Berigte uit die verskillende distrikte het hierdie verdeeldheid bevestig soos blyk uit Lichtenburg: „De leden der Vereenigde Kerk, die de meerderheid in dit district uitmaken, zullen allen voor Generaal Joubert stemmen",²⁷⁾ en Middelburg: „Ik heb nog geen lid der Vereenigde Kerk ontmoet die voor Kruger gaat werken".²⁸⁾ Blykenskens berigte uit Krugersdorp, Lydenburg en Wakkerstroom sou die lede van die Hervormde Kerk weer vir Kruger stem.²⁹⁾ Sy opposisie het hulle egter ook tot die Hervormdes gewend en 'n beroep op die „broeders Hervormden" gedoen om nie teen Joubert te wees nie omdat hy nog nooit enigiets teen die Hervormde Kerk of enige ander kerk ge-

24) Land en Volk, 1 Sept. 1892 (brief).

25) Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, p.350; sien ook Engelbrecht: Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria 1855-1955, p.80; Krüger: a.w., p.138.

26) Mouton: a.w., p.124.

27) Land en Volk, 11 Aug. 1892.

28) Ibid.

29) Ibid.

sê het nie.³⁰⁾ Hierteenoor is die lidmate van die Verenigde Kerk verder in die harnas teen Kruger gejaag deur 'n bewering dat hy meegewerk het om 'n skeuring in die Verenigde Kerk te bewerkstellig om so=doende sy party op politieke gebied sterk te maak. Bitsig word hy dan ook daarvan beskuldig dat hy sou gesê het dat die Verenigde Kerk die land weer onder die Engelse sou bring.³¹⁾

Dit kan wel seker aanvaar word dat genoemde beskuldigings teen Kruger oor sy optrede tydens die kerklike twis vrylik in die Republiek in omloop was. Omdat sy godsdiens na aan die hart van die burger gelê het, val dit nie te betwyfel dat daar onrus in die gemoedere van die burgers geheers het nie omdat hulle Staatshoof as aangeklaagde staan. Om hierdie netelige saak weer in perspektief te stel het een korrespondent versoek: „Ik meen, heer Editeur, dat de tijd nu aangebroken is, waarop men met feiten iedere beschuldiging moet staven, anders wordt men met recht beschuldigd van verdachtmakerij" en dat hierdie feite in Land en Volk gepubliseer moet word.³²⁾ Verder stel hy selfs pertinent te vrae aan persone om te beantwoord.

B Die kerkerwe-kwessie te Pretoria

Die kerkerwe-kwessie te Pretoria het 'n verdere handige argument aan die teenstanders van Kruger verskaf om die lidmate van die Verenigde Kerk nog meer teen die President gekant te kry. Hierdie twispunt het

30) Ibid., 19 Jan. 1893 (brief van Joos Taljaard).

31) Ibid., 26 Des. 1892 (artikel).

32) Ibid., 22 Sept. 1892 (briefskrywer anon).

sy oorsprong gehad in die toekenning van agt erwe as kompensasie en eiendom, en vier erwe vir kerklike doeleindes wat die Regering van die Z.A.R. in 1890 aan die Verenigde Kerk gemaak het.³³⁾ Dié kompensasietoekenning is gedoen omdat die Regering graag volle beheer oor Kerkplein wou gehad het en die Verenigde Kerk oor sekere serwitute soos o.a. uitspanningsregte op Kerkplein beskik het. Hierdie skenking het egter spoedig moeilikheid opgelewer en wel om die volgende redes:

1 Ligging van die erwe

Volgens die kerklike kommissie wat hierdie saak hanteer het, het die erwe een blok gevorm dog later het dit geblyk dat hierdie vier erwe vir kerklike doeleindes nie aan die ander agt gegrens het nie. Die Kerkraad van die Verenigde Kerk van Pretoria het hierteen beswaar aangeteken op grond van die feit dat die kerklike kommissie wat tydens die onderhandelings die saak behartig het, onder die indruk verkeer het dat die twaalf erwe een geheel vorm. Die kommissie het dit ook gestaaf deur beëdigde verklarings af te lê waarin duidelik gestel word dat dit nooit gesê of geïnsinueer is dat die vier erwe deur 'n straat van die ander agt geskei word nie.³⁴⁾ Lidmate van die Verenigde Kerk was bitter ontevrede oor die vertolking wat die Regering aan die ligging van die kerkerwe gegee het en „Lid der Vereenigde Kerk" het in 'n brief £100 (R200) aangebied aan 'n Volksraadslid wat kon bewys dat die twaalf erwe deur 'n straat geskei word.³⁵⁾

33) Notule van die Volksraad, art. 187, 27 Mei 1890.

34) Vir beëdigde verklarings sien N.G. Kerkargief: Diverse briewe, Pretoria.

35) Land en Volk, 4 Aug. 1892.

Die kerkerwe-kwessie het egter nog 'n verdere nasleep gehad wat 'n besliste invloed moes uitgeoefen het op die verkiesingstryd omdat dit Kruger direk geraak het.

2 Beweerde bedrog deur president Kruger

Die hierbo genoemde vier erwe is intussen oorgeplaas op die naam van die Gereformeerde Kerk waarvan twee getransporteer is op die naam van president Kruger self. Die Verenigde Kerk het dadelik teen die ontelening beswaar aangeteken en 'n memorie aan die Volksraad gestuur waarin beweer word dat die Regering „wederrechtelijk en zonder voor=kennis van den kerkeraad of zonder autoriteit van den Volksraad, vier van die erven bij besluit heeft toegekend aan de kerk van den Staats=president, de Gereformeerde Kerk".³⁶⁾ Die Volksraad het die saak deeglik onder oë geneem en na 'n heftige diskussie tot die gevolgtrek=king gekom dat „die beschuldigingen tegen ZHed. den Staatspresident en Uitv. Raad ongegrond en valsch zijn".³⁷⁾

Alhoewel die Volksraad Kruger van alle blaam onthef het, het dié gebeure ongetwyfeld vervreemding tussen etlike lidmate van die Verenigde Kerk en die President tot gevolg gehad.

Volgens 'n briefskrywer, Wynand W. Maré, stellig dieselfde persoon

36) Notule van die Eerste Volksraad, art. 454, 15 Junie 1892. Sien ook Fitzpatrick, J.P.: The Transvaal from within. London, 1899. p.386, bylae C. Land en Volk, 4 Aug. 1892 (brief van Lid der Vereenigde Kerk).

37) Notule van die Eerste Volksraad, art. 462, 17 Junie 1892.

wat ook lid was van die hierbo genoemde kerklike kommissie, was dit nooit die bedoeling van die Kerkraad van Pretoria om aan die „kerkerwe 'n politieke kleur te gee nie".³⁸⁾ Binne 'n week na hierdie skrywe verseker Maré egter die redakteur van De Volksstem dat die lidmate van die Verenigde Kerk „weten te stemmen voor onzen gunsteling als de tijd daar is".³⁹⁾ Met „gunsteling" is definitief nie Kruger bedoel nie en het die kerkerwe dus 'n politieke speelbal geword.

Vir die Joubertondersteuners was die kerkerwegeskiedenis van groot betekenis want nou kon hulle, gesien teen die agtergrond van die hele kerklike twis, 'n wig indryf tussen Kruger en die Verenigde Kerk. 'n Beroep is op die gemeente van Pretoria gedoen om die volk te ondersteun in die verkiesing van 'n president wat met meer eer sy pos sal beklee as wat die huidige president dit doen. Voorts word die gemeente van die volgende raad bedien: „Vereenigde Gemeente van Pretoria ik raad u, doet uw uiterst best de zoozeer gewenschte hervorming in het Staatsbestuur te krijgen en wanneer eerlijke mannen aan den roer zijn breng dan uw zaak voor en u zal recht geschieden."⁴⁰⁾

Joubert het hom egter gedistansieer van die hele kerkerwekwessie. In 'n opebrief aan die Voorsitter van die Eerste Volksraad het Joubert ontken dat hy in die Uitvoerende Raad teenwoordig was toe die vier erwe aan die Gereformeerde Kerk toegeken is. Hierdie brief het hy ook

38) Land en Volk, 11 Aug. 1892.

39) Ibid., 18 Aug. 1892.

40) Ibid., 3 Nov. 1892 (brief van J.A. Brink).

in De Volksstem laat publiseer.⁴¹⁾ Dié blad het die publikasie daarvan nie net as onvaderlandsliewend bestempel nie, maar dit ook afgekeur omdat die Generaal van die kerkerwe 'n politieke wapen gemaak het. Ook het die blad dit betreur dat Joubert nie gepoog het om die kerklike sake buite die politiek te hou nie maar dit juis ingesleep het om van die kerklike verdeeldheid gebruik te maak vir persoonlike doeleindes.⁴²⁾

Daar was egter diegene wat heeltemal onpartydig en onbevooroordeeld teenoor die hele kerkerwekwessie gestaan het. Tog kan dit met sekerheid aanvaar word dat dié geskil sy invloed ten koste van Kruger in die verkiesingstryd laat geld het.

II Die Adendorff-trek

A Die trek self

Die Adendorff-trek het sy oorsprong gehad in 'n konsessie⁴³⁾ wat onder leiding van L.D. Adendorff in Banjailand, Suid-Mashonaland, van die Banyai-opperhoof verkry is. Volgens die konsessie is 'n gedeelte van Banjailand gesedeer en getranspoteer aan die konsessiehouders, waar hulle, hulle erfgename of plaasvervangers en volgelinge „ten eeuwig=durende occupatie" kon woon „overeenkomstig eiegene wens en ge=

41) De Volksstem, 23 Julie 1892. Sien ook Land en Volk, 28 Julie 1892 (artikel).

42) De Volksstem, 23 Julie 1892. Sien ook Mouton: a.w., p.125.

43) Vir konsessie sien Hofmeyr, J.H.: Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr. (Onze Jan). Kaapstad, Van de Sandt de Villiers druk=pers Maatskappij Beperk. 1913. p.455-456; Blok, Thos.: Die Anderdorff-Trek. Bloemfontein, Nasionale Pers Beperk, s.j. p.9-10.

woonten".⁴⁴⁾ Die konsessionarisse het probeer om hierdie konsessie aan Cecil Rhodes te verkoop dog hy het nie daarin belanggestel nie aangesien die konsessie volgens hom onwettig was.⁴⁵⁾ Adendorff en sy volgelinge was egter oortuig van hulle reg en besluit om 'n trek te organiseer na dié land wat, volgens hulle, hulle regmatig toegekome het. Adendorff het in hierdie besluit van hom selfs die ondersteuning van kmdt.-genl. Joubert geniet.⁴⁶⁾ 'n Beroep is voorts in die Transvaalse nuusblaai op die burgers van Suid-Afrika gedoen om deel te neem aan die trek na die noorde.⁴⁷⁾ Dokumente en geskrifte wat betrekking gehad het op die saak, waarin o.a. die datum van oorsteek van die Limpopo genoem word, asook watter soort regeringsvorm in die nuwe staat sou bestaan, is deur die hele Suid-Afrika versprei.⁴⁸⁾

Teen hierdie besluit het Rhodes en die Hoë Kommissaris, sir H. Loch, heftig beswaar aangeteken aangesien hulle die trek beskou het as 'n gevaar vir die „Chartered Company".⁴⁹⁾ Rhodes het ook uitdruklik verklaar dat hy geen „onafhanklike staat" binne sy gebied sou duld nie en sir H. Loch het president Kruger daaraan herinner dat hy volgens die

44) Blok: a.w., p.9.

45) Bredell & Grobler: a.w., p.111; Nathan: a.w., p.291; Hofmeyr: a.w., p.457; Mouton: a.w., p.125.

46) Postma: a.w., p.84; Hofmeyr: a.w., p.457; Van Oordt: a.w., p.523; Nathan: a.w., p.291.

47) Hofmeyr: a.w., p.454.

48) Van Oordt: a.w., p.520.

49) Bredell & Grobler: a.w., p.111.

Swaziland-konvensie van 1890 so 'n trek nie kon toelaat nie.⁵⁰⁾

President Kruger het die politiek van Rhodes met sy „Chartered Company” deurgesien en besef dat die trek sy land en volk met Rhodes en Engeland in botsing sou bring. As hoof van die Republiek kon hy nie toesien dat sy land op so 'n wyse in gevaar gestel word nie en hy het ook die hoop gekoester dat hy in ruil toegewings in die ooste sou ontvang; daarom vaardig hy op 25 April 'n proklamasie uit waarin hy die trek verbied.⁵¹⁾

Sowel die uitvaardiging van hierdie proklamasie as die voer van persoonlike onderhoude deur Kruger met belanghebbendes by die trek, het daartoe gelei dat die trekbeweging binne afsienbare tyd doodgeloop het. Op 17 Junie 1891 het Loch aan Lord Knutsford, Minister van Kolonies, in Londen so gerapporteer. Die sukses wat behaal is, skryf Loch in groot mate toe aan „de krachtige medewerking van den President der Zuid-Afrikaansche Republiek, die het gansche gewicht van zijn persoonlijken invloed had in de schaal gelegd” om die trek te verhinder.⁵²⁾

50) Postma: a.w., p.84-85. Sien ook Kotzé, Sir John Gilbert: Biographical Memoirs and Reminiscences; vol. 2. Kaapstad, Makew Miller Ltd., s.j. p.170-171.

51) Vir proklamasie sien Buitengewone Staatscourant der Z.A.R., 25 April 1891. Vgl. ook Postma: a.w., p.84-85; Krüger: a.w., p.132; Van Oordt: a.w., p.522; Leyds, W.J.: Het insluiten van de Boeren-Republieken; deel 2. Amsterdam, Alberts de Lange, 1914. p.104.

52) Leyds: a.w., p.106. Sien ook Krüger: a.w. p.132.

B Invloed van die Adendorff-trek op die verkiesing

President Kruger het met die uitvaardiging van genoemde proklamasie opgetree in ooreenstemming met die bepalings van die Swaziland-konvensie⁵³⁾ alhoewel hy sekerlik beseft het dat hy daardeur 'n groot deel van sy populariteit sou inboet. Hoewel Kruger hier opgetree het in 'n gees van: „sy persoon tel nie; wat die swaarste by hom weeg, is sy volk“,⁵⁴⁾ het hierdie koersvaste handeling van hom aanleiding gegee tot ontevredenheid en is hy selfs in die Volksraad gekritiseer deur Piet Joubert en Schalk Burger.⁵⁵⁾ Joubert het beswaar gemaak teen die bevoording van die proklamasie terwyl Burger op sy beurt van gedagte was dat die Regering die trek nie kon belet nie tensy dit bewys kon word dat die trekkers met vyandige bedoelings wou trek.⁵⁶⁾

Joubert het hom vroegtydig gedistansieer van die proklamasie en Kruger moes alleen die blaam dra vir die verbod op die trek. Dat baie burgers ontevrede was, is te verstaan en die strafmaatreël,⁵⁷⁾ soos vervat in die proklamasie, het aanleiding tot nog groter ontevredenheid gegee. Van hierdie misnoeë van die burgers het die teenstanders van Kruger

53) Vir volle besonderhede oor die Swaziland-konvensie sien Krüger: a.w., p.124-127 en 129-134.

54) Postma: a.w., p.85.

55) Krüger: a.w., p.132; Bredell & Grobler: a.w., p.111; Postma: a.w., p.85.

56) Notule van die Eerste Volksraad (Z.A.R.), 19 Mei 1891.

57) 'n Persoon kon met hoogstens £500 (R1,000) beboet of gevangenisstraf van hoogstens 12 maande opgelê word vir enige oortreding soos vervat in die proklamasie. Ibid., art. 67, 19 Mei 1891.

gebruik gemaak om die kandidatuur van Joubert te bevorder deur hom van onrepublikeinse optrede te beskuldig. Het Kruger dan nie vir Engeland gesteun deur sy proklamasie en sodoende belet dat die Republiek enige verdere gronduitbreiding kan maak nie? As Kruger maar wou luister na die plan van Joubert en by die Engelse regering aangedring het op 'n grondige ondersoek na die wettigheid van die Mashonaland-konsessie, sou die weg na die noorde nie gesluit gewees het nie.⁵⁸⁾ In hierdie trant is daar 'n vergelyking getref tussen die twee kandidate en het die Joubertondersteuners grootdoenerig beweer: „Hadden wij Joubert reeds vroeger als President, dan was ons recht op het noorden niet opgegeven voor een ellendige belofte dat wij die nietige zevenmaal met concessies overlapte Swasieland als vergoeding zullen ontvangen.”⁵⁹⁾

Sowel die onvergenoegdheid oor die verbod op die trek as die munt wat die opposisie van Kruger daaruit geslaan het, het ongetwyfeld vir Kruger gedurende die verkiesing heelwat stemme gekos.

III President Kruger as outokraat bestempel

Beide die aanwesigheid by en deelname aan besprekings in die Volksraadsvergaderinge en die magsposisie wat Kruger, as staatspresident,

58) Land en Volk, 26 Des. 1892 (hoofartikel).

59) Ibid., 18 Aug. 1892 (Stukjes en Brojes).

in die Uitvoerende Raad⁶⁰⁾ beklee het, is deur sy teenstanders tot 'n bron van kritiek teen hom omskep. Sy optrede in die liggame is deur hulle bestempel as dié van 'n outokraat, 'n despoot of keiser en hulle het probeer aantoon dat die Republiek in werklikheid nie meer bestaan nie, maar verander het in 'n keiserryk.⁶¹⁾ Om hierdie aantyging te staaf het hulle van die volgende argumente gebruik gemaak:

A President Kruger en die Volksraad

Die Joubertondersteuners het in die eerste plek beswaar gehad teen president Kruger se teenwoordigheid in die Volksraad, waarvoor hulle verskeie redes aangevoer het.

1 In 'n bitsige brief het „Burger“⁶²⁾ 'n vergelyking getref tussen die optrede van die presidente van Amerika, Switserland en Frankryk in hulle onderskeie volksverteenvoordigende liggame en dié van Kruger in die Z.A.R. Volgens „Burger“ het die Staatshoofde van e.g. lande hulle nie bemoei met die verteenwoordigers van die volk nie en was dit vir die Volksraad 'n eer wanneer die President 'n sitting bywoon. Die President is as toehoorder beskou en kon slegs op spesiale versoek sy

60) Vir volle besonderhede oor die verhouding van die staatspresident tot die Uitvoerende Raad sien Du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902), p.162-169; vgl. ook Nieuwoudt, C.F.: Die ontstaan en ontwikkeling van die Uitvoerende Gesag in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Kaapstad, H.A.U.M., s.j. p.147-149.

61) Land en Volk, 26 Jan. 1892 (artikel); 2 Jan. 1893 (artikel); De Potchefstroomer, 22 Sept. 1892 (manifeste gunste van Joubert); De Volksstem, 19 Okt. 1892 (berig).

62) Land en Volk, 3 Mei 1892. Vgl. ook *ibid.*, 27 Okt. 1892 (berig).

opinie oor sekere aangeleenthede uitspreek. In die Z.A.R., skryf „Burger“, was die President nie geoorloof om die sitting van die Volksraad by te woon nie tensy hy daartoe uitgenooi word,⁶³⁾ dog Kruger het altyd langs die Voorsitter gesit wanneer die Raad in sitting is.

2 President Kruger se teenwoordigheid in die Raad het ook veroorsaak dat hy hom bemoei het met die redevoeringe van die lede. Sy deelname aan die besprekings het soms ook daartoe gelei dat hy beledigend opgetree het teenoor die Voorsitter.⁶⁴⁾

3 Kruger sou ook sy invloed gebruik het om die Volksraadslede te forseer om wette te passeer wat in sy smaak val.⁶⁵⁾

4 Verder is hy daarvan beskuldig dat hy kwaad word en dreig om te bedank as president in gevalle waar hy nie met gesonde argumente sy saak in die Volksraad kon deurloods nie – nog 'n voorbeeld van sy alleenheerskappy.⁶⁶⁾

63) Om misverstand te voorkom dien dit daarop te wys dat die staatspresident vry was om die Volksraadsvergaderinge na goeddunke by te woon. Ook het die staatspresident die reg gehad om oor enige saak aan die besprekings deel te neem. Vir volle besonderhede oor die staatspresident en sy verhouding tot die Volksraad sien: Du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902), p. 187-219.

64) Land en Volk, 3 Mei 1892 (brief van Burger).

65) Ibid. Sien ook ibid., 30 Junie 1892 (artikel); 18 Aug. 1892 (brief van U.M.).

66) Ibid., 2 Jan. 1893 (artikel). Vgl. Nathan: a.w., p.271-273; De Potchefstroomer, 22 Sept. 1892 (manifest ten gunste van Joubert); ibid., 1 Des. 1892 (berig).

Die hierbo genoemde bewerings dat Kruger as outokraat in die Volksraad opgetree het, is deur sy ondersteuners verwerp en wel om die volgende rede: „De grief die men zoo dikwijls hoort uitspreken tegen President Kruger - dat hij namelijk te veel deelneemt aan de discussies in den Raad - is, goed beschouwd, minder een grief tegen den Staatspresident als tegen den Raad, omdat daarin het verwijt opgesloten ligt dat de Raadsleden te weinig zelfstandig van oordeel plegen te wezen.”⁶⁷⁾ Die stemgeregtigde burgers was dus eintlik die persone wat gekritiseer moet word omdat hulle die persone was wat die Volksraadslede gekies het wat hulle deur Kruger laat domineer het.⁶⁸⁾

B Die Uitvoerende Raad

Om die beeld van Kruger as alleenheerser verder te verskerp het sy teenstanders hom daarvan beskuldig dat hy die grondwet vertrap het deur 'n geheime liggaam, „Die Regering”, daar te stel, 'n instelling geskei van die Uitvoerende Raad omdat hy self daarna verwys as „de Regeering en de Uitvoerende Raad”, asof hy wou sê „Ik zelf en mijn handlangers, (hier word verwys na dr. Leyds) en somtijds vragen wij die lastpost generaals bij.”⁶⁹⁾ Die bewering word dan ook gemaak dat president Kruger en dr. Leyds as „De Regeering” self besluite geneem en uitgevoer het.

Om hierdie beskuldiging beter te verstaan is dit wenslik dat die ware

67) De Volksstem, 8 Nov. 1892 (hoofartikel).

68) *Ibid.*, 27 Sept. 1892 (hoofartikel); 4 Okt. 1892 (artikel).

69) Land en Volk, 8 Sept. 1892 (hoofartikel).

toedrag van sake kortliks omskryf word.

Volgens die Grondwet van die Z.A.R. het die uitvoerende gesag by die staatspresident berus, was hy aan die Volksraad verantwoordelik en het hy sy gesag met die Uitvoerende Raad uitgeoefen.⁷⁰⁾ Wanneer omstandighede dit egter vereis het, kon die staatspresident met twee lede van die Uitvoerende Raad beslissings vel en het die staatspresident ook oor 'n beslissende stem beskik wanneer 'n staking van stemme voorkom.⁷¹⁾ Sedert 1858 het die benaming „Regering” telkens voorgekom in wette, proklamasies, goewermentskennisgewings en volksraadsbesluite. Hierdie begrip is nooit omskryf nie, tog is dit aanvaar en het dit deel geword van die owerheidinstellings. Kruger het self betekenis aan die woord „regering” gegee omdat die staatspresident volgens hom met die staatssekretaris die „regering” uitmaak. Die „regering” is dus nie die Uitvoerende Raad nie maar deel daarvan en gevolglik is die Uitvoerende Raad nie verantwoordelik vir die handelinge van die „regering” nie. Betreffende die verhouding tussen „regering” en Uitvoerende Raad verklaar Kruger, voer die Uitvoerende Raad die besluite van die Volksraad uit terwyl die „regering” uitvoering gee aan die besluite van die Uitvoerende Raad. Volgens Kruger kon die „regering” dus nie self besluite neem nie omdat dit by die Uitvoerende Raad berus. Om hierdie rede het die Volksraad dikwels bepaal dat die „regering” gemagtig word om met die advies en toestemming van die Uitvoerende Raad op te tree.⁷²⁾

70) Du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902), p. 166.

71) Ibid., p. 169.

72) Nieuwoudt: a.w., p. 175-176.

Die staatspresident van die Z.A.R. het dus in 'n baie sterk posisie teenoor die Uitvoerende Raad gestaan en 'n persoon met 'n sterk persoonlikheid, soos Kruger, kon die Uitvoerende Raad in byna alle opsigte beheers.⁷³⁾ Kommandant-generaal Joubert kon as lid van die Uitvoerende Raad egter vir pres. Kruger teëgestaan het deur 'n besliste standpunt teenoor die besluite van die uitvoerende gesag in te neem maar hy het intendeel op subtiële wyse te kenne gegee dat Kruger hom altyd ampshalwe weggestuur het wanneer gewigtige sake voor die Uitvoerende Raad gedien het.⁷⁴⁾ Wat sy eie posisie in die Uitvoerende Raad betref, het Joubert dit te Potchefstroom as van nul en gener waar- de beskryf omdat „de Regeering bestond echter feitelijk uit den President en Staatssecretaris, en dan komt de Uitv. Raad er nog bij. In een Uitv. Raad, waar de Staatssecretaris onder den duim van den President staat en waar slechts één volksman in oppositie staat, beteekend deze niets.”⁷⁵⁾ Joubert het dus die aanklag van sy ondersteuners, nl. dat pres. Kruger as outokraat in die Uitvoerende Raad handel, bevestig maar terselfdertyd geen aanspreeklikheid vir enige omstrede besluite van die Uitvoerende Raad aanvaar nie.

Die houding van Joubert teenoor die Uitvoerende Raad het „Een Boer” laat twyfel oor die geskiktheid van die Kommandant-generaal as toekomstige staatspresident.

- 73) Du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902), p. 169.
- 74) Sien verklaring van Joubert te Ermelo: Land en Volk, 24 Nov. 1892 (berig).
- 75) De Potchefstroomer, 1 Des. 1892 (berig).

stige president en hy het dit baie duidelik in sy bespreking van die hierbo genoemde manifes gestel: „De Generaal heeft als lid van den Uitvoerende Raad evenzoo veel te zeggen als de President. Steeds worden de Notulen gelezen en door iedereen onderteeekend, die aanwezig is. Waarom objekteert de Generaal dan niet op behoorlyke wyze? Is zulk een stilzwygen, zulk een achterblyven nu het bewys van de geschiktheid voor het ambt van staatspresident? Neen toch!”⁷⁶⁾

Die hierbo genoemde beskuldiging dat Kruger as outokraat in die Volksraad en Uitvoerende Raad optree, het buite die kennis en ervaring van die gewone burger geval, gevolglik het sy opposisie sodaniges op 'n meer persoonlike vlak probeer bereik.

C Kruger luister nie na die stem van die volk nie

Die opvatting en lewenshouding van die burgers van die Z.A.R. was dat die volk die bron van alle gesag is. Dit was vir hulle ondenkbaar dat die Republiek behoorlik kon fungeer indien die stem van die volk nie van beslissende belang is nie.⁷⁷⁾ Een van die maniere waarop die volk regstreeks deelname aan die regeringsproses gehad het, was deur die insending van memories of petisies aan die Volksraad⁷⁸⁾ of Uitvoerende Raad.⁷⁹⁾ Deur middel van memories het die volk die geleentheid

76) De Pers, 19 Jan. 1893.

77) Kleynhans, W.A.: Volksregering in die Zuid-Afrikaansche Republiek: Die rol van memories. Pretoria, J.L. van Schaik, Beperk, 1966. p.34.

78) Ibid., p.41-42.

79) Ibid., p.42-43.

gehad om hulle opinie uit te spreek oor wetgewing wat nog ingedien gaan word, voorstelle te doen in verband met nuwe wetgewings of die wysiging of herroeping aan te vra van bestaande wette.⁸⁰⁾ Vir die owerheid was hierdie memories van belang omdat die regeerders daardeur op hoogte gehou is van die gevoel van die volk ten opsigte van persoonlike, plaaslike en openbare aangeleenthede.

Vir Kruger was dit 'n erkende beginsel dat onderdane oor die reg beskik om petisies aan hulle owerhede te rig en hy het ook niks gedoen om die insending daarvan te strem nie.⁸¹⁾ Die teenstanders van Kruger het hom egter daarvan beskuldig dat hy die memories swak ontvang en feitlik geen aandag daaraan skenk nie en om die rede vra Land en Volk: „Is de stem des volks dan niet langer het hoogste woord in een Republiek?”⁸²⁾

Die woord „protes” het eers in latere jare in die memories verskyn en Kruger het in 1892 by die Eerste Volksraad daarteen beswaar aangeteken omdat die begrip „protesteer” indruis teen die koningstem, dit wil sê die stem van die meerderheid van die stemgeregtigde burgers. Die standpunt van Kruger was dat indien die ganse volk, oftewel die meerderheid van die burgers, protesteer teen die een of ander saak die Volksraad aandag daaraan moet skenk, maar kom dit van 'n klein persentasie van die bevolking, dra dit geen gewig nie omdat 'n klein groe=

80) Smit: a.w., p.201.

81) Ibid., p.114.

82) Land en Volk, 13 Okt. 1892 (artikel).

pie nie teen die hele volk kan protesteer nie.⁸³⁾ Nieteenstaande hier=
die siening van Kruger het Land en Volk hom dit verkwalik omdat hy
„zijn invloed heeft gebruikt om het volk des lands, wiens dienaar hij
is, te laten beleedigen door belangrijke memories, waarin het billijke
woord 'protest' stond, door den Volksraad te doen uitwerpen zonder
behandeling".⁸⁴⁾

Of dié beswaar teen Kruger gegrond was of nie, vir die Joubertonder=
steuners het hy eenvoudig die outokraat gebly wat die stem van die volk
verontagsaam het, 'n siening wat sekerlik menige burger laat twyfel het
of Kruger die koningstem werklik gehoorsaam.

IV Die sogenaamde standplaasskandaal

Die „standplaasskandaal" het sy oorsprong daarin gehad dat die Regering
in Johannesburg 'n aantal standplase uit die hand verkoop het waardeur
sekere persone erwe bekom het teen 'n nominale bedrag, ver benede
die heersende markwaarde.⁸⁵⁾ Volgens 'n verklaring van kmdt.-genl.
Joubert te Vryheid het die Regering aan die heer Christiaan Joubert,
die hoof van mynweese, verlof gegee om 'n aantal standplase aan sy
klerke te verkoop. Laasgenoemde het egter ook aan sy vriende, fami=
lie en Volksraadslede vergunning verleen om van die standplase te be=
kom, wat dit weer op hulle beurt teen 'n groot wins verkoop het.⁸⁶⁾

83) Smit: a.w., p.27.

84) Land en Volk, 2 Jan. 1893 (artikel). Sien ook ibid., 13 Okt. 1892
(artikel).

85) Fitzpatrick: a.w., p.386, bylae C.

86) Land en Volk, 26 Jan. 1893 (berig).

Nadere ondersoek het aan die lig gebring dat 'n hele aantal amptenare in die saak betrokke was en dat alles nie pluis was met die verkoop van die erwe nie.⁸⁷⁾ Volgens 'n briefskrywer is die meeste erwe deur amptenare gekoop en het die staat volgens berekening £20,000 (R40,000) verloor omdat die erwe uit die hand verkoop is.⁸⁸⁾ Dat die amptenare die erwe gekoop het met die doel om slegs daaruit wins te maak is ook deur Land en Volk gestaaf. As voorbeeld haal die blad die geval van die heer Jan du Plessis, lid van die Eerste Volksraad vir Waterberg, aan wat twaalf erwe teen £20 (R40) elk gekoop en dit op dieselfde dag teen £40 (R80) stuk verkoop het, met 'n wins dus van £240 (R480) binne enkele ure - geld wat hy in sy eie sak gestee het en wat eintlik die staat toegekome het.⁸⁹⁾

Dit is te begrype dat die anti-Krugerfaksie heelwat oor die „standplaasskandaal" te sê gehad en dit ook as voorbeeld van die korrupsie van die Regering aangehaal het.⁹⁰⁾ Dat die „standplaasskandaal" wel ontevredeheid onder 'n deel van die bevolking veroorsaak het, blyk uit die talle vrae wat Kruger tydens sy amptelike reise deur die Republiek in 1892 oor dié onderwerp moes beantwoord.⁹¹⁾ Betreffende die wyse van verkoop van die erwe, het president Kruger verduidelik, wou die Re=

87) Van Oordt: a.w., p.566.

88) Land en Volk, 4 Aug. 1892 (brief van Correspondent).

89) Ibid., 8 Des. 1892 (artikel).

90) Van Oordt: a.w., p.566.

91) O.a. te Standerton: De Volksstem, 18 Okt. 1892 (berig); Utrecht: 22 Okt. 1892 (berig); Ermelo: 1 Nov. 1892 (berig); Middelburg: 8 Nov. 1892 (berig).

gering hulle nie per tender verkoop nie omdat dit onbillik sou wees teenoor die armes; daarom is hulle op 'n publieke veiling verkoop.

Die veiling is ook nie geadverteer in die plaaslike nuusblaai nie omdat, sê Kruger, die advertensiekoste meer sou beloop as die inkomste wat die Regering uit die verkope van die standplase sou ontvang.⁹²⁾

Die heer J. F. Celliers, lid van die Tweede Volksraad, het egter alle verduidelikings van president Kruger oor die „standplaasskandaal” verdoem en hy betreur dit dat Kruger nog die skandaal probeer verdig „en nog de hand boven het hoofd houdt van ambtenaren die getoond hebben, hetzij door onbekwaamheid, hetzij door ontrouw, geheel ongeschikt te zijn voor hunne gewichtvolle en verantwoordelijke betrekking”.⁹³⁾

Vir Kruger het die „standplaasskandaal” verkeerdelik onguns besorg want daar was geen bewys daarvoor dat of hy of die Uitvoerende Raad bewus was van die ware toedrag van sake nie.⁹⁴⁾ Die aandeel wat Kruger in die „standplaasskandaal” gehad het, kan ten beste saamgevat word in die woorde van „Correspondent”: „Wat nu de slechtste is dat de ambtenaren en Volksraadsleden een voordeel er van hebben; maar de President moet het gelag betalen; want hij wordt verondersteld of is verplicht voor de belangen van den staat te zorgen.”⁹⁵⁾

92) Ibid., 1 Nov. 1892 (berig).

93) Ibid., 9 Nov. 1892 (brief).

94) Van Oordt: a.w., p.566.

95) Land en Volk, 4 Aug. 1892 (brief).

V Beweerde onwaarhede wat president Kruger gedurende sy amptelike reise sou vertel het

Die verdagmakers teen Kruger het besef dat hy tydens sy amptelike reise in 1892 op die verskillende byeenkomste die besware teen hom in 'n groot mate weerlê het en gevolglik weer die lojaliteit van die burgers geniet. Vir sy teenstanders was dit nou noodsaaklik om verdere agterdog teen Kruger te saai en daarom het hulle voorgegee dat Kruger nie net onjuiste inligting verstrek het op die vrae wat aan hom gestel is nie, maar dat hy ook leuens vertel het. Kruger moes in 'n bitsige brief wat aan sy adres gerig is, verneem: „ziet toe dat gy de waarheid en niets anders dan de waarheid spreek wanneer gy voor uw volk staat.”⁹⁶⁾ Die volgende voorbeelde van onwaarhede, wat Kruger op die wyse sou vertel het, is aangehaal.

A Ten opsigte van die spoorweg

1 Dat president Kruger verklaar het dat die Natalse spoorweg £16,000 (£32,000) per myl gekos het terwyl die bedrag volgens 'n telegram wat Land en Volk in die verband van die Hoofbestuurder van die Natalse spoorweg ontvang het tussen £10,000 (R20,000) en £11,000 (R22,000) per myl is.⁹⁷⁾

2 President Kruger se verklaring dat die Delagoabaaispoorweg £10,000 (R20,000) per myl kos slegs aanvaar sal word indien dit deur 'n gespesifiseerde verslag van alle uitgawes van die spoorweg van die

96) Ibid., 29 Maart 1892 (brief van Afrikanus Junior).

97) Ibid., 12 April 1892 (berig). Sien ook ibid., 19 April 1892 (brief van Burger) en p.19-20 hierbo.

Portugese grens af tot by Nelspruit gestaaf kan word.⁹⁸⁾

3 President Kruger te Wakkerstroom verklaar dat die Republiek volgens 'n ooreenkoms met die Portugese goedere deur Delagoabaai kan invoer teen $4\frac{1}{2}\%$ terwyl die Kaapkolonie 12% vir invoerregte vra. Hier= die verklaring word as onjuis bestempel omdat die Kaapkolonie 'n korting van 9% toegestaan het op alle goedere wat vir die Z.A.R. bestem is. Invoerregte deur die Kaapse hawens beloop dus 3% teenoor die 4% van Delagoabaai.⁹⁹⁾

B Ten opsigte van die landsfinansies

1 Dat president Kruger te Ermelo en Wakkerstroom gesê het dat die staat 'n oorskot van £128, 000 (R256, 000) in die staatskas het terwyl die werklike bedrag £88, 500 (R177, 000) was.¹⁰⁰⁾

2 Omdat die inwoners van Ermelo ontevrede was oor die lening van £3, 000, 000¹⁰¹⁾ (R6, 000, 000), het Kruger hulle verseker dat die lening teruggetrek is,¹⁰²⁾ 'n verklaring wat hy ook te Bethal gedoen het.¹⁰³⁾ Inteëstelling hiermee sou Kruger te Utrecht gesê het dat indien die lening gesluit word, hy dit o.a. vir publieke werke ter plaatse sou aan=

98) Ibid., 19 April 1892 (brief van Burger). Sien ook p.18-19 hierbo.

99) Land en Volk, 5 April 1892 (brief van Burger).

100) Ibid. Sien ook in die verband ibid., 5 April 1892 (artikel); 29 Maart 1892 (brief van Afrikanus Junior).

101) Sien p.26-27 hierbo.

102) Land en Volk, 29 Maart 1892 (brief van Afrikanus Junior).

103) Ibid., 5 April 1892 (brief van Burger).

wend, en te Wakkerstroom dat hy sou voorstel dat die Natal-Johannesburgspoorlyn opgemeet word mits die lening voor die sitting van die Volksraad aangegaan word.¹⁰⁴⁾

C Ten opsigte van die Johannesburgse verligtingskonsessie

Dat president Kruger onjuiste inligting oor dié verligtingskonsessie verstrek het en dat hy ontken het dat die Regering, volgens kontrak, £28, 000 (R56, 000) vir die eerste jaar en £14, 000 (R28, 000) vir die daarop volgende jare aan die konsessionarisse moet betaal.¹⁰⁵⁾

D Ten opsigte van die Hollanderamptenare

Te Utrecht sou Kruger beweer het dat die hoofamptenare feitlik almal Afrikaners is. In sy brief weerlê „Burger" hierdie gesegde van Kruger deur die name en poste wat dié amptenare beklee aan te haal en vestig hy die aandag van die leser nadruklik daarop dat hulle almal Hollanders is.¹⁰⁶⁾

Die Wakkerstroomse verkiesingsmanifes ten gunste van Joubert het die seël op die hierbo genoemde, feitlik lasterlike, beskuldiging teen Kruger geplaas. Daarin word reekse onwaarhede aangehaal wat die President sou vertel het en hulle sluit die afdeling wat handel oor dié saak met die volgende woorde af: „Deze zal U wel toonen dat wij niet op het President's woord kan rekenen en wij vragen, moest dat

104) Ibid.

105) Ibid., 13 Okt. 1892 (artikel). Vgl. ibid., 5 April 1892 (brief van Burger). Sien ook p.41-42 hierbo.

106) Ibid., 5 April 1892.

zijn?"¹⁰⁷⁾

VI Beweerde oneerlike gedragswyse van president Kruger

President Kruger het nie net van sy teenstanders verneem dat hy 'n leuenaar is nie maar hy moes ook op 'n indirekte wyse hoor dat hy oneerlik handel. In teëstelling hiermee is kmndt.-genl. Joubert op 'n vergadering wat deur Kruger-komiteede belê is deur die heer D.A. de Villiers beskryf as 'n eerlike, manlike en onpartydige persoon en, vervolg die spreker: „Hij, Generaal Joubert is een zelfstandige man: een man die met zijn God raadpleegt, die niet zijn land en medeburgers zal laten verdrukken om zijn zakken te vullen door uitreiken van concessies, dammen op zijn plaats te laten maken, Johannesburg standplaatsen in geheim te laten verkopen.”¹⁰⁸⁾ Hierteenoor het president Kruger as aangeklaagde gestaan want bo en behalwe die aanklagte van D.A. de Villiers is hy ook daarvan beskuldig dat hy sy familie begunstig¹⁰⁹⁾ en staatsgeld aangewend het om sy verkiesingsonkoste te

107) Ibid., 1 Sept. 1892.

108) Ibid., 1 Sept. 1892 (skrywe van Jou Correspondent).

109) Fitzpatrick: a.w., p.85. Dat president Kruger hierdie aanklag baie ter harte geneem het, blyk uit sy toespraak op 4 Julie 1890 in die Volksraad waarin hy o.a. geantwoord het op 'n suggestie in dié verband wat die heer D.P. Taljaard, lid van die Volksraad, gemaak het. Kruger het gesê dat „hij zou trachten geen persoon van zijn geslacht, zelfs niet zijne kinderen, hoewel sommige er knap genoeg toe waren, in de een of andere landsbetrekking te plaatsen, ja zelfs niet in't ambt van constabel”. (Notule van die Volksraad, art. 590, 4 Julie 1890. Sien ook Fitzpatrick: a.w., p.385, bylae C.)

delg. ¹¹⁰⁾

Ook op die verkiesingsfront is Kruger van wederregtelike optrede beskuldig omdat, word gesê, hy sy mag misbruik het deur amptenare te verplig om op sy rekwisities te teken en gevolglik het hy die amptenare in 'n uiters netelige posisie geplaas, want: „If they sign they probably do violence to their consciences, and if they do not they have to prospect of losing their situations, or, at all events, of being placed in the black books of the Government.”¹¹¹⁾ Dit word dan ook beweer dat hy die staatsdiens omskep het in 'n verkiesingsorganisasie.¹¹²⁾

Blykens die wyse waarop die anti-Kruger-groep die President onder die burgers verdag gemaak het, het hulle geen aanvalswapen ontsien om Kruger te skaad nie.

VII Optrede van president Kruger teenoor die burgers

Om nog meer antipatie teen Kruger te verwek het die Joubertondersteuners hom daarvan beskuldig dat hy, in stede van simpatiek, onbeskof teenoor die burgers opgetree het deur hulle afjakke toe te slinger wanneer daar vrae oor landsake aan hom gestel word.¹¹³⁾ As voorbeeld word die geval genoem toe ds. H. L. Neethling aan hom, tydens Kruger

110) De Volksstem, 28 Sept. 1892 (artikel). The Press, 1 Feb. 1893 (berig); The Transvaal Advertiser, 23 Jan. 1893 (skrywe van Amphy Bias). Sien ook p.187 hieronder.

111) The Transvaal Advertiser, 9 Sept. 1892 (artikel).

112) Fitzpatrick: a.w., p.85.

113) De Volksstem, 27 Sept. 1892 (berig).

se amptelike besoek aan Utrecht, 'n vraag aangaande sekere bepalinge van die Johannesburgse verligtingsmaatskappy gestel het. Kruger se antwoord „dat zulks een leugen is”, is deur sy kritici met groot verontwaardiging aangedui as uiters beledigende taal teenoor 'n predikant, waaroor hulle hiewer niks verder wou sê nie.¹¹⁴⁾ 'n Briefskrywer het die sogenaamde ongemanierdheid waarmee Kruger burgers op vergadering behandel het opgehelder deur die volgende skets: „A wordt opgegeven, zijne grieven, en behoeften bloot te leggen; doch eer dat hij halfweg is, dondert de President op en zegt, b.v. dit zal ik niet verdragen, ik zal deze of gene niet van jou laten beledigen, jij zal dit moeten bewijzen. A wordt moedeloos, staat achteruit en zegt 'ik ben te vrede, Meneer President'”; nodeloos om te sê dat die ander burgers, nadat hulle gehoor het hoe die eerstes geroskam is, besluit het om „hunne grieven maar te verzwakken, of zoo min en zacht mogelijk te spreken”. Die wyse waarop Kruger die burgers op vergaderings behandel het, was vir dié briefskrywer genoegsame rede om te konstateer dat Joubert tot staatshoof verkies moet word omdat hy die enigste persoon is wat die burgers onpartydig sou behandel.¹¹⁵⁾

114) Land en Volk, 5 April 1892 (brief van Burger). Sien ook *ibid.*, 29 Maart 1892 (brief van Afrikanus Junior); p.101-102 hieronder. Vir verslag van vergadering te Utrecht sien Land en Volk, 22 Maart 1892 (berig).

115) *Ibid.*, 8 Sept. 1892 (brief van Staal).

VIII Die salaris van president Kruger¹¹⁶⁾

Die salaris van die staatspresident is deur die kritici van Kruger as 'n verdere bron gebruik om wantroue teen hom te saai. In 'n inleidingsartikel skryf The Transvaal Advertiser dat Kruger gedurende sy presidentskap van tien jaar soveel rykdom versamel het dat dit hom nie veel sou skeel of hy weer tot president verkies word al dan nie. Skerpinnig vervolg die blad verder dat toe Kruger 'n dekade gelede in die hoogste pos in die Republiek geplaas is, hy 'n arm man was - 'n patriot met slegs een doel voor oë, nl. om rigting te gee aan die staatsbeleid. Intussen het hy ryk geword en skenk hy nou meer aandag aan sy eie belange as aan die burgers wat hom in sy verhewe posisie geplaas het.¹¹⁷⁾

Vanuit 'n ander oord moes Kruger ook verneem dat hy weens die talle ongerymdhede tydens sy bestuur sy buitensporige salaris van £8,000 (R16,000) nie verdien nie. Spottend word dit aan die hand gedoen dat dit die Republiek beter sou betaal om vir Kruger, op voorwaarde dat hy as president aftree, £16,000 (R32,000) jaarliks te betaal as £8,000 (R16,000) per jaar vir die voortsetting van sy dienste.¹¹⁸⁾

Die Joubertondersteuners het wel deeglik gebruik gemaak van die sa-

116) Vir volle besonderhede oor die salaris van die president sien Du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902), p.156-160.

117) The Transvaal Advertiser, 9 Maart 1892.

118) Land en Volk, 21 Julie 1892 (skrywe van Amicus).

lariskwessie om ondersteuners vir Joubert te werf soos o.a. blyk uit 'n verslag afkomstig uit die Malmani-goudvelde: „Verbeeldt u, hier maakt men de menschen wijs dat Generaal Joubert voor minder geld zal dienen dan President Kruger, (men zegt voor £5,000); daarom hebben sommigen voor Gen. Joubert geteekend.”¹¹⁹⁾

Memories teen die salaris van die President is gedurende die sitting van 1892 by die Eerste Volksraad ingedien. Tydens dié sitting is 'n voorstel ter tafel gelê dat die salaris van die president van £8,000 (R16,000) na £5,000 (R10,000) per jaar verminder word, dog na 'n hewige diskussie, waaraan ook president Kruger deelgeneem het, is die saak tot stemming gebring en die voorstel met 'n groot meerderheid afgestem.¹²⁰⁾

IX Salaris wat president Kruger van die Britte sou ontvang het

Die Joubertondersteuners het hulle beswaderingsveldtog self gedurende die verkiesingstydperk teen Kruger voortgesit. Enkele dae nadat die verkiesing 'n aanvang geneem het, publiseer Land en Volk 'n aantal dokumente waarin bewys sou word dat Kruger na die eerste anneksasie van die Republiek salaris van die Britte ontvang het. Volgens hierdie dokumente, beweer die blad, sou Kruger geen beswaar daarteen gehad het om sy salaris van „Harer Majesteits Gouver-(sic) als lid van

119) De Volkstem, 27 Sept. 1892 (berig).

120) Notule van die Eerste Volksraad, art. 595-596, 1 Julie 1892.
Sien ook Land en Volk, 7 Julie 1892 (berig); Van Oordt: a.w., p.565-566.

de Oude Uitv. Raad te trekken, zelfs voor eenige tijd na dat het tijdperk van zijne betrekking afgelopen was". ¹²¹⁾

Aan 'n vroeër oproep in Land en Volk om vir Joubert te stem omdat „zoo gij Joubert als President kiest, kant gij zeker zijn dat gij een President hebt die nooit aanzoek heeft gedaan om eene betrekking onder de Engelsche Regeering. Dan heeft gij een President die nooit één pennie heeft ontvangen voor werk of daarteen verricht in of voor de tussen Regeering", ¹²²⁾ is nou betekenis gegee en het daar rede bestaan om te glo dat Joubert 'n groter republikein is as Kruger.

X Sekere koerante deur president Kruger begunstig

Die Regering van die Z.A.R. het sekere nuusblaaie, wat die beleid van die Regering onderskryf, ondersteun deur amptelike kennisgewings in dié koerante te laat publiseer. Gedurende Julie 1892 het die saak heelwat bespreking in die Eerste Volksraad uitgelok. Die standpunt van Kruger was dat hy die nuusblaaie wat die saak van die Republiek behartig, moes ondersteun, anders kon dit maklik gebeur dat die hele dagbladpers in die hande van die vyande van die land kon beland. Indien dit sou gebeur, kon staatkundige gebeure verdraaid voorgestel word waardeur dié Republiek baie skade aangedoen kon word. Wat hom persoonlik betref het Kruger dit baie duidelik gestel dat hy geen koerant verkwalik wat van hom verskil nie, solank dit binne die perke van

121) Land en Volk, 23 Jan. 1893.

122) Ibid., 18 Aug. 1892 (Stukjes en Brokjes).

eerlikheid bly. ¹²³⁾

Land en Volk, wat die kandidatuur van Joubert voorgestaan het, is nie deur die Regering op hierdie wyse ondersteun nie en dit is dus te begrype dat die blad heftig beswaar teen die sienswyse van Kruger aangeteken het. Onbeskaamd is Kruger beskuldig dat hy met staatsgeld koerante omgekoop het om hom te prys en sy kandidatuur te bevorder terwyl die betrokke nuusblaaie die volgende vernedering moes verduur: „Als men nu ziet wat hij omgekoop heeft, kan men niets anders dan beklagen de wijze waarop de Staats-geld verspild is geworden. Indien de President nu mannen omgekocht had om zich te prijzen, was er misschien weinig over te zeggen, maar nu heeft hij een lot dronklap Hollanders die best schrijven wanneer zij in de 'Horrors' zijn, en een lot Jooden voor baasen die steelen en liegen waar zij kunnen bijkomen.“¹²⁴⁾

Op besadigde wyse het De Volksstem ontken dat die blad, behalwe vir advertensiekostes wat maar 'n skamele £338.3.6 (R676.35) vir die tydperk 1 Des. 1891 tot 31 Okt. 1892 beloop het, enige geld van die Regering ontvang het.¹²⁵⁾ Onomwonde sê die blad „dat onze politieke verhouding tot de Regeering een gansch vrije is en niet het minst beheerscht wordt door invloeden van geldelijken aard“.¹²⁶⁾

123) Sien: Notule van die Eerste Volksraad, art. 431, 13 Junie 1892 en veral art. 855, 20 Julie 1892. Vgl. ook Van Oordt: a.w., p.566.

124) Land en Volk, 21 Julie 1892 (artikel: „De Omkoopery" onder die opskrif „Dokkies").

125) De Volksstem, 22 Nov. 1892 (verklaring van dr. F.V. Engelenburg).

126) Ibid., (artikel).

Die hierbo genoemde punte van beswaar was die vernaamste wat die ondersteuners van kmdt. -genl. Joubert teen pres. Kruger ingebring het. Die presidentsverkiesing van 1893 was gevolglik uniek in die geskiedenis van die Z.A.R. omdat daar die heel eerste keer 'n definitiewe verkiesingsveldtog van stapel gestuur is. Hierdie verskynsel was nuut aangesien daar nog nooit tevore persoonlike en beleidsaanvalle deur die ondersteuners van die teenkandidaat deur middel van nuusblaaië op die dienende President geloods is nie. Hierdie nuwe tendens kan grootliks toegeskryf word aan die groot getalle uitlanders wat op die goudvelde van die Z.A.R. saamgetrek het en wat reeds dié metode van verkiesingveg in hulle lande van herkoms ervaar het.

Om alle misverstand te voorkom moet daar weer eens op gewys word dat die besware wat teen president Kruger genoem is, slegs dui op die verkiesingsveldtog en dat die gegrondheid of ongegrondheid daarvan nie behandel is nie.¹²⁷⁾

127) Vgl. p.17 hierbo.

Hoofstuk IV

DIE KANDIDATUUR VAN PRESIDENT S.J.P. KRUGER

In die Z.A.R. het die verkiesing van 'n staatspresident elke vyf jaar plaasgevind en president Kruger het sedert 1883 hierdie hoogwaardige posisie beklee. Die twee voorafgaande presidentsverkiesings in 1883 en 1888 het stil verloop en Kruger het ook met gemak die oorwinning behaal. In 1893 het hy egter sy eerste verkiesing „stryd" vir die amp van staatspresident tegemoet gegaan, 'n stryd wat so fel verloop het dat dit menige burger verward gelaat het. Gedurende die tien jaar wat Kruger as staatspresident fungeer het, het die Z.A.R. 'n fenomenale verandering ondergaan. Toe hy in 1883 die presidentskap aanvaar het, was die land arm, die staatskuld hoog en het die Republiek geen politieke status gehad nie. Die ontdekking van goud in 1886 op die Witwatersrand het egter die jong Republiek nie net alléén op die wêreldkaart geplaas nie, maar ook 'n nuwe bedeling in die Republiek ingelui. Vreemde delinge het na die goudvelde gestroom en hulle anderse gewoontes en gebruike het spoedig invloed begin uitoefen op die klein onafhanklike gemeenskap van boerende Afrikaners. Vir Kruger as staatspresident het die nuwe bedeling nie net groter verantwoordelikheid meegebring nie maar ook hoër eise aan sy staatsmanskap gestel. Dit het egter nie verhinder dat Kruger as staatshoof in die allernouste voeling met sy volk gebly het nie.

Die noodsaaklikheid van kontak tussen staatshoof en burgers is deur die opstellers van die Grondwet van die Z.A.R. beseft en daarom het

die Grondwet daarvoor voorsiening gemaak dat die staatspresident jaarliks 'n besoek moes aflê aan alle dorpe en stede in die Republiek waar daar goewermentskantore is.¹⁾ Gedurende 1892 het president Kruger drie sodanige amptelike reise deur die Z.A.R. onderneem waartydens hy feitlik alle belangrike dorpe in die Republiek besoek het.

I Amptelike reise van president Kruger gedurende 1892

Voeg in 1892, van die 9de Maart af tot die 26ste Maart, het Kruger sy eerste reis onderneem. Die roete wat hy gevolg het, het gelei in 'n suidoostelike rigting oor Bethal na Piet Retief en vandaar na Vryheid. Van Vryheid af het hy teruggekeer na Pretoria oor Utrecht, Wakker=
stroom, Volksrust, Standerton, Greylingstad, Heidelberg en Johannes=
burg.²⁾

Van 11 Oktober tot 9 November het hy sy tweede reis onderneem, waar=
tydens hy weer by verskeie van die dorpe wat hy tydens sy eerste reis
besoek het, aangegaan het. Die roete wat Kruger met hierdie reis ge=
volg het, was van Pretoria af oor Boksburg na Vryheid met besoeke
aan die dorpe Heidelberg, Greylingstad, Standerton, Volksrust, Wak=
kerstroom en Utrecht. Van Vryheid af het hy in 'n noordelike rigting
oor Piet Retief, Amsterdam, Ermelo, Carolina, Belfast, Groot-suiker=
boschkop na Lydenburg gereis. Met die terugreis na Pretoria het hy
besoeke aan Roosenekal en Middelburg afgelê terwyl hy ook op die

1) Art. 78. Grondwet van die Z.A.R. 1858.

2) Vir reisplan sien Staatscourant der Z.A.R., 24 Feb. 1892.

plase van Diederik Mulder en Salomo Prinsloo byeenkomste gehou
het.³⁾

Met sy derde reis het Kruger Wes-Transvaal besoek. Op 5 Desember het hy uit Pretoria vertrek en gereis tot by Christiana met besoeke aan tussendorpe soos Krugersdorp, Potchefstroom, Klerksdorp, Wolmaransstad en Bloemhof. Op die 14de Desember is hy van Christiana af in 'n noordelike rigting oor Schweizer-Reneke, Lichtenburg, Malmani na Zeerust vanwaar hy oor Rustenburg op die 27ste Desember in Pretoria gearriveer het.⁴⁾

Die jaarlikse besoek van die Staatspresident was vir die inwoners van die Republiek 'n groot gebeurtenis. Met groot ovasie is Kruger op die verskillende plekke ontvang en met opregte Boereguelhartigheid verwelkom. Perderuiters het hom tegemoet gery, ereboë is opgerig en talle adresse hom aangebied.⁵⁾

II Die President ontmoet die burgers

Tydens die besoek van die Staatspresident is daar op verskillende plekke byeenkomste gereël waar die burgers die geleentheid gehad het om

- 3) Vir reisplan sien De Volksstem, 12 Okt. 1892.
- 4) Vir reisplan sien *ibid.*, 29 Nov. 1892.
- 5) Sien o.a. verslae oor Kruger se besoeke aan Bethal: De Volksstem, 15 Maart 1892 (berig); 19 Maart 1892 (artikel); Standerton: 23 Maart 1892 (berig); Boksburg: 15 Okt. 1892 (berig); Volksrust: 19 Okt. 1892 (berig); Wakkerstroom en Utrecht: 22 Okt. 1892 (berig); Middelburg: 8 Nov. 1892 (berig).

hulle probleme voor die President te lê of vrae oor landsake aan hom te stel. Hoewel Kruger op die byeenkomste sy kandidatuur kon bevorder, het hy dit nogtans nie gedoen nie omdat „hij het publiek geheel vrij wil laten wezen in hunne aanstaande presidents-keuze“⁶⁾ en, het hy openhartig verklaar, sy reise niks met die presidentsverkiesing te doen het nie.⁷⁾ Tog het die reise van 1892 vir Kruger, as kandidaat in die ophandesynde presidentsverkiesing, besondere betekenis ingehou omdat hy feitlik deur die hele Republiek die talle besware wat sy opposisie teen hom ingebring het, persoonlik kon weerlê.

A Vrae wat die burgers aan Kruger gestel het

Op die verskillende byeenkomste het die burgers talryke vrae aan president Kruger gestel. Die vrae weerspieël hoe deeglik die propaganda van sy teenstanders by die volk ingang gevind het deurdat dit 'n sterk ooreenkoms toon met die besware wat teen die beleid van Kruger ingebring is. Tot op die verste uithoeke van die Republiek het die anti-Kruger-propaganda weerklank gevind soos blyk uit die volgende sake waaroor Kruger ondervra is:

- 1 Is die bewering van die heer Loveday⁸⁾ waar dat dr. Leyds, en nie die Uitvoerende Raad nie, die land regeer?
- 2 Waarom moes daar £100,000 (R200,000) by Robinson geleen word?
- 6) Ibid., 5 Okt. 1892 (berig).
- 7) Sien Kruger te Lydenburg: ibid., 5 Nov. 1892 (berig); Middelburg: 8 Nov. 1892 (berig).
- 8) R.K. Loveday was lid van die Eerste Volksraad vir die kiesafdeling Barberton.

- 3 Hoekom verskyn die afbeelding van die President se kop op die staatsponde?⁹⁾
- 4 Waarom word die landskantore met uitlanders gevul?
- 5 Hoekom is die Adendorff-trek belet?¹⁰⁾
- 6 Vrae wat betrekking gehad het op: die Johannesburg-verligtingskon= sessie,¹¹⁾ die kerkerwekwessie,¹²⁾ die Delagoabaai-spoorlyn,¹³⁾ die dinamietkonsessie,¹⁴⁾ die staatslening,¹⁵⁾ die „standplaas= skandaal“,¹⁶⁾ sekere koerante deur die Regering begunstig,¹⁷⁾ die
- 9 Land en Volk, 22 Maart 1892 (verslag van Kruger se reis); 12 April 1892 (brief van „Oor en Oog Getuige“).
- 10) Ibid., 12 April 1892 (brief van „Oor en Oog Getuige“). Vir Aden= dorff-trek sien p.69-73 hierbo.
- 11) Ibid. De Volksstem, 1 Nov. 1892 (berig). Sien ook p.41-42 hierbo.
- 12) The Transvaal Advertiser, 19 Okt. 1892 (hoofartikel); De Pers, 15 Des. 1892 (berig); De Volksstem, 18 Okt. 1892 (berig); 22 Okt. 1892 (berig); 1 Nov. 1892 (berig). Sien ook p.65-69 hierbo.
- 13) Land en Volk, 12 April 1892 (brief van „Oor en Oog Getuige“); De Volksstem, 15 Okt. 1892 (berig); 22 Okt. 1892 (berig); 1 Nov. 1892 (berig); 8 Nov. 1892 (berig). Sien ook p.17-26 en 34-37 hierbo.
- 14) Land en Volk, 22 Maart 1892 (verslag van Kruger se reis); De Volksstem, 18 Okt. 1892 (berig); 22 Okt. 1892 (berig); 1 Nov. 1892 (berig); 8 Nov. 1892 (berig). Sien ook p.37-39 hierbo.
- 15) De Volksstem, 18 Okt. 1892 (berig); 22 Okt. 1892 (berig); 1 Nov. 1892 (berig); 8 Nov. 1892 (berig); 7 Des. 1892 (berig). Sien ook p.27-28 hierbo.
- 16) Ibid., 18 Okt. 1892 (berig); 22 Okt. 1892 (berig); 1 Nov. 1892 (berig); 8 Nov. 1892 (berig). Sien p.81-83 hierbo.
- 17) Ibid., 18 Okt. 1892 (berig). Sien p.92-93 hierbo.

optrede van Kruger in die Volksraad.¹⁸⁾

Die Joubert-groep het ook die byeenkomste van Kruger probeer omskep in 'n anti-Kruger-veldtog deur in Land en Volk vrae te publiseer wat die burgers aan Kruger kon stel.¹⁹⁾ Op Bethal is Kruger dan ook met soveel vrae bestook as gevolg van die „stel-Kruger-vrae-veldtog" dat 'n verslaggewer opmerk: „Z H Ed. was dus verplicht aanhoudend en lang te spreken totdat hy aan het einde zoo heesch was dat men voor die oude man jammer moest worden.”²⁰⁾

B Kruger antwoord sy burgers

Te midde van die toenemende kritiek teen hom, veral in die suidoostelike distrikte van die Republiek waar Joubert 'n sterk aanhang gehad het,²¹⁾ het Kruger die vrae van die burgers simpatiek en duidelik beantwoord en sodoende die griewe van die burgers in die niet laat verdwyn. Die meeste vergaderings was ook vir Kruger 'n persoonlike triomf, luidens berigte uit sodanige distrikte. So het die vergadering te Standerton afgesluit met „uitdrukkingen van getrouwheid" by baie van die toehoorders,²²⁾ terwyl 'n verslaggewer uit Vryheid rapporteer dat oor die „algemeen ging men tevreden huiswaarts. De vergadering was

18) De Pers, 16 Des. 1892 (berig). Sien p.74-76 hierbo.

19) Land en Volk, 8 Maart 1892 (artikel); 13 Okt. 1892 (artikel).

20) *Ibid.*, 22 Maart 1892 (berig).

21) Krüger: a.w., p.135.

22) De Volksstem, 18 Okt. 1892 (berig).

een groot sukses."²³⁾

Hoewel die meeste byeenkomste bedaard en ordentlik verloop het, het dit tog op enkele plekke gebeur dat 'n heftige woordewisseling tussen die President en 'n aanwesige ontstaan het. Te Bethal het 'n sekere Liebenberg aan Kruger gevra of die bewering van Loveday dat dr. Leyds die land regeer, waar is. Die President het hierdie aantyging ontken en gesê dat die Volksraad daartoe ondersoek kan instel en dat Loveday sy bewering voor die Volksraad sou moet bewys, of andersins bedank as Raadslid.²⁴⁾ Vir Liebenberg was die verklaring van die President egter nie aanvaarbaar nie en hy het driftig gedreig: „By de aanstaande Volksraadszitting zullen wy met ons 200 sterk naar Pretoria gaan om te hooren of de heer Loveday zyne verklaring bevestigt of anders moet Z H Ed. zyn ambt neerleggen.”²⁵⁾ Tydens 'n byeenkoms op Utrecht het daar 'n dispuut oor die Johannesburgse verligtingsmaatskappy tussen die President en ds. Neethling ontstaan.²⁶⁾ Kruger het die predikant volgens berig kortaf geantwoord dat sy aantyging 'n leuen is. Hierteen het talle aanwesiges eksepsie geneem en gevoelens moes op die vergadering 'n bietjie hoog geloop het soos blyk uit die volgende berig: „Somme persone uit het publiek wilden niet toelaten dat hun predikant in

23) Ibid., 25 Okt. 1892 (berig)

24) Land en Volk, 15 Maart 1892 (berig).

25) De Pers, 17 Maart 1892 (berig). Sien ook: Land en Volk, 22 Maart 1892 (verslag van Kruger se reis); De Volkstem, 15 Maart 1892 (berig).

26) Sien p. 88-89 hierbo.

het openbaar een leugenaar genoemd word."²⁷⁾

Vir sy kandidatuur het die reise van 1892 vir Kruger egter groot betekenis ingehou. Hy het nie net talle van die besware teen hom uit die weg geruim nie maar hom weer eens vergewis van die burgers se loyaliteit. Dit is opmerklik hoe die volk van opinie verander wanneer daar 'n persoonlike ontmoeting tussen die Staatshoof en die burgers plaasgevind het, skryf die Zoutpansberg Review, en met verwysing na die beskuldiging van Land en Volk vervolg die blad: „na afloop der byeenkomsten vond er een zeer merkbare verandering in de gezindheid der burgers plaats, en erkenden velen volmondig op een dwaal spoor te zyn gebracht."²⁸⁾

Vir die teenstanders van Kruger moes hierdie merkbare verandering in die denkwyse van die burgers groot kommer verwek het. Hulle het gevolglik alles in hulle vermoë gedoen om weer vertwyfeling onder die burgers te saai. Die wapen wat hulle hiervoor aangewend het, was om die President tot leuenaar te maak en te beweer dat hy die burgers se vrae nie korrek beantwoord het nie maar aan hulle onwaarhede vertel het.²⁹⁾

C Kruger spreek sy volk toe

Op verskillende byeenkomste van burgers het Kruger 'n kort toespraakie

27) De Volksstem, 22 Maart 1892. Sien ook Land en Volk, 22 Maart 1892 (berig).

28) Zoutpansberg Review, 24 Okt. 1892 (tweede hoofartikel).

29) Sien p.84-87 hierbo.

gehou, maar op Boksburg en Krugersdorp het hy twee belangrike beleidstoesprake gelewer. Op Boksburg het hy gesê dat hy tot die gevolgtrekking geraak het dat daar aan die uitlanders sekere regte gegee moes word en dat hy sou trag om hulle gouer stemreg te gee deur aan die Volksraad voor te stel om die tydsbepaling vir stemreg te verminder. Verder sou hy sy uiterste bes doen om amalgamasie tussen die ouer inwoners en nuwe intrekkeers in die Republiek te bewerkstellig aangesien hy geglo het dat so 'n kombinasie moes lei tot 'n Verenigde Suid-Afrika. In sy rede te Krugersdorp het hy dit gehad oor die staatskuld, nl. dat dit verkeerd is om te dink dat skuld die aansien van 'n land in die buitewêreld verlaag. Vir die oprigting van openbare werke is volgens hom geld nodig, maar wat die lening vir die spoorweg betref, moet die maatskappy die las dra. Sodra die N.Z.A.S.M. egter 'n redelike wins toon, sal die staat die spoorweg self behartig. Voorts het Kruger aangetoon dat hy nie teen die Natalse spoorlyn gekant is nie, dog hy kon die aanleg daarvan nie toelaat alvorens die Delagoabaaispoorlyn voltooi is nie. Verder het Kruger die Swazilandkwessie en die stemregvraagstuk aangehaal, maar het hy dit in beide genoemde toesprake duidelik gestel dat niks gedoen sal word wat die onafhanklikheid van die Republiek kon bedreig nie.³⁰⁾

Op Bethal het Kruger die burgers betig toe hy hulle in 'n kort toesprake op hulle ondankbaarheid gewys het niteenstaande alles wat vir hulle ge-

30) Van Oordt: a.w., p.572-593. Sien ook Du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902), p.141. Vir artikel oor toespraak van Kruger te Boksburg sien The Transvaal Advertiser, 12 Okt. 1892.

doen is sedert die Vryheidsoorlog.³¹⁾

III Komitees in die lewe geroep om die kandidatuur van president Kruger te bevorder

Die presidentsverkiesing van 1893 kan as 'n unieke gebeure in die geskiedenis van die Z.A.R. beskou word omdat die gebruikelike stelsel van presidentsverkiesing totaal omvergewerp is en 'n nuwe metode, vreemd en uitheems vir die ouer inwoners, die plek daarvan ingeneem het. Die eerste nuwigheid wat hierdie wyse van presidentsverkiesing na vore gebring het, was die vorming van verkiesingskomitees. Oor die algemeen is hierdie komitees in die lewe geroep sonder vooraf medewete van die kandidaat.

In 1892 het dit al geblyk dat president Kruger rekening sou moes hou met sy vernaamste teenstander, kmdt.-genl. Joubert, omdat 'n aansienlike deel van die bevolking hulle begin skaar het aan die sy van die Generaal. Om die herverkiesing van president Kruger te verseker en die moontlikheid die hoof te bied dat Joubert verkies word, het die ondersteuners van die President verkiesingskomitees saamgestel wat bestaan het uit 'n sentrale komitee en plaaslike komitees.³²⁾

A Die sentrale komitee

Gedurende Augustus 1892 is in Pretoria 'n uitgebreide komitee, ook bekend as die sentrale komitee, gevorm om die kandidatuur van presi-

31) Die Volksstem, 15 Maart 1892 (berig); Land en Volk, 22 Maart 1892 (verslag van Kruger se reis).

32) Sien p.117-119 hieronder.

dent Kruger te bevorder. 'n Werkkomitee is vervolgens uit die sentrale komitee saamgestel wat bestaan het uit landdros Smit en die here C.E. Schutte, P.J. Botha, R.C. Preller, H.J. Schoeman en dr. F.V. Engelenburg.³³⁾ Die funksie van die werkkomitee sou wees om in verbinding te tree met alle persone en komitees wat die kandidatuur van president Kruger wens te bevorder.³⁴⁾ Weens die toename in die werksaamhede van die werkkomitee het enkele nuwe lede later tot dié komitee toegetree.

Op 29 Augustus 1892 het die werkkomitee die eerste keer vergader, by welke geleentheid die heer G. Ribbink tot sekretaris verkies is. Vir sy dienste sou hy 'n voorlopige salaris van £15 (R30) ontvang. Die eerste werksaamheid van die vergadering was om aan dr. Engelenburg die taak op te dra om 'n begeleidende skrywe op te stel om die rekwisities vir president Kruger te vergesel. Verder is 'n naamlys van betroubare persone wat die kandidatuur van Kruger sou bevorder, saamgestel.³⁵⁾

33) Volgens 'n berig in De Volksstem van 30 Aug. 1892 is die heer H.J. Schoeman deur die aanwesiges op die uitgebreide komitee benoem om op die werkende komitee te dien. Blykens die Notuleboek van die Kruger-komitee is die heer Schoeman op die eerste vergadering van die werkende komitee tot sesde lid gekies. Dr. Preller-versameling: 54/1, C1 (notuleboek van die Kruger komitee (sic), 29.8.1892 - 8.7.1893).

34) De Volksstem, 30 Aug. 1892 (berig).

35) Dr. Preller-versameling 54/1, C1 (notuleboek van die Kruger komitee (sic), 29.8.1892 - 8.7.1893). Die salaris wat aan die sekretaris betaal is, is nie omskryf of dit 'n eenmalige bedrag of 'n maandelikse loon is nie.

1 Stigting van 'n verkiesingsfonds

'n Volgende nuwigheid wat tydens die presidentsverkiesing van 1892/3 ontstaan het, was die stigting van 'n verkiesingsfonds. Die fonds is in die lewe geroep met die doel om alle onkoste te bestry wat uit die verkiesing kan voortvloei. Die plaaslike komitees moes egter die insameling en beheer van hulle eie verkiesingsgeld behartig; slegs in uiterste noodgevalle sou die sentrale komitee finansiële hulp aan die plaaslike komitees verleen.³⁶⁾

Op die eerste vergadering van die werkkomitee is landdros Smit tot tesourier benoem. Aan hom is opgedra om 'n afsonderlike bankrekening te open waarin die geld gedeponeer kan word.³⁷⁾ Die bedrag benodig vir die verkiesingsfonds is op £2, 000 (R4, 000) gestel. Vir die byeenbring van hierdie bedrag het die werkkomitee hulle hoop gevestig op steun uit die goudvelde, 'n subskripsiefonds en 'n „hoofdelijke omslag onder de comité leden", asook geldelike steun uit Holland volgens dr. Engelenburg.³⁸⁾

2 Die insameling van geld

Om genoeg geld vir die verkiesingsveldtog byeen te bring het dikwels 'n probleem geskep. Op 7 Oktober 1892 is die sentrale komitee byeen geroep om die geldinsameling te bespreek aangesien verkiesingsuitgawes reeds aangegaan is. Die heer Nellmapius het dadelik met die gedagte na

36) Ibid., 54, B, Fol. 3 (briewe-kopie boek). G. Ribbink aan D.S. Smith, 5.9.1892.

37) Ibid., 54/1, C1 (notuleboek).

38) Ibid., C4.

vore gekom „dat ieder in de rondte £100 moet geven". Voordat die vergadering enigiets in die verband besluit het, is die moontlikheid dat „de geldinzameling later teen ons gebruik sal word" eers deeglik bespreek. Nadat die vergadering hom vergewis het dat geen beskuldiging van omkoperij ingebring kan word nie, is die heer Botha se voorstel aanvaar dat elke lid moet onderneem om binne drie maande 'n sekere bedrag in die kas te stort, en is besluit om „een lyst te doen circuleeren in den Kring, welk geld op zyn laatst 1 Desember moet gestort word".³⁹⁾ Die komiteelede het dadelik aan die werk gespring en op 18 Oktober kon die voorsitter rapporteer dat die heer Nellmapius reeds £340 (R680) inbetaal het en dat hy nog vir 'n verdere £160 (R320) sal sorg. Van die heer E.J. Loterijman is ook £50 (R100) ontvang so dat die komitee op datum oor 'n batige saldo van £400 (R800) beskik het.⁴⁰⁾ Dr. Engelenburg het ook daarin geslaag om 'n aansienlike bedrag in Johannesburg byeen te bring. In sy verslag meld dr. Engelenburg dat hy nie net baie vriendelik ontvang is nie maar dat „De israelieten" die bedrag van £140 (R280) byeengebring en beloof het om nog meer te doen. Hollandse vriende het ook aan hom £250 (R500) oorhandig terwyl hy self ongeveer £150 (R300) ingesamel het.⁴¹⁾

3 Besteding van die verkiesingsgeld

Om die verkiesing van president Kruger te verseker het die sentrale komitee geen geld of moeite ontsien nie en is daar gevolglik, soos uit

39) Ibid., C23.

40) Ibid., C34.

41) Ibid., C37.

onderstaande blyk, heelwat onkoste aangegaan.

a Publikasies in koerante

Die vernaamste uitgawe van die sentrale komitee het gelê in die publikasie van kennisgewings, manifeste en verkiesingspamflette in die onderskeie nuusblaaie wat die kandidatuur van Kruger ondersteun het. Aan De Volksstem alleen was 'n bedrag van £717.8.6. (R1434.85) ver=skuldig. Deur bemiddeling van dr. Engelenburg, die redakteur van die blad, is die rekening egter verminder na £660 (R1320).⁴²⁾ Ook aan ander koerante is groot somme geld uitbetaal. Aan De Potchefstroomer is sowel 'n maandelikse bedrag van £40 (R80) betaal⁴³⁾ as 'n rekening van £24.10.0 (R49) wat die uitgewers van die nuusblad, na afloop van die verkiesing, aan die sentrale komitee gestuur het.⁴⁴⁾ 'n Rekening vir £34.16.0 (R69.60) is ook van die Mercantile Advertiser ontvang „zynde £30 voor byvoegsel en £4.16. voor advertentie". Die werkkomitee het die wettigheid van hierdie rekening egter betwyfel. Die sekretaris is opgedra om aan die koerant te skrywe dat die komitee nie bewus is van enige opdrag aan dié blad nie en ook om te verneem wie

42) Ibid., 54/a, 78 (finansiële stukke).

43) Presies waarom die maandelikse bedrag aan De Potchefstroomer betaal is kon nie vasgestel word nie. Op 'n vergadering van die sentrale komitee, gehou op 7 Oktober 1892, was die saak ter sprake en het sprekers gesê dat die blad nie omkoop word nie, maar, volgens die heer Schutte, „het is verdediging onzer oppositie". Ibid., 54/1, C23 (notuleboek).

44) Vir gespesifiseerde rekening sien ibid., 54/a, 71 (finansiële stukke).

die publikasie gemagtig het.⁴⁵⁾ Ongeveer 'n maand later het die werkkomitee egter £24.16.0 (R49.60) aan die Mercantile Advertiser uitbetaal in plaas van die bedrag soos hierbo geëis.⁴⁶⁾

b Telegramme

Om die organisasie voor en gedurende die verkiesing te laat vlot en om soms noodopdragte aan die plaaslike komitees oor te dra, was die sentrale komitee genoodsaak om talle telegramme aan die plaaslike komitees te versend.⁴⁷⁾ Die versending van telegramme, met betaling van antwoorde in sommige gevalle, moes 'n aansienlike uitgawe vir die sentrale komitee beteken het.

c Reiskoste

Die werkkomitee het op 8 Oktober 1892 besluit om 'n verteenwoordiger van die sentrale komitee saam met president Kruger op sy amptelike reis te stuur. Op voorstel van die voorsitter word die heer S.D. Fick van Johannesburg gekies om die President te vergesel en word daar ook toestemming verleen dat Fick sy seuntjie uit Holland kan meeneem. Die beraamde koste vir hierdie onderneming is op ongeveer £100 (R200) geskat;⁴⁸⁾ 'n syfer wat in die praktyk heeltemal ontoereikend geblyk het. Na heelwat moeite het die Voorsitter en die heer Botha daarin geslaag

45) Ibid., 54/1, C31 (notuleboek).

46) Ibid., C60.

47) Ibid., 54 B, Fol. 26-47, 50, 286, 289, 305, 313, 318 (briewe=kopieboek).

48) Ibid., 54/1, C29 (notuleboek).

om vir Fick 'n kar en perde teen £60 (R120) te huur. Ook het die vergadering 'n voorskot van £50 (R100) aan Fick gemaak waaruit hy koste vir voer en stalle kon betaal.⁴⁹⁾ Op 24 Oktober 1892 besluit die werkkomitee om uit name van landdros Smit die volgende telegram aan Fick te stuur: „Comite heeft definitief besloten gij moet by President blyven. Trek op mij voorlopig tot uiterlyk £30.”⁵⁰⁾ Dit is nie duidelik wat presies beoog is met die sending van Fick nie. Dit kan egter aanvaar word dat hy as skakel gedien het om die sentrale komitee op die hoogte van sake te hou vir gebeure tydens die President se reis.

d Vervoerkostes gedurende die verkiesing

Gedurende die verkiesing het die werkkomitee telegramme aan plaaslike komitees gestuur waarin hulle opgedra word om te sorg dat alle Kruger-ondersteuners by die stembusse kom; geen onkoste moet ontsien word om dit te bewerkstellig nie. Ook is opdrag aan plaaslike komitees gegee om burgers wat nog nie gestem het nie by ander stembusse te besoek sodat hulle daar kan stem. Tipies van so 'n opdrag is die telegram aan H.K.J. van Noorden⁵¹⁾ van Rustenburg: „Beleg onmiddelyk Comité vergadering om plannen te beramen om zooveel mogelyk persone die nog niet gestemd hebben voor onze kosten op te zenden na Krugersdorp om aldaar op den achtienden hunne stemmen uit te brengen.”⁵²⁾ Van

49) Ibid., C31.

50) Ibid., C37. Sien ook C35.

51) Die heer H.K.J. v. Noorden was eers onderwyser en later prokureur te Rustenburg. (Pretorius, Z.L.: Die geskiedenis van Rustenburg 1851-1918, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1967, p.75.)

52) Dr. Preller-versameling 54 B, 305 (briewekopieboek). Vgl. ook 289, Ribbink aan Paul Schutte te Potchefstroom; C123 (notuleboek).

Noorden het dadelik opgetree en die sodanige stemgeregtigdes in Kru=gersdorp laat stem. Van die firma T.C. Hinds & Co. is gebruik ge=maak om aan die stemgeregtigdes verblyfplek te verskaf en om voer te voorsien vir die perde. Die handeling was gou, die vereffening van die rekening stadig. In 'n begeleidende brief, wat die rekening van T.C. Hinds & Co. vir £9.8.6 (R18.85) vergesel het, het Van Noorden die werkkomitee dringend versoek om die uitbetaling so spoedig moont=lik te doen „na aftrek van £5.0.0, die ik als subscriptie toevoeg aan de onkosten van het Comité". In sy brief meld Van Noorden ook dat „an=deren hebben verscheidene malen betaling gevraagd en de meeste heb ik reeds uitbetaald".⁵³⁾

Reëlings is ook op 'n buitengewone vergadering van die werkkomitee op Sondag 12 Februarie 1892 getref om die burgers van die distrik Pretoria wat nog nie gestem het nie te laat vervoer na die hierbo genoemde stem=dag in Krugersdorp (Paardekraal) ten einde hulle stem aldaar uit te bring. Vir hierdie doel is met 'n „cabdrijver" 'n ooreenkoms aange=gaan wat die burgers op eie risiko en onkoste teen £3.10.0 (R7) per dag vervoer het.⁵⁴⁾

e Diverse uitgawes

Die verkiesingsfonds is ook aansienlik gedreineer deur die kleinere

53) Ibid., 54/a. Rekening 52, 53, 55 (finansiële stukke).

54) Die komitee het hier handel op inligting verskaf deur die heer V.d. Merwe van Rustenburg wat as belangstellende dié vergade=ring bygewoon het. Ibid., 54/1 C 122-123 (notuleboek). Sien ook rekening van M.J. Pos vir vervoerontkoste aangegaan gedurende die verkiesing. Ibid., 54/a, rekening 54 (finansiële stukke).

uitgawes wat die werk- en sentrale komitee gemagtig het:

- i 'n Salaris van £15 (R30) aan die sekretaris.⁵⁵⁾
- ii Op 24 September 1892 is besluit om £2 (R4) aan die sekretaris te betaal vir elke keer wat die werkkomitee sy „kamer” vir 'n vergadering gebruik.⁵⁶⁾
- iii 'n Bedrag van £50 (R100) is gestem vir die opstel van 'n sirkulêre deur die here dr. Engelenburg en Dijksterhuis om die leuens te weerlê wat Land en Volk oor president Kruger verkondig.⁵⁷⁾
- iv Op 8 Oktober 1892 besluit die werkkomitee om alle persoonlike dienste en uitgawes van die komiteede te vergoed.⁵⁸⁾
- v Aan die heer Gey van Zeerust is £15 (R30) gestuur om sy onkoste wat hy reeds aangegaan het te dek.⁵⁹⁾
- vi Aan die heer De Beer van Middelburg is £20 (R40) gestuur vir die aankoop of huur van perde sodat hy stemwerwing kan doen.⁶⁰⁾
- vii Die werkkomitee het ook besluit om gereeld eksemplare van De Pers en De Volksstem te stuur aan alle persone wat rekwisisielyste vir

55) Sien p.105 hierbo.

56) Dr. Preller-versameling, 54/1 C15 (notuleboek).

57) Ibid., C36.

58) Ibid., C28.

59) Ibid., C50.

60) De Beer het op 17 September 'n vergadering van die werkkomitee bygewoon. Hy het daarop aanspraak gemaak dat hy driekwart van die stemme te Middelburg vir Kruger kon werf; hiervoor het hy egter 'n geldelike tegemoetkoming nodig gehad. Ibid., C11, C18.

Kruger ontvang het.⁶¹⁾

Enkele persone het egter ook probeer om uit die verkiesing finansiële voordeel te trek. So het die goewermentsonderwyser, die heer J. F. Fischer van Rietfontein, distrik Heidelberg, van die werkkomitee £15 (R30) geëis op grond van: „Ik had de eer van den beginne tot 15 November 1892, als Secretaris te fungeren, van het Heidelbergse Comité, terwijl de Voorzitter mij ook de vereerde opdracht deed, met Z Ed. te zamen een welkomst adres opstellen; en dit Z H Ed. voort te lezen by Z H Ed. laatste bezoek aan Heidelberg.”⁶²⁾

4 Werksaamhede van die sentrale komitee

Die hooftaak van die sentrale komitee was om die herkiesing van president Kruger te verseker en die vinger op die pols te hou van die verkiesingsveldtog. Vanuit Pretoria het hierdie komitee met behulp van die plaaslike komitees wat in die verskillende wyke gestig is die verkiesingstryd gevoer.

Die eerste taak van die werkkomitee van die sentrale komitee was om rekwisities vir president Kruger na „betroubare persone” in die verskillende wyke uit te stuur vir ondertekening deur die burgers.⁶³⁾ Ook het die werkkomitee dit as sy taak gesien om te sorg dat daar in elke distrik iemand sal wees wat vir president Kruger kon werk. Op ’n bui=

61) Ibid., C15.

62) Ibid., 54/a, rekening 56-57 (finansiële stukke). Sien ook rekening van van T. J. Ferreira, *ibid.*, 61.

63) Ibid., 54/1 C1, C4 (notuleboek).

tengewone vergadering, gehou op 21 September 1892, is aan die hand gedoen dat in elke distrik 'n persoon teen besoldiging aangewys word om vir die President te werk.⁶⁴⁾

Wat die kritiek teen president Kruger betref, was dit vir die sentrale komitee duidelik dat die vernaamste besware in verband gestaan het met die spoorwegmaatskappy, Hollanderamptenare en dat Kruger af en toe van sy mag misbruik maak. Ten einde hierdie besware tot niet te maak het die sentrale komitee gevoel om, indien die finansies dit toelaat, betroubare persone na Middelburg, Klerksdorp, Heidelberg en Ermelo te stuur wat aan die inwoners inligting kan verskaf om die leuens, soos hulle dit bestempel het, te weerlê.⁶⁵⁾ Hierby aansluitend, en ter bevordering van die kandidatuur van president Kruger, het sowel die sentrale komitee as die werkkomitee besluit om sirkulêres en manifeste op te stel vir verspreiding onder die burgers.⁶⁶⁾ Sodanige verkiesingsmanifeste het dan ook verskyn waarin die werkkomitee die redes vir die herkiesing van president Kruger uiteensit en die besware teen hom weerlê.⁶⁷⁾

Die vergaderings van die werkkomitee is soms ook deur belangstellers uit die buitelandse distrikte bygewoon. Laasgenoemde het aan die werkkomitee belangrike inligting verskaf of om hulp gevra ten einde die

64) Ibid., C13.

65) Ibid., C24.

66) Ibid., C24, C28, C33, C36, C68.

67) Engelenburg-versameling, band 14, 187. De Volksstem, 11 Jan. 1893; 12 Jan. 1893.

verkiezingsorganisasie te bevorder.⁶⁸⁾

Voor die verkiesing het die werkkomitee 'n wakende oog gehou oor die bewegings van die Joubert-groep en indien iets suspisiesus gemerk word, het dié komitee dadelik die betrokke distrik van die „gevaar" verwittig. 'n Artikel in The Press van 29 September 1892 is op dieselfde dag tydens 'n vergadering van die werkkomitee deur die heer Preller onder die aandag van die komiteeëde gebring. Volgens die blad sou die heer Edwald Esselen, voorsitter van die sentrale komitee vir die verkiesing van kmdt.-genl. Joubert, die volgende dag na Rustenburg vertrek alwaar Vrydag en Saterdag 'n dubbele nagmaal plaasvind. 'n Telegram is dadelik aan Van Noorden te Rustenburg gestuur: „Esselen komt om invloed uit te oefenen, zend telegram aan Jan Fouche Commissiedrift onmiddelyk door; kosten op onze rekening."⁶⁹⁾ Die Kruger-komitee het besef dat op Rustenburg 'n groot saamtrek van burgers sou wees en dat Esselen heelwat kwaad onder die burgers kon saai, derhalwe die telegrafiese waarskuwing. Soortgelyke optrede van die Joubert-groep kon ook op ander plekke verwag word en op voorstel van die heer Schoeman word aan betroubare persone, op alle dorpe waar nagmaal gevier sou word, telegramme gestuur sodat hulle kan „waken teen het kwaad dat gestrooid kan worden tegen de herkiezing van President Kruger". Telegramme, ook aan Van Noorden, is dadelik versend en die ontvangers daarvan word verwittig maar ook opgedra dat „geduren= de aanstaande nachtmaal zal door tegenparty zoo hard mogelyk gewerkt

68) Dr. Preller-versameling, 54/1 C11, C122 (notuleboek). Vgl. voetnote 54 en 60 hierbo.

69) Dr. Preller-versameling 54/1 C19 (notuleboek).

worden, teen herkiesing President. Doe uw best. Weerspreek het kwaad en laat requisities teekenen."⁷⁰⁾

Op 7 Desember 1892, slegs enkele weke voor die verkiesing, het die sentrale komitee 'n konferensie in Pretoria belê, wat bygewoon is deur afgevaardigdes uit alle distrikte.⁷¹⁾ Tydens die beraadslaging het die sentrale komitee eerstehandse inligting verkry oor die gevoelens van die burgers en kan dié komitee sy werksprogram dienooreenkomstig inrig. Met die oog op die verkiesing is daar ook verskillende belangrike besluite geneem: „Bevriende koerante” soos De Pers, De Volksstem en Nieuwe Republikein sou deur die verteenwoordigers gratis onder die stemgeregtigde burgers versprei word; verteenwoordigers onderneem om kiesers op te soek „om toelichting te geven”; „dat alle zich verbindende om by elke byeenkomst voor die stembus 2 of meer vertroubare personele daarby teenwoordig te doen zijn”; dat arm of onverskillige kiesers op die stemdag na die stembusse vervoer word. Hiervoor het die sentrale komitee finansiële steun belowe.⁷²⁾

Sekerlik die belangrikste taak van die sentrale komitee was om toe te sien dat die kiesers in groot getalle by die stembusse opdaag. In distrikte waar daar van die burgers nie gestem het nie en die sentrale komitee dit te hore gekom het, het hulle dadelik aan die plaaslike komitee van daardie distrik laat weet om dié kiesers na 'n ander stem-

70) Ibid., C20. Vir name van persone wat sodanige telegramme ontvang het sien: ibid., B Fol. 26-47 en 50 (briewekopieboek).

71) Ibid., 54/1, C56, C75 (notuleboek). Vgl. De Volksstem, 7 Des. 1892 (berig); 10 Des. 1892 (berig).

72) Dr. Preller-versameling, 54/1, C75, C76, C78 (notuleboek).

distrik te neem sodat hulle daar kan stem. ⁷³⁾

Die sentrale komitee, maar veral die werkkomitee, het die verkiesings=
veldtog vir die herkiesing van president Kruger geloods en die werk=
saamhede van hierdie komitees sou bepaal of Kruger weer die amp van
president sou beklee. As dit in ag geneem word dat die komiteelede nie
„party“-mense was nie, maar die stryd uit eie vrye wil en uit die moed
van hulle oortuiging aangeknoop het, verdien die komiteelede alleenlik
die hoogste lof.

B Die plaaslike komitees

Om die kandidatuur van president Kruger te bevorder het komitees spon=
taan in feitlik alle dorpe en distrikte binne die Republiek ontstaan. ⁷⁴⁾

Gedurende die verkiesingsveldtog het hierdie plaaslike komitees 'n baie
belangrike funksie vervul. Hulle eerste taak was om te sorg dat die mak=
simum hoeveelheid kiesers die rekwisisielyste vir president Kruger on=
derteken. Die getalle ondertekenaars was belangrik want hiervolgens
kon die sentrale komitee aflei watter wyke vir en watter teen die Pre=
sident was en Joubert-gesinde wyke kon dan intensief bearbei word.
Hierdie taak is deeglik deur die plaaslike komitees uitgevoer: volgens
die opname van die sentrale komitee het ongeveer 9823 burgers vir die

73) Sien p. 110-111 hierbo.

74) Vir stigting van komitees sien o.a. De Volksstem, 30 Aug. 1892
(berig); 14 Sept. 1892 (berig); 21 Sept. 1892 (brief van „Een
Burger“); 4 Okt. 1892 (berig); 22 Okt. 1892 (berig); 1 Nov. 1892
(berig); 15 Nov. 1892 (berig).

President geteken.⁷⁵⁾

Om die kandidatuur van president Kruger te bevorder het die plaaslike komitees ook openbare vergaderings gehou.⁷⁶⁾ Op vreedsame wyse is die kandidature van president Kruger, kmtd.-genl. Joubert en hoofregter Kotzé bespreek. Die onafhanklike voortbestaan van die Republiek was die vernaamste punt van bespreking. Die Krugerondersteuners het daaraan gewanhoop dat die Republiek onafhanklik sou bly indien Joubert tot president verkies word omdat die heer Esselen, lid van die „National Union" te Johannesburg, voorsitter is van die sentrale komitee vir die verkiesing van Joubert.⁷⁷⁾ Ook was 'n hele aantal van die Joubert-verkiesingskomiteedele neutraal gedurende die Vryheidsoorlog. Hoe kan dit dan verwag word dat die Republiek onafhanklik sou bly as die Joubertondersteuners geen vaderlandsliefde gedurende die Vryheidsoorlog betoon het nie?⁷⁸⁾ Die Krugerondersteuners het Joubert op die openbare vergaderings nooit persoonlik aangeval nie; intendeel, hulle het hom erken as een van die hoekstene van die Republiek en wou hom graag as kommandant-generaal behou.⁷⁹⁾

Op bevel van die sentrale komitee moes die plaaslike komitees daad=

75) Dr. Preller-versameling: 54 B, Fol. 200 (briewekopieboek).

76) De Volksstem, 5 Okt. 1892 (berig); 8 Okt. 1892 (berig); 1 Nov. 1892 (berig); 5 Nov. 1892 (berig); 16 Nov. 1892 (berig); 26 Nov. 1892 (brief van C.H.C.).

77) Sien p.136-142 hieronder.

78) De Volksstem, 8 Okt. 1892 (berig); 5 Nov. 1892 (berig); 26 Nov. 1892 (brief van C.H.C.).

79) Ibid., 5 Nov. 1892 (berig); 26 Nov. 1892 (brief van C.H.C.).

werklik optree wanneer omstandighede dit vereis het.⁸⁰⁾ Die heer Van Noorden het dadelik op die telegram van die sekretaris van die sentrale komitee gehandel en by die nagmaalsgeleentheid te Rustenburg 'n publieke vergadering belê alwaar die komiteedele toesprake gelewer het. In hierdie toesprake is die verdienstelike werk wat die President aan die Republiek gelewer het, beklemtoon en word 'n beroep op die burgers gedoen dat hulle „hunne oogen goed openmaken vóór zij stemmen en vooral daarbij de onafhankelijkheid des lands goed in het oog houden en zich niet door mooie praatjes laten verleiden".⁸¹⁾

Daar is besonder druk en intensief georganiseer in die paar maande voor die verkiesing. Die plaaslike komitee het nie net openbare vergaderings gereël en toegesprek nie maar ook huisbesoek gedoen by die kiesers. In die distrik Klerksdorp is daar oënskynlik groot sukses met die stelsel van huisbesoek behaal en heelwat Joubertondersteuners is oorgehaal om vir president Kruger te stem.⁸²⁾

In die verkiesingsorganisasie het die plaaslike komitees dus 'n belangrike taak vervul en het dié komitees ongetwyfeld veel bygedra tot die herkiesing van president Kruger as staatspresident.

IV Rekwisities vir president Kruger

Volgens Grondwet moes alle rekwisities aan die kandidate minstens 'n

80) Sien p. 115-116 hierbo.

81) De Volksstem, 8 Okt. 1892 (berig).

82) Klerksdorp Mining Record, 11 Feb. 1893 (hoofartikel).

volle maand voor die verkiesing in die Staatscourant gepubliseer word.⁸³⁾ Vir die presidentsverkiesing van 1 Desember 1892 as die laaste datum vir die publikasie van rekvisisies bepaal.⁸⁴⁾

Op 30 November 1892 word in 'n byvoegsel tot die Staatscourant der= tien rekvisisies gepubliseer waarin president Kruger versoek word om hom weer eens as kandidaat vir die presidentsverkiesing beskikbaar te stel sowel as die vermelding van soortgelyke rekvisisies wat ontvang is. In die rekvisisies spreek die ondersteuners hulle volle vertroue uit teenoor die beleid van die President en verseker hulle hom dat hulle vir hom sal stem in die ophandesynde presidentsverkiesing.⁸⁵⁾

As beweegrede vir hulle versoek aan Kruger noem die ondertekenaars die volgende:

A „... dat wij in U dankbaar blijven erkennen den man die onze geliefde Republiek met Gods hulp as uit hare asch heeft doen herrijzen, en onder wiens bestuur zij tot op den huidige dag is toegenomen in bloei en welvaart.”⁸⁶⁾

B Nieteenstaande die ongunstige finansiële posisie van die Z.A.R. is die toestand van die staatskas bevredigend en „het crediet onzer

83) Sien p.3 hierbo.

84) Sien p.10 hierbo.

85) Byvoegsel tot die Staatscourant der Z.A.R., 30 Nov. 1892.

86) Ibid., rekvisisie nr. 2. Vgl. ook rekvisisies nrs. 1, 3, 6, 7, 8 en 13.

Republiek in het buiteland vast gevestigd is geworden".⁸⁷⁾

C Die voortsetting van Kruger se bestuur dien as waarborg vir die goeie verstandhouding en nuttige samewerking tussen die ouer inwoners en die nuwe inkomelinge.⁸⁸⁾

D Die kreet van „weg met Kruger" het die vrees laat ontstaan dat die Republiek 'n tweede keer sy onafhanklikheid kan verloor. Die verlede het reeds geleer dat 'n geroep om verandering in die presidentskap gelei het tot die verlies van onafhanklikheid.⁸⁹⁾

Die naamtekeninge onderaan die rekwisisies is sorgvuldig gekontroleer en getel. Die Krugerondersteuners het besef dat daar besondere waarde aan die getal naamtekeninge geheg kan word aangesien hierdie getal, in vergelyking met die ondertekenaars vir kmdt.-genl. Joubert, vir hulle 'n aanduiding kan gee wat die moontlike uitslag van die verkiesing sou wees.⁹⁰⁾

V Antwoord van president Kruger op die rekwisisies

In 'n kort maar kragtige antwoord bedank president Kruger die burgers vir die vertroue wat hulle in hom stel om hom weer eens te versoek dat

87) Ibid., rekwisisie nr. 2. Vgl. ook rekwisisies nrs. 6 en 13.

88) Ibid.

89) Ibid., rekwisisie nr. 13.

90) Groot verskille bestaan t.o.v. die getal ondertekenaars. As voorbeeld word aangehaal: Dr. Preller-versameling: 54 B, Fol. 200 (briewekopieboek) 9823; Van Oordt: a.w., p. 571, 7140; Byvoegsel tot die Staatscourant, 30 Nov. 1892, 7805.

hy hom as president verkiesbaar moet stel. In sy antwoord het Kruger nie weer sy beleid uiteengesit nie want: „Ik heb u zoo dikwijls mijne politieke zienswijze blootgelegd, en ik heb zoo herhaaldelijk en zonder schroom antwoord en inlichtingen gegeven op alle vragen, die mij van tijd tot tijd zijn gesteld, dat het nie nodig is daaromtrent in nadere beschouwingen te treden.”⁹¹⁾

Die diepe godsdienstige oortuiging van die President spreek uit sy antwoord as hy skryf: „Het is immer mijn waarachtig streven geweest, de hulp en steun, die ik elken dag behoef, te zoeken in den God mijns Volks, die in heldere en donkere dagen steeds onze hulp is geweest.”⁹²⁾

Die enigste belofte wat die President in sy antwoord aan die burgers doen, is dat hy met die hulp van God alles in sy vermoë sal doen om die onafhanklikheid van die Republiek te bewaar. Verder verseker hy die burgers dat hy, soos in die verlede, die uitgesproke wil van die volk sal eerbiedig want „met Gods hulp en met U mijne medeburgers vermag ik veel, en zonder die hulp en bijstand niets”.⁹³⁾

Ongelukkig het Kruger se antwoord „met sy vae bewoording en sy verswyging van punte van positiewe beleid, nie 'n sterk indruk gemaak nie”.⁹⁴⁾

91) Byvoegsel tot die Staatscourant der Z.A.R., 30 Nov. 1892.

92) Ibid.

93) Ibid. Vir antwoord op rekwisities sien ook Du Plessis: President Kruger aan die woord, p.33-34.

94) Krüger: a.w., p.137.

Hoofstuk V

DIE KANDIDATUUR VAN KMDT.-GENL. P.J. JOUBERT

Kommandant-generaal P.J. Joubert het hom in 1892/93 die derde keer vir die amp van staatspresident in die Z.A.R. verkiesbaar gestel. Tydens die twee vorige presidentsverkiesings in 1883 en 1888 het Joubert maar 'n geringe hoeveelheid stemme op hom verenig, maar met die verkiesing van 1893 het daar 'n totale ommeswaai plaasgevind en het hy met slegs 'n paar honderd stemme die onderspit gedelf.¹⁾ Die vraag ontstaan nou: waaraan kan die verandering in die verhouding van die stemme, soos uitgebring in die presidentsverkiesing van 1893, toegeskryf word?

Tekens van ontevredenheid het sedert 1887 onder die uitlanders in die Z.A.R. begin kop uitsteek.²⁾ In toenemende mate het hierdie groep ingesetenes hulle griewe teen president Kruger en die Regering van die Z.A.R. begin lug waardeur onaangename gevoelens tussen die uitlanders en die Regering ontstaan het.³⁾ Die ontevredenheid was egter nie

- 1) Coetzee, J. Albert: a.w., p.250. Die uitslae in die onderskeie verkiesings was soos volg:

	Kruger	Joubert
1883	3,431	1,171
1888	4,483	834
1893	7,854	7,009

- 2) Vir die aard van die ontevredenheid sien Muller: a.w., p.252-254.

- 3) Vir die stigting van 'n georganiseerde Uitlanderbeweging sien p.136-137 hieronder.

slegs beperk tot die uitlanders nie maar 'n groot persentasie van die burgers van die Z.A.R., het ook die beleid van Kruger begin kritiseer. Twee groepe het hulle onder die burgers begin onderskei nl. die „konserwatiewes" en die „progressiewes".⁴⁾ Hoewel daar op hierdie tyd= stip geen sprake was van politieke partye soos vandag daaronder ver= staan word nie, het die genoemde groepe tog twee denkrigtings in die Republiek verteenwoordig. Die „konserwatiewes" het die Engelse ten opsigte van die onafhanklikheid van die Republiek nie vertrou nie terwyl die „progressiewes" meer vertrou in die Brit gehad het en hom wou inskakel in die burgerskap van die Republiek. Die „progressiewes" het hulle derhalwe in opposisie teen die konserwatiewe Regering geskaar en gevolglik aangesluit by die verset van die Engelse uitlanders.⁵⁾ In die Volksraad het die „progressiewes" 'n voortdurende stryd met die regeringsondersteuners gevoer, 'n beweging met 'n klein begin wat egter spoedig in mag toegeneem het. Die eerste taak van die „progressiewes" was om die burgers polities op te voed en aan die kiesers die gevare wat die beleid van president Kruger ingehou het, bloot te lê. Deur gebruikmaking van koerante het hulle 'n aktiewe veldtog gevoer, waardeur die „progressiewes" daarin geslaag het om die meer verligte burgers te oortuig dat die voortbestaan van die Republiek slegs verseker kan word deur die skepping van 'n goeie verstandhouding met die nuwelinge en die amalgamasie met hulle wat wens om burgers van die Republiek te word.

4) Vir meer besonderhede oor die ontstaan en ontwikkeling van die „progressiewe" denkrigting sien Gordon: a.w., p.230-253.

5) Coetzee, J. Albert: a.w., p.249.

Vanselfsprekend het die „progressiewes" heelwat slegsêery verduur en is hulle „Britte" en verraaiers genoem. Die „progressiewes" het hulle egter hierdeur geensins laat afskrik nie en gou talle aanhangers op die platteland verwerf. „These formed themselves into several associations, ultimately merging into one powerful combination; and it soon became evident that the majority, or all but the majority, of the Burghers were on their side", aldus Carl Jeppe.⁶⁾ 'n Intensiewe stryd om die beheer in die hande te kry was die volgende stap en die presidentsverkiesing van 1893 het aan die „progressiewes" die geleentheid gebied om hulle krag te toets. Die „progressiewes" het die stryd teen president Kruger aangeknoop en in die persoon van kmdt.-genl. Joubert hulle kandidaat gestel,⁷⁾ 'n kandidaat wat in teëstelling met Kruger meer vertroue in die Engelse uitlander as potensiële Afrikaner gehad het.⁸⁾

I Stigting van verkiesingskomitees

Die „progressiewes" of Joubertondersteuners, het die verkiesingstryd van 1893 met alle erns aangepak. Voordat Joubert hom nog as kandidaat vir die presidentskap verkiesbaar gestel het, is 'n sentrale verkiesingskomitee vir die bevordering van sy kandidatuur saamgestel

6) Jeppe, Carl: The kaleidoscopic Transvaal. London, Chapman & Hall Ltd., 1906. p.172.

7) Ibid., p.171-172. Vgl. ook Fitzpatrick: a.w., p.86; Coetzee, J. Albert: a.w., p.249-251; Klerksdorp Mining Record, 11 Feb. 1893 (hoofartikel).

8) Coetzee, J. Albert: a.w., p.249.

met die heer Ewald Esselen, leier van die „progressiewes”,⁹⁾ as voorsitter.¹⁰⁾ Op 4 Augustus 1892 kon die verkiesingsorganisasie vir Joubert volstoom begin fungeer nadat die Kommandant-generaal aan 'n deputasie van die sentrale komitee bevestig het dat hy verkiesbaar is.¹¹⁾ Land en Volk het geredelik opgetree en die voortou geneem met die volgende oproep aan die burgers: „Laten de vrienden van Generaal Joubert zich overal bij elkaar scharen, en waar dit nodig is Comite's vormen.”¹²⁾ Die oproep het nie op dowe ore geval nie en spoedig is dwarsdeur die Republiek goed bygewone openbare vergaderings gehou met die doel om verkiesingskomitees saam te stel.¹³⁾ Blykens 'n be= rig uit Lichtenburg is verkiesingskomitees nie in die deel van die Re= publiek saamgestel nie en het 'n „afgevaardigde” van Pretoria 'n by= eenkoms van burgers toegesprek „om te trachten comite's te stichten ten faveure van Generaal Joubert's Presidentskap”. Skynbaar het die „afgevaardigde” nie veel sukses aldaar behaal nie want behalwe in die dorp self is daar geen komitees in die distrik gestig nie.¹⁴⁾

9) Fitzpatrick: a.w., p.86.

10) De Volksstem, 16 Nov. 1892 (berig).

11) Ibid., 9 Aug. 1892 (sien verklaring in advertensiekolomme). Sien ook p.154-155 hieronder.

12) Land en Volk, 11 Aug. 1892.

13) Komitees is o.a. gestig te Heidelberg en Middelburg (Land en Volk, 18 Aug. 1892); Zeerust en Losberg (ibid., 8 Sept. 1892); Roos Senekal en Krugersdorp (ibid., 15 Sept. 1892); Rustenburg (ibid., 22 Sept. 1892); Hartebeesfontein (ibid., 29 Sept. 1892); Lyden= burg (ibid., 20 Okt. 1892); Klerksdorp (Klerksdorp Mining Record, 21 Sept. 1892).

14) Land en Volk, 10 Nov. 1892.

II Werk van die verkiesingskomitees

Die lede van die verkiesingskomitee het met ywer gewerk om die presidentskap vir Joubert te verseker. Sommige Joubertondersteuners was so entoesiasies dat hulle te Roodewal 'n voorlopige komitee saamgestel het om voorverkiesingstake soos die ondertekening van rekwisisies te onderneem. Op 'n latere datum is te Zandspruit, distrik Pretoria, 'n openbare vergadering gehou ten einde 'n vaste komitee te stig en die werk van die voorlopige komitee verder voort te sit.¹⁵⁾

A Hou van vergaderings

Die Joubert-verkiesingskomitees het die waarde van openbare vergaderings terdeë besef en oral in die Republiek vergaderings belê om kmdt.-genl. Joubert se kandidatuur te bespreek.¹⁶⁾ Die komitee te Heidelberg het dit selfs gerade geag om nege verskillende byeenkomste in die distrik te beplan om die gevoelens van die burgers oor die kandidatuur van Joubert te wete te kom.¹⁷⁾ Hierdie onderneming van die hoofkomitee van Heidelberg was suksesvol en na afloop van die eerste week se byeenkomste kon gerapporteer word dat die vergaderings goed bygewoon is en „Weinig of geen opposisie teen Gen. Joubert werd gevonden.”¹⁸⁾

15) Ibid., 8 Sept. 1892 (berig).

16) Vir vergaderings gehou sien o.a. berigte in Ibid., 8 Sept. 1892; 29 Sept. 1892; 6 Okt. 1892; 13 Okt. 1892; 27 Okt. 1892; 3 Nov. 1892; 29 Des. 1892.

17) Ibid., 29 Sept. 1892 (skrywe van Het werkend Comité).

18) Ibid., 6 Okt. 1892 (berig).

In ooreenstemming met die sienswyse van die „progressiewes” is die beleid van president Kruger op die meeste vergaderings gekritiseer terwyl Joubert aangeprys is as toekomstige president. Sprekers het vrylik opinies gelug oor die outokratiese optrede van die President, die konsessiebeleid, verkwisting van staatsgeld, spoorwegbeleid, die finansies van die Republiek¹⁹⁾ en Joubert voorgehou as die man „die niet alleen een verandering maar ook een verbetering tot stand zoude brengen.”²⁰⁾

Die samekoms van groot getalle burgers met nagmaalsvierings was ideale geleenthede vir die verkiesingskomitees om byeenkomste te reël.²¹⁾ Waar 'n groot samekoms van burgers verwag is, het vooraanstaande figure van die sentrale komitee, soos die voorsitter Ewald Esselen, die taak op hom geneem om die wyk te besoek. Met sy besoek aan Rustenburg het Esselen egter nie openbare vergaderings toegesprek nie maar in plaas daarvan is verskeie geheime vergaderings gehou. Geskrifte, waarskynlik rekwisities, is egter ten voordele van Joubert onder die publiek in omloop gebring.²²⁾ In 'n enkele geval het die „nagmaal-byeenkomste” blykbaar nie aan die verwagting voldoen nie, omdat min burgers die nagmaalviering bygewoon het. Luidens 'n berig uit Pietersburg was die byeenkoms wat tydens die nagmaal van die Verenigde Kerk gereël is „a wretched failure, only seventeen wagons being

19) Vir verslae oor vergaderings sien o.a. *ibid.*, 27 Okt. 1892; 8 Sept. 1892; 29 Sept. 1892; 3 Nov. 1892.

20) *Ibid.*, 3 Nov. 1892 (berig).

21) *Ibid.*, 6 Okt. 1892 (berig); De Volksstem, 4 Okt. 1892 (berig).

22) Sien p.115 hierbo. Vgl. ook De Volksstem, 4 Okt. 1892 (berig).

here".²³⁾

B Die ondertekening van rekvisisies

Die Joubert-verkiesingskomitees het alles in hulle vermoë gedoen om die rekvisisies vir hulle kandidaat deur soveel moontlik stemgeregtigde burgers te laat onderteken. Daarvoor het die komiteelede burgers aan huis besoek en rekvisisies op openbare vergaderings gesirkuleer om onderteken te word.²⁴⁾ Die getalle ondertekenaars vir beide Kruger en Joubert is sorgvuldig in elke wyk en distrik bereken waarvolgens afleidings gemaak is wie die presidentsverkiesing in die betrokke distrik gaan wen.²⁵⁾ Met groot luister het Land en Volk op 24 November 1892 aangekondig dat Joubert 3,259 meer „stemme" verkry het as Kruger,²⁶⁾ dog volgens die finale telling het dit geblyk dat die getalle ondertekenaars feitlik gelykop verdeel was tussen die twee kandidate.²⁷⁾

De Volksstem het heftig kapse aangeteken teen „de jacht op naamtekeningen en de wedijver der Krugerianen en der Joubert-mannen om mekaar in aantal van naamtekeningen te overtreffen, met andere woorden om aan de requisitie-affaire den schijn te geven en de waarde

23) The Press, 3 Okt. 1892. Sien ook De Volksstem, 4 Okt. 1892 (berig).

24) Vir berigte oor die ondertekening van rekvisisies sien o.a. Land en Volk, 8 Sept. 1892; 22 Sept. 1892; 29 Sept. 1892; 6 Okt. 1892; 27 Okt. 1892; 3 Nov. 1892.

25) Sien o.a. berigte in *ibid.*, 8 Sept. 1892; 6 Okt. 1892; 3 Nov. 1892.

26) *Ibid.*, 24 Nov. 1892 (tweede hoofartikel).

27) Krüger: a.w., p. 137.

te hechten van een verkiezinkje".²⁸⁾ Die soeke na naamtekeninge het ongetwyfeld ongerymdhede ten gevolge gehad soos o.a. blyk uit 'n verklaring van Albrecht Jeppe. Volgens hom het sy naam verskyn op 'n rekwisisie vir president Kruger en hy ontken dat hy sodanige rekwisisie onderteken het of gevra was om dit te doen.²⁹⁾

Omdat die „progressiewes" reeds met die ondertekening van die rekwisisies hulle krag wou monster, het hulle besondere waarde geheg aan die getalle ondertekenaars want 'n suiwer finale resultaat kon dien as barometer vir die aanstaande presidentsverkiesing. Die naamtekeninge is nagegaan en die Joubertondersteuners het heelwat besware teen die ondertekening van die rekwisisies gehad.

Een van die vernaamste besware was dat persone op die rekwisisies geteken het wat nie stemgeregtig was nie aangesien die totale getal ondertekenaars die stemgeregtigde burgers van die Z.A.R. met 3,500 oorskry het.³⁰⁾ 'n Verdere aanklag was dat die Regering nie die name van die ondertekenaars in die Staatscourant wou publiseer nie. Vir die Joubert-groep was dit voldoende bewys dat nie-stemgeregtigdes op die lysie van Kruger moes geteken het,³¹⁾ aangesien die rekwisisies van Joubert vir inspeksie oopgestel is terwyl dié vir Kruger geheim gehou

28) De Volksstem, 23 Nov. 1892 (Praatjes van den dag). Sien ook p.3-4 hierbo.

29) Land en Volk, 26 Des. 1892.

30) *Ibid.*, 24 Nov. 1892 (hoofartikel). Vgl. ook *ibid.*, 29 Des. 1892 (brief van G. J. Wolfaard).

31) *Ibid.*, 8 Des. 1892 (tweede hoofartikel).

is.³²⁾ 'n Beskuldiging van bedrog het ook nie agterweê gebly nie want by die telling van die naamtekeninge sou van die name op die lysie vir Joubert weggelaat wees terwyl daar by dié van Kruger nog bygevoeg

is.³³⁾

'n Beskuldiging waarin die stryd om naamtekeninge weerspieël word maar wat terselfdertyd ook 'n bedekte verdagmakery teen Kruger bevat, is dié wat deur 'n Joubertondersteuner ingebring is teen die datum van indiening van die rekwisities. Volgens hom is dié datum vervroeg wat tot gevolg gehad het „dat het Centraal Comité in allen haast met de requisities voor Gen. Joubert ging werken en ettelijke requisities heeft ingeroepen die nog aan het circuleere waren, en uit sommige distrikten maar slechts een vierde der requisities kon in krijgen". Later is die datum egter verander na 1 Desember, dus 'n slinkse streek waardeur die Kruger-komitee 15 dae langer geleentheid gehad het om rekwisities te laat teken.³⁴⁾ Hierdie beskuldiging verdien nadere toeligting aangesien daar nooit sodanige besluit is nie. 'n Besluit van die Eerste Volksraad op 26 Augustus 1892 het slegs bepaal dat die rekwisities en die antwoorde van die kandidate nie later as 1 Desember in die Staatscourant gepubliseer mag word nie en geen voorsiening is gemaak vir 'n laaste datum waarop dié dokumente die Uitvoerende Raad moes bereik nie.³⁵⁾ By wyse van goewermentskennisgewing nr. 343, wat gelykty-

32) Ibid., 24 Nov. 1892 (tweede hoofartikel).

33) The Transvaal Advertiser, 21 Nov. 1892 (artikel); De Volksstem, 23 Nov. 1892 (artikel).

34) Land en Volk, 24 Nov. 1892 (skrywe van Stemgerechtigd Burger).

35) E.V.R. 51: Notule van die Eerste Volksraad, art. 1291.

dig met die besluit van die Eerste Volksraad in die Staatscourant gepubliseer is, is dié datum op 15 November vasgestel.³⁶⁾ Beide hierdie besluite het van 21 September 1892 af tot en met die verkiesing in 1893 in elke uitgawe van die Staatscourant verskyn en is nie een deur 'n ander besluit vervang nie. Die beskuldiging van „Stemgerechtigd Burger“ dat die rekwisisies vir Joubert in alle haas geteken moes word, hou dus nie steek nie. Die datum 15 November is feitlik deurgaans aanvaar as die finale datum waarop die rekwisisies en antwoorde van die kandidate by die Uitvoerende Raad moes wees. Die antwoorde van Joubert en Kruger dra respektiewelik die datums van 14³⁷⁾ en 15³⁸⁾ November terwyl die meeste rekwisisies vir Kruger nie later as 15 November gedateer is nie.³⁹⁾ Rekwisisies vir die onderskeie kandidate is egter nog na 15 November ingedien⁴⁰⁾ omdat die volgende verduideliking volgens De Volksstem aan bogenoemde besluite geheg word: „Bij Volksraadbesluit werd als datum van sluiting voor ontvangst der requisities en het geven van antwoord daarop bepaald 1 December. Het moet dus goed verstaan worden dat, ofschoon de Uitv. Raad een besluit nam om tot 15 November requisities in te wachten, stemgerechtigde burgers nog toegelaten worden om tot 1 December requisities te teken en op te sturen, indien zij daartoe lust mochten gevoelen.“⁴¹⁾

36) Sien p. 11 hierbo.

37) Byvoegsel tot die Staatscourant der Z.A.R., 30 Nov. 1892.

38) S.S. 3523, R 13225/92.

39) Ibid., 3523; 3524; 3525.

40) Sien o.a. De Volksstem, 26 Nov. 1892.

41) Ibid., 19 Nov. 1892.

Die beskuldiging van „Stemgerechtigd Burger" berus dus óf op verskil in interpretasie van die genoemde besluite óf op doelbewuste, kwaadwillige beskuldiging teen Kruger.

Die mondstuk van die Krugerondersteuners, De Volksstem, het nie veel waarde geheg aan die getal ondertekenaars vir Joubert nie en nie daaraan gedink „om daaruit de conclusie te trekken dat de overwinning bij de stembus feitelijk reeds door de partij van onzen Commandant-Generaal behaald is".⁴²⁾

C Uitreiking van verkiesingsmanifeste

Om die kandidatuur van kmdt.-genl. Joubert te bevorder is verskillende manifeste uitgereik deur die Joubert-verkiesingskomitees. Die komitees het op verskeie plekke self die inisiatief geneem om manifeste op te stel ter verspreiding onder die burgers en publikasie in koerante. Hoewel sommige van hierdie geskrifte onder die naam „manifest" verskyn het, kan dit in die ware sin van die woord nie as manifest beskou word nie omdat dit feitlik geen bekendmaking van Joubert bevat nie, maar in krasse taal beskuldiging teen president Kruger geslinger het.

In een sodanige manifest wat uitgereik is deur die Joubert-komitee te Wakkerstroom⁴³⁾ word die noodsaaklikheid beklemtoon om 'n beleidsverandering te verkry en daarom is dit nodig „eene verandering te maken in den President's zetel". As rede hiervoor word op ondubbelsin

42) Ibid., 15 Nov. 1892.

43) Gepubliseer in Land en Volk, 1 Sept. 1892.

nige wyse 'n aantal besware ⁴⁴⁾ teen die beleid van Kruger voorgehou waarmee die opstellers hulle hipotese wou staaf. Voorts word die „hoogst bespottelike voorloopige requisitie" aan Kruger bespreek wat deur sy „Hollandsche kliek" uitgevaardig is. Die inhoud van die rekwisitisie is skerpsinnig ontleed en die hoofgedagtes wat daarin vervat is, verwerp, waarna die manifestkrywers tot die slotsom kom: Kruger se „eerste politiek was goed, maar zijn laatste toont ons dat hij geheel en al omgekeerd heeft, en nu drukt en belast hij het volk, die hij geholpen heeft te bevrijden; nog zwaarder als zijn ooit verdrukt waren en dat ter wille van vreemden!" Wat die kandidatuur van Kotzé ⁴⁵⁾ betref, word hy enersyds geëer as hoofregter maar andersyds beskou as instrument om die stemme van Joubert te verdeel om sodoende die herkiesing van Kruger te verseker. Die burgers word ook gewaarsku dat „Slimme advocaten en anderen zullen U bezoeken" en in vloeiende „Hollandsche taal" die „ware toestand toedekken en verkeerd uitleggen" ten einde „Uwe stem voor een of ander (d.i. Kruger of Kotzé) te krijgen". Van Joubert self word nie veel gesê nie behalwe dat hy „een getrouwe, eerlijke en standvastige landsvader" is. Daarbenewens bevat dié manifest dus behalwe kritiek teen Kruger en sy ondersteuners geen opgawe van redes waarom juis Joubert verkies moet word nie.

Die bitsigheid waarmee teen Kruger geskryf is, het nie algehele goedkeuring weggedra nie en selfs Koloniale blaaië het daarteen beswaar gemaak. So haal die Zoutpansberg Review bv. die volgende uit so 'n

44) Sien p.20, 28 en 38 hierbo.

45) Sien p.160-179 hieronder.

blad aan: „Als men de verschillende stukken door de Joubert-party onder het volk verspreid, leest, dan komt hun geheele pleit voor hun kandidaat daarop neer, dat de Kruger regeering, en mitsdien Kruger zelf, zoovele misstappen, gruweldaden ja schanddaden heeft begaan.”⁴⁶⁾

Van die Joubertondersteuners het egter besef dat deur die „voortdurende schelden en lasteren” teen president Kruger 'n verkeerde rigting ingeslaan is omdat „zy in plaats van de burgers van den heer Kruger te verwyderen en naar den heer Joubert te dryven, eerder het tegendeel bewerkten”.⁴⁷⁾ Te Potchefstroom het die opstellers van 'n manifest⁴⁸⁾ ten gunste van Joubert hierdie waarheid besef en gevolglik in hulle geskrif minder veroordelend opgetree. In dié manifest is eerstens 'n uiteensetting van redes gegee waarom daar ontevredenheid bestaan oor die beleid van Kruger. Hierna het die skrywers die drie kandidate, te wete Kruger, Kotzé en Joubert, teenoor mekaar op so 'n wyse opgeveeg dat dit oorgelaat word aan die rede en oordeel van die kiesers om self te kies.

D Werksaamhede op die dag van stemming

Die Joubert-komitees het besef dat hulle kandidaat, indien hy die verkiesing wen, nie 'n wegholoorwinning sou behaal nie. Elke moontlike stem moes dus vir Joubert verkry word en daarom het verskeie komitees spesifieke take aan komiteelede opgedra met die oog op die stem-

46) Zoutpansberg Review, 16 Jan. 1893 (oorgeneem uit Paarl).

47) De Pers, 6 Okt. 1892 (artikel).

48) Gepubliseer in De Potchefstroomer, 22 Sept. 1892.

dag. Op Vryheid is besluit dat komiteelede moet sorg dat alle belanghebbendes en stemgeregtigde burgers hulle stem vir Joubert uitbring,⁴⁹⁾ terwyl hulle ampsgenote op Zeekoehoek, indien nodig op eie koste, noukeurig moes toesien dat alle stemgeregtigdes by die stembus opdaag.⁵⁰⁾ Skynbaar het by 'n enkele komitee die suspisie bestaan dat daar ten koste van Joubert die een of ander vorm van oneerlikheid by die stembus kan plaasvind. Om die rede is op Krugersdorp twee komiteelede gekies met die opdrag „om bij de stembussen te waken en vermoedelijk bedrog te voorkomen”.⁵¹⁾

Die Joubert-komitees het hulle onderskeie self opgelegde take deurgaans met ywer en oortuiging aangepak en daarom het hulle daadwerklike sukses behaal soos blyk uit die finale uitslag van die verkiesing.⁵²⁾ In 1893 het Joubert die presidentsverkiesing naelskraap verloor terwyl hy in die verkiesing van 1883, 1888 en 1898 bedroë uit die stryd getree het. Sy 1893-„sukses” het hy in 'n groot mate te danke gehad aan die geesdrif waarmee sy ondersteuners sy kandidatuur gepropageer en vir hom georganiseer het.

III Die „National Union”

Op 22 Augustus 1892 het die uitlanders weens hulle talle griewe teen die Regering 'n definitiewe georganiseerde uitlanderbeweging, nl. die

49) Land en Volk, 27 Okt. 1892 (berig).

50) Ibid., 26 Jan 1893 (skrywe van J.M. Cornelius).

51) Ibid., 12 Jan. 1893 (notule van vergadering).

52) Sien p. 219 hieronder.

„Transvaal National Union", tot stand gebring. Volgens die stigters was die doel van die „Union" die instandhouding van die onafhanklikheid van die Republiek, politieke gelykheid vir alle burgers en die verwydering van bestaande griewe van die uitlanders. Die uiteindelijke doelwit van die organisasie was egter die vernietiging van die Republiek.⁵³⁾

Spoedig het die „National Union" op allerlei wyse teen die Regering begin agitêr, griewe bymekaar geskraap en die bevolking van Johannesburg gedurig in beroering gehou.⁵⁴⁾ Geen wonder dat die meer „konserwatiewe" burgers die „Union" as 'n bedreiging vir die onafhanklikheid van die Republiek gesien en gevolglik die vereniging met agterdog bejeën het nie.

A Die „National Union" en die kandidatuur van kmdt.-genl. Joubert.

Omdat kmdt.-genl. Joubert of sy ondersteuners nooit 'n beleidsverklaring uitgereik het nie, kon die Krugerondersteuners hom nie oor sy toekomstige politiek kritiseer nie. Die sentrale verkiesingskomitee vir Joubert het egter die deure vir kritiek wawyd oopgestel omdat sy voorsitter, Ewald Esselen, weens sy optrede in verband met die „National Union" as „de voorvechter der Jingo Transvaalsche Unie", bestempel is.⁵⁵⁾ Die „konserwatiewes" het hierdie indirekte verbintenis van Joubert met die „progressiewes" ten volle uitgebuit.

53) Muller: a.w., p.254. Sien ook Van Oordt: a.w., p.569.

54) Bredell & Grobler: a.w., p.117.

55) De Volksstem, 21 Sept. 1892 (artikel). Vgl. ook *ibid.*, 15 Okt. 1892 (tweede hoofartikel); 23 Nov. 1892 (hoofartikel); 29 Nov. 1892 (artikel).

Die verbintenis tussen Esselen, die „National Union" en die verkiesingsorganisasie van Joubert het baie verdag voorgekom en die vraag laat ontstaan waarom die „Union" die kandidatuur van Joubert steun. Hierop het De Volksstem op ondubbelsinnige wyse geantwoord dat die „National Union" staat maak op die hulp van „President Joubert" om hulle politiek verwesenlik te kry en daarom doen die „Union" alles in sy vermoë om Kruger in onguns by die volk te bring om sodoende die kandidatuur van Joubert te bevorder. Volgens die blad sou die „Union" slegs sy politieke oogmerke kon bereik indien Joubert president word omdat „zij hem zwakker weten dan de heer Kruger" en nie omdat Joubert bekwaam is as Kruger nie.⁵⁶⁾

Die voorsitterskap van Esselen in die sentrale verkiesingskomitee vir Joubert het 'n verdere vraag uitgelok en wel of Joubert die politieke gedagtes van Esselen goedkeur, en daaruit voortvloeiend, of hy nie miskien deel in die staatkundige geloofsbelydenis van Esselen nie. Hierdie gedagte moes vir Joubert in 'n moeilike posisie geplaas het, veral na= dat De Volksstem voortdurend op 'n verklaring van sy kant begin aandr= dring en selfs by implikasie beweer het dat die opinie begin posvat dat Joubert gunstig, in alle geval nie ongunstig nie, gesind is teenoor die „National Union".⁵⁷⁾

56) Ibid., 26 Nov. 1892. Vgl. ook ibid., 14 Sept. 1892 (hoofartikel); 22 Nov. 1892 (artikel); De Pers, 1 Sept. 1892 (skrywe van Ou Mal Jannenaar); Zoutpansberg Review, 24 Okt. 1892 (tweede hoofartikel); 9 Jan. 1893 (tweede hoofartikel); Mouton: a.w., p. 127.

57) De Volksstem, 1 Okt. 1892 (hoofartikel); 23 Nov. 1892 (hoofartikel). Sien ook ibid., 18 Okt. 1892 (hoofartikel); De Pers, 6 Okt. 1892 (artikel); Mouton: a.w., p. 126-127.

'n Denkrigting onder die „konserwatiewes" wat die kandidatuur van Joubert beslis nadelig moes beïnvloed het, was dat Joubert, indien hy tot president verkies word, die druk van die „National Union" wat tot sy verkiesing bygedra het, nie sou kon weerstaan nie. Die „National Union" sou vir Joubert so kon manipuleer dat die „Union" sy hoofdoel= stelling nl. algemene stemreg verkry waardeur die onafhanklikheid van die Republiek in gedrang kom.⁵⁸⁾ Vanselfsprekend was die voortbestaan van die onafhanklikheid van die Republiek vir die deursnee burger 'n teer saak en daarom sou die uitspraak van die „konserwatiewes" diegene wat onder die invloed van die „progressiewes" begin kom het, tot versigtigheid maan.

B Die invloed van die „National Union" op die kandidatuur van kmdt.-genl. Joubert

Volgens De Potchefstroomer het die verhouding tussen die leiers van die „National Union" en Ewald Esselen by die burgers agterdog verwek - indien nie teen Joubert self nie, dan teen diegene wat sy kandidatuur voorgestaan het,⁵⁹⁾ en dit het spoedig deurgeskemer dat die verbinde= nis tussen die „National Union" en die Joubert-verkiesingskomitee die Kommandant-generaal heelwat stemme kan kos want, skryf die Zoutpansberg Review, „Een ding is zeker dat niets de kandidatuur van

58) Vgl. Zoutpansberg Review, 9 Jan. 1892 (tweede hoofartikel); De Volksstem, 22 Nov. 1892 (artikel); 14 Sept. 1892 (hoofartikel); 8 Nov. 1892 (brief van Wachter); Mouton: a.w., p.127.

59) Mouton: a.w., p.127. Sien ook De Volksstem, 29 Nov. 1892 (oor= geneem uit De Potchefstroomer); 8 Nov. 1892 (brief van Wachter); 23 Nov. 1892 (hoofartikel).

den Generaal meer kwaad kan hebben gedaan dan Advocaat Esselens optreden op het platform der Nationale Unie te Johannesburg."⁶⁰⁾

'n Definitiewe reaksie teen die onderlinge betrekking tussen die „National Union" en verkiesingsorganisasie vir Joubert het vanuit Krugersdorp gekom soos blyk uit 'n brief van B. Viljoen, lid van die berede polisie te Johannesburg, aan Ewald Esselen.⁶¹⁾ Tydens die stigting van 'n tak van die „National Union" aldaar het dit ter sprake gekom dat die „Union" Joubert steun en dat hy die „principe van de Unie goed=keurt", nl. om aan die uitlanders stemreg te gee. Die gevolg hiervan was dat 'n sekere Du Plooy, blykbaar 'n vooraanstaande Joubertondersteuner, nie verder vir Joubert wou werk nie en Bodenstein, 'n Kruger=ondersteuner, hom nou onder sy invloed het en as „handlanger" gaan gebruik om ander Joubert-gesindes af te rokkel. Viljoen wat 'n vlugtige besoek aan Krugersdorp gebring het, het egter vir Du Plooy omgehaal „om tog mar moedig vast te staan", dog na die vertrek van eersgenoemde „geef hy weder in". Hierdie gebeure het vir Viljoen wat die Transvalers as bekrompe beskou, baie verontrus. Hy dring gevolglik by Esselen aan om werk daarvan te maak dat Joubert dadelik in die openbaar verklaar dat hy (d.i. Joubert) niks met die „Union" te doene het nie. Ook versoek hy Esselen om iemand na Krugersdorp te stuur en vir Du Plooy telegrafies laat weet dat die kanse van Joubert so goed is as ooit tevore. Die uitlating oor Joubert se houding teenoor die „Union" het

60) Zoutpansberg Review, 31 Okt. 1892. Sien ook De Volksstem, 26 Okt. 1892 (oorgeneem uit Ons Land).

61) Joubert-versameling 714, B. Viljoen aan Ewald Esselen, 12 Des. 1892. Hierdie brief is dus nie soos Mouton beweer gerig aan kmdt.-genl. Joubert nie. Mouton: a.w., p.127.

nie net die misnoeë van Du Plooy ten gevolg gehad nie maar die „Union” het ontevredenheid onder die burgers te Krugersdorp veroorsaak wat volgens Viljoen ernstiger is as wat hy dit in sy brief voorstel. Vir die kandidatuur van Joubert het die Krugersdorpse voorval niks goeds ingehou nie en hy kon sy posisie aldaar slegs red deur openlik bekend te maak wat sy houding is teenoor die „Union”.

Die verhouding Joubert-„National Union” het feitlik dwarsdeur Transvaal weerklank gevind en Joubert moes dikwels vrae in die verband⁶²⁾ beantwoord tydens sy reise deur die Republiek om wapenskouings by te woon.⁶³⁾ Deurgaans het Joubert ontken dat hy enige verbintenis met die „Union” het. So het hy byvoorbeeld op 2 Januarie 1893 te Malanskraal openhartig verklaar: „Ik heb er hoegenaamd niets mede te doen, en het er geen sympathie mede.”⁶⁴⁾ Joubert moes besef het dat daar onder die burgers bedenkinge oor sy ware patriotisme begin ontstaan het en dat hy die saak in die reine moes bring deur openbaar te maak wat sy standpunt teenoor die „Union” is. Dit doen hy dan ook op 10 Januarie 1893 en hy maak taktvol van die mondstuk van die „konserwatiewes”, De Volksstem, gebruik om te ontken dat hy lid van die „National Union” is.⁶⁵⁾ Hierdie verklaring het in De Volksstem verskyn onderwyl Joubert besig was met wapenskouings in die oostelike dele van die Republiek. Op Ermelo was daar blykbaar sterk gerugte in omloop dat Joubert wel lid is van die „Union” en hy het dit gerade geag om weer

62) Sien p.151 hieronder.

63) Sien onderafdeling IV hieronder.

64) Land en Volk, 2 Feb. 1893.

65) Mouton: a.w., p.127.

eens sy posisie te verduidelik; daarom versoek hy Land en Volk per telegraaf om namens hom „ten eene maal te ontkennen dat hij lid van die Unie is of dat hij ooit direct of indirect eenige communicatie met de Unie mannen gehad heeft".⁶⁶⁾ Hoewel Joubert die „National Union" gerepudieer het, het die skynbaar nie die verwagte uitwerking gehad nie.⁶⁷⁾ Twyfel oor die opregtheid van sy verklaring het bly voortbestaan omdat hy die indirekte rol wat die „Union" deur Esselen in sy verkiesingskomitee speel, nie afgekeur het nie.

IV Persoonlike optrede van kmdt.-genl. Joubert

A Wapenskouings bygewoon gedurende 1892-'93

Dit is opmerklik dat die wapenskouings wat Joubert as kommandant-generaal moes uitvoer gereël was op die vooraand van die verkiesing. Gedurende Oktober en November van 1892 het hy 'n reis na dele van Oos-Transvaal onderneem waar hy wapeninspeksies en byeenkomste bygewoon het.⁶⁸⁾ Vanaf 24 November tot 22 Desember 1892 het hy 'n uitgebreide wapenskouingreis deur Wes-Transvaal en daarvandaan na Rustenburg onderneem.⁶⁹⁾ Hierdie reis van Joubert het enkele dae voor die meer uitgebreide amptelike reis van Kruger⁷⁰⁾ na die westelike distrikte 'n aanvang geneem en die twee kandidate sou dus kort na

66) Land en Volk, 12 Jan. 1893.

67) Krüger: a.w., p.137.

68) Vir datums en plekke van wapenskouings sien Land en Volk, 13 Okt. 1892.

69) Vir reisplan sien Joubert-versameling, 56 C.

70) Sien p.97 hierbo.

mekaar in dieselfde gebied byeenkomste hou. Volgens De Potchefstroomer het die President voorgestel dat sy reis en dié van Joubert gekombineer word om die burgers die moeite te bespaar om twee keer kort na mekaar byeen te kom.⁷¹⁾

Die uitnodiging moes vir Joubert in 'n moeilike posisie geplaas het omdat so 'n gesamentlike reis niks goeds vir sy kandidatuur kon inhou nie. Joubert moes beseft het dat hy as kommandant-generaal ondergeskik is aan die President en daarom kon hy volgens protokol die President nie in die openbaar opponeer nie. 'n Verdere oorweging waarmee Joubert gekompromitteer was, is dat 'n gesamentlike byeenkoms van Joubert en Krugerondersteuners tot wanordelikheid kon lei omdat die gemoedere van die burgers op die tydstip baie opgesweept was weens die talle beskuldiginge wat die onderskeie groepe teen mekaar geslinger het. Die deurslaggewende faktor wat vir Joubert moes laat besluit het om nie die uitnodiging te aanvaar nie en sy eie reisprogram te volg was waarskynlik dat hy nie teen die sterk persoonlikheid van Kruger opgewasse is nie en dat hy bedroë daarvan sou afkom indien hy verplig word om sy kandidatuur te verdedig deur die besware van sy ondersteuners teen Kruger te staaf. Vir De Potchefstroomer was hierdie besluit van Joubert nie net 'n komiese insident in die verkiesingsveldtog nie maar die blad het ook daarin 'n interessante skouspel sien verlore gaan „van een telkens herhaalde openbare argumentatie" tussen die twee kandidate vir die presidentskap.⁷²⁾

71) De Potchefstroomer, 1 Des. 1892.

72) Ibid.

Vroeg in 1893, van 6 tot 23 Januarie, het Joubert 'n derde wapenskouingreis onderneem waartydens hy besoek afgelê het aan die gebiede Bethal, Piet Retief, Vryheid, Utrecht, Doornkop, Standerton, Greylingstad en Heidelberg.⁷³⁾

B Byeenkomste word gereël onmiddellik na afloop van die wapenskouings

'n Krugerondersteuner het voorspel dat Joubert „zou rond gaan om bijeenkomsten te houden om zijn candidatuur te steunen onder den naam van wapenschouwingen".⁷⁴⁾ Hierdie voorspelling was nie vergesog nie want na afloop van elke wapenskouing is daar 'n vergadering gehou alwaar die burgers geleentheid gehad het om aan Joubert vrae te stel.⁷⁵⁾ Die meeste vrae het gehandel oor sake wat direk onder die aandag van die burgers was, nl. die griewe wat die Joubertondersteuners teen die beleid van Kruger ingebring het.⁷⁶⁾ Joubert het hierdie vrae op so 'n wyse beantwoord dat hy nie net die kritiek van sy ondersteuners onderskryf het nie, maar dat hy homself ook gevrywaar het van enige aanspreeklikheid.

Op verskillende byeenkomste is aan Joubert vrae gestel oor die staatsskuld. Op Wakkerstroom het hy hierdie vraag in besonderhede beantwoord deur die verskillende lenings en rente wat daarop betaal moes

73) Vir reisplan sien Joubert-versameling, 56 d.

74) De Volksstem, 13 Des. 1892 (brief van W. Roosterman).

75) Sien o.a. berigte in Land en Volk, 27 Okt. 1892; 17 Nov. 1892; 24 Nov. 1892; 29 Des. 1892; 26 Jan. 1893; 2 Feb. 1893; De Volksstem, 15 Nov. 1892; De Potchefstroomer, 1 Des. 1892.

76) Sien p.15-94 hierbo.

word noukeurig te noem.⁷⁷⁾ Op 5 November 1892 het hy dieselfde vraag te Bronkhorstspruit beantwoord deur te sê dat hy „niet bij alle zaken tegenwoordig geweest was" en dat hy self dikwels die koerante moes raadpleeg.⁷⁸⁾ Joubert was dus, ten spyte van sy hierbo genoemde uiteensetting, self nie op hoogte van die finansiële stand van die Republiek nie. Tog het hy in hoof trekke 'n opsomming van die staatskuld gegee en die totale skuld op £4,500,000 (R900,000,000) gestel - 'n syfer wat hy nie konstant gehandhaaf het nie. Op latere datums het hy volgens berigte uit die distrik Heidelberg⁷⁹⁾ Vryheid⁸⁰⁾ en Malans=⁸¹⁾ kraal, die bedrag van £5,500,000 (R11,000,000) genoem.

Wat die sluiting van lenings betref het Joubert skouerophalend vrae in die verband beantwoord. Op die hierbo genoemde byeenkoms te Wakkerstroom het hy kortliks sy aandeel in die sluiting van sekere lenings geskets en bv. die volgende oor die Robinson-lening⁸²⁾ gesê: „Ik was in Barberton toen de £100,000 van Robinson geleend werd. Van dit geld werd geen rekenschap aan mij gegeven nog werd mijn toestemming voor de lening gevraagd."⁸³⁾ 'n Antwoord soos hierdie het die President onder verdenking geplaas en die kritiek teen hom by monde van die Kommandant-generaal bevestig.

77) Land en Volk, 27 Okt. 1892.

78) De Volksstem, 15 Nov. 1892.

79) Land en Volk, 16 Jan. 1893.

80) *Ibid.*, 26 Jan. 1893.

81) *Ibid.*, 2 Feb. 1893.

82) Sien p.28-29 hierbo.

83) Land en Volk, 27 Okt. 1892.

Vrae oor die spoorwegmaatskappy het nou saamgehang met dié oor finansies. Sover dit die spoorwegprogram self aangaan, het Joubert vroeg in 1892 op Barberton gesê dat hy nie teen die Delagoabaailyn gekant is nie, tewens hy was ten gunste daarvan omdat hy Delagoabaai beskou as die natuurlike hawe vir Transvaal.⁸⁴⁾ Betreffende die konsessie, die aktuele punt van beswaar teen die spoorweg, het Joubert gepoog om hom van alle blaam te onthef deur aan te voer dat die konsessie verleen is op 'n tydstip toe hy aan die Wesgrens 'n besoek afgelê het.⁸⁵⁾ Op 'n vergadering te Middelburg het Joubert ontken dat hy enige aandeel in die verlening van die konsessie gehad het en het hy verdere agterdog teen Kruger gesaai deur te verklaar dat „De bepalingen dezer concessie werden nimmer in eene vergadering van den Uitvoerenden Raad behandel, doch in een private bijeenkomst, en later ter goedkeuring aan den Volksraad voorgelegd. Hij had de concessie zelfs nimmer gezien, doch gehoord dat dezelve zoo voordeelig voor den Staat was.”⁸⁶⁾ Op 'n ewe onregstreekse wyse het Joubert vir Kruger verder benadeel en sy eie kandidatuur bevorder deur skerpsinnig gebruik te maak van die finansieële laste wat die spoorwegmaatskappy meegebring het. So het hy op Kliprivier, distrik Heidelberg, op 'n vraag oor wat sou gebeur indien die maatskappy bankrot speel, 'n antwoord verskaf wat nie net verbasend uitgelok het nie maar „als een donderslag in het midden” gekom het, nl.: „De Spoorweg Maatschappij kan niet bankrot gaan, als een moet

84) De Volksstem, 16 Feb. 1892.

85) Land en Volk, 27 Okt. 1892 (berig).

86) Ibid., 17 Nov. 1892.

bankrot gaan dan is het ons Gouvernement."⁸⁷⁾

Joubert het deurgaans ontken dat hy ooit die konsessiebeleid goedgekeur of meegewerk het om konsessies toe te staan. Slegs in 'n enkele geval waardeur die land op 'n kritieke tydstip £2, 000 (R4, 000) sou bekom en dit geen nadelige gevolge vir die land ingehou het nie, het hy saamgewerk.⁸⁸⁾ Die konsessiebeleid op sigself het hy egter afgekeur.⁸⁹⁾ Ook ten opsigte van die konsessiebeleid het Joubert hom van die twispunt gedistansieer en probeer verontskuldig soos blyk uit sy verklaring oor die dinamietkonsessie:⁹⁰⁾ „Hij was echter nie tegenwoordig toen de concessie toegestaan werd" en hy het altyd onder die indruk verkeer dat die dinamiet plaaslik vervaardig word. Later het hy egter eers verneem dat dié ontploffingsmiddel kant en klaar uit Europa ingevoer word.⁹¹⁾ Die Zoutpansberg Review het nie genoeg geneem met die uitgesproke standpunt van Joubert teenoor die konsessiebeleid nie en sy verklaring verwerp en as onjuis bestempel deur hom te beskryf as „de groote concessie man". As motivering vir die beskuldiging voer die blad aan dat Joubert een van die hooffigure in die Nelliemapiuskonsessie vir sterkdrank was, amptenaar-voorsitter van die sigarekonsessie was, aandeelhouer in 'n aantal maatskappye was en in

87) Ibid., 16 Jan. 1893.

88) De Potchefstroomer, 1 Des. 1892 (berig).

89) Sien o.a. berigte in ibid.; Land en Volk, 17 Nov. 1892; 24 Nov. 1892.

90) Sien p. 37-39 hierbo.

91) Land en Volk, 17 Nov. 1892. Sien ook ibid., 24 Nov. 1892 (berig).

Swaziland konsessies gehad het.⁹²⁾ Op Ermelo het Joubert egter erken dat hy direkteur van een maatskappy onder konsessies was, nl. die waterwerke van Pretoria. Ten opsigte van die sigare- en tabak-fabriek het hy ook erken dat hy 'n genomineerde direkteur was, maar in dieselfde asem beweer dat hy geen voorstander van konsessies is nie.⁹³⁾ Hierdie bevestiging van Joubert dat hy wel aandeel in sekere konsessies gehad het, moes vir hom in 'n moeilike posisie geplaas het omdat dit nie rym met sy vorige verklarings oor die konsessiebeleid nie. Sy persoonlike posisie is verder bemoeilik omdat gerugte die rondte begin doen het dat hy „met een zakvol Concessies uit Swazieland was gekomen die hij aan de Regeering verkocht tegen groote of hooge prijzen.”⁹⁴⁾ Joubert was, ter wille van sy kandidatuur, verplig om hierdie gerugte die nek in te slaan en sy eie aandeel in konsessies duidelik te laat omskryf. Op 26 Januarie 1893 word in Land en Volk 'n verklaring, na aanleiding van 'n gesprek tussen hom en J.S. Marais, ouditeur-generaal, gepubliseer waarin dié amptenaar bevestig dat volgens dié kantoor Joubert geen konsessie aan die Regering van die Z.A.R. verkoop het nie. Verder sertifiseer J.C. Minnaar, registrateur van aktes, dat volgens die register van die kantoor daar geen konsessie, verleen deur die Regering van die Z.A.R., geregistreer is in die naam van Petrus Jacobus Joubert nie, en dat „er geen Cessie van eenige Concessie door private personen overgedragen is, geregistreed is geweest,

92) Zoutpansberg Review, 21 Nov. 1892. Sien ook Mouton: a.w., p. 125-126.

93) Land en Volk, 24 Nov. 1892.

94) *Ibid.*, 26 Jan. 1893 (sien by verklaring van J.S. Marais).

of thans geregistreed staat ten name van den gemelden Petrus Jacobus Joubert".⁹⁵⁾ Hierdie getuigenis was vir Joubert 'n waardevolle bewys om hom te vrywaar van enige verdere beskuldiginge dat hy 'n konses= sionaris is.

Te midde van die verkiesingstydperk, op die verkiesingsdag te Vry= heid,⁹⁶⁾ het Joubert sy uitgesproke standpunt oor die konsessiebeleid effens gewysig deur te sê dat hy nie alle konsessies afkeur nie en in= dien die burgers onder die indruk verkeer hulle hom nie moet kies nie. Hy het egter voet by stuk gehou dat hy die konsessiepolitiek as sodanig afkeur.⁹⁷⁾ Moontlik het Joubert gehoop dat hy deur so 'n be= nadering van die konsessiebeleid sekere Krugerondersteuners sou beïnvloed om vir hom te stem.

Vrae oor die boukoste van die Delagoabaaispoorlyn is ook op verskeie byeenkomste aan Joubert gestel. Oor hierdie punt van beswaar teen Kruger⁹⁸⁾ het hy heelwat uitgewei en gesê dat die versekering aan hom gegee is dat die boukoste van die spoorweg nie meer as £8,000 (R16,000) per myl sou beloop nie, maar „toen echter 't contract tusschen de regeering en maatschappij ter tafel kwam, bemerkte hij, dat daarin niet beschreven stond, hoeveel de kosten per mijl hoog= stens bedragen zouden en daarom was hij er tegen". Sy toestemming het hy eers verleen nadat die ander lede van die Regering hom verseker

95) Ibid.

96) Sien p.150-151 hieronder.

97) Land en Volk, 26 Jan. 1893 (berig oorgeneem uit Nieuwe Repu= kein).

98) Sien p.18-20 hierbo.

het dat die „hoofden der maatschappij mannen waren grijs geworden in eerlijkheid"; nou beloop die gemiddelde koste per myl £11,200 (R22,400).⁹⁹⁾ In sy antwoord het Joubert dus die Regering, en daarmee Kruger, beskuldig dat hulle hom 'n rat voor die oë gedraai het by die ondertekening van die kontrak; gevolglik aanvaar hy geen aanspreek=likheid vir enige beswaar wat teen die aanlegkoste van die spoorweg ingebring kan word nie. Vanselfsprekend kon so 'n standpunt slegs tot die bevordering van sy kandidatuur strek.

Op Potchefstroom is o.a. aan Joubert gevra wat sy houding is ten opsigte van die kerkkwessie.¹⁰⁰⁾ Hy het met graagte hierdie vraag beantwoord en o.a. verwys na die bewering wat gemaak is dat hy „als een leeuw de Kerken zou doodbijten", maar hy daag enige persoon uit om te bewys dat hy hom enigsins ingemeng het in die kerklike sake en dat hy sou gesê het dat die een of ander kerk nie goed is nie.¹⁰¹⁾ Op Vryheid het Joubert op 'n soortgelyke vraag soos volg geantwoord: „Geen President mag zich met kerktwisten ophouden, wij zijn hier in eene vrije Republiek een ieder heeft zijn vrije godsdienst". Die dieper=liggende betekenis in hierdie antwoord kan wel deeglik begryp word as dit in ag geneem word dat die besoek van Joubert aan Vryheid saamge=

99) Land en Volk, 15 Nov. 1892 (berig). Vgl. *ibid.*, 17 Nov. 1892

100) Sien p.56-69 hierbo.

101) De Potchefstroomer, 1 Des. 1892 (berig).

val het met die dag „waarop de gewichtige“¹⁰²⁾ presidentsverkiesing plaasgevind het. Joubert het hiermee die skikking wat Kruger in die kerklike twis wou bewerkstellig,¹⁰³⁾ afgekeur en ook die indruk geskep dat Kruger willens en wetens in dié twis ingemeng het - 'n aanklag wat op dié besondere dag slegs tot die voordeel van die kandidaatskap van Joubert kon strek.

Op verskillende byeenkomste is daar aan Joubert gevra wat sy houding teenoor die „National Union“ is. Enige verbintenis met die „National Union“ het hy beslis ontken en dit duidelik gestel dat hy geen simpatie met die beweging het nie.¹⁰⁴⁾ Ook het hy die burgers gewaarsku om „niet hunne nekken in den strop van de Unie te plaatsen“.¹⁰⁵⁾ Op die reeds genoemde byeenkoms op Vryheid het Joubert vir Esselen in die bresse getree en o.a. gesê dat hy as „leidsman en adviseur“ saam met Kruger deur Europa gereis het¹⁰⁶⁾ maar, vervolg hy sarkasties, nou dat Esselen vir hom stem, „doet Esselen maar alles wat slecht is“.¹⁰⁷⁾

102) Land en Volk, 26 Jan. 1893 (berig oorgeneem uit Nieuwe Republikein). Volgens 'n spesiale telegram aan Land en Volk skyn dit of die teenwoordigheid van Joubert op die stembag tog 'n invloed kon uitgeoefen het want, word berig, Joubert is reeds 63 stemme in die distrik Vryheid voor. Ibid., 19 Jan. 1893.

103) Sien p.60-62 hierbo.

104) Sien p.137-142 hierbo.

105) Land en Volk, 16 Jan. 1893 (berig).

106) Joubert verwys hier na 1884 toe Esselen opgetree het as sekretaris van die afvaardiging onder Kruger na Engeland om 'n wysiging van die Pretoriase Konvensie te verkry. Vir meer besonderhede oor Esselen sien Gordon: a.w., p.232.

107) Land en Volk, 26 Jan. 1893.

Joubert het egter uit die oog verloor dat die „progressiewe" rigting in 1884 nog nie so sterk aanwesig was soos in 1892 nie en dit is dus te verstane dat die „konserwatiewes" Esselen as „progressief" met agterdog bejeën het. Joubert se standpunte oor die „National Union" en Esselen het ook nie met mekaar ooreengestem nie. Aan die een kant verdoem hy die „National Union" maar aan die ander kant word Esselen, „progressief", lid van die „National Union" en voorsitter van die Joubert verkiesingskomitee verdedig. As Joubert konsekwent wou handel, moes hy die indirekte (of was dit dalk direkte?) rol wat die „National Union" deur Esselen in sy verkiesingsorganisasie gespeel het, ten sterkste afgekeur het. Dit het hy egter nie gedoen nie wat dus impliseer dat hy dit oogluikend goedgekeur het.

Dikwels het Joubert verklaar dat die Uitvoerende Raad belangrike besluite geneem het op 'n tydstip toe hy nie teenwoordig kon wees nie. Hy het egter nie die President daarvan beskuldig dat hy hom opsetlik weggestuur het wanneer belangrike sake aan die orde was nie, maar tog die indruk geskep dat Kruger hom nie daar teenwoordig wou hê nie. Met hierdie bewering beskuldig hy Kruger openlik daarvan dat hy 'n belangrike republikeinse beginsel verbreek het want as die president tesame met die staatsekretaris die Uitvoerende Raad vorm, dan bestaan daar geen republiek nie.¹⁰⁸⁾ Op Potchefstroom het Joubert selfs beweer dat die Staatsekretaris in die Uitvoerende Raad onder die duim van die President staan; gevolglik „waar slechts één volksman in opposisie staat, betekenend deze niets". Onder hierdie omstandighede voel hy dat

108) Ibid., 24 Nov. 1892 (berig). Vgl. ook p.76-79 hierbo.

hy nie veel in die Uitvoerende Raad kan verrig nie met die gevolg dat hy „zooveel als een mul voor een cijfer beteekend”.¹⁰⁹⁾

Oor Kruger se houding in die Volksraad¹¹⁰⁾ het Joubert hom ook uitgelaat en gesê dat die President een dag kwaad word en die volgende dag weer mooi praat. Ook ag hy dit verkeerd dat die President hom as leier en meester van die Volksraad wil laat geld.¹¹¹⁾

Die blyk dus uit bostaande dat Joubert wel deeglik van sy wapenskouing=byeenkomste gebruik gemaak het om sy kandidatuur te bevorder. Regstreeks en onregstreeks het hy die besware onderskryf wat sy ondersteuners teen Kruger ingebring het en homself verontskuldig t.o.v. enige blaam wat met die besware verband kan hou.

V Joubert bied self geen beleidsverklaring nie

Kommandant-generaal Joubert het persoonlik baie min gedoen om sy kandidatuur te bevorder. Reeds vroeg in 1892 het verskillende persone briewe aan hom geskryf waarin hulle hom vra om hom as president verkiesbaar te stel.¹¹²⁾ Hierop het hy nie gereageer nie en teen Augustus dieselfde jaar was dit nog nie bekend of hy hom verkiesbaar gaan stel nie. Vir die heer J.C. Krogh was die stilswye van Joubert

109) De Potchefstroomer, 1 Des. 1892.

110) Sien p.74-76 hierbo.

111) De Potchefstroomer, 1 Des. 1892.

112) Vir briewe sien Joubert-versameling, 639, I.D. Bosman, 3 Feb. 1892; 640, C.H. Douthwaite, 11 Feb. 1892; 641, A.J. Zinn, 15 Feb. 1892.

onrusbarend; gevolglik dring hy by hom aan om nie langer stil te sit nie maar aan die publiek bekend te maak dat hy hom verkiesbaar stel, en waarsku hy vir Joubert dat dit sy eie skuld sal wees indien hy nie tot president verkies word nie.¹¹³⁾

Die vraag ontstaan nou of Joubert hom vir die presidentskap verkiesbaar wou stel. Oënskynlik het Joubert hom glad nie met die nuwe tendens, nl. die gebruik van geld om die kandidatuur van 'n kandidaat te bevorder, vereenselwig nie. Tydens 'n onderhoud met 'n verslaggewer van De Pers het hy openlik gesê: „Persoonlyk wenschte hy niet te staan voor het Presidentschap, als er ook maar een enkele penny voor betaald moest worden", omdat 'n verkiesing 'n nasionale saak is en dit immoreel is om in dié verband geld te spandeer. Oor gerugte wat die rondte gedoen het dat daar ongeveer £25,000 (R50,000) gereed lê „ten einde den Generaal het Presidentschap te bezorgen", het Joubert bevestigend verklaar dat hy daar niks van weet nie en „als er personen waren, gek genoeg om voor zulk een doeleinde by te dragen, dan wilde hy dezen adviseeren, om hunne fondsen aan de armen te geven".¹¹⁴⁾

Skynbaar het die Joubert-sentrale-verkieskongskomitee Joubert beïnvloed of druk op hom uitgeoefen want gedurende Augustus 1892 word die volgende verklaring uitgereik na afloop van 'n samespreking met die hierbo genoemde afvaardiging:¹¹⁵⁾ „Aan die deputatie heeft de Generaal gisteren, in de duidelijkste bewoordingen, verklaard, dat

113) Ibid., 646, J.C. Krogh aan Joubert, 1 Aug. 1892.

114) De Pers, 4 Aug. 1892 (berig).

115) Sien p.126 hierbo.

hij het zijn plicht acht om gehoor te geven aan de vele roepstemmen uit alle deelen des lands, om zich Kandidaat te stellen."¹¹⁶⁾

Die standpunt wat Joubert ingeneem het was dat hy hom volkome onderwerp aan die beslissing van die volk; hy sou alleen luister na die stem van die volk en indien hy moontlik verkies word, sou hy hom nie ont= trek nie maar alles doen vir hulle onafhanklikheid - nie net dié van Engeland nie maar ook van vreemde invloede wat die volksbestaan en nasionale karakter ondermyn en uitdoof.¹¹⁷⁾

Voor en gedurende die verkiesingstydperk, asook in sy antwoord op die rekwisiesies,¹¹⁸⁾ het Joubert vasberade geweier om enige beloftes te maak indien hy tot president verkies word. Sy standpunt was dat die president slegs die stem van die volk moet gehoorsaam.¹¹⁹⁾ Joubert het ook geweier om enige politieke program uit te vaardig. Sy hele benadering van die verkiesing kan soos volg saamgevat word: „Generaal Joubert, interviewed this morning, says that he will not issue a political programme to his supporters in the Presidential election. He will not pledge himself to any policy, but with his past career appeals to the burghers.”¹²⁰⁾ Hierdie rigtinglose optrede van Joubert kan mis=

116) De Volksstem, 9 Aug. 1892 (sien verklaring in advertensie kolom= me). Sien ook Land en Volk, 11 Aug. 1892 (voorblad van nuusblad).

117) Mouton: a.w., p.126. Vgl. ook Land en Volk, 10 Nov. 1892 (berig); De Volksstem, 12 Nov. 1892 (berig).

118) Sien p.157-158 hieronder.

119) Land en Volk, 20 Okt. 1892 (berig). Vgl. *ibid.*, 27 Okt. 1892 (berig); 24 Nov. 1892 (berig).

120) The Cape Times, 2 Jan. 1893 (berig). Vgl. ook Gordon: a.w., p.313-314.

kien die beste verstaan word in die woorde van D.W. Krüger: „'n Goeie sakeman was hy en 'n ,slim' politikus, maar nooit 'n staatsman nie, terwyl sy wispelturigheid en onvermoë om verantwoordelikheid te dra maar alte bekend was.”¹²¹⁾

By dr. E.J.P. Jorissen, staatsprokureur van die Z.A.R., het die besluit van Joubert om hom vir die amp van staatspresident verkiesbaar te stel onrus gewek. Op 17 Desember 1892 skryf hy 'n brief aan Joubert om hom te waarsku dat hy hom nie verkiesbaar moet stel nie. Hy wys Joubert daarop dat, volgens sy eie verklaring, hy tot onlangs onbewus was van die Joubert-komitee en dat hy niks daarmee te doene het nie. Nogtans word hy as die uitverkorene van die Joubert-komitee, die kandidaat van Land en Volk, die gunsteling van die Transvaal Advertiser en die Transvaal Times en ander Engelsgesinde koe-rante beskou. Jorissen sien hierdie verskynsel in 'n ernstige lig en beskou dit sy plig om Joubert te maan dat genoemde groepe hom nie ondersteun omdat hulle hom graag as president wou hê nie maar omdat hulle verdeeldheid wou skep en daarmee eers Kruger uit die weg wou ruim om sodoende hulle persoonlike doelstellings te bereik.¹²²⁾

Op hierdie merkwaardige brief het Joubert vir Jorissen 'n antwoord skuldig gebly. Die Joubertondersteuners het egter vir Jorissen heftig aangeval oor hierdie skrywe en dit as „de toppunt van vermetelheid (sic)'

121) Krüger, a.w., p.137.

122) Joubert-versameling, 665, Dr. E.J.P. Jorissen aan genl. Joubert, 17 Des. 1892. Sien ook De Pers, 12 Jan. 1893; Mouton: a.w., p.127-128.

beskou dat hy vir Joubert waarsku om hom nie verkiesbaar te stel
nie.¹²³⁾

VI Rekwisities vir kmdt.-genl. P.J. Joubert

Op 30 November 1892 word daar in 'n byvoegsel tot die Staatscourant 'n hele aantal rekwisities gepubliseer waarin die burgers van die Z.A.R. Joubert versoek om hom vir die amp van staatspresident verkiesbaar te stel. As rede vir hierdie versoek voer hulle die volgende aan: die onwrikbare vaderlandsliefde wat Joubert reeds aan die dag gelê het en die noodsaaklikheid om 'n verandering in die Regering van die land teweeg te bring.¹²⁴⁾ In nie een van die rekwisities het die ondertekenaars vir Joubert om 'n beleidsverklaring gevra nie;¹²⁵⁾ in teendeel, die weg wat hy reeds ingeslaan het, was voldoende aanduiding om te glo dat hulle in sy verkiesing „en in de toepassing uwer beschouwingen van lands zaken zoover bekend, de eenige oplossing der ingewikkelde toestanden kunnen zien”.¹²⁶⁾

VII Antwoord van Joubert op die rekwisities

In sy antwoord bedank Joubert die meer as 7,000 burgers vir die vertroue wat hulle in hom gestel en die groot eer wat hulle hom aangedoen

123) Land en Volk, 16 Jan. 1893 (skrywe van Rechttuit). Vgl. *ibid.*, 12 Jan. 1893 (brief van Een oude voortrekker).

124) Byvoegsel tot die Staatscourant der Z.A.R., 30 Nov. 1892.

125) Vgl. p.3-4 hierbo.

126) Byvoegsel tot die Staatscourant der Z.A.R., 30 Nov. 1892, rekwisie nr. 3.

het deur hom te versoek om hom as president verkiesbaar te stel. ¹²⁷⁾

Die feit dat hy in nie een van die rekwisities om 'n beleidsverklaring gevra word nie, sien Joubert as 'n bewys van die onvoorwaardelike vertroue wat in hom gestel word. De Pers het egter nie met hierdie siening van Joubert saamgestem nie en dit skerpsinnig betreur „dat in geene enkele uwer (d.i. Joubert se) requisities u gevraagd wordt naar uwe toekomstige politiek, en nog meer jammer voor u is het, dat gy daarin een sterker bewys ziet van een onvoorwaardelyk vertrouwen in u". ¹²⁸⁾

Hoewel Joubert geen beleidsverklaring gedoen het nie, neem hy tog standpunt in oor twee sake waarna hy sal strewe indien hy tot president verkies word. Eerstens beskou hy „de stemme des Volks de Koningstem, en aan die Koningstem wil ik gehoor geven; die Koningstem zal ik altoos trachten te gehoorzaam", en tweedens sal hy trag om sowel die duur gekoopte onafhanklikheid van die land te handhaaf as om die land te bestuur ooreenkomstig die ware republikeinse beginsels. Om hierdie doelstellingen egter te kon bereik, skryf hy voorts, is hy afhanklik van die hulp, medewerking, simpatie en steun van die burgers. ¹²⁹⁾

As kandidaat vir die hoogste amp in die Z.A.R. het Joubert met die verkiesing van 1893 maar 'n powere figuur geslaan. Die sukses wat hy

127) Ibid. Sien ook De Volksstem, 30 Nov. 1892.

128) De Pers, 8 Des. 1892 (hoofartikel). Vgl. ook De Volksstem, 30 Nov. 1892 (tweede hoofartikel).

129) Byvoegsel tot die Staatscourant der Z.A.R., 30 Nov. 1892.

egter behaal het deur slegs met 'n geringe getal stemme die onderspit
te delf¹³⁰⁾ kan nie toegeskryf word aan sy persoonlike optrede nie,
maar dit spreek boekdele vir die organisasievermoë van diegene wat
hom graag as president wou hê.

130) Vir uitslag van verkiesing sien p. 219 hieronder.

DIE KANDIDATUUR VAN HOOFREGTER J.G. KOTZÉ

Hoofregter J.G. Kotzé het die verkiesingstryd van 1893 as „onafhanklike kandidaat” betree. Seder 1877 was hy hoofregter in die Z.A.R.¹⁾ en in Julie 1892 het hy op Potchefstroom sy toetrede tot die politiek aangekondig.²⁾ Kort hierna rig Kotzé 'n ope brief in die pers aan president Kruger waarin hy 'n volledige opgawe van redes verstrekk waarom hy hom as kandidaat in die ophandesynde presidentsverkiesing verkiesbaar stel. Hierin meld Kotzé dat hy in 1882 en 1887 geweier het om hom vir die amp van staatspresident verkiesbaar te stel aangesien Kruger volgens sy oordeel toe die aangewese president was. Op versoek van die burgers het hy egter besluit om hom nou verkiesbaar te stel omdat die tyd aangebreek het waarop 'n verandering in die landsbestuur behoort plaas te vind. Volgens hom moes in 'n republiek soos die Z.A.R. „de hoofd-personen niet te lang aan blijft” en daarom is hy oortuig dat die wenslikheid of 'n staatspresident hoogstens twee ampstermyne dien as suiwer konstitusionele beginsel aangeneem word. As verdere rede vir sy besluit verwys hy na die veranderde omstandighede in die Republiek. Die onverwagte en grootskaalse ontwikkeling van die mynindustrie, die aanleg van nuwe stede wat hoofsaaklik deur ywerige en talentvolle uitlanders bewoon word, die belange van die

1) Sien Du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1885-1902); p. 227.

2) Van Oordt: a.w., p. 571. Vgl. De Pers, 28 Julie 1892 (artikel).

landbou en die daarmee gepaardgaande naturellekwessie veral ten opsigte van arbeidsvoorsiening aan die myne en die landbou, die toeneemende instroming van vreemdelinge „eischen groote hervormingen in het bestuur van den Staat”.³⁾ Kotzé beskou dus vir Kruger nie as opgewasse vir sy taak as president in hierdie nuwe omstandighede nie en by implikasie dat hy homself „gelukkig rekenen mijne medeburgers bij te staan” in die moeilike dae wat voorlê.⁴⁾

'n Dag na die verskyning van dié brief is 'n antwoord daarop, onder naamtekening van Paul Kruger, in De Volksstem gepubliseer. Vir die egtheid van hierdie skrywe het genoemde blad egter nie ingestaan nie.⁵⁾ Enkele dae later is alle twyfel uit die weg geruim toe die President se privaatsekretaris, F.C. Eloff, in opdrag skriftelik aan De Volksstem bevestig het dat Kruger nooit sodanige brief geskryf het nie.⁶⁾ Skynbaar wou 'n anonieme skrywer met die sogenaamde antwoord van Kruger aan Kotzé die kandidatuur van Kruger in 'n swak lig stel soos blyk uit die volgende aanhaling uit die betrokke brief: „Ge herinnert mij er aan dat ten mijnen behoeve tweemaal door U geweigerd werd U voor Staatspresident der Z.-A. Republiek verkiesbaar te stellen. Ik en mijn volk zijn U erkentelijk voor die beleefdheid, zonder welke ik niet tweemaal gekozen ware geworden. En daar alle goede dingen uit drie bestaan,

3) De Volksstem, 9 Aug. 1892. Sien ook die Sir John G. Kotzé-verzameling, band 3: brief van Kotzé aan president Kruger, 2 Aug. 1892; Land en Volk, 11 Aug. 1892.

4) Ibid.

5) De Volksstem, 10 Aug. 1892.

6) Ibid., 13 Aug. 1892.

waag ik U in overweging te geven nog eens voor de derde maal U niet verkiesbaar te stellen. Mijne dankbaarheid zal dan grenzeloos wezen, dat belooft ik U." ⁷⁾

Berigte uit die verskillende distrikte dui egter daarop dat sowel die kandidatuur van Kotzé as sy voorgestelde beleid ⁸⁾ nie veel indruk op die burgers gemaak het nie. ⁹⁾ 'n Berig in The Transvaal Advertiser weerspieël ten beste die opvatting van die burgers oor die kandidatuur van Kotzé: „Mr. Kotzé's name is barely heard in these districts, and when heard of as a candidate provokes a laugh." ¹⁰⁾ Dit was dus reeds van die begin af duidelik dat die presidentsverkiesing van 1893 sou uitloop op 'n stryd tussen die ondersteuners van Kruger en Joubert.

Kotzé moes seker daarvan bewus gewees het dat sy kanse om tot president verkies te word bra skraal was; tog het hy nie teruggestaan nie maar met die stryd voortgegaan. Sy verkiesingsveldtog moes hy uiteindelik feitlik man alleen behartig; nogtans het hy dit aangepak met vaste geloof in die beleid wat hy geformuleer het. ¹¹⁾

7) Ibid., 10 Aug. 1892.

8) Sien p.166-173 hieronder.

9) De Volksstem, 9 Aug. 1892 (Johannesburg); 20 Sept. 1892 (Lichtenburg); 27 Sept. 1892 (Potchefstroom); 12 Okt. 1892 (Vryheid); Land en Volk, 8 Sept. 1892 (Kliprivier); The Transvaal Advertiser, 10 Aug. 1892.

10) The Transvaal Advertiser, 10 Aug. 1892. Distrikte waarna o.a. verwys word: Potchefstroom, Laer gedeelte van Schoonspruit, Zeerust en Rustenburg. Vgl. ook *ibid.*, 14 Sept. 1892 (berig); Land en Volk, 11 Aug. 1892 (berigte uit verskillende distrikte).

11) Sien p.166-173 hieronder.

I Stigting van verkiesingskomitees

Kort nadat Kotzé te kenne gegee het dat hy hom vir die amp van president verkiesbaar gaan stel, is daar oorgegaan tot die stigting van verkiesingskomitees om sy kandidatuur te bevorder. Gedurende Julie 1892 was ondersteuners al in Pretoria, Johannesburg en Potchefstroom druk besig om vir Kotzé te werk en "wordt er gezegd dat comite's in vorming zijn om die te steunen".¹²⁾ Te Klerksdorp is daar ook 'n sterk werkende komitee in die lewe geroep,¹³⁾ waarvan die vernaamste lede ook later ampsdraers was in 'n tak van die "National Union" wat ter plaatse gestig is.¹⁴⁾ Verkiesingskomitees is ook op verskillende ander plekke, soos o.a. te Ermelo, Wakkerstroom en Lydenburg, gestig nadat Kotzé aldaar toesprake gehou het.¹⁵⁾

Dié verkiesingskomitees vir Kotzé het feitlik almal maar 'n sukkel bestaan gevoer en spoedig het die meeste ook opgehou om te funksioneer. Op Potchefstroom het 7 lede hulle gedurende Augustus 1892 aan die Kotzé-verkiesingskomitee onttrek terwyl een lid bedank het,¹⁶⁾ nogtans is Potchefstroom in September as 'n sterk Kotzé-vesting beskou.¹⁷⁾ Tydens Desember het dié Kotzé-komitee totaal ontbind en die lede daar=

12) De Volksstem, 26 Julie 1892 (berig). Sien ook De Pers, 28 Julie 1892 (artikel); *ibid.*, (berig).

13) Klerksdorp Mining Record, 3 Sept. 1892 (berig).

14) *Ibid.*, 16 Nov. 1892 (berig).

15) Sien berigte o.a. in De Volksstem, 14 Sept. 1892; 17 Sept. 1892; 24 Sept. 1892; The Press, 14 Sept. 1892.

16) De Volksstem, 16 Aug. 1892 (berig). Sien ook Land en Volk, 11 Aug. 1892 (tweede hoofartikel).

17) The Press, 14 Sept. 1892 (berig).

van hulle by die verkiesingskomitee van Joubert geskaar.¹⁸⁾ Hierdie verskynsel dat eertydse Kotzé-ondersteuners hulle by Joubert-komitees gevoeg het, het ook in ander wyke soos Rustenburg¹⁹⁾ en in die distrik Pretoria²⁰⁾ voorgekom.

II Reise deur Kotzé onderneem en toesprake gelewer

Gedurende Julie 1892 het Kotzé Potchefstroom en Johannesburg besoek met die doel om sy kandidatuur te bevorder.²¹⁾ Op Vrydag 26 Augustus 1892 het hy 'n tweede keer by Potchefstroom aangedoen. 'n Aantal plaaslike vriende het hom tegemoet gery en by die Pretoria-brug²²⁾ ontvang. Nadat hy by monde van die heer P. F. Pretorius snr. verwelkom is, het hy sy dank uitgespreek vir die welcomsgroet. Hierna is hy deur 'n optog wat bestaan het uit ongeveer 18 rytuie en 'n aantal perde-ruiters die dorp binnegelei. Saterdagmiddag het hy in die „Exchange=zaal" aan 'n gehoor van bykans 150 man die geleentheid gebied om aan hom vrae te stel, waarna hy 'n kort toespraak gelewer het waar=

18) Land en Volk, 29 Des. 1892 (skrywe van Correspondent). Sien ook De Volksstem, 7 Jan. 1893 (berig).

19) Land en Volk, 12 Jan. 1893 (notule van vergadering gehou deur Joubert-komitee te Krugersdorp).

20) Ibid., 15 Sept. 1892 (berig); 11 Aug. 1892 (tweede hoofartikel).

21) Du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1852-1902), p. 141. Sien ook De Volksstem, 26 Julie 1892 (berig); De Potchefstroomer, 28 Julie 1892 (artikel).

22) Die brug oor die Mooirivier, bekend as Noordbrug, is moontlik ook na verwys as die Pretoria-brug omdat die pad wat oor dié brug toegang tot die dorp verleen het, die Pretoria-pad genoem is. (Ds. J.G.M. Dreyer van Potchefstroom se mening soos telefonies meegedeel.)

in hy sy siening oor verskillende landsprobleme uiteengesit het.²³⁾

Tydens September en Oktober 1892 het Kotzé verskillende dorpe in die oostelike dele van die Republiek besoek waar hy ook toesprake gehou het om sy politieke denkbeelde te verduidelik.²⁴⁾ Op Lydenburg het hy sy rede na afloop van die kriminele sitting en vóór die siviele sake 'n aanvang geneem het in die landdroskantoor gevoer,²⁵⁾ terwyl 'n tweede byeenkoms in Vryheid spesiaal gereël is sodat hy die Engels=
sprekendes kon toespreek.²⁶⁾

Alhoewel Kotzé in sy toesprake sy punte van verskil met die Regering sterk beklemtoon het, het hy nie sy twee opponente vir die presidents=
skap direk aangeval nie. Een van die weinige kere dat hy 'n teenstander se volgelinge skerp aangespreek het, was te Rustenburg toe hy die Joubertondersteuners gekritiseer het oor die wyse waarop hulle „stem=
men trachten te werven en in zulk een belangrijke zaak als de Presidents=
verkiezing met geheime vergaderingen²⁷⁾ werkte in plaats van openlijk". Ook het hy sy misnoeë uitgespreek oor die valse beskuldiginge wat die

23) De Potchefstroomer, 1 Sept. 1892 (berig).

24) Sien berigte o.a. in The Press, 14 Sept. 1892 (Ermelo); De Volks=
stem, 10 Sept. 1892 (Middelburg); 20 Sept. 1892 (Wakkerstroom
en Lydenburg); 22 Okt. 1892 (Vryheid); Land en Volk, 22 Sept.
1892 (Ermelo); The Star, 28 Sept. 1892 (Barberton).

25) Land en Volk, 13 Okt. 1892 (artikel).

26) De Volksstem, 22 Okt. 1892 (berig).

27) Dit kan aanvaar word dat Kotzé hier verwys na die geheime ver=
gadering wat Esselen te Rustenburg gehou het. Sien p.128
hierbo.

Joubertparty teen president Kruger en homself ingebring het.²⁸⁾

III Die kandidatuur van Kotzé as resultaat van 'n afsonderlike beleid

Sowel in sy verskillende toesprake as in sy antwoord op die rekwisities het Kotzé 'n volledige uiteensetting van sy politieke denkbeelde gegee waarmee hy gehoop het om die bestuur van die Republiek te verbeter. Dit het op die volgende neergekom:

A Die Grondwet

Die onafhanklikheid van die Republiek kon slegs op hegte grondslag bly voortleef indien die ware konstitusionele en republikeinse beginsels gehandhaaf word. Sedert 1859 het beide Regering en Volksraad die gees van die Grondwet nie voldoende voor oë gehou nie en het dit, weens die nougesetheid waarmee die letter van die wet gevolg is, nadelige resultate vir die Republiek ingehou. Ter staving van hierdie bewering het Kotzé die volgende argumente aangehaal:

1 Die wyse van wetgewing het nie meer met die bedoeling van die Grondwet ooreengestem nie. Alle wette moes volgens Grondwet 3 maande voor die Volksraad dit in behandeling neem, gepubliseer word. Die doel daarmee is voor-die-handliggend, nl. dat die volk kennis sal dra van die voorgestelde wet ten einde hulle opinies daaroor aan die Volksraad voor te lê alvorens die wet aanvaar word. Vir buitengewone omstandighede wat moontlik tydens die sitting van die Volksraad kan voorkom, is voorsiening gemaak omdat die Volksraad in so 'n geval 'n be-

28) De Volksstem, 29 Okt. 1892 (berig).

sluit kan neem wat as wet eerbiedig moet word. Volgens Kotzé het die aandeel van die volk in die wetgewing verlore gegaan en het die Volksraad dit „wat door de stichters der Republiek als uitzondering bedoeld werd" met die loop van tyd in 'n vaste reël omskep.²⁹⁾

2 Volgens die reglement van orde het die staatspresident, wanneer hy 'n sitting van die Volksraad bywoon, plek ingeneem aan die regterhande van die voorsitter. Die gedagte hierin opgesluit, was dat die president nie alle sittings van die Volksraad bywoon nie, maar slegs in buitengewone gevalle, waar omstandighede dit moontlik vereis, teenwoordig sal wees. Kotzé het hom sterk uitgelaat oor die aanhoudende aanwesigheid van die President in die raadsaal onderwyl die Volksraad in sitting is en wel om die volgende rede: „Het is een echt onrepublikeinsch, onconstitutioneel en gevaarlijke praktijk voor den Staatspresident, om dagelijks tegenwoordig te zijn en deel te nemen aan de beraadslagingen der wetgeving. Door dit te doen, en dit toe te laten, maken het Hoofd van den Staat en de Volksraad zich schuldig aan eene schending der constitutie."³⁰⁾

3 Die landsregering en administrasie berus op drie steunpilare nl. die president en die Uitvoerende Raad, die Volksraad en die regsmag. Hierdie drie departemente behoort elk binne sy eie kring te beweeg, dog dit gebeur te veel dat die Uitvoerende Raad 'n besluit neem wat deur resoluë van die Volksraad goedgekeur word. Die konstitusionele

29) Byvoëgsel tot die Staatscourant der Z.A.R., 30 Nov. 1892. Sien ook De Potchefstroomer, 1 Sept. 1892 (berig); De Volksstem, 19 Okt. 1892 (berig).

30) Ibid. Sien ook p. 74-76 hierbo.

reg van die burger, om sy verskil met die Regering deur die regbank te laat beslis, word hom dus ontnem en so iets, sê Kotzé, is „strydig met het gezond verstand en de veiligheid van den Staat”. Die idee dat „een Volksraadsbesluit heeft kracht van wet” maak dus feitlik inbreuk op die jurisdiksie van die regbank. Vir Kotzé was die konstitusionele handhawing van die regte van die burger en die onafhanklikheid van die regbank onafskeidbaar verbonde aan die onafhanklikheid van die Repu= blik.³¹⁾

4 Die Grondwet, wat op 'n heel ander voet as 'n gewone wet behoort te staan, is al herhaaldelik by wyse van 'n enkele volksraadsbesluit verander. Die Grondwet behoort voor te skryf hoe dit verander kan word want die konstitusie van die land moet beskerm word teen aan= valle en veranderinge wat nie op grondwetlike wyse plaasvind nie. Alle wette en volksraadsbesluite wat handel oor die Grondwet behoort deur die hooggeregshof getoets te word en indien die wet of besluit strydig is met die bepalinge van die Grondwet kan dié hof dit nietig verklaar.³²⁾

5 Dit vind te veel plaas dat „losse en haastige wetgeving”, soos Kotzé dit bestempel, deurgevoer word. Vir hom is die maak van 'n wet 'n wetenskap wat eers vooraf deeglike beredenering verg. Hy betreur dit dat daar oor haas geen enkele aspek in die Republiek juiste statistiese gegewens bestaan nie en; daarom stel hy die vraag: „Hoe kunnen wij met goed gevolg wetten maken, indien wij niet vertrouwbare gegevens hebben, waarop wij onze calculaties en berekeningen kunnen doen?”

31) Byvoegsel tot die Staatscourant der Z.A.R., 30 Nov. 1892.

32) Ibid. Sien ook De Potchefstroomer, 1 Sept. 1892 (berig).

Om hierdie probleem te oorbrug stel Kotzé voor dat 'n amptenaar aangestel word om gegewens te versamel en statistiek byeen te bring wat jaarliks in 'n blou- of groenboek gepubliseer word om aan die Volksraadslede voor te lê by die opening van die Raad want, sê hy, „Wij zijn als personen die in de lucht slaan, wanneer wij wetten voorstellen en passeeren, zonder de noodige gegevens te hebben, waarop de voorgestelde wetten behoorren gebaseerd te zijn.”³³⁾

B Die konsessiepolitiek

Die konsessiepolitiek is deur Kotzé skerp gekritiseer, naamlik dat dit oor die algemeen slegs nadele vir die land inhou want 'n konsessie is feitlik 'n monopolie in die hande van 'n enkeling of 'n groep persone. Die ondernemingsgees van die burgers en die konkurrensie wat in die handel behoort te bestaan, word hierdeur weggeneem; dit kan slegs lei tot die ondergang van handel en nywerheid in die land. As voorbeelde van nadelige nagevolge van sekere konsessies haal hy, behalwe die water- en elektriese lig-, die markkonsessie in Pretoria aan waardeur die stigting van 'n eie munisipaliteit in die hoofstad feitlik onmoontlik geword het. Die genoemde konsessies het dus dié stad 'n bron van inkomste ontnem; gevolglik moet Pretoria in stand gehou word deur die skatkis waartoe die boerebevolking ook bydra.³⁴⁾ Hoewel Kotzé die konsessiepolitiek verdoem het, het hy egter in sy beleidsverklaring niks in die plek daarvan voorgestel nie.

33) Byvoegsel tot die Staatscourant der Z.A.R., 30 Nov. 1892.

34) Ibid.

C Die spoorwegbeleid

Die spoorweg van Delagoabaai na Pretoria, het Kotzé erken, was vir die Republiek van die allergrootste belang, maar dié spoor moes as staatspoor onder die direkte beheer van die Regering staan.³⁵⁾ Kotzé was egter die mening toegedaan dat dié spoor deur 'n verkeerde streek van die Republiek aangelê is omdat die gedeelte vanaf die Portugese grens tot by Nelspruit nie produktief genoeg was nie.³⁶⁾ Hy sien ook dat die spoorweg van al die Suid-Afrikaanse hawens af in Pretoria moet saamkom, sodat Pretoria die middelpunt van alle spoorverbindings sal wees. Vanaf Pretoria kan dan een groot spoorweg die binneland ingaan sodat alle handel deur die Republiek sal gaan. Tans, sê hy, word die Republiek egter omsluit deur spoorweë en word die beste mark, Johannesburg, voorsien van produkte uit die Vrystaat en Kaapkolonie en daarom is dit wenslik dat 'n taklyn van Krugersdorp of Pretoria af aangelê word deur die distrikte Rustenburg en Marico na Mafeking. Sodanige spoorweg kan 'n gedeelte van die binnelandse handel deur die Republiek kanaliseer omdat Delagoabaai die naaste hawe aan Mafeking is maar dit sou ook vir die burgers van waarde wees omdat hulle dan beter in staat sou wees om hulle produkte aan die goudveld te voorsien.

Oor die vraag wat die spoorweg sou vervoer, het hy ook enkele opmerkinge gemaak en dit veral gemik teen die afwesigheid van produkte wat

35) Ibid.

36) Teen die einde van die 19de eeu was die Laeveld van Transvaal nog feitlik onbewerk. Min blankes het hulle in die gebied metterwoon gevestig weens die ongunstige klimaatstoestande en die gevaar van koors.

moontlik uitgevoer sou kon word. Skepties vra hy: „Waar zijn bijv. onze plantatiën van kofie (sic), suiker, thee, enz., voor de aankwee=king waarvan zeker deel van het land zoo geschikt is?" en, vervolg hy sarkasties, „waar is ons departement van landbouw?"³⁷⁾

D Die arbeidskwessie as uitvloeisel van die naturellebeleid

Kotzé beweer dat weens die swak naturellebeleid van die Republiek duisende naturelle „ledig loop en een lui en lekker leven leiden" nieteenstaande daar 'n kroniese tekort aan arbeiders bestaan en, vervolg hy, „de belangen van den landbouw zijn totaal verwaarloosd, en in de laatste elf jaar is absoluut niets gedaan, waardoor de boerderij is aangemoedigd door het verschaffen van den zoo gewenschten arbeid".³⁸⁾

Die naturelle moet egter verplig word om behoorlike arbeid te verrig. Hiervoor is 'n stelselmatige verandering in die lewenswyse van die naturelle noodsaaklik en doen Kotzé die volgende maatreëls aan die hand:

1 Waar 'n naturellekaptein sterf of van sy pos onthef word weens wan=gedrag, moet 'n blanke amptenaar as hoof van die kraal of lokasie be=noem word.

2 Met verloop van tyd moet die kapteinskappe „waarom zich alle kaf=fer-tradities, gewoonten en zeden bewegen" afgeskaf word en „daardoor

37) Byvoegsel tot die Staatscourant der Z.A.R., 30 Nov. 1892. Sien ook De Volksstem, 19 Okt. 1892 (berig).

38) Byvoegsel tot die Staatscourant der Z.A.R., 30 Nov. 1892.

den kleurling, (met kleurling bedoel Kotzé Bantoes) langzamerhand te individualiseeren".

3 Die direkte belasting op gekleurdes moet ook hoër gestel en die dra van klere verpligtend gemaak word.

4 Arbeidsaamheid moet aangemoedig en 'n gekleurde wat ledig loop, gestraf word.³⁹⁾

Kotzé wou dat die naturelle, wat volle voordeel van en beskerming deur wet en Regering geniet, deur arbeid diens aan die land bewys en hulleself ook deurdeur sedelik en geestelik verbeter.⁴⁰⁾

E Opvoeding van die jeug

Vir Kotzé was die opvoeding van die jeug 'n saak van die uiterste belang. Hy voel bekommerd daaroor dat die jeug hulle ouers op die plase moet help werk (iets wat deur werkvolk gedoen kan word) en dus geen geleerdheid ontvang nie. Volgens Kotzé was die bestuur van die land nog in die hande van die burgers omdat hulle die grondbesitters is. Die verskynsel doen hom nou voor dat baie grond oorgaan in die hande van vreemdes; gevolglik lê die toekoms van die land daarin dat die jeug moet studeer en hulle voorberei om die landsadministrasie oor te neem. Kotzé pleit gevolglik vir beter onderwysgeleentheid, veral in die ver=

39) Ibid. Vgl. ook berigte in De Volksstem, 20 Sept. 1892; 19 Okt. 1892. Op Potchefstroom het Kotzé ook genoem dat „hunne locaties-nesten van luiheid" afgeskaf moet word. Sien De Potchefstroomer, 1 Sept. 1892 (berig).

40) Byvoegsel tot die Staatscourant der Z.A.R., 30 Nov. 1892.

skillende wyke en op geskikte boereplase, sodat die Afrikanerjeug in die toekoms nie vir die nuwe inkomelinge hoef agteruit te staan nie.⁴¹⁾

F Die nuwe inkomelinge

Die nuwe inkomelinge, sê Kotzé, behoort eers 'n proeftydperk deur te gaan en 'n eed van getrouheid af te lê alvorens hulle as burgers van die Z.A.R. gereken kan word. Die verskillende bevolkingsgroepe moet egter onderling verdraagsaamheid aan die dag lê om alle moontlikhede van tweedrag uit te skakel⁴²⁾ en die landswette moet so verbeter word dat die ou en nuwe inwoners kan saamwerk tot heil en voorspoed van die land.⁴³⁾

Kotzé het sy beleidsrigting gemotiveer en besonder volledig aan die burgers voorgehou en gehoop om daarmee die burgers oor te haal om vir hom te stem. In teorie het sy voorgestelde program van beginsels ook aanneemlik geklink maar die toepassing en praktiese uitvoerbaarheid daarvan bly 'n ope vraag.

IV Kritiek teen Kotzé

De Volksstem meld dat die kandidatuur van Kotzé heelwat senuweeagtigheid onder die Joubertgroep veroorsaak het omdat hulle daarin 'n

41) Ibid. Sien ook berigte in De Potchefstroomer, 1 Sept. 1892; De Volksstem, 19 Okt. 1892.

42) Byvoegsel tot die Staatscourant der Z.A.R., 30 Nov. 1892.

43) De Potchefstroomer, 1 Sept. 1892 (berig).

gevaar vir die kandidatuur van Joubert sien.⁴⁴⁾ Om hierdie rede is die Hoofregter ook deur naamlose koerantskrywers beswadder.⁴⁵⁾ Dat die kandidatuur van Kotzé wel moontlik gevaar vir Joubert kon inhou, spreek uit die feit dat hy te Lydenburg deur die plaaslike Joubert-komitee versoek is om as kandidaat, ten gunste van Joubert, terug te trek.⁴⁶⁾ Kotzé het egter beslis geweier om aan hierdie versoek gehoor te gee; intendeel dit het die gevolg gehad dat 'n hele aantal invloedryke persone (die name word nie vermeld nie) hulle aan die kant van Kotzé geskaar het.⁴⁷⁾

As „onafhanklike kandidaat" kon Kotzé verwag dat hy hom heelwat kritiek op die hals sou haal in die verkiesingstryd wat voorgelê het. Die vernaamste sodanige punte van kritiek wat teen hom ingebring is, was die volgende:

A Kotzé is as 'n „standvastige Jingo"⁴⁸⁾ bestempel vanweë sy optrede gedurende die Eerste Vryheidsoorlog. Land en Volk wys sy lesers daarop dat Kotzé gedurende dié oorlog 'n offisier in die Britse magte was en wel in die pos van „Wardmaster en Assistant Quartermaster van Ward No. 3".⁴⁹⁾ Kotzé het egter ten sterkste ontken dat hy as

44) Vgl. p. 177 onderafdeling E hieronder.

45) De Volksstem, 27 Julie 1892.

46) De Potchefstroomer, 29 Sept. 1892 (berig). Sien ook De Volksstem, 17 Sept. 1892 (berig).

47) De Volksstem, 17 Sept. 1892 (berig).

48) Land en Volk, 28 Julie 1892 (tweede hoofartikel).

49) *Ibid.*, 18 Aug. 1892 (artikel).

offisier onder die Engelse gedien het en hoewel hy nie met die geweer vir die onafhanklikheid geveg het nie, het hy tog met „mond en de pen” veel gedoen.⁵⁰⁾ Die beskuldiging dat hy 'n „jingo” is, het hom egter baie geamuseer en hy het hierdie aantying as gekheid beskou.⁵¹⁾

Die feit dat Kotzé nie aktief aan die Vryheidsoorlog deelgeneem het nie en hom nou as president verkiesbaar gestel het, het beslis 'n nadelige invloed op sy kandidatuur uitgeoefen soos o.a. blyk uit 'n brief van „Een vermenkte van Langsnek”. Dié briefskrywer het heftig teen Kotzé te velde getrek en hom daarvan beskuldig dat hy onder die vyand was „toen wij bloedgesteld waren aan donder en blits, hagel en koude, bommen en kanonnen”.⁵²⁾

B Die kerkverband van Kotzé het ook onder die soeklig gekom en dit is beweer dat hy lidmaat van 'n Engelse of Roomse Kerk was.⁵³⁾ Te Potchefstroom het Kotzé hierdie kwaadwillige beskuldiging egter weerlê toe hy tydens 'n vergadering op 'n vraag geantwoord het dat hy lidmaat van die „Ned. Ger. Kerk der Kaapkolonie” is „ten bewijze waarvan hij een attestaat met zich gebracht heeft”. Hy sou lankal „bij de Kerk in dit land” aangesluit het as dit nie vir die kerktwis was nie omdat hy vooruit gesien het dat die saak voor hom, as hoofregter,

50) De Volksstem, 19 Okt. 1892 (berig uit dist. Lydenburg).

51) De Potchefstroomer, 1 Sept. 1892 (berig).

52) Land en Volk, 29 Sept. 1892. Vgl. ook *ibid.*, (skrywe van Onpartijdige).

53) De Potchefstroomer, 1 Sept. 1892 (berig). Sien ook Land en Volk, 18 Aug. 1892 (artikel).

moes dien.⁵⁴⁾ Hierdie verklaring van Kotzé het sy teenstanders egter nie bevredig nie. Dit is hom naamlik verkwalik omdat hy reeds 10 tot 12 jaar voor die kerktwis in die Republiek was en hy nou die vermetelheid het om die „burgers te willen wijs maken dat de kerk-kwestie de eenigste reden is waarom hij tot nog toe niet lidmaat een onzer volkskerken is geworden”.⁵⁵⁾

C Die gesin van Kotzé is ook nie gespaar nie. Op die hierbo genoemde vergadering moes hy verneem van praatjies wat in omloop is dat sy vrou weier om by hom in Pretoria te kom woon en dat sowel sy as hulle kinders heeltemal verengels is en die Boere haat. Kotzé het hierdie netelige saak bevredigend afgehandel en die voormalige president, M.W. Pretorius, het ook vir hom in die bres getree deur te sê „dat hij de familie van den heer Kotzé te Kaapstad kent als een eerste bloed Afrikaansche familie”.⁵⁶⁾

D Die voorgestelde naturellepolitiek van Kotzé het ook kritiek ontlok en veral by monde van kmdt. Henning Pretorius. Pretorius het gevaar gesien in die afskaffing van die lokasies en die kapteinskappe onder die Bantoes⁵⁷⁾ omdat so 'n stap slegs kon lei tot oorlog waarin die Z.A.R. in botsing sal kom met vreemde moondhede. Ook sou hierdie beleid van Kotzé die Republiek binne vyf jaar in 'n oorlog met die naturelle van tien jaar dompel want „ieder Kaffer, die gij de locatie wilt ontnemen

54) De Potchefstroomer, 1 Sept. 1892 (berig).

55) Land en Volk, 15 Sept. 1892 (artikel).

56) De Potchefstroomer, 1 Sept. 1892 (berig).

57) Sien p.171-172 hierbo.

en ook zijn kapteinschap, kost u een oorlog". Die gevolgtrekking waar= toe Pretorius kom, is dat Kotzé nie bedoel wat hy sê nie, of so nie „verstaat gij geen naturellen-politiek voor te stellen, nog minder uit te voeren".⁵⁸⁾

E Een van die vernaamste beskuldigingte teen die kandidatuur van Kotzé was dat hy hom slegs verkiesbaar stel om die stemme te ver= deel. Die Joubertondersteuners het veral hierin gevaar gesien omdat hulle gevrees het dat Kotzé stemme van Joubert kon trek wat daartoe sou lei dat Kruger weer herkies word.⁵⁹⁾ „Burger des Lands" het selfs beweer dat die kandidatuur van Kotzé 'n slinkse streek van die Krugerondersteuners was om deur die stel van 'n derde kandidaat die stemme van Joubert te verdeel.⁶⁰⁾

Die kandidatuur van Kotzé is op sigself nooit as bedreiging vir die ver= kiesing van Kruger of Joubert beskou nie; tog het die Joubertgroep hom in onguns probeer bring omdat die stemme wat hy sou verkry, Joubert die presidentskap kon kos.

V Rekwisisies vir hoofregter J.G. Kotzé

Soos vir Kruger en Joubert het daar ook ten gunste van Kotzé rekwi=

58) De Volksstem, 24 Sept. 1892; Land en Volk, 29 Sept. 1892.

59) Sien o.a. Land en Volk, 14 Julie 1892 (brief van Ploeger); 28 Julie 1892 (brief van Takhaar sowel as die tweede hoofartikel); 11 Aug. 1892 (berigte uit verskillende distrikte); 18 Aug. 1892 (brief van Stemgerechtigd Burger); 8 Sept. 1892 (skrywe van Stemgerechtigd Burger).

60) *Ibid.*, 11 Aug. 1892.

sisies rondgegaan onder die burgers om onderteken te word. Op 30 November 1892 is hierdie rekwisies waarin Kotzé versoek word om hom vir die amp van staatspresident verkiesbaar te stel in 'n byvoegsel tot die Staatscourant gepubliseer. Die ondertekenaars het hulle versoek veral op die volgende gronde gebaseer:

A Kruger het reeds twee termyne as president gedien en aangesien „zijne krachten noodzakelijkerwijze moeten verminderen, terwijl het werk vermeerderd", word dit gevoel dat 'n jonger man sy plek moet inneem.⁶¹⁾

B Die snelle ontwikkeling van die land, en die daarmee gepaardgaande instroming van uitlanders, genoodsaak dat 'n geleerde man met kennis van staatkunde aan die spits van sake gestel word.⁶²⁾

C Die vertroue dat Kotzé sowel die finansiële posisie⁶³⁾ as die administrasie⁶⁴⁾ van die Z.A.R. sal verbeter.

In vergelyking met dié van Kruger en Joubert het 'n geringe aantal burgers die rekwisie van Kotzé onderteken. Op 26 November 1892, enkele dae voor die finale indiening van die rekwisies, berig De Volksstem dat 70 rekwisies met 1310 naamtekeninge vir Kotzé ont-

61) Byvoegsel tot die Staatscourant der Z.A.R., 30 Nov. 1892 (rekwisie nr. 1 en 3).

62) Ibid., (rekwisies nr. 1, 3 en 8).

63) Ibid., (rekwisies nr. 4 en 6).

64) Ibid., (rekwisie nr. 5).

vang is.⁶⁵⁾ Reeds op hierdie tydstip was dit duidelik dat die kandidatuur van Kotzé glad nie gewild was nie en die moontlikheid dat hy tot president verkies sou word, ewe skraal was.

VI Antwoord van hoofregter Kotzé op die rekwisities

In sy antwoord het die Hoofregter nie net die burgers bedank vir die eer wat hulle hom aangedoen het deur hom te versoek om hom as president verkiesbaar te stel nie, maar het hy ook 'n volledige beleidsverklaring gedoen⁶⁶⁾ waarin hy sy beplande politiek bloot lê. Kotzé sluit sy antwoord af met die gedagte dat hy deur die aanname van die rekwisities as kandidaat teen president Kruger sal staan, maar hy voeg daarby: „In deze mijne handeling moet men niets vijandigs zoeken tegenover den heer Kruger, voor wien ik, als man, als vriend en als landsvader de allergrootse achting koester.”⁶⁷⁾

Die deurdagte politieke manifes van die Hoofregter het min beduidenis gehad in die verkiesingstryd, soos blyk uit sy ondersteuning.⁶⁸⁾ Die Hoofregter was wel 'n geleerde maar tog was hy minder aanvaarbaar omrede Kruger en Joubert dieper ingewortel was in die leefwêreld van die stemgeregtigde burgers. Die 1893-verkiesing het in 'n groot mate nog gesentreer om persone en die persone van Kruger en Joubert was 'n vergestaltung van die „konserwatiewe” en „progressiewe” denkwyses.

65) De Volksstem, 26 Nov. 1892.

66) Sien p.166-173 hierbo.

67) Byvoegsel tot die Staatscourant der Z.A.R., 30 Nov. 1892.

68) Vir uitslae van verkiesing sien p.219 hieronder.

Hoofstuk VII

DIE VERLOOP VAN DIE VERKIESING

Voor 1893 was die stil wyse waarop die verkiesing van 'n staatspresident verloop het, kenmerkend van die Z.A.R. Die gedagte om 'n verkiesingsveldtog van stapel te stuur het blykbaar nie bestaan nie. Die genomineerde kandidate het slegs volstaan met 'n antwoord op die verskillende rekwisities wat aan hulle gerig is. Die rede hiervoor kan gesoek word in die algehele afwesigheid van politieke partye wat fundamenteel van mekaar verskil het. Die kandidate het dus nie as politieke leiers opgetree nie maar wel as volksleiers, elk met sy eie persoonlike aanhang.¹⁾

Met die verkiesing van 1893 het hierdie tradisionele wyse van verkiesing egter verdwyn en plek gemaak vir 'n intensiewe verkiesingsveldtog wat deur The Transvaal Advertiser as volg beskryf word: „... never in the history of this country has there been so powerful a stirring up of the people - except in the case of a war, or an impending outbreak of hostilities - as has taken place during the first two months of this year.”²⁾

Reeds vroeg in 1892 het dit geblyk dat die presidentsverkiesing van

1) Du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902), p.140-141.

2) The Transvaal Advertiser, 20 Feb. 1893 (hoofartikel).

1893 „zeker een harde kiezing" sal wees.³⁾ Enkele maande later beskryf De Volksstem die staatkundige atmosfeer wat in die Republiek heers as „overladen met verkiezingselectriciteit" en dat die inwoners onrustig, senuweeagtig en opvlieënd geraak het.⁴⁾

Dit is aanvaarbaar dat hierdie wyse van verkiesing in groot mate sy oorsprong onder die Uitlanders gehad het omdat hulle oor die ervaring van verkiesingsveldtogte beskik het. Wat was dan die oogmerk van die Uitlanders om sodanige stryd aan te knoop aangesien die meeste van hulle nie stemreg gehad het nie? Die antwoord is voor-die-hand-liggend, nl. „om verdeeldheid te saai en Kruger wat reeds die reputasie van onverbiddelikheid gehad het, uit die saal te lig. Joubert was bloot 'n instrument in hulle hande en hy het dit nie besef nie."⁵⁾

I Die voorspel tot die verkiesing

Die verkiesingsveldtog het vroeg in 1892 'n aanvang geneem en dit was van die begin af reeds duidelik dat dié verkiesing in 'n driehoekige stryd sou ontwikkel tussen die dienende staatspresident S.J.P. Kruger, kmdt.-genl. P.J. Joubert en hoofregter J.G. Kotzé. Eersgenoemde twee aspirant-kandidate was daarvan verseker dat 'n groot deel van die bevolking hulle vanselfsprekend sou steun, terwyl Kotzé d.m.v. toesprake en beleidsverklarings die stemgeregtigde burgers moes oorhaal tot sy sienswyse.

3) Land en Volk, 12 April 1892 (brief van C.B.).

4) De Volksstem, 19 Nov. 1892 (tweede hoofartikel).

5) Krüger, a.w., p.137.

Die verkiesingstryd is ingelui met die stigting van verkiesingskomitees deur die ondersteuners van die onderskeie kandidate.⁶⁾ Dié komitees sou gedurende die verkiesingstydperk 'n besondere rol speel. Die samestelling van die komitees is egter deur die opposisie fyn dopgehou en gekritiseer.⁷⁾ Volgens Land en Volk het Kruger die eerste verkiesingskomitee „in het land gesticht”, waarop hy „zijne eigene ambtenaren als leden benoemd” het.⁸⁾ As gevolg hiervan het 'n volks- en nie 'n Joubertbeweging nie as teenmaatreël verkiesingskomitees gestig uit vrees dat „de zaak van eerlijkheid misschien schipbreuk zou lijden door de leugens en valscheden die natuurlijk van den anderen kant te wachten waren”.⁹⁾ Hierdie verklaring van Land en Volk kan egter nie sonder meer aanvaar word nie. Op 30 Augustus 1892 berig De Volksstem dat „sints de laatste dagen is er wat leven gekomen onder de politieke vrienden van den heer Kruger” en dat daar „onlangs” in Pretoria 'n uitgebreide komitee ten gunste van Kruger saamgestel is terwyl ook melding gemaak word van Kruger-komitees in ander wyke.¹⁰⁾ Hierteenoor het 'n afvaardiging van die sentrale verkiesingskomitee van Joubert reeds op 4 Augustus 1892 vir Joubert besoek¹¹⁾ terwyl Kotzé reeds op 28 Julie 1892 'n verkiesingskomitee in Johannesburg gehad het.¹²⁾ Dit wil dus blyk dat die stigting

6) Sien p.104; 125; 163 hierbo.

7) Sien p.138 hierbo.

8) Land en Volk, 25 Mei 1893 (hoofartikel).

9) Ibid., 1 Junie 1893 (hoofartikel).

10) Sien p. 104-105 en 117 hierbo.

11) Sien p.126 hierbo.

12) De Pers, 28 Julie 1892 (berig). Sien ook p. 163 hierbo.

van verkiesingskomitees by die Joubertondersteuners of by Kotzé per=soonlik begin het.

Die verloop van die verkiesingstryd het hoofsaaklik op die skouers van die verkiesingskomitees gerus en hulle het as eerste taak die onderte=kening van rekwisiesies onderneem.¹³⁾ Hierdie taak is nie net intensief aangepak nie maar die werk van die teëparty is bevraagteken en verdag gemaak.¹⁴⁾ Dat alles met die ondertekening van die rekwisiesies nie na wense verloop het nie, skyn uit 'n brief van C.A.B. Grobler waarin hy beweer: „In een winkel hier op Standerton ligt een requisitie aan de Wel Ed. Gestr. heer P. Joubert ter teekening en allen die teeken worden vriendelijk behandeld en krijgen ook een kelkie sterken drank te drin=ken.”¹⁵⁾

Ter bevordering van die kandidatuur van 'n kandidaat het die verkie=singskomitees byeenkomste van burgers in die verskillende distrikte gereël. Die oogmerk hiermee was om komitees te stig waar nog nie komitees bestaan het nie en om rekwisiesies te laat onderteken.¹⁶⁾ On=waarhede ten koste van 'n teëkandidaat is ongelukkig ook vertel¹⁷⁾ waar=deur die verkiesingstryd 'n onsmaklike kleur begin kry het.

13) Sien p. 117-118 en 129 hierbo.

14) Sien p. 129-133 hierbo.

15) De Volksstem, 7 Sept. 1892. Sien ook in die verband *ibid.*, 21 Sept. 1892 (brief van winkeleienaars waarin aantygings ontken word); 19 Okt. 1892 (brief van C.A.B. Grobler).

16) Sien p. 126-127 hierbo.

17) Zoutpansberg Review, 5 Sept. 1892 (artikel); De Pers, 8 Des. 1892 (berig); De Volksstem, 14 Jan. 1893 (hoofartikel).

'n Belangrike gebeurtenis op die vooraand van die verkiesing was die toesprake van die onderskeie kandidate. So het Kruger¹⁸⁾ gedurende sy amptelike reise byeenkomste van burgers toegesprek en vrae beantwoord. Joubert¹⁹⁾ het op sy beurt hoofsaaklik vrae beantwoord na afloop van die wapenskouings terwyl Kotzé²⁰⁾ op verskillende plekke in die Republiek sy voorgestelde beleid aan die burgers verduidelik het.

Die meeste vergaderings wat deur die lede van die verskillende komitees of deur die kandidate self gehou is, het heeltemal stil en bedaard verloop hoewel daar heelwat redenering was oor die kandidate. In sy brief tipeer „Een Burger” dié gees op vergaderings soos volg: „Er werd heel wat geredeneerd over de kandidaten en ter eere van de aanwezige burgers zij het gezegd dat zij kalm en bedaard spraken en met hoog=aching voor alle drie kandidaten.”²¹⁾ Dit was egter nie die geval op alle vergaderings nie. Op sommige het die gemoedere hoog geloop en het die taalgebruik van sprekers soms veel te wense oorgelaat.²²⁾ Skygbaar het drankmisbruik ook op enkele vergaderings voorgekom. Luidens 'n berig uit Pietersburg was een van die Krugerondersteuners tydens 'n byeenkoms aldaar „zoo dronk, dat hij met drie der Jouberts

18) Sien p.97-104 hierbo.

19) Sien p.144-153 hierbo.

20) Sien p.164-166 hierbo.

21) De Volksstem, 21 Sept. 1892.

22) Land en Volk, 23 Feb. 1893 (brief van C.J. Erasmus). Vgl. ook p.101 hierbo. Sien ook Zoutpansberg Review, 16 Jan. 1893 (artikel).

mannen vechten wou".²³⁾

Volgens die Zoutpansberg Review het die Joubertondersteuners van 'n baie interessante set gebruik gemaak op enkele vergaderings wat in sekere wyke op 'n baie kritieke tydstip - 'n uur voordat die stemming vir die staatspresident 'n aanvang sou neem - gehou is. Op 'n vergadering in die wyk Rhenospoort het die heer Paul Maré, lid van die Eerste Volksraad en heftige teenstander van Paul Kruger, as spreker opgetree. Om die skyn te verberg dat dit 'n verkiesingsvergadering is, is dit gestel dat Maré „verslagte zullen geven zyne verrichtingen in den Eerste Volksraad". Die vrae wat aan Maré gestel is, het egter min betrekking op sy optrede in die Eerste Volksraad gehad, maar het gehandel oor die President en die handeling van die Uitvoerende Raad. Vanselfsprekend het Maré dié vrae „volgens zyne opvatting" beantwoord en vra die blad tereg „welke indruk laten die woorden achter nu op de kiezers?" Hierdie „spelletje" is op verskillende byeenkomste herhaal en daar is selfs vooraf vrae opgestel en in die hand van 'n burger gestop om aan die spreker te vra. Die meeste vrae is egter so gestel dat Maré 'n persoonlike opinie moes uitspreek wat vir hom as onpartydige stemopnemer in 'n netelige posisie geplaas het.²⁴⁾ Die vraagstelling het klaarblyklik uitgegaan van die plaaslike Joubertkomitee en Maré het hom bewus of onbewus as instrument laat gebruik om die kandidatuur van Joubert te bevorder. Maré moes weens sy amp en posisie die vergaderings so lei dat sy verslagvergadering nie ontaard in 'n verkiesingsver-

23) Land en Volk, 26 Jan. 1893.

24) Zoutpansberg Review, 16 Jan. 1893 (tweede hoofartikel).

gadering vir Joubert nie want dit kan vrywel aanvaar word dat sy uitsprake wel invloed uitgeoefen het op die finale besluit van die stemgeregtigde burgers. Om alle moontlike misverstand in die toekoms te voorkom het die Zoutpansberg Review aan die hand gedoen dat „voortaan die verslag gevingen na de kiezing van Staatspresident gehouden worden en voor die van Volksraadslid of ter eenig andere gelegen tyd”.²⁵⁾

Die presidentsverkiezing van 1892-'93 het ook 'n ander nuwigheid in die Z.A.R. na vore gebring, nl. die besteding van geld om die kandidatuur van 'n kandidaat te bevorder. Heelwat uitgawes is naamlik aangegaan om die onkoste van werkers te vergoed.²⁶⁾ Die gebruikmaking van geld gedurende dié verkiesing het aanleiding gegee tot beweringe dat stemomkoperij plaasgevind het.²⁷⁾ Die vermelde omkoper het egter hierdie bewering heftig ontken.²⁸⁾

Die kandidate self, behalwe hoofregter Kotzé, het geen onkoste aange-

25) Ibid.

26) Vgl. p.106-113 hierbo. Vgl. ook Land en Volk, 9 Feb. 1893 (brief van „correspondent”); Zoutpansberg Review, 5 Sept. 1892 (artikel).

27) Dit is beweer dat 'n winkelier 5 persone omgekoop het om vir Joubert te stem. „De aangeboden prijzen loopen van één pond sterling tot een pak kleeren en twee hemden.” De Volksstem, 24 Jan. 1893 (berig). Sien ook in die verband Zoutpansberg Review, 23 Jan. 1893.

28) Land en Volk, 2 Feb. 1893 (brief van P. Naudé). Sien ook Zoutpansberg Review, 30 Jan. 1893.

gaan om hulle verkiesing te bevorder nie.²⁹⁾ In The Transvaal Advertiser het 'n rubriekskrywer onder die skuilnaam „Amphy Bias" president Kruger beskuldig dat hy staatsgeld aangewend het om sy verkiesing te bevorder.³⁰⁾ Hierdie publikasie het daartoe aanleiding gegee dat 'n klag teen die eienaar, John Keith, en subredakteur, H.C. Marais, gelê is. Die twee persone is gearresteer, dog laasgenoemde is onvoorwaardelik losgelaat³¹⁾ terwyl Keith op borgtog vrygelaat is.³²⁾ Die saak het gedurende die daaropvolgende maande verskeie kere voor die landdros gediën. Die klaer het egter later verklaar dat hy Engels nie goed kan lees nie. Die saak is gesluit en na die staatsprokureur verwys.³³⁾

Verskillende koerante het die taak onderneem om as propagandamondstukke vir Kruger en Joubert op te tree. Propaganda vir die kandidatuur van president Kruger is hoofsaaklik deur De Volksstem, Zoutpansberg Review en De Pers gedoen, terwyl kmtd.-genl. Joubert gesteun is o.a. deur Land en Volk en The Transvaal Advertiser. Vroeg in 1892 het die onderskeie koerante reeds begin om die veld voor te berei vir hulle kandidate. Hoe nader die verkiesingstydperk gekom het, hoe vuriger en driftiger het die geskrifte geword en, sê Du Plessis,

29) Du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902), p.142.

30) The Transvaal Advertiser, 23 Jan. 1893.

31) Ibid., 1 Feb. 1893 (berig).

32) Ibid., 8 Feb. 1893 (berig).

33) Ibid., 5 Junie 1893 (berig)

„wat van die koerantartikels veral kenmerkend was, was nie alleen die heftigheid waarmee hulle hulle gunsteling-kandidaat verdedig het nie, maar dat hulle ook nie geaarsel het om die opponent-kandidaat die grofste belediginge teen die hoof te slinger nie".³⁴⁾ Selfs die gewone burger het na die pen gegryp en talle briewe, waarvan baie onder skuilname, het in die koerante verskyn. Sommige briefskrywers was so vasgevang in die propagandaveldtog dat hulle die grootste venyn, soms grensende aan laster, teenoor 'n nie-gunstelingkandidaat geopenbaar het.³⁵⁾ So het „Burger" heelwat op te merke gehad oor die sogenaamde outokratiese optrede van Kruger in die Volksraad³⁶⁾ en skryf o.a.: „In naam is hij President maar in zijne daden en woorden is hij een alleenheerschende koning. Wat hij zegt is ja en amen. Want anders bedankt hij. Voorwaar een mooie boel wanneer wij moeten terug blikken op het bloed dat gestort is voor onze vrijheid en onafhankelijkheid."³⁷⁾ „Afrikanus Junior"³⁸⁾ was deurgaans besonder fel in sy

34) Du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902), p.142.

35) Sien o.a. De Volksstem, 6 Sept. 1892 (J.C.G.); 8 Nov. 1892 (Wachter); 15 Nov. 1892 (Burger); Land en Volk, 18 Aug. 1892 (Vriend sowel as U.M.); 8 Sept. 1892 (Medegedeeld); 29 Sept. 1892 (H.P.N. Pretorius); 3 Nov. 1892 (J.A. Brink); De Pers, 25 Aug. 1892 (Patriot).

36) Sien p. 74-76 hierbo.

37) Land en Volk, 3 Mei 1892.

38) Afrikanus Junior was niemand anders as Eugène Marais, redakteur-eienaar van Land en Volk nie. Hy het dikwels onder hierdie skuilnaambriewe in genoemde blad geskrywe. Du Toit, Francois G. Marais: Eugène N. Marais. Sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde (N.V. Swets & Zeitlinger, Amsterdam, 1940), p.55.

skrywe teen Kruger en dit het aan sarkastiese opmerkings nie ontbreek nie. So verwelkom hy Kruger terug na afloop van laasgenoemde se amp=
telike reis wat hy vroeg in 1892³⁹⁾ onderneem het: „Op uwe onglangs
(sic) afgelegde Staatsreis zyn u, volgens gepubliceerde berichten, vele
adresses aangeboden. Op uwe terugkomst naar de Zetelplaats waren u
ook verscheidene adressen namens de ingezetenen en de ambtenaren
voorgelezen. Veroorloofd my ook een adres aan te bieden namens my=
zelf en die myner landgenoten, die de Republiek en niet den persoon
lief hebben, en die nog niet zoo ver van het Republikeinsche beginsel
afgedwaald zyn om aan den persoon de hondachtige vleierey te betoonen
van uwe Hollander amptenaren, die van uwe genade afhankelijk zyn.”⁴⁰⁾
Ook Joubert het onder skoot gekom en hy moes die volgende lees in 'n
ope brief wat „Patriot” aan hom gerig het na aanleiding van sy kandi=
datuur: „Want, Generaal, gy het best moest toch weten, dat gy met al
uwe ontploffingsstoffen niet die kracht teweeg brengen kunt, die nodig
is, om een heel volk te vervreemden van zyn besten raadsman. Als gy
dit beslist niet wilt erkennen, welaan, ga uwen gang, en de toekomst
zal u voor immer overtuigen van uwe engzichtigheid.”⁴¹⁾ Dit is wel
seker dat geskifte in bogenoemde trant die meer ekstremistiese on=
dersteuners van 'n kandidaat baie kwaad moes gemaak het. Een skry=
wer is dan ook met „een overhoedschen nachtelyken aanval, ja met
vermoording bedreigd” deur van die Joubertondersteuners oor die

39) Sien p. 96 hierbo.

40) Land en Volk, 29 Maart 1892.

41) De Pers, 18 Aug. 1892.

wyse waarop hy geskryf het.⁴²⁾

Aan denkbeeldige samesprake,⁴³⁾ sommige spottend en ander in meer ernstige luim, waarin die goeie en slegte hoedanighede van die ver=skillende kandidate bespreek word, het dit nie ontbreek nie. Selfs spotprente⁴⁴⁾ is oor die verkiesing geteken. Gedigte⁴⁵⁾ het ook spora=dies in die nuusblaai verskyn, party in 'n ligte bui terwyl ander ern=stig is en spreek van 'n diepe dankbaarheid soos blyk uit die eerste strofe uit die gedig van A.M.E., President Kruger Herkozen:

Ons aller God aan U zij eer
En dank voor Uw genade!
Uw vaderoog sloeg trouw en teer,
S.J.P. Kruger gade.
Uw liefde waakte, goede Heer,
Gij gaaft ons den "beproeften" weer.
Niets kon uw kinderen schade.⁴⁶⁾

Verskeie manifeste ter bevordering van die kandidatuur van Kruger⁴⁷⁾ en Joubert⁴⁸⁾ is ook in die onderskeie koerante gepubliseer. Dié ten

42) Zoutpansberg Review, 31 Okt. 1892 (tweede hoofartikel).

43) Sien o.a. De Volksstem, 13 Aug. 1892; 6 Sept. 1892; 7 Sept. 1892; 16 Nov. 1892. Land en Volk, 18 Aug. 1892, 1 Sept. 1892; 20 Okt. 1892.

44) Byvoegsel tot De Pers, 4 Aug. 1892 en 20 Okt. 1892, waarvan afdrukke op p.191 en 192 onderskeidelik verskyn.

45) Sien o.a. De Volksstem, 22 Okt. 1892; 26 Nov. 1892; Land en Volk, 27 Okt. 1892; 10 Nov. 1892; 9 Feb. 1893; De Pers, 5 Jan. 1893.

46) De Volksstem, 22 Feb. 1893.

47) Sien p.114 hierbo.

48) Sien p.133-135 hierbo.



De Strijdaanvang tusschen Zelfverheffing, Rechtsgeleerdheid en Patriottisme.



GENERAAL JOUBERT.

(Als zijn eigen Comito over hem denkt.)

gunste van Joubert is veral gekenmerk deur heftige aanvalle teen die bestuur van Kruger.⁴⁹⁾ As inleiding by die publikasie van 'n manifesten gunste van Joubert som The Star die inhoud as volg op: „The Manifesto for which the General cleverly evade al responsibility is chiefly remarkable for the violent personal animus which animates it, and very little for the declaration of any principle.”⁵⁰⁾ Die gees waarin manifeste opgestel is, het selfs aanleiding tot moontlike geweld gegee want daar was sprake van 'n tweegeveg tussen die heer H. Loft-house en dr. F.V. Engelenburg, respektiewelik lede van die sentrale verkiesingskomitees vir Joubert en Kruger, oor sekere bewerings wat e.g. in 'n manifesten gunste van Joubert gemaak het.⁵¹⁾ Die manifesten gunste van Kruger het uit die aard van die saak gepoog om die beware wat teen sy beleid ingebring is, uit die weg te ruim en weer=spieël 'n veel meer positiewe bydrae tot die verkiesingstryd as dié ten gunste van Joubert.

Aan die vooraand van en gedurende die verkiesing het plakkate begin verskyn ten einde die burgers aan te moedig om vir òf Kruger òf Joubert te stem.⁵²⁾ Stemwerwing deur aanplakbiljette het egter nie algehele goedkeuring weggedra nie. So was die burgers van Steenkampsberg bitter verontwaardig „door de toezending van aanplakbiljetten,

49) Van Oordt: a.w., p.572.

50) The Star, 9 Jan. 1893. Sien ook p.133-135 hierbo.

51) The Press, 11 Jan. 1893. Sien ook in die verband Land en Volk, 2 Feb. 1893 (berig).

52) Vir voorbeeld van sodanige plakkaat sien: Zoutpansberg Review, 30 Jan. 1893, waarvan 'n afbeelding op p.194 verskyn.

STEM VOOR PAUL KRUGER en Onafhankelijkheid.

STEM VOOR PAUL KRUGER.

DE GELIEFKOOSDE KANDIDAAT.



Stefanus Johannes Paulus Kruger.



Thans zijn de verkiezingen in vollen gang. Terwijl de Joubert-partij wel zoo slim was, om zoo vroeg mogelijk de verkiezingen te doen plaats vinden in wijken, waar zij geheel of bijna de hant was, om maar in de Couranten te kunnen bluffen, zijn die heerlijke dagen thans reeds voorbij, en elken dag wordt de stemmenmeerderheid voor President Kruger grooter. Er is thans geen twiifel meer of de **EFFROEFDE LEIDER DES VOLKS** zal wederom met overgrootte meerderheid herkozen worden, als **ONKESBAAR HOOFD** van de Zuid Afrikaansche Republiek.

STEM VOOR PAUL KRUGER.

STEM VOOR PAUL KRUGER.

waarop met groote letters gedruk staat: 'Stem voor Piet Joubert', met bijvoeging van een aantal misleidende aanbevelingen".⁵³⁾ Gedurende die verkiesing het oproepe ook telkens in die koerante verskyn om die burgers te oorreed om vir die een of ander kandidaat te stem, byvoorbeeld:

„Burgers van Transvaal! Slaapt niet en stemt voor PIET JOUBERT, den Held van Amajuba, den Behouder van zijn Eed, den Lieveeling van zijn Volk. Laat u niet verleiden door slimme praatjes.”⁵⁴⁾

Hoe nader die tydperk van die verkiesing gekom het, hoe meer het die spanning tussen die ondersteuners van die onderskeie kandidate opgelaai. Suggesties van misbruike is oor en weer geslinger en die Eerste Volksraad het dit goed geag om te besluit hoe moontlike ongerymdhede uitgeskakel kan word.⁵⁵⁾

II Die verkiesingsdag

Die verkiesingstydperk sou volgens besluit van die Eerste Volksraad strek van 10 Januarie af tot 20 Februarie 1893.⁵⁶⁾ Die propaganda=veldtog vir en teen die drie kandidate het gedurende Januarie 1893 sy hoogtepunt bereik. Teen hierdie tyd was die gemoedere van die stemgeregtigde burgers al so opgesweep dat sake soms by party van die

53) De Volksstem, 21 Jan. 1893 (berig). Vgl. ook *ibid.*, 8 Okt. 1892 (artikel).

54) Land en Volk, 2 Feb. 1893. Sien ook *ibid.*, 16 Jan. 1893; De Volksstem, 4 Feb. 1893.

55) Sien p.13-14 hierbo.

56) Sien p.11-12 hierbo.

verskillende stemlokale gedreig het om hand uit te ruk. In die groter dorpe het die stembedag nie net groot opgewondenheid veroorsaak nie maar was dit ook 'n dag van groot luister.

In Johannesburg het die stemgeregtigde burgers, asook ander belangstellendes, lank voor die stemming sou begin, al by die stemlokaal opgedaag. Om 8.30 vm. op 18 Januarie 1893 het die stembusse geopen en na afhandeling van die nodige formaliteite het die stemmery in alle erns begin. Hieroor berig The Star soos volg: „a general rush was made for the returning officer's table and amidst much excitement votes were recorded with rapidity. A great deal of rough horse-play was indulged in the hall, in which several policemen, did not consider it to undignified to join.”⁵⁷⁾ Buite die stemlokaal het gevoelens hoog geloop tydens besprekings oor die verdienstelikheid van die verskillende kandidate. Ondersteuners van die onderskeie kandidate het hier 'n laaste poging aangewend om voornemende kiesers tot hulle sienswyse oor te haal terwyl uitroepe soos „Joubert and Independence” en „Kruger, and alles zal recht komen” opgeklank het.⁵⁸⁾ Van voertuie is gebruik gemaak om stemgeregtigde burgers na die stemlokaal te vervoer en hieroor berig gemelde koerant: „As each vehicle pulled up outside the hall, the voters were hailed with ringing cheers by their own party, and groans from the other side.”⁵⁹⁾

In Pretoria het die verkiesingsdag nie net rustig verloop nie maar was

57) The Star, 18 Jan. 1893.

58) Ibid.

59) Ibid.

dit ook 'n kleurvolle byeenkoms. Dat daar groot belangstelling geheers het, is gewis, want reeds lank voor die bestemde tyd het groot getalle burgers hulle opwagting by die stemlokaal gemaak.⁶⁰⁾ Aanplakbiljette het die strate van Pretoria versier waarop slagspreuke soos „Komt, stemt voor Kruger, de beproefde man!“, of „Stemt voor Joubert, de Amajubaheld!“ verskyn het.⁶¹⁾ Die ondersteuners van Kruger en Joubert kon ook onderskei word aan die kleurvolle rosette wat hulle gedra het: „Kruger's people being decorated with national colour rosettes, and the cabs with dwarf flags of the same kind. The Joubert faction were equally gaudy with light blue and white, with Stemt voor Joubert! in the national colours across the banners.“⁶²⁾ Gedurende die middag het daar 'n reënbus uitgesak waardeur die geesdrif 'n bietjie gedemp en 'n hele aantal burgers verhinder is om te kom stem. President Kruger moes egter, volgens die syfers in die onderskeie koerante gepubliseer, die onderspit in Pretoria gedelf het.⁶³⁾

Die verkiesing het ook wye belangstelling op die platteland uitgelok en die stemlokaal is druk besoek.⁶⁴⁾ Op Potchefstroom het die verkiesingsdag ook te midde van groot opgewondeheid plaasgevind. Nieteenstaande die spruite in vloed was en Mooirivier sy walle oorstroom het,

60) Sien berigte in De Volksstem, 9 Feb. 1893; Land en Volk, 9 Feb. 1893; The Transvaal Advertiser, 8 Feb. 1893.

61) De Volksstem, 9 Feb. 1893 (berig).

62) The Transvaal Advertiser, 8 Feb. 1893 (berig).

63) Land en Volk, 9 Feb. 1893; De Volksstem, 9 Feb. 1893; The Transvaal Advertiser, 8 Feb. 1893.

64) Sien o.a. Land en Volk, 19 Jan. 1893 (brief van Ou Burger).

het kiesers in groot getalle by die stembus opgedaag. Kiesers het selfs van Klerksdorp af gekom, „swimming a dangerous spruit on the way", om te kom stem. Blykbaar het Kruger in Potchefstroom ook nie die paal by die stembusse gehaal nie.⁶⁵⁾

III Aanvanklike uitslag van die verkiesing

So vinnig as wat die verkiesing in die verskillende wyke afgehandel is, het die onderskeie koerante syfers begin verstrek oor die stand van stemme.⁶⁶⁾ Uit hierdie syfers het dit duidelik geblyk dat die uitslag ten gunste van Kruger en Joubert was en dat Kotzé baie min stemme sou kry. Wie as oorwinnaar uit die stryd sou tree, was moeilik om te voorspel want die stemming tussen e.g. twee kandidate het baie gelykop verloop.

Teen die middel van Februarie 1893 was dit duidelik dat indien president Kruger die meerderheid sou behaal, dit slegs 'n geringe meerderheid sou wees. Op 21 Februarie 1893 verstrek De Volksstem die volgende uitslag: Kruger 8028, Joubert 7287 en Kotzé 100.⁶⁷⁾ The Transvaal Advertiser wys egter daarop dat hierdie syfers nie aanvaarbaar is nie want: „Thus making 15,415 votes recorded out of a total electors' list of 17,574 burghers entitled to the franchise, from which

65) The Transvaal Advertiser, 17 Feb. 1893 (skrywe van Africander).

66) Land en Volk, 12 Jan 1893; 16 Jan. 1893; 19 Jan. 1893; 26 Jan. 1893; 2 Feb. 1893; De Volksstem, 17 Jan 1893; 21 Feb. 1893. Byvoegsel tot De Pers, 19 Jan. 1893; 2 Feb. 1893; 16 Feb. 1893; De Potchefstroomer, 2 Maart 1893.

67) De Volksstem, 21 Feb. 1893.

it would appear that only 2,159 persons have abstained from voting in the whole Republic. If this be the fact it is one of the most remarkable events of the century."⁶⁸⁾

Die spanning het al hoe meer opgelaaï namate die finale uitslag bekend geword het. Op 1 Maart 1893 kon De Volksstem met genoegdoening die volgende uitslag publiseer: „Er werden voor de afgelopen presidents-verkiezing uitgebracht 15422 stemmen. Daarvan verkreeg

President Kruger 8114

Com.-Genl. Joubert 7310

Hoofdr. Kotzé 86

De meerderheid ten gunste van den heer Kruger is dus 804."⁶⁹⁾

Dat Kruger die meerderheid behaal het, was duidelik alhoewel die gepubliseerde syfers nie heeltemal korrek was nie want die uiteindelijke stemming het op 7911 vir Kruger, 7246 vir Joubert en 85 vir Kotzé te staan gekom.⁷⁰⁾ Die felheid van die pas afgelope stryd spreek uit die geringe verskil in stemme tussen die twee vernaamste kandidate.

Hierdie syfers was nietemin aan verandering onderhewig omdat die Uitvoerende Raad en 'n Volksraadskommissie nog die kieslyste en kieslote sou nagaan.

68) The Transvaal Advertiser, 22 Feb. 1893 (hoofartikel).

69) De Volksstem, 1 Maart 1893.

70) Van Oordt: a.w., p.574.

IV Ontevredenheid oor die verloop van die verkiesing

Die Joubertondersteuners was egter nie tevrede met die uitslag van die verkiesing nie. „Men sprak van gekmoei, dat de oorzaak geweest was van het verliezen van Generaal Joubert.”⁷¹⁾ Die verskillende koerante het nie net die metode van verkiesing gekritiseer nie maar ook op ongerymdhede gewys wat gedurende die verkiesing sou plaasgevind het.⁷²⁾ Veral die Joubertgesinde nuusblaai het skerp gereageer en onomwonde verklaar dat Kruger die verkiesing deur bedrog gewen het. The Transvaal Advertiser was besonder uitgesproke oor hierdie aanleentheid en het te kenne gegee dat die Joubert-komitees enige teken van oneerlikheid onder Joubert se ondersteuners ten sterkste afgekeur het, dog die Krugerondersteuners het enige slinkse set uitgedink om Kruger verkose te kry.⁷³⁾ Dié blad was oortuig dat Kruger die verkiesing onwettig gewen het en konstateer gevolglik dat indien die stemme aan 'n onpartydige skrutineringsonderwerp word, Joubert die verkiesing met meer as 'n duisend stemme sou wen.⁷⁴⁾ Teen die agtergrond van sodanige denkwyses het Land en Volk openhartig getuig dat „bij ons is het dat Gen. Joubert wettig President van de Zuid-Afrikaansche Republiek is” indien alle onwettige stemme vir Kruger uitgewerp word. Voorts het die blad op onpartydige sortering van die stemme aangedring en selfs nie geaarsel om te dreig dat „indien dit

71) Ibid.

72) Sien o.a. De Volksstem, 11 Feb. 1893 (tweede hoofartikel); De Potchefstroomer, 23 Feb. 1893 (hoofartikel); The Transvaal Advertiser, 20 Feb. 1893 (hoofartikel).

73) The Transvaal Advertiser, 15 Feb. 1893 (hoofartikel).

74) Ibid., 22 Feb. 1893 (artikel).

geweigerd wordt is er niets voor ons over dan verzet - lijdelijk of met geweld naar gelang van omstandigheden. Indien Paul Kruger's Regeering de vrede wil bewaren moet zij toezien dat er een eerlijke en onpartijdige scrutinie plaats vindt".⁷⁵⁾

The Star het die sogenaamde onwettigheid wat plaasgevind het, toegeskryf aan swak wetgewing wat die verkiesing van 'n staatspresident beheer en die Regering verkwalik dat daar niks gedoen is om die verkiesingsmasjinerie te verbeter nie aangesien dit reeds vanaf 1890 duidelik was dat die verkiesing van 1893 in dodelike erns geveg sou word. Bitsig som die blad die gebeure tydens hierdie verkiesing so op: „The very primitive arrangements which served a people in a primitive condition have been shown to be elastic and adaptable in only the sense that they allow the intrusion of gross and manifold fraud; and it is not going to far to say that the Presidential election of 1893 will not utterly fail as the honest verdict of the people, but that it will be a disgraceful satire upon Republican institutions.”⁷⁶⁾

Ook De Potchefstroomer het die probleme wat voortgevloei het uit die verkiesing toegeskryf aan ontoereikende wetgewing betreffende die verkiesing van 'n staatspresident en veral kapsie gemaak teen die lang tydperk wat toegelaat is vir stemming, aangesien dit aanleiding kon gee tot onreëlmatigheid.⁷⁷⁾

75) Land en Volk, 2 Maart 1893 (hoofartikel).

76) The Star, 24 Jan. 1893.

77) De Potchefstroomer, 23 Feb. 1893.

Gesien in die lig van bogenoemde is dit vanselfsprekend dat die Joubert-komitees en ondersteuners nie sonder meer die uitslag van die kiesing sou aanvaar nie maar daadwerklike pogings sou aanwend om beswaar daarteen aan te teken.

V Optrede van die sentrale verkiesingskomitee van Joubert

A Die hou van 'n kongres

Op 15 Februarie 1893 het Joubert se sentrale komitee 'n skrywe aan alle ander Joubert-komiteede gerig waarin verteenwoordigers opgeroep word na 'n kongres in Pretoria op 15 Maart om te beraadslaag oor „wat ons te doen staat en hoe wij dat doel zullen bereiken“. Die verskillende komitees is veral gemaan om nie te versuim om afgevaardigdes te stuur nie.⁷⁸⁾ Dat hierdie kongres nie net bloot gehou sou word om die afgelope presidentsverkiesing te bespreek nie, was duidelik. 'n Korrespondent beskryf dit as een van die ernstigste byeenkomste „die al ooit in deze Republiek was bijeengeroepen“. ⁷⁹⁾ Hy wys verder daarop dat die kongres hoofsaaklik sou handel oor die onwettige stemme wat uitgebring is en dat die Regering versoek sou word om 'n onpartydige kommissie aan te stel „om een behoorlijk en grondig onderzoek in elk district van dit land te gaan instellen tegen al de ernstige klachten uit alle deelen des lands over onwettige stemmen die

78) De Volksstem, 22 Feb. 1893. Sien ook Mouton: a.w., p.128.

79) Land en Volk, 16 Maart 1893 (brief van Stemgerechtigd Burger gedateer 12 Maart 1893).

bij de afgeloopene Presidents-electie waren uitgebracht".⁸⁰⁾

B Werksaamhede op die kongres

1 Beantwoording van 'n brief ontvang van die Kruger-komitee

Die sentrale verkiesingskomitee ten gunste van Joubert het kort na hul kongresoproep 'n brief van die sentrale verkiesingskomitee van Kruger ontvang. Daarin wys die Kruger-komitee die Joubert-komitee daarop dat die verkiesing verby is, maar dat daar moontlik 'n onaangename gevoel kan bestaan sowel tussen sommige burgers as tussen lede van die onderskeie komitees. Sodanige gevoel sal nie net skadelik wees vir die heil en welvaart van die Republiek nie maar „door misverstand" kan ook die onafhanklikheid van die Republiek in gevaar gestel word. Die Kruger-komitee doen derhalwe aan die hand dat „in dien er grieven mochten ontstaan zijn, die met U te overwegen en voor zoover wij kunnen, uit den weg te ruimen" asook die belofte „om alles te bewerkstelligen ten einde het volk weer te vereenigen en een eendrachtige samewerking te bevorderen".⁸¹⁾

Op hierdie vriendelike toenadering van die Kruger-komitee het die Joubert-komitee kort en bondig geantwoord dat die skrywe verwys sou word na die kongres op 15 Maart.⁸²⁾

Tydens die kongres is 'n kommissie saamgestel om die brief te beant-

80) Ibid.

81) De Volksstem, 22 Feb. 1893.

82) Ibid., 8 Maart 1893.

woord. In hulle antwoord sê die opstellers dat die kongres die ver-
 kiesing nie as afgehandel beskou nie omdat daar nog nie 'n behoorlike
 ondersoek na die suiwering van die stemming plaasgevind het nie. Die
 kongres is egter daarvan bewus dat onaangename gevoelens tussen
 persone bestaan, maar is oortuig dat dié gevoelens uit die weg geruim
 sal word en tevredenheid en eendrag weer onder die burgers sal heers
 „indien het voormeld onderzoek en de zuivering der stemmen op een
 onpartijdige, rechtvaardige en wettige wijze geschiedt”.⁸³⁾ Op on-
 dubbelsinnige wyse het die kommissie verklaar dat dit van niemand
 ver wag kan word om die uitslag van die verkiesing te erken alvorens
 'n behoorlike ondersoek daarna ingestel is nie. Om dié rede was hulle
 te vinde vir samewerking met die Kruger-komitee aangesien lg. hulle
 reeds daarvoor bereidwillig verklaar het, dog tot die spyt van die kom-
 missie was die Kruger-komitee nie te vinde vir samewerking op die
 basis wat die kommissie voorgestel het nie. Dit kan egter die Kruger-
 komitee nie verkwalik word dat hulle nie wou saamwerk nie, want die
 voorstel het nie net voorgeskryf nie maar dié komitee sou ook blyke
 gee van wantroue in die Veldkornette, Landdroste, Volksraadslede en
 Uitvoerende Raad.⁸⁴⁾ Die voorstel het nl. gelui: „u met ons te ver-
 eenigen in een verzoek aan den H Ed. Uitvoerende Raad, om eene
 Commissie aan te stellen bestaande uit vier leden door U Ed. en vier
 leden door het Congres te worden benoemd, met het recht een eind-
 beslisser te benoemen, aan welke commissie het sorteeren en het

83) Land en Volk, 20 April 1893 (amptelike notule van die Joubert-
 kongres).

84) De Volksstem, 5 April 1893 (brief van Kruger-komitee aan Joubert-
 komitee).

zuiveren der stemmen zoude worden gelaten en wier beslissing door ons als finaal zou worden aangenomen."⁸⁵⁾

2 Opstelling en indiening van 'n protes teen die verkiesing

Voorts is daar tydens die kongres 'n rapport, opgestel deur 'n gekose kommissie met die opdrag om die stemlyste te sorteer, ter tafel gelê. In die inleidende paragraaf word gemeld dat die kommissie growwe onreëlmatigheid en onwettigheid ontdek het wat tydens die presidentsverkiesing by feitlik alle stemplekke plaasgevind het. Tesame met hierdie verslag is daar twee proteste teen die verkiesing by die kongres ingelewer.⁸⁶⁾ As uitvloeisel hiervan is namens die kongres 'n protes teen die verkiesing aan die Uitvoerende Raad gestuur aangesien dit nie duidelik was wie die verkiesing gewen het nie en die Uitvoerende Raad dus nie die naam van die gekose staatspresident in die Staatscourant kan publiseer nie.⁸⁷⁾ Die Joubert-kongres het na aanleiding van genoemde rapport hulle protes teen die verkiesing op grond van die volgende „onreëlmatigheden" opgestel:

- a Dat teen die bepaling van die wet die Landdros van Potchefstroom in opdrag van die Regering die kieslote en stemlyste geopen, gesorteer en gerangskik het.
- b Op Krugersdorp is die stemlyste en lote aan die Mynkommissaris afgelewer wat dit geopen en gesorteer het, 'n taak wat volgens wet

85) Land en Volk, 20 April 1893 (amptelike notule van die Joubert-kongres).

86) Ibid.

87) Notule van die Eerste Volksraad, art. 52, 5 Mei 1893.

nie dié van die mynkommissaris is nie.

- c Dat landdroste van verskillende distrikte teen die bepaling van die wet gehandel het deur die kieslote en lyste wat hulle van die veldkornet en volksraadslid ontvang het te open en te sorteer.
- d Dat honderde persone gestem het wat nie stemgeregtig was nie en dat die Veldkornette en stemopnemers sodanige stemme aanvaar het.
- e Talle veldkornetslyste was nie in orde nie en ook nie volgens wet opgemaak nie. Van vele was daar ook nie kopieë in die landdroskantore te vinde nie en slegs enkele het voldoen aan die bepaling dat 'n afskrif by die Uitvoerende Raad ingelewer moes word.
- f Verskillende veldkornette en stemopnemers het toegelaat dat kranksiniges en persone met onterende vonnisse stem.
- g Verskeie veldkornette en stemopnemers sou toegelaat het dat kinders onder 16 jaar stem.
- h Verskeie stemopnemers en veldkornette het na persone op plase gery om hulle stem aldaar op te neem omdat hierdie persone nie by die stemplek teenwoordig was nie.
- i Verskillende veldkornette het hulle lyste eers na die verkiesing saamgestel.
- j Sommige veldkornette en stemopnemers het geweier dat persone wat wettig op hulle lyste voorkom sou stem. Hierteenoor het persone, wie se name nie op die lyste voorkom nie, gestem deur slegs 'n sertifikaat wat deur 'n privaat persoon uitgereik is te toon waarop vermeld word dat hy in die Vryheidsoorlog diens gedoen het.

Vir genoemde algemene uiteensetting van besware het die opstellers beweer dat hulle „bewyzen in ons bezit hebben en kunnen produceeren". 88)

Om hulle protes nog verder te omskryf het hulle spesifieke voorbeelde van onreëlmatigheid aangehaal en is die volgende beweer:

- i 36 persone het eers te Johannesburg en later weer op Florida gestem.
- ii 133 persone uit ander wyke en distrikte het op Krugersdorp gestem.
- iii 12 persone, wat voorkom op die veldkornetlys van Gatsrand, is nie deur die Landdros van Potchefstroom toegelaat om te stem nie omdat hulle name konsuis nie op die lys verskyn het nie.
- iv Die Landdros van Potchefstroom het die Veldkornet van Boven Schoonspruit toegelaat om 'n aanvullende lys tot sy veldkornetslys in te dien nadat die verkiesing afgehandel is en die ondersoek na die stemme reeds plaasgevind het en dat hy „de namen der Burgers op die aanvullingslijst voorkomende, later heeft toegelaten ofschoon eerst afgestemd".
- v Naastenby 80 persone is deur verskillende veldkornette toegelaat om te stem hoewel hierdie persone in ongeveer 1875 die Republiek verlaat het om in Damaraland te gaan woon dog binne 'n jaar weer teruggekeer het.
- vi 400 persone, wat reeds hulle name van die veldkornetslyste laat verwyder het om na Mossamedes en elders te trek, is deur veld=

88) Ibid.

kornette en stemopnemers toegelaat om te stem.

vii Talle persone is toegelaat om buite hulle wyk of distrik te stem.

viii Sommige stemopnemers het die vereiste eed nie onderteken nie terwyl ander dit nie afgeleë het nie.⁸⁹⁾

VI Optrede van kmdt.-genl. Joubert

Op 18 Mei 1893 publiseer Land en Volk sowel 'n aantal vrae wat deur die Joubert-komitee aan die Kommandant-generaal gestel is as sy antwoord daarop. Uit hierdie skrywe blyk dit dat Joubert op 21 Maart 1893 'n brief aan die Uitvoerende Raad gerig het om beswaar aan te teken teen die voornemens van die Uitvoerende Raad om sowel die kieslote self te ondersoek as teen ander „nalatigheid en onwettigheid" wat gedurende die verkiesing kon plaasgevind het.⁹⁰⁾ In sy skrywe aan die Joubert-komitee meld hy egter: „Het indienen van deze brief werd mij zeer kwalijk genomen en mij werd verzekerd dat als ik op mijn post bleef en als Lid van den Uitvoerenden Raad mijn werk deed, de Staatssecretaris al zulke aantekeningen zoude houden als ik verlangde, mits ik de brief terug nam, en als Lid van den Uitvoerenden Raad de Raad bijwoonde."⁹¹⁾

89) Ibid. Sien ook Land en Volk, 20 April 1893 (amptelike notule van die Joubert-kongres). In Land en Volk word die syfer in v. aangegee as 180.

90) Land en Volk, 18 Mei 1893. Op 23 Maart 1893 het daar 'n kort bespreking in Land en Volk verskyn wat ook melding maak van hierdie brief. Sien ook Mouton: a.w., p.128.

91) Land en Volk, 18 Mei 1893.

VII 'n Oproep tot samewerking

Intussen het verdeeldheid oor die uitslag tussen die burgers toegeneem en is hierdie verdeeldheid aangehelp deur die publikasie van proteste teen die inswering van Kruger as staatspresident. As gevolg van hierdie tendens onder die burgers en uit vrees „dat het volk van het land hoe langer hoe meer opgewonden zal worden tegen elkander” het 'n aantal stemgeregtigde burgers, bestaande uit ondersteuners van Kruger en Joubert uit die distrik Middelburg, 'n versoek aan die twee kandida=te gerig „om raad en goede plannen om de ontevredenheid te herstel=ten”. Verder word die twee kandidate versoek om 'n gesamentlike ant=woord in De Volksstem en Land en Volk te publiseer „waardoor de eengezindheid kan hersteld worden”.⁹²⁾

In sy antwoord meld Joubert dat hy bewus is van ontevredenheid wat onder die burgers bestaan weens die wyse waarop die verkiesing op sekere plekke verloop het. Hy sê egter dat daar geen sprake van geweld en onwettigheid bestaan nie: die protes dui reeds daarop dat die burgers binne die wet wil bly. Dit is ook die mening en wens van die Regering en die Volksraad om reg te laat geskied en die wette te hand=haaf. Joubert onderneem egter „om het volk behulpzaam te zijn en een voorbeeld te geven van gehoorzaamheid aan wet en orde” en daarom versoek hy die burgers om nie opgewonde te raak nie, maar om te berus by „wat door de H Ed. Regeering en der H Ed. Achtb. Volks=raad als de Wetgevende macht en het hoogste gezag des lands moge worden gedaan”.⁹³⁾

92) De Volksstem, 11 April 1893.

93) Land en Volk, 20 April 1893.

Kruger het op sy beurt die burgers van die distrik Middelburg kort en saaklik geantwoord. Hy bedank die burgers vir hulle skrywe omdat dit vir hom 'n stap in die regte rigting is om vrede en eensgesindheid onder die burgers te bewerkstellig. Hy kan egter nie glo dat daar opgewondenheid onder die burgers bestaan nie want daar bestaan geen rede daarvoor nie. Ook glo hy dat die getroue burgers nie sal „samen deelen met hen die opgewondenheid zoeken op te wekken". Verder verstrek hy die uitslag van die verkiesing en sê dat sowel hierdie uitslag as die protes van die Joubert-kongres voor die Volksraad gelê sal word en dat hy hom sal neerlê by die besluit van hierdie liggaam.⁹⁴⁾

VIII Behandeling van die verkiesing deur die Uitvoerende Raad en die finale uitslag

Op 24 Maart 1893 het die Uitvoerende Raad besluit om alle verkiesings=rapporte van die landdroste en mynkommissarisse een vir een na te gaan. Joubert het egter teen hierdie besluit beswaar aangeteken omdat die Uitvoerende Raad volgens hom wetlik nie die reg gehad het om die stemme te ondersoek nie.⁹⁵⁾ Joubert het dan ook telkens by die aan= name van hierdie rapporte in die Uitvoerende Raad beswaar aangete= ken.⁹⁶⁾

Nadat die Uitvoerende Raad die verskillende rapporte nagegaan het, het dit geblyk dat Kruger as oorwinnaar uit die stryd getree het. Op

94) Ibid.

95) U.R. 11: Uitvoerende Raadsbesluite, art. 157.

96) Ibid., artikels 158, 24 Maart 1893; 161, 25 Maart 1893; 178, 182, 183, 5 April 1893; 207, 12 April 1893.

12 April 1893 besluit die Uitvoerende Raad om die amptelike uitslag deur middel van die Staatscourant bekend te maak en vir president Kruger aan te sê om die nodige ampseed af te lê. Teen hierdie besluit het Joubert ook beswaar aangeteken omdat daar proteste teen die verkiesing ingehandig is.⁹⁷⁾

Op 14 April 1893 is by wyse van 'n Goewermentskennisgewing in 'n buitengewone Staatscourant uitvoering aan die besluit van die Uitvoerende Raad gegee. Volgens hierdie kennisgewing was die amptelike uitslag van die verkiesing soos volg:

Kruger	7881
Joubert	7009
Kotzé	81 ⁹⁸⁾

IX Indiening van verdere proteste by die Eerste Volksraad

Hierdie aankomding in die Staatscourant moes vir die Joubertondersteuners 'n gevoelige slag gewees het omdat die protes van die Joubertkongres aan die Uitvoerende Raad geen vrug afgewerp het nie en dié Raad die uitslag van die verkiesing gehandhaaf het. Ewald Esselen het dadelik opgetree en 'n derde Joubert-kongres te Pretoria belê.⁹⁹⁾ Op 2 Mei het die afgevaardigdes wat reeds die vorige dag onder voorsitterskap van Esselen vergader het, 'n verdere skrywe opgestel, dog hierdie keer aan die Eerste Volksraad om te protesteer teen die

97) Ibid., art. 215.

98) Buitengewone Staatscourant der Z.A.R., 14 April 1893. Sien ook Mouton: a.w., p.129.

99) Land en Volk, 20 April 1893.

inswering van Kruger as staatspresident.¹⁰⁰⁾ Basies het die inhoud van hierdie geskrif ooreengestem met dié wat reeds op 'n vorige geleentheid by die Uitvoerende Raad ingedien is.¹⁰¹⁾

In hierdie protes meld die opstellers dat hulle reeds die feite aan die Uitvoerende Raad voorgelê het. Dit het die kongres egter nie geluk om hierdie liggaam te beweeg om die griewe uit die weg te ruim nie; daarom dat hulle hul in appèl wend tot die Eerste Volksraad. Aangesien dit die taak van die Eerste Volksraad is om, na afloop van 'n verkiesing, die ampseed van die gekose staatspresident af te neem, teken die ondertekenaars beswaar aan teen die inswering van Kruger as president omdat die feite in die protes daarop dui dat Kruger nie wettig as staatspresident verkies is nie. Voorts word 'n versoek gerig „dat U Ed. Acht. een besluit zult nemen, bevelende een onpartijdig en nauwkeurig onderzoek der uitgebrachte stemmen door een vereenigde Commissie zamengesteld uit beide partijen (een gelijk getal) buiten den Volksraad en Uitvoerende Raad, welke Commissie voor haar zelve een eindbeslisser zal benoemen en in geval van verschil zulk eindbeslisser te worden benoemd door het voltallige Hoog Gerechtshoof, welke Commissie macht van handelen bij wijze van een Volksraad besluit zal ontvangen, en terwijl de Ed Acht. Eerste Volksraad de uitspraak of aanbeveling dier Commissie of eindbeslisser als finaal zal verklaren.“¹⁰²⁾ Die opstellers wys die Eerste Volksraad daarop

100) Notule van die Eerste Volksraad, art. 53, 5 Mei 1893. Sien ook Mouton: a.w., p.129.

101) Sien p.205-208 hierbo.

102) Notule van die Eerste Volksraad, art. 53, 5 Mei 1893.

dat hierdie versoek billik is omdat die verkiesing van 'n staatspresident wettig moet wees en dat die volk ook daardeur tevrede gestel sal word. Hierdie versoek het egter ook 'n waarskuwing ingehou want, indien dit geweier word, sou die opstellers dit betreur as dit die oorsaak kan wees van ontevredenheid onder die volk van die Z.A.R. ¹⁰³⁾

Joubert het ook by die Eerste Volksraad beswaar aangeteken teen die inswering van Kruger as staatspresident omdat hy hom nie kon vereenselwig met die besluit van die Uitvoerende Raad „wat betreft de wijze en regelmatigheid van de gehouden Presidentsverkiezing" nie. Ook hy versoek die Eerste Volksraad om 'n ondersoek te laat instel na die griewe soos vervat in die protes. Hy gee aan die Eerste Volksraad die versekering dat indien dit sou blyk dat die verkiesing volgens wet plaasgevind het, die volk tevrede sal wees, al sou Kruger met slegs een stem meerderheid verkies wees. Ook hy sinspeel daarop dat ontevredenheid sal bly voortbestaan en die burgers sal voortgaan om te protesteer teen die onwettigheid van die verkiesing, indien die Eerste Volksraad nie gehoor gee aan die griewe en klagtes van die kiesers nie. ¹⁰⁴⁾

X Afhandeling van die verkiesing deur die Eerste Volksraad

A Verslag van die Uitvoerende Raad

Op 4 Mei 1893 is die verkiesingsverslag van die Uitvoerende Raad

103) Ibid.

104) Ibid.

soos opgestel deur die staatssekretaris, dr. W.J. Leyds, in die Eerste Volksraad ter tafel gelê. In hierdie verslag word 'n volledige samevatting gegee van die verskillende wetsbepalings en besluite van die Eerste Volksraad en Uitvoerende Raad wat handel oor die verkiesing van 'n staatspresident. Verder word gemeld dat die presidentsverkie- sing van 1893 plaasgevind het ooreenkomstig die besluit van die Eerste Volksraad en dat sowel die kieslote en lys- te as die rapporte van die landdroste en mynkommissarisse by die Goewermentskantore ingedien is binne die vasgestelde tyd. Ook is die rapporte afsonderlik deur die Uitvoerende Raad nagegaan en waar nodig nadere toeligting aangevra. Oor elke rapport het die Uitvoerende Raad 'n besluit geneem en af- skrifte van hierdie besluite is tesame met die verslag aan die Eerste Volksraad gestuur. Verder, verklaar dr. Leyds, is die Uitvoerende Raad bewus van burgers wat buite hulle wyke of distrikte van inwoning gestem het. Die Uitvoerende Raad dra ook kennis van diegene wat ge- stem het, wie se name, hoewel nie gepubliseer as stemgeregtig nie, voorkom op die veldkornetslys- te van hulle besondere wyke. Die Uit- voerende Raad het egter op advies van die Staatsprokureur besluit om hierdie stemme nie te skrap nie. 'n Hele aantal vrae oor die wettigheid van sekere aspekte van die verkiesing is ook aan die Staatsprokureur gestel. Sowel die vrae as die antwoorde daarop is ter insae aan die Eerste Volksraad voorgelê.

Die genoemde vrae het hoofsaaklik gehandel oor besware wat die Joubert- kongres teen die verkiesing ingebring het en die Staatsprokureur moes op die volgende antwoord:

1 Mag 'n stemgeregtigde burger, wie se naam voorkom op die veld=

kornetslys van sy wyk, stem vir 'n staatspresident in 'n ander wyk of distrik indien hy hom op die dag van die stemming nie in sy eie wyk bevind nie, of deur omstandighede verhinder is om die verkiesingsbyeenkoms in sy wyk by te woon?

Die antwoord van die Staatsprokureur op hierdie vraag het geen twyfel gelaat nie want volgens wet word die staatspresident verkies deur die meerderheid stemme van die stemgeregtigde burgers. As die naam van 'n burger as stemgeregtig voorkom op die lys van sy veldkornet mag hy vir die staatspresident stem, waar hy hom ook al mag bevind in die Republiek want die verkiesing handel oor 'n saak wat die hele land raak. Die enigste beperking wat opgelê word, is dat sodanige burger moet kan bewys dat hy deur omstandighede verhinder is om die verkiesingsbyeenkoms in sy wyk by te woon.

2 Mag die kieslote direk aan die Uitvoerende Raad gestuur word of moet dit deur middel van die landdros geskied?

Hieroor het die Staatsprokureur ook onomwonde verklaar dat die wet wel bepaal dat die kieslote binne 'n bepaalde tyd aan die Uitvoerende Raad gestuur moet word maar daar bestaan geen beperking dat dit nie deur middel van die landdros mag geskied nie.

3 Bepaal die wet dat die spesiale landdros, en nie die mynkommissaris nie, die kieslote moet versend?

Hiervoor het volgens die Staatsprokureur die wet geen voorsiening gemaak nie. Dit is egter te begrype dat die mynkommissaris die aangewese persoon is om die kieslote te versend omdat hy beheer uitoefen oor die administrasie van die delwerye terwyl die landdros slegs 'n

regerlike amptenaar is.

4 Mag 'n stemgeregtigde slegs stem indien sy naam in die Staatscourant gepubliseer is, of is dit voldoende as 'n burger geregistreer staan op die lys van die veldkornet?

Die antwoord op hierdie vraag is ook baie duidelik gestel. Vir 'n burger was dit voldoende om die stemreg te kon beoefen indien sy naam slegs op die lys van die veldkornet geregistreer staan.¹⁰⁵⁾

In sy beantwoording van die vrae het die Staatsprokureur bewys dat die verkiesing wel wettig verloop het en dat sekere besware van die Joubert-kongres daarteen geen steek gehou het nie. Sy antwoorde het verder die hande van die Eerste Volksraad gesterk in die besluite wat hulle moes neem.

In die verslag van die Uitvoerende Raad is die amptelike uitslag van die verkiesing ook aangegee, nl.: Kruger: 7881; Joubert: 7009 en Kotzé: 81. Kruger wen dus die verkiesing met 'n meerderheid van 872 stemme. Verder is die aandag van die Eerste Volksraad daarop gevestig dat indien sowel die stemme van burgers wat buite hulle wyke gestem het as die stemme van burgers wie se name nie gepubliseer is nie, geskrap word, Kruger nog 'n meerderheid van 760 stemme sou behaal. Ook word die aantal onwettige stemme, soos deur die Uitvoerende Raad bepaal, verstrekk. Dit is interessant om daarop te let dat volgens hierdie syfers die meeste onwettige stemme ten gunste van Joubert uitge-

105) Ibid., art. 47, 4 Mei 1893.

bring is: 233 vir Kruger, 265 vir Joubert en 1 vir Kotzé.¹⁰⁶⁾

Die protes wat die Joubert-kongres ingedien het by die Uitvoerende Raad is saam met die verslag van die Uitvoerende Raad aan die Eerste Volksraad gestuur.¹⁰⁷⁾ Ook is die proteste van die Joubert-kongres en kmdt.-genl. Joubert teen die inswering van Kruger as staatspresident aan die Eerste Volksraad versend.¹⁰⁸⁾

B Wenk van president Kruger

Toe die Eerste Volksraad in Mei 1893 die verskillende dokumente en bylaes waarna in die verslag van die Uitvoerende Raad verwys word, nagegaan het, het president Kruger toestemming gevra om 'n kort woord tot die Raad te rig met die doel om 'n wenk aan die hand te doen. Kruger het die Volksraad daarop gewys dat die werk wat deur die Uitvoerende Raad met betrekking tot die verkiesing gedoen is „ligt nu in Uwe handen om daarover te beslissen, en al ware het ook dat de Raad naar mijn opinie een verkeerd besluit nam, dun moet ik en een ieder daaronder berusten, want ik vertrouw en ken Uwe wijsheid dat gij bij de Wet blijft staan en geen persoon in het oog hebt, doch alleen recht en gerechtigheid".¹⁰⁹⁾

Voorts doen hy aan die hand dat die Volksraad 'n kommissie benoem om in te gaan op die verslag van die Uitvoerende Raad en dat hierdie

106) Ibid., art. 45, 4 Mei 1893.

107) Ibid.

108) Ibid., art. 46, 4 Mei 1893.

109) Ibid., art. 52, 5 Mei 1893.

kommissie 'n rapport sal uitbring oor die wettigheid van die verslag. Hy verseker die Volksraad dat die Uitvoerende Raad dit nie as 'n moesie van wantroue sal beskou nie. Verder spreek hy die hoop uit dat alle partye tevrede sal wees met die beslissing van die Volksraad want opstand of geweld is nie volgens die wet van enige beskaafde nasie of ooreenkomstig Gods woord nie.

Omdat die gekose staatspresident binne enkele dae die eed moet aflê, suggereer hy dat die Raad moet verdaag sodat die kommissie met spoed aan hulle opdrag kan werk en die einduitslag van die verkiesing bekend kan word.¹¹⁰⁾

C Samestelling van 'n kommissie van ondersoek

Na die toespraak van Kruger het die Raad besluit om eers die verskillende proteste voor te lees alvorens daar gereageer word op die wenk van die Staatspresident. Na voorlesing van die verskillende proteste het die Raad die voorstel van die heer J. J. Spies met 13 teenoor 11 stemme aanvaar, nl. om „eene Commissie van 6 leden te kiezen wier taak het zal zijn al de des betreffende stukken na te gaan en zoo spoedig mogelijk rapport en aanbeveling aan den Eersten Volksraad voor te leggen”.¹¹¹⁾ As lede van die kommissie is die here A.D.W. Wolmarans, F.S.H. Wolmarans, S.W. Burger, L. de Jager, L.G. Meyer en J.P.L. Lombard gekies.¹¹²⁾

110) Ibid.

111) Ibid., art. 55, 5 Mei 1893.

112) Ibid.

D Bevinding van die kommissie

Verskillende verklarings om die bewerings in die protes te staaf is by die kommissie ingedien. Sowel hierdie verklarings as die aanklagte in die protes is deeglik deur die kommissie bestudeer. Enkele dae later het die kommissie hulle rapport en aanbevelings by die Eerste Volksraad ingedien. Die bevinding van die kommissie, met uitsondering van twee lede, was dat die verkiesing volgens wet verloop het en dat daar geen grond bestaan vir die besware soos vervat in die verklarings of protes nie. Hierdie besware, het die kommissie bevind, was of ongeldig of daar is geen bewyse by die kommissie ingedien om dit te staaf nie. Die kommissie het egter bevind dat daar 27 stemme ten gunste van Kruger is waarteen geobjekteer kan word. Indien hierdie stemme afgetrek sou word van die totaal vir Kruger sou die uitslag soos volg wees:

S.J.P. Kruger 7854

P.J. Joubert 7009

J.G. Kotzé 81

Kruger behaal dus nog die meerderheid. Die kommissie beveel op grond van hierdie bevinding aan dat die Eerste Volksraad die heer S.J.P. Kruger uitnoui om die ampseel af te lê.¹¹³⁾

Twee lede van die kommissie nl. die here L.G. Meyer en L. de Jager het egter nie met sekere bevindinge van die kommissie saamgestem nie. Hulle het aanbeveel dat die Eerste Volksraad die verkiesing as onwettig beskou en 'n nuwe verkiesing uitskryf; daardeur sou beide

113) Ibid., art. 69, 9 Mei 1893.

partye tevrede gestel word.¹¹⁴⁾

Na 'n lang bespreking oor die wetspunte met betrekking tot die wettigheid van die verkiesing, het die Eerste Volksraad met 18 teen 3 stemme die aanbeveling van die kommissie aanvaar.¹¹⁵⁾

E Inhuldiging van Kruger as staatspresident

Na die aanname van bogenoemde besluit het die Eerste Volksraad vervolgens besluit dat die beëdiging van S.J.P. Kruger as wettig gekose Staatspresident van die Z.A.R. die volgende Vrydag sou plaasvind om 10 uur voormiddag op die balkon van die Goewermentsgebou.¹¹⁶⁾ Die Volksraad het voorts besluit om uitnodigings te rig aan 'n aantal gaste „als zij mogen geraden en dienstig achten” om saam met die lede van die Volksraad en Uitvoerende Raad plek in te neem op die balkon.¹¹⁷⁾ Die here S.W. Burger, L.G. Meyer, L. de Jager en A.D.W. Wolmarans is benoem om saam met die sekretaris die gekose Staatspresident uit te nooi om in die volksvergadering die ampseed af te lê,¹¹⁸⁾ terwyl die here P.J. Schutte en E.C. Hamman die President die vergadering sou binnelei.¹¹⁹⁾ Ds. v.d. Wall sou die gebed

114) Ibid.

115) Ibid., art. 74, 10 Mei 1893.

116) Ibid., art. 75, 10 Mei 1893.

117) Ibid.

118) Ibid., art. 76, 10 Mei 1893.

119) Ibid., art. 77, 10 Mei 1893.

doen.¹²⁰⁾

Op Vrydag 12 Mei 1893 het die inhuldiging plaasgevind. Op die balkon van die Goewermentsgebou het gesit die lede van die Uitvoerende Raad en Eerste Volksraad asook verskeie verteenwoordigers van oorsese lande. Onder die speel van die volkslied, deur die musiekkorps van die Pretoriase Vrywilligerskorps het die gekose Staatspresident ver= gesel van die gekose kommissie en ds. v.d. Wall op die balkon ver= skyn.¹²¹⁾ Hierna is Kruger versoek om die ampseed af te lê. Nadat

die vereistes vir 'n staatspresident deur die Voorsitter namens die Volksraad aan Kruger voorgehou is en hy daarop bevestigend geant= woord het, „werd de eed volgens art. 81 van den Grondwet door den Secretaris van den Eersten Volksraad voorgelezen en door ZHEd. plechtig afgelegd en geteekend”.¹²²⁾ Ds. v.d. Wall het vervolgens 'n „zeer indrukwekkend en innig gebed” gedoen waarna aan president Kruger die geleentheid gegee is om die volk toe te spreek.¹²³⁾

Op 12 Mei 1893 is president Kruger dan vir die derde keer ingehuldig as staatspresident van die Z.A.R. Die verkiesing van 1893 is afge= handel en president Kruger kon dit as 'n mandaat beskou om sy beleid

120) Ibid. In die oorspronklike notule word dié leraar se van as v.d. Waal aangegee. Volgens die naamlys van leraars in die N.G. Kerkargief skyn dit of bg. spelling korrek is.

121) Ibid., art. 78.

122) Ibid., art. 79, 12 Mei 1893.

123) Ibid., art. 80, 12 Mei 1893. Vir teks van toespraak sien ook Du Plessis: President Kruger aan die woord, p.49-54.

verder uit te voer.¹²⁴⁾ Hierdie verkiesing kan ook beskou word as 'n oorwinning van die „konserwatiewe" lede van die bevolking oor die meer „progressiewes" wat in hierdie verkiesing hulle krag wou toets. In hierdie poging van die „progressiewes" is daar gebruik gemaak van 'n intensiewe verkiesingsveldtog, iets wat in die bestaan van die Republiek ongekend was. Die felheid en bitsigheid teen die bestaande orde waarteen die „progressiewes" die stryd aangeknoop het, het noodgedwonge gelei tot die versteuring van gesonde menslike verhoudings. Dit kon maklik aanleiding gegee het tot 'n skeuring in die bevolking waardeur die onafhanklikheid van die Republiek in gevaar gestel kon word. Was dit nie miskien een van die oogmerke van die „progressiewes" nie?

Die „konserwatiewes" het egter daarin geslaag om hierdie aanvalle van die „progressiewes" af te weer en hulle kandidaat is weer eens verkies tot die hoogste amp van die Republiek alhoewel dit met 'n geringe meerderheid geskied het.

124) Krüger: a.w., p.138.

Met die inhuldiging van Kruger op 12 Mei 1893 as staatspresident het die mees omstrede presidentsverkiesing in die geskiedenis van die Z.A.R. ten einde geloop. Wat hierdie verkiesing veral merkwaardig maak, is die wye reaksie wat dit uitgelok en feitlik elke stemgeregtigde burger in die „stryd“ betrek het. As dit in ag geneem word dat „party politics, in the sense in which the expression is understood in Britain and the commonwealth“¹⁾ afwesig was en dat dié verkiesing nog hoofsaaklik gesentreer het om persone, nl. Kruger en Joubert wat elk onderskeidelik die „konserwatiewe“ en „progressiewe“ denkrigtings vergestalt het, is die intensiewe organisasie vir dié verkiesing nog meer betekenisvol.

Die geroep om verandering in die bestuur van die Republiek is aangevuur deur die uitlanders d.m.v. die bedekte rol wat hulle georganiseerde beweging, die „National Union“, in dié verkiesing gespeel het. Kruger moes daaruit en daarom is die ervare staatsman beswadder en beskuldig t.o.v. haas elke denkbare faset wat die landsadministrasie gebied het waarmee hy in onguns gebring en by sy lojale ondersteuners onder verdenking geplaas kon word. Hiervoor het sy opposisie gebruik gemaak van „moderne“ verkiesingstegnieke soos die openbare pers en die stigting van verkiesingskomitees om die stemgeregtigde burgers te bearbei, metodes wat tot op daardie oomblik totaal onbekend was in enige vorige verkiesing van 'n staatspresident in die Z.A.R. Die Krugerondersteuners het aan die ander kant ook hierdie verkiesings=

1) Marais: a.w., p.10.

middele ingespan om die herkiesing van hulle kandidaat te verseker dog hulle het in teëstelling met hulle opposisie Joubert in 'n geringer mate persoonlik aangeval en hulle meer toegespits op die verdediging van hulle kandidaat teen die besware wat teen hom ingebring is.

Die twee hooffigure in die drama, t.w. Kruger en Joubert, het hulle waardig gedra en hulle daarvan weerhou om mekaar in die openbaar aan te val. Dit sê veel vir die selfbeheersing wat dié twee kandidate aan die dag gelê het te midde van die opgewondenheid wat die verkiesingsveldtog ten gevolg gehad het. Die wyse waarop die 1893-presidentsverkiesing verloop het, het waarskynlik ook nie aanklank gevind by die Christelike opvattinge van Kruger en Joubert nie; daarom het die verkiesingstryd hoofsaaklik uitgewoed onder die twee kandidate se ondersteuners.

Die derde kandidaat, hoofregter J.G. Kotzé, het met 'n deurdagte politieke program te voorskyn gekom. Desnieteenstaande het hy min ondersteuning geniet. Kotzé se politieke konsep het die deursneeburger koud gelaat. Vir laasgenoemde was die persoon wat hom reeds as ware republikein onderskei het die hoofsaak. Hy het dus geglo in die vermoë van die persoon om die staat te bestuur sodat die onafhanklikheid van die Republiek sal bly voortbestaan. Kotzé kon as persoon nie opweeg teen Kruger of Joubert nie en die min stemme wat hy op hom verenig het moet hoofsaaklik daaraan gewyt word en nie aan die onaanvaarbaarheid van sy spesifieke beleidsrigting nie.

Die uitslag van die verkiesing is ongetwyfeld betekenisvol. In vergelyking met die uitslag van die presidentsverkiesings van 1883 en 1888 het Kruger slegs met 'n geringe meerderheid die 1893-verkiesing ge-

wen. Die syfers van laasgenoemde verkiesing skep die indruk asof Kruger gedurende sy tweede ampstermyn heelwat van sy populariteit verloor het en dat die burgers ontevrede was oor die wyse waarop die Republiek bestuur is. Dat daar ontevredenheid t. o. v. sekere beleidsrigtings bestaan het, kan nie betwyfel word nie maar die sukses wat Joubert behaal het, moet gesoek word in 'n doeltreffende propaganda-veldtog wat sy ondersteuners teen Kruger geloods het. Menige burger, veral dié in die buiteland wat weens swak kommunikasie nie op hoogte was met die ware toedrag van die landsbeleid nie, kon maklik die slagoffer geword het van die propagandaveldtog en hulle steun aan Kruger ontsê het. Dat talle burgers waarskynlik mislei is, spreek uit die uitslag van die 1898-presidentsverkiesing²⁾ toe Kruger weer volle steun van sy volk ontvang het om op sy reeds ingeslane weg voort te gaan. Die Jameson-inval in 1895 het die ware aard en oogmerk van die uitlander wat die 1893-verkiesing grotendeels ten grondslag gelê het, aan die lig gebring.

Heelwat ontevredenheid het oor die uitslag van die 1893-presidentsverkiesing onder die burgers geheers en talle moes ongetwyfeld geglo het dat Kruger nie wettig verkies is nie. Gerugte van bedrog het die rondte gedoen en H.A. Bryden stel dit ook dat Kruger oor Joubert geseëvier het „by a very narrow majority, and but for a series of manoeuvres of the most unscrupulous kind would, in fact, have been

2) Die uitslag was soos volg:

Kruger	12,858 stemme
Schalk W. Burger	3,750 stemme
Joubert	2,001 stemme
Bredell & Grobler: a.w., p.143.	

defeated by the General".³⁾ Talle Joubertondersteuners het hierdie siening gedeel; daarom het hulle formeel protes aangeteken, eers teen die verkiesing en later teen die inhuldiging van Kruger by die Uitvoerende Raad en Eerste Volksraad. Selfs Joubert het teen die inhuldiging van Kruger beswaar ingedien waarin hy daarop aandrang dat ondersoek gelas word na die besware soos vervat in die protes van sy ondersteuners. Gekompromitteer met die proteste moes die Eerste Volksraad die saak deeglik uitpluis en 'n kommissie uit die Raad is saamgestel om ondersoek in te stel na die besware wat teen die verkiesing van Kruger ingebring is. Die kommissie het egter onteenseglik bevind dat die besware ongegrond en Kruger wettig tot staatspresident verkies is. Hierby het die meeste burgers hulle berus maar dit kan aanvaar word dat daar nog diene was wat geglo het dat Kruger die derde keer die amp van staatspresident onwettig bekleed het.

Wat die verloop van die geskiedenis van die Z.A.R. sou wees indien Joubert in 1893 president geword het, is onvoorspelbaar. Dit is egter duidelik dat Joubert nie kon opweeg teen Kruger nie en die volgende woorde van J.S. Marais kan in dié verband onderskryf word: „Commandant-general Piet Joubert was no match for Kruger in ability or strength of character, so that it was fortunate for the republic that he never attained the presidency.”⁴⁾

3) Bryden, H.A.: A history of South Africa. From the first settlement by the Dutch 1652 to the year 1903. (London, William Sands, 1904), p.264.

4) Marais: a.w., p.11.

BIBLIOGRAFIE

I Argivale bronne

A Ongepubliseerd

1 Staatsargief, Pretoria

a Argief-afdeling Uitvoerende Raad, Z.A. Republiek, 1892-1893

- i Besluite of Notule van die Uitvoerende Raad (aangedui U.R.).
- ii Kladbesluite van die Uitvoerende Raad.

b Argief-afdeling Eerste Volksraad, 1892-1893

- i Oorspronklike en gewaarmerkte kopieë van die Notule van die Eerste Volksraad (aangedui E.V.R.).
- ii Inkomende stukke aan die Volksraad (aangedui E.V.R.R.).

c Argief-afdeling Staatsekretaris, Z.A. Republiek, 1892-1893 (aangedui S.S.)

- i Inkomende stukke (aangedui R.).

d Engelenburg-versameling

e Joubert-versameling

f Sir John G. Kotzé-versameling

g Dr. Preller-versameling.

2 N.G. Kerkargief, Pretoria

a Diverse briewe, Pretoria.

B Gepubliseerd

Kotzé, J.G. & Jeppe, J.F.: De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885. Pretoria, 1887.

Coster, H.J.: De Locale Wetten en Volksraadsbesluiten der Zuid.-Afr. Republiek, 1890-1893. Pretoria, 1894.

Notulen der verrichtingen van den Hoog Edel Achtbaren Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek gedurende deszelfs gewone jaarlijksche zitting, aanvangende Maandag, 5 Mei 1890.

Notulen der verrichtingen van den Hoog Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek gedurende deszelfs gewone jaarlijksche zitting, aanvangende Maandag, 4 Mei 1891.

Notulen der verrichtingen van den Hoog Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek, gedurende deszelfs gewone jaarlijksche zitting, aanvangende Maandag, 2 Mei 1892. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1892.

Notulen der verrichtingen van den Hoog - Edel Achtbaren Eersten en Tweeden Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek gedurende hunne gewone jaarlijksche zitting, aanvangende Maandag, 1 Mei 1893. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1893.

Gewijzigde voorwaarde van Concessie voor den aanleg en de exploitatie van eenen spoorweg in de Z.A. Republiek van de Portugeesche Grens naar Pretoria - Barberton - Johannesburg en Vaalrivier (aangedui Z.A.R.).

II Ongepubliseerde verhandelinge

Gordon, C.T.: The internal political state of the South African Republic between 1890 and 1895, with particular reference to the growth of Boer opposition to the President's Policies (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand, 1962).

Pretorius, Z.L.: Die geskiedenis van Rustenburg 1851-1918 (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1967).

III Gedenkuitgawe

Muller, J.J., red.: *Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorst=spruit 1869-1969*. Krugersdorp, N.H.W.-Pers, 1969.

IV Sekondêre werke

Blok, Thos.: *Die Adendorff-trek*. Bloemfontein, Nasionale Pers Bpk., s.j.

Botha, P.R.: *Die staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Krüger en Leyds*. Transvaal 1844-1899. Amsterdam, Swets & Zeitlinger, 1926.

Bredell, H.C. & Grobler, P.: *Gedenkskrifte van Paul Kruger* (vertaal deur J.M. de Lange & dr. J. Ploeger). Pretoria, Van Schaik, 1947.

Bryden, H.A.: *A history of South Africa. From the first settlement by the Dutch 1652 to the year 1903*. London, William Sands, 1904.

Coetzee, D.J.: *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1872-1899*. Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1940.

Coetzee, J. Albert: *Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie*. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1941.

Du Plessis, J.S.: *Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902); deel 1*. Argiefjaarboek vir S.A.-Geschiedenis, jaargang 18, Elsiesrivier, 1955.

Du Plessis, J.S.: *President Kruger aan die woord*. Bloemfontein, SACUM Bpk., s.j.

Du Toit, Francois G. Marais: *Eugène N. Marais. Sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde*. Amsterdam, Swets & Zeitlinger, 1944.

Engelbrecht, S.P.: *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Derde hersiene en vermeerderde uitgawe*, Kaapstad en Pretoria, J.H. de Bussy, 1953.

- Engelbrecht, S.P.: Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria, 1855-1955. Uitgegee deur die Kerkraad, s.j.
- Engelbrecht, S.P.: Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg, 1850-1950. Uitgegee deur die Kerkraad, s.j.
- Engelbrecht, S.P.: Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Mariko), 1871-1946.
- Fitzpatrick, J.P.: The Transvaal from within. London, Heinemann, 1899.
- Gerdener, G.B.A.: Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep. Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1930.
- Hofmeyr, J.H.: Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan). Kaapstad, Van de Sandt de Villiers drukpers Maatskappij Bpk., 1913.
- Hugo, M.J.: Die stemreg-vraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Argiefjaarboek vir S.A.-Geskiedenis, jaargang 10, Kaapstad, 1947.
- Jeppe, Carl: The kaleidoscopic Transvaal. London, Chapman & Hall Ltd., 1906.
- Jooste, J.P.: Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1859. Potchefstroom, Potchefstroom Herald, s.j.
- Juta, Marjorie: Oom Paul. De heldhaftige geskiedenis van Zuid-Afrika. Gravenhage, H.P. Leopold's, MCMXXXVII.
- Juta, Marjorie: The pace of the ox. The life of Paul Kruger. London, Constable & Company Ltd., 1936.
- Kleynhans, W.A.: Volksregering in die Zuid-Afrikaansche Republiek: Die rol van memories. Pretoria, Van Schaik, 1966.
- Kotzé, Sir John Gilbert: Biographical Memoirs and Reminiscences, vol. 2. Kaapstad, Maskew Miller Ltd., s.j.
- Kruger, D.W.: Paul Kruger, deel 2. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel Bpk., 1963.
- Lombard, J.P. la Grange: Paul Kruger die volksman. Pretoria, Van Schaik, 1925.

- Leyds, W.J.: Het insluiten van de Boeren-Republieken; deel 2. Amsterdam, Alberts de Lange, 1914.
- Marais, J.S.: The fall of Kruger's Republic. Oxford, Clarendon Press, 1961.
- Mouton, J.A.: Genl. Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis; deel 1. Argiefjaarboek vir S.A.-Geskiedenis, jaargang 20, Kaapstad, 1957.
- Muller, C.F.J., red.: Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria en Kaapstad, Academica, 1968.
- Nathan, M.: Paul Kruger. His life and times. Second Edition, Durban, The Knox Publishing Company, 1941.
- Nieuwoudt, C.F.: Die ontstaan en ontwikkeling van die Uitvoerende Gesag in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Kaapstad, HAUM, s.j.
- Postma, F.: Paul Kruger die Christen - volksman en - staatsman. Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1944.
- Scholtz, G.D.: Die geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1842-1885. Elsie'srivier, Nasionale Handelsdrukkery, Bpk., 1956.
- Scholtz, G.D.: Die geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1885-1910. Pretoria/Kaapstad, N.G. Kerk-Uitgewers, s.j.
- Scholtz, G.D.: Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902; eerste band. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1848.
- Smit, F.P.: Die staatsopvattinge van Paul Kruger. Pretoria, Van Schaik, 1951.
- Statham, F.R.: Paul Kruger and his times. London, T. Fisher Unwin, MDCCCXCVIII.
- V.d.Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L. & Krüger, D.W.: Geskiedenis van Suid-Afrika. Tweede druk, Elsie'srivier, NASOU Bpk., 1966.
- Van Heerden, J.J.: Die Kommandant-generaal in die Suid-Afrikaanse Republiek; deel 2. Argiefjaarboek vir S.A.-Geskiedenis, jaargang 27, Kaapstad, 1964.

Van Oordt, J. F.: Paul Kruger en de opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek. Amsterdam/Kaapstad, HAUM, 1898.

Van Winter, P. J.: Onder Krugers Hollanders. Geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij; deel 2. Amsterdam, J. H. de Bussy, 1938.

Viljoen, P. J.: Die lewe van Paul Kruger. Derde druk, Kaapstad, HAUM, 1935.

V Koerante

De Pers.

De Potchefstroomer.

De Volksstem.

Land en Volk.

Staatscourant der Z.A.R.

The Cape Times.

The Klerksdorp Mining Record.

The Press.

The Star.

The Transvaal Advertiser.

Zoutpansberg Review.

VI Persoon geraadpleeg

Ds. J. G. M. Dreyer - Potchefstroom.